Die Internet as platform vir 'n nuwe Afrikaanse spraakgemeenskap en 'n nuwe variëteit – 'n korpuslinguistiese ondersoek

Deur Marieta Jansen van Vuuren

Proefskrif voorgelê ter nakoming van die
vereiste vir die graad

Philosophiae Doctor

In Afrikaans en Nederlands
in die Fakulteit Vaaldriehoek
Vaaldriehoek Kampus
Noordwes-Universiteit

Promotor: Prof. M. Verhoef
Medepromotor: Prof. A.J van Rooy

2007

God is (soos) die internet

Hoe vind mens vir God 'n metafoor?
Hoe stel 'n mens die almagtigheid voor
van die jeugdige onthou "daar is geen land
so ver of woes geleë"? Die majesteit?
God is die internet met al sy webruimtes
en onderafdelings en soektogte na verbande
en verbintenisse en aansluitings...
Die aansluiting tussen die verre en die nabye;
die onmiddellikheid; die oplossing van 'n probleem...
dikwels ook die soektog wat al hoe verder en verder uitkring of terugbeweeg
na die eerste soekende vraag.
God is die internet. Soms kliek ons op die adres
en die webruimte kan weens tegniese probleme nie gevind
word nie. Net soos ons geloof verloor. Tydelik. Dit terugvind
onverwags soos 'n webruimte wat oopmaak, 'n oneindige internet.

Joan Hambidge(2000)

The Internet as platform for a new Afrikaans language community and a new variety – a corpus linguistic study

ABSTRACT

It is generally accepted that the growing interest in the Internet has opened new horisons for language research.

The aim with this study is to explore the Internet as a dynamic language environment and to investigate how written language is used and adapted to suit the conditions of three modes of computer mediated communication, (CMC) namely e-mail, chatrooms and websites. The research aims in this dissertation focus on the extend to which specific e-style characteristics are found in different CMC modes and whether the Internet is emerging as a homogeneous linguistic medium or as a collection of distinct varieties, reflecting the different needs, purposes and attitudes of its users.

Results have shown that these still rather new modes of communication have fostered new norms of expression and developed innovative ways of written language, particularly in the case of e-mail and chatrooms. Language use in CMC has been proven to be adapted to suit the particular conditions according to level of synchronicity, means of expression and situation in the respective communicative settings. A number of linguistic features are shown to be characteristic of the modes of CMC investigated in this study.

This dissertation concludes that although there are a few linguistic properties which the three different Internet situations analyzed in this study share, these do not make a very strong case for a view of Internet Afrikaans as a new variety of Afrikaans. It is proposed that the kind of language which is used on the Internet in its different situations should rather be regarded as a new linguistic medium – something fundamentally different from both writing and speech, as traditionally understood.

DANKBETUIGINGS

- In nederigheid aan my Skepper sonder wie ek tot niks in staat is nie.
- My opregte dank gaan ook uit aan my studieleier, Prof. Marlene Verhoef, vir haar bekwame leiding, passie vir hierdie navorsing, ondersteuning en die persoonlike insig wat ek telkens ontvang het tydens ons terugvoersessies.
- Ek spreek ook my waardering uit aan my medestudieleier, Prof. Bertus van Rooy vir sy hulp met die korpuslinguistiese ondersoek. Dit was van onskatbare waarde.
- Adriaan, my man. 'n Spesiale dankie vir jou ondersteuning en geloof in my. Dankie ook vir die jare se bystand om my te help kom waar ek nou is.
- My kinders, Etienne en Jeandri. Dankie vir julle liefde, belangstelling, hulp en verstaan wanneer ek julle afgeskeep het.
- Etienne vir jou ure se werk aan die data. Ek waardeer dit baie.

- Ma Hansie, Ma Beaty en Pa Attie, dankie vir julle belangstelling, liefde en gebede.

Vir Jeandri

INHOUDSOPGAWE Bladsy

HOOFSTUK 1: NAVORSINGPROBLEMATIEK

1. Kontekstualisering 12

1.2 Probleemstelling 18

1.3 Doelwitte 18

1.4 Navorsingsontwerp 19

1.4.1 Metode van ondersoek 19

1.4.2 Dataversameling en –verwerking 20

1.5 Hoofstukindeling 21

HOOFSTUK 2: LITERATUURONDERSOEK

2.1 Inleiding 23

2.2 Terreinafbakening: die Internet as taalomgewing 23

2.2.1 Die Internet as kommunikasiemedium 23

2.2.2 'n Historiese oorsig oor die ontwikkeling van die Internet 27

2.2.3 Rekenaarondersteunde kommunikasie (CMC) 29

2.3 Internettaal: 'n derde medium naas gesproke en geskrewe taal? 33

2.4 Basisaannames van die sosiolinguistiek as navorsingsterrein 39

2.4.1 Agtergrond 39

2.4.2 Taalverskeidenheid 41

2.4.3 Taalvariasie 42

2.4.4 Variasie en variëteit 43

2.4.5. Norme 47
2.4.6 Styl en register 51
2.4.7 Spraakgemeenskap 53
2.4.8 Virtuele gemeenskappe 56
2.4.9 Kodewisseling 60
2.5. Die invloed van die Internet op taalkeuses 61
2.6 Die impak van anonimiteit op ongeïnhibeerde taalgedrag deur middel van rekenaarondersteunde kommunikasie 63
2.7 Internettaalgebruik en die verskillende internetsituasies 65
2.7.1 E-pos (elektroniese pos) 66
2.7.1.1 Elektroniese pos as navorsingsobjek 67
2.7.1.2 E-pos as elektroniese medium 67
2.7.1.3 Die taal van e-pos 68
2.7.1.4 Die unieke kommunikatiewe karakter van e-pos 74
2.7.1.5 Strukturele elemente van e-pos 74
2.7.1.5.1 Opskrif 76
2.7.1.5.2 Die boodskap: Groet en slot 78
2.7.2 Kletskamers 78
2.7.2.1 Gespreksonderwerpe 89
2.7.3 Die Wêreldwye Web 95
2.7.3.1 Grafiese organisasie van die Web 96
2.7.3.2 Inhoud van die Web 99
2.7.3.3 Kleur en interaktiwiteit as eienskappe van webtuistes 105
2.8 Sintese 110

HOOFSTUK 3: EMPIRIESE ONDERSOEK

3.1 Inleiding 112

3.2 Navorsingsmetodologie 113

3.3 Korporastudies en die behoefte aan Afrikaanse korpora 115

3.4 WordSmithkonkordansieprogrammatuur 116

3.5 Korrespondensie-analise 117

3.6 Die korpuslinguistiek as navorsingsmetode 118

3.6.1 Aannames van die korpuslinguistiek 118

3.6.2 Begripsomskrywing: korpus en korpora 122

3.6.3 Die ontwerp en saamstel van die korpus 128

3.6.3.1 'n Statiese of dinamiese korpus 129

3.6.3.2 'n Verteenwoordigende en gebalanseerde korpus 131

3.6.3.3 Die grootte van die korpus 133

3.6.3.4 Die inhoud van die korpus 135

3.7 Sintese 136

HOOFSTUK 4: DATAVERSAMELING

4.1 Inleiding 138

4.2 Etiese oorwegings by die versamel en hantering van elektroniese data 138

4.3 Algemene navorsingsmetodologie 141

4.4 Seleksiemetodes vir data: drie verskillende internetgenres 142

4.4.1 E-pos 142

4.4.2 Kletskamers 143

4.4.3 Webtuistes 144

4.5 Sintese 147

HOOFSTUK 5: DATABESPREKING EN -INTERPRETASIE

5.1 Inleiding 148

5.2 Statistiese analise 149

5.3 A-numeriese aanduiding van kompleksiteit 155

5.3.1 Leksikale kompleksiteit – TTR (Type-token ratio) 155

5.3.2 Lengte van grammatikale eenhede 159

5.4 Naamwoordstuk 170

5.4.1 Naamwoorde 170

5.4.1.1 Die gebruik van vokatiewe 175

5.4.2 Determineerders – lidwoorde 182

5.4.3 Voornaamwoorde 185

5.5 Verbindingswoorde 198

5.6 Leksikale keuse 205

5.6.1 Die gebruik van kragwoorde 206

5.6.2 Kodewisselingspatrone 213

5.6.3 Fatiese kommunikasie 225

5.6.3.1 Tussenwerpsels en randstukke 226

5.6.3.2 Emosionele geluide 232

5.7 Eiesoortige skryftaalkonvensies 235

5.7.1 Skryftekengebruik 235

5.7.2 Leestekengebruik 239

5.7.2.1 Hooflettergebruik - vonkpos 245

5.8. Spel- en skryfkonvensies 247

5.8.1 Eiesoortige spelkonvensies 247

5.8.2 Leksikale verkorting 254

5.8.3 Akronieme 259

5.8.4 Skryfkonvensies – die gebruik van emotikons 261

5.8.5 Fonetiese skryfwyse 263

5.8.6 Geleentheidsvorming 265

5.8.7 Spieëlskrif 267

5.9 Verlede tyd 268

5.10 Adjunkte 272

5.10.1. Plekadjunkte 273

5.10.2 Tydsadjunkte 275

5.10.3 Voorsetsels 279

5.11 Sintaktiese strukture' 281

5.11.1 Sintaktiese reduksie 287

5.12 'n Algemene vergelyking van bevindings oor genres heen 288

5.13 Sintese 294

HOOFSTUK 6: GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING

6.1 Inleiding 299

6.2 Die effek van die elektroniese medium op taal en kommunikasie 299

6.3 Bevindinge met betrekking tot Internetafrikaans 301

6.4 Navorsing: behoeftebepaling en aanbevelings 308

6.5 Slotgedagte 312

LYS VAN TABELLE 313

LYS VAN FIGURE 315

LYS VAN WEBTUISTES 316

BIBLIOGRAFIE 317

HOOFSTUK 1

NAVORSINGSPROBLEMATIEK

1.1 KONTEKSTUALISERING

John Naughton, soos aangehaal in Crystal (2001:vii), berig soos volg oor die invloed van die Internet op die hedendaagse bestaan:

> "The Internet is one of the most remarkable things human beings have ever made. In terms of its impact on society, it ranks with print, the railways, the telegraph, the automobile, electric power and television. Some would equate it with print and television, the two earlier technologies which most transformed the communication environment in which people live. Yet it is potentially more powerful than both because it harnesses the intellectual leverage which print gave to mankind without being hobbled by the one to many nature of broadcast television."

Hoewel dit uit die aanhaling duidelik word dat hierdie tegnologiese toepassing 'n wesentlike invloed op die kommunikasiewêreld, en by implikasie op taal, uitgeoefen het, dui Van Heerden (2001:1) ook aan dat, sedert Bill Gates se uitspraak, "Die Web verander alles", glansryk geraak het, die mensdom steeds op soek is na taal waarmee die Web beskryf kan word en ook die taal waarin die Web geskryf word. Soos die geval is met alle verbeelde ruimtes, is die wyse waarop mense taal gee aan die Internet en die Wêreldwye Web van groot belang. So byvoorbeeld dui Gunkel en Gunkel (soos aangehaal deur Swiss & Horner, 2000:2) aan dat die Internet uitdrukking gee aan die name en konsepte wat mense munt en najaag. Ook dat mense se verbeeldingsvlugte oor die Internet se moontlikhede en sy invloed op almal se lewens inderdaad daardeur waargemaak word. In hierdie verband vra Van Heerden (2001:1):

"Daarom moet ons ook – terwyl ons probeer benoem – vra watter versweë aannames ons taalgebruik oor die Web onderlê."

Dit word daarby allerweë aanvaar dat die Internet en aanlynkommunikasie onlosmaaklik deel van die moderne lewe geword het. Daarom, soos wat die Internet toenemend vanuit sosiale perspektief gesien word, word die rol van taal in hierdie samelewingsverband sentraal. Benewens die verstommende tegnologiese ontwikkeling en die indrukwekkende visuele werklikhede wat geskep word, raak dit toenemend onmoontlik om die linguistiese karakter, wat die basis van enige Internetfunksie vorm, te misken. Dit is ook duidelik dat die Web as taalomgewing nie staties is nie en dat daar byna daagliks taalregisters tot die Web gevoeg word wat as't ware om aandag en mag meeding (Swiss & Horner, 2000:3).

Dit word ook aanvaar dat die groeiende belangstelling in en toenemende gebruik van die Internet, wat die middelpunt van die informasietegnologie-industrie vorm, nuwe deure oopmaak vir taalnavorsing. Chenault (1997:1) stel dit duidelik dat die Internet nie hoofsaaklik om tegnologie of inligting gaan nie, maar om kommunikasie. Daar kan aanvaar word dat die tegnologiese transformasie van die wêreldwye media die karakter van kommunikasie en dan ook die taal van kommunikasie, fundamenteel verander het.

Hierdie aspek word in die besonder gereleveer indien in gedagte gehou word wat navorsers oor die invloed van die Internet op taalgebruik hiervan sê. Volgens Crystal (2001:4) sê Naughton dat ons nog eintlik onbewus is van die omvang van hierdie tegnologie en dat dit reeds die wyse waarop ons kommunikeer, waarop ons werk, handeldryf, ontspan en leer, beïnvloed.

In die bestek van slegs 'n paar jaar het die Internet dus verrys van onbekend tot oorheersend in mense se daaglikse bestaan. E-pos het in sommige gevalle die konvensioneler vorme van korrespondensie bykans heeltemal

vervang. Juis daarom het hierdie studie dit ten doel om vas te stel wat met die taalgebruikspatrone in Afrikaans gebeur wanneer kommunikasie wat plaasvind sy voorgeskrewe aard verloor en 'n digitale karakter aanneem.

Vir 'n groot en steeds groeiende aantal mense vorm die Wêreldwye Web die toegang tot alle tipes inligting, en het dit ook die wêreld van ontspanning geword.

Dit is dan juis die taalgebruik eie aan die virtuele karakter van die Internet wat die krag besit om sub-kulture sterk te hou en persone binne hierdie kulture te definieer. Die vraag wat hier na vore kom is of die eiesoortige taalgebruik van Afrikaans as 'n afsonderlike/unieke variëteit van Afrikaans beskryf kan word.

Soos reeds vroeër na verwys, word beweer dat die informasietegnologierevolusie nie net 'n invloed op taalgebruik uitoefen nie maar dat dit 'n groter impak op die mensdom sal hê as wat óf die Renaissance, die uitvinding van die boekdrukkuns, óf die industriële rewolusie gehad het. Dit word beraam dat daar op 1 Februarie 2002 meer as 2,1 miljard mense, wat 35% van die wêreldbevolking verteenwoordig, aan die Internet gekoppel was. Die getal webbedieners het vanaf Januarie 2001 tot Januarie 2002 toegeneem vanaf 100 miljoen tot 190 miljoen – bykans 'n verdubbeling in een jaar. Die wêreldstad ("global village") is snel besig om beslag te kry, en dit manifesteer nêrens duideliker as juis deur die Internet waar bykans elkeen op aarde met iemand anders, of met enige inligtingsbron, in verbinding kan tree. Dit is 'n alledaagse feit dat virtuele gemeenskappe deur middel van die Internet met mekaar in verbinding kan bly, ten spyte van geografiese afstand.

In die krag van die Internet lê die potensiaal opgesluit vir ander tale om hulle voortbestaan te verseker, aangesien dit relatief maklik en goedkoop is om 'n webwerf te skep en in stand te hou. Dit is interessant om te let dat onlangse navorsing getoon het dat die groei in webwerwe in ánder tale as Engels die

afgelope drie jaar, tot begin 2003, aansienlik groter was as die groei in Engelstalige webwerwe: Spaans 22,4%, Japannees 12,3%, Duits 14% en Frans 10%. Dit kom dus sterk voor of Engels se dominansie op die Internet snel besig is om af te neem (Zakon, 1993-2003).

Alhoewel Afrikaans nie eens genoem word in die wêreldwye Internetstatistiek nie, het die Internet 'n medium geword waardeur Afrikaanssprekendes regoor die wêreld kan kommunikeer, menings kan uitspreek en waar poësie, letterkunde, akademiese artikels en nuus gepubliseer word. Die Internettydskrif *LitNet*, en ook ander tydskrifte, is voorbeeld hiervan.

Tans is daar ook op *DieKnoop*-webwerf skakels aangebring na meer as 'n duisend webwerwe wat Afrikaans as gebruik het. Dit verteenwoordig maar net 'n breukdeel van die totale getal Afrikaanse webwerwe en sluit glad nie tweetalige webwerwe (Afrikaans-Engels) in nie. Viljoen (2002) merk op dat, hoewel Afrikaans se teenwoordigheid in wêreldterme op die Internet haas onsigbaar is, is dit op nasionale vlak reeds duidelik sigbaar.

Indien in ag geneem word dat Afrikaans as internetkommunikasiemedium gebruik word, kom die vraag na vore na wat die bydrae van die Internet is vir die dinamika van Afrikaans en watter sosiale gemeenskapsnorme die gebruik van die taal bepaal.

Teen die agtergrond van die voorgaande sal daar oorkoepelend in hierdie navorsing gepoog word om aan te toon tot watter mate hierdie geskepte virtuele werklikhede 'n invloed uitoefen op die manier waarop mense deur middel van die Afrikaanse taal oor die Internet met mekaar kommunikeer. In hierdie verband is die volgende definisie van Crystal (2001:6) oor taalvariëteite van belang: "A variety of language is a system of linguistic expression whose use is governed by situational factors. In its broadest sense, the notion includes speech and writing, regional and class dialects,

occupational genres (such as legal and scientific language), creative linguistic expression (as in literature) and a wide range of other styles of expression." Die uitdaging lê daarom daarin om vas te stel óf daar beduidende taalgebruikspatrone in die gebruik van Afrikaans oor die Internet na vore kom wat dit moontlik sou maak om Internetafrikaans as 'n variëteit van Afrikaans te kan beskryf. Insgelyks lê die uitdaging om vas te stel óf sodanige variant/e in die taalgebruik ook 'n weerspieëling is van die lidmaatskapsvereistes en sosiale konvensies van 'n sodanige internettaal-gemeenskap.

Daarby voeg Crystal (2001:7) dat variëteite prinsipieel sistematies en voorspelbaar is wat beteken dat, wanneer een belangrike sosiale en/of geografiese element in enige situasie verander, dit 'n verandering in die taalgebruik motiveer, indien die taalgebruikers konvensioneel sou optree. Op grond van hierdie aanname ontstaan die vraag dan of taalvariasiepatrone ook duidelik sou word indien die internetsituasie byvoorbeeld sou verander. Dit beteken dan dat, benewens die vraag of die Internet as sodanig 'n beduidende invloed op Afrikaans uitoefen, die vraag ook na vore kom of die taal van webwerwe beduidend verskillend is van die taalgebruikspatrone wat aangetref word by kletskamers of by ander Internet-genres soos byvoorbeeld asinchroniese en sinchroniese gesprekswerwe.

Ferrara (1991:8-34) het elektroniese diskoers bestudeer en beskryf dit as 'n nuwe register met unieke eienskappe wat hy Interaktiewe Geskrewe Diskoers ("Interactive Written Discourse") noem. Soos die meeste taalvariëteite onstaan dit uit 'n nuwe sosiale konteks waar 'n nuwe manier van linguistiese uitdrukking benodig word. Ferrara (1991:34) is van mening dat rekenaarondersteunde kommunikasie nie slegs die wyse waarop ons oor kommunikasie dink verander nie, maar ook die manier waarop geskrewe taal gebruik word om boodskappe te formuleer en om met ander te kommunikeer. Ook Herring (2002) kom tot die gevolgtrekking dat rekenaarnetwerke dikwels beskou word as 'n kommunikasiemedium wat wesentlik verskil van geskrewe en gesproke kommunikasie. Crystal (2001:9) se siening in verband hiermee is

dat rekenaarondersteunde kommunikasie besig is om te ontwikkel in 'n 'nuwe medium' wat die kreatiwiteit van taalgebruikers blootlê in die manier waarop hulle 'n verskeidenheid style gebruik vir 'n verskeidenheid situasies wat wissel van formeel tot hoogs informeel. Volgens Crystal (2001: 9, e.v.) verskil rekenaarondersteunde kommunikasie fundamenteel van gesproke en geskrewe taalgebruik; hoewel dit deel in eienskappe van beide, doen dit 'iets' wat nie een van die twee mediums kan doen nie. Die uitdaging, ook vir hierdie navorsing, lê daarin om te bepaal wat die kenmerkende eienskappe is van hierdie 'derde medium', soos wat Crystal dit benoem, wat dit so verskillend maak van geskrewe en gesproke kommunikasie en uiteindelik wat die effek daarvan op taal-in-gebruik is.

Alhoewel daar reeds 'n handjievol akademiese artikels oor taal, met spesifieke verwysing na Afrikaans en die Internet verskyn het, bestaan daar 'n groot leemte in die navorsing oor die baadjie wat Afrikaans tans dra as gebruikstaal oor die Internet. (Vergelyk in hierdie verband Kaschula & de Vries, 2000; Steyn, 2000; Van Heerden, 2001; Verhoef, 2001; Viljoen, 2001; Wasserman, 2001; Hambidge, 2000; Muller, 2002; De Wet, 2003.)

Dit is daarom duidelik dat dit nie net aktueel is nie, maar selfs noodsaaklik geword het om vas te stel of daar wel sprake is van opkomende patrone van taalvariasie wat waargeneem kan word in Afrikaans soos dit oor die Internet as dinamiese taalomgewing gebruik word. Dit motiveer ook die noodsaak om taalgebruikspatrone soos dit in Afrikaanse aanlynkommunikasie manifesteer, te ondersoek, omdat soos Verhoef (2001) dit stel, taal besig is om "voor ons oë te verander". Uiteindelik behoort sodanige ondersoek antwoord te gee op die vraag of daar genoegsame rede is om Internetafrikaans as 'n variëteit van Afrikaans te bestempel of nie.

1.2. PROBLEEMSTELLING

Conradie (1986:11) sê dat, soos baie dinge waarmee mense elke dag te doen kry, is die taal wat elke dag gebruik word, ook voortdurend aan die verander. Die rede hiervoor lê voor die hand: dinamiese tale verander juis om te voldoen aan nuwe behoeftes en situasies. Volgens Crystal (2001:5-6) is die taal van die Internet nie onder beheer nie en respekteer nie grense nie, wat dit as't ware die "broeiplek" vir nuwe kommunikatiewe genres maak.

Op grond van die voorafgaande kontekstualisering word die volgende kernprobleemvrae vir hierdie navorsing geïdentifiseer:

- Wat is die eienskappe kenmerkend aan Internetafrikaans. Vertoon die Internet met ander woorde eiesoortige taalstrukture wat 'n onderskeibare variëteit, Internetafrikaans, genereer?
- Die tweede navorsingsprobleem wentel om die beredenering of die Internet as 'n homogene linguistiese medium kenbaar is, en of dit 'n versameling is van onderling onderskeibare variëteite.
- Derdens is dit vir hierdie studie belangrik om op empiriese wyse die vraag te beantwoord of Internetafrikaans die konvensies van Standaardafrikaans eerbiedig.

1.3 DOELWITTE

In navolging van Crystal (2001:9) se vraag: "... is the Net a homogenous language-using eletronic situation, likely to generate a single variety of language? ..." is die oorhoofse doel met hierdie navorsing om vas te stel tot watter mate daar binne die omgewing van die Internet as dinamiese Afrikaanse taalkonteks, sodanige eiesoortige taalvariasiepatrone na vore kom dat dit as taalvariëteit bestempel kan word.

Die volgende spesifieke doelwitte word gestel in die eksplisering van die navorsingsdoelstelling:

- om te bepaal of daar bepaalde linguistiese eienskappe is wat kenmerkend van Internetafrikaans is, en dit sodoende as 'n gebruiksvariëteit, Internetafrikaans, onderskei;
- om na te gaan of en tot watter mate daar homogeniteit is in die manifstasievorme van Internetafrikaans en of taalvariasiepatrone in hierdie "vorm" van Afrikaans voorkom wanneer die internetsituasie verander om sodoende as onderling onderskeibare variëteite kenbaar te word;
- om aan die hand van 'n korpuslinguistiese dataversamelingsmetode empiries na te gaan of Internetafrikaans die konvensies van Standaardafrikaans eerbiedig en of dit eerder 'n nonstandaardvorm van die taal is.

1.4 NAVORSINGSONTWERP

1.4.1. Metode van ondersoek

Om te bepaal tot watter mate die Internet as platform dien vir 'n nuwe Afrikaanse gemeenskap en 'n nuwe variëteit is hierdie studie 'n kombinasie van 'n literatuurstudie en 'n empiriese studie. Die empiriese studie word grootliks gedoen aan die hand van 'n kwantitatiewe korpuslinguisties gebaseerde ondersoek van Afrikaans soos dit in die verskillende internetgenres wat in hierdie studie onder die vergrootglas kom, gebruik word, naamlik by elektroniese pos (e-pos), webwerwe en kletskamers.

Die korpuslinguistiek word as primêre ontledingsmetode vir hierdie navorsing gebruik. In die besonder word van die multimetodebenadering gebruik gemaak waar klassifikasiekategorieë op kwalitatiewe manier volgens tipiese sosiolinguistiese analisevlakke gestel word en die korpuslinguistiek dan

ingespan word vir die kwantifisering van die analise. Daarby verskaf die korpusgebaseerde benadering van ondersoek 'n metode waarvolgens groot stelle taaldata hanteer kan word en 'n verskeidenheid kontekstuele faktore terselfdertyd in berekening geneem kan word.

Biber (1998:234) noem dat die korpuslinguistiek as ontledingsmetode veral geskik is vir die ontleding van verskillende genres en registers en motiveer soos volg: "... investigating memos, reports, etc. - or investigating the relationship between e-mail as a register and other interactive registers".

1.4.2 Dataversameling en –verwerking

Die data vir die empiriese gedeelte van hierdie navorsing is versamel oor 'n twaalfmaandetydperk, vanaf Maart 2003 tot Maart 2004. *DieKnoop* word gebruik as vertrekpunt vir die versameling van die Internetafrikaanskorpus met betrekking tot Afrikaanse webtuistes. Omdat e-pos nie net gebruik word as medium vir meer formele korporatiewe kommunikasie nie, maar ook as 'n kanaal vir informele kommunikasie, is data versamel wat informele kommunikasieboodskappe, meer formele boodskappe uit die korporatiewe wêreld, sowel as boodskappe na 'n bulletinbord bevat. Studente met gereelde toegang tot drie verskillende Afrikaanse kletskamers (#tarentaal, #geselshoekie, #girls.inc) het volledige kletssessies afgelaai.

Hierdie versamelde korpus sal ontleed word ten einde kwantitatief te bepaal of enige tipiese leksikale items, morfologiese, sintaktiese en fonologiese prosesse, asook skryfkonvensies as tipies van Internetafrikaans manifesteer. Linguistiese veranderlikes onder bespreking sluit die naamwoordstuk, waaronder die gebruik van selfstandige naamwoorde, vokatiewe, lidwoorde en voornaamwoorde, asook verbindingswoorde, die gebruik van kragwoorde, kodewisselingspatrone, tussenwerpsels, randstukke en emosionele geluide as fatiese merkers en skryf- en leestekengebruik in. Onder die hoofafdeling

spel- en skryfkonvensies word daar aandag geskenk aan eiesoortige spelkonvensies, leksikale verkorting, die gebruik van akronieme, emotikons, fonetiese skryfwyse, geleentheidsvorming en spieëlskrif. Verder word die gebruik van verlede tyd, plek- en tydadjunkte, voorsetsels en sintaktiese reduksie ook as veranderlikes oor die drie internetgenres heen ondersoek. Tipiese onderwerpe wat aan die orde kom is die hantering van die fonetiese skryfwyse, spelfoute, eiesoortige skryfkonvensies, leestekengebruik, tipiese kodewisselingspatrone en register- en stylwisseling in Internetafrikaanse taalgebruik. Met behulp van die WordSmithkonkordansieprogram, wat die gebruik van dieselfde woord in verskillende kontekste kan ontleed en vergelyk, kan onder andere ook die totale hoeveelheid woorde, gebruiksfrekwensie van woorde, alfabetiese woordlyste, die gebruiksfrekwensie van 1 tot 14-letter woorde, gemiddelde lengte van woorde en sinne op kwantifiseerbare wyse bepaal word.

1.5. HOOFSTUKINDELING

Hoofstuk 1

In hoofstuk 1 word die inleiding, probleemstelling, navorsingskonteks en doelstellings van hierdie studie uiteengesit.

Hoofstuk 2

In hierdie hoofstuk word 'n literatuurondersoek gedoen om sodoende 'n teoretiese grondslag te lê wat as navorsingskonteks vir hierdie studie kan dien.

Hoofstuk 3

Hierdie hoofstuk word gewy aan die empiriese ondersoek en die gebruik van korpuslinguistiek as navorsingsmetode.

Hoofstuk 4

Die algemene navorsingsmetodologie en seleksiemetodes vir data word in hierdie hoofstuk bespreek.

Hoofstuk 5

In hierdie hoofstuk word die analise en beskrywing van die versamelde data bespreek.

Hoofstuk 6

'n Samevatting en gevolgtrekking van hierdie studie asook aanbevelings vir verdere navorsing word hier bespreek.

HOOFSTUK 2
LITERATUURONDERSOEK

2.1 INLEIDING

Teen die agtergrond van Foley (1999:3) se aanname dat die sosiolinguistiek taal as sosiale instelling sien wat individue en groepe in staat stel om sosiale betekenis aan die interaksie te gee, én dit voorkom of presies dít die doel van *internettaalgebruik* is, is die doel met hierdie hoofstuk om hierdie konstruk vanuit sosiolinguistiese perspektief te belig. Ten einde te kan bepaal wat die kenmerke van Internetafrikaans is en of die Internet as homogene linguistiese medium figureer is dit belangrik om die navorsingsterrein van hierdie studie af te baken.

Benewens 'n kort terreinafbakening van die internet as eiesoortige taalomgewing en die sosiolinguistiek en sy belangrikste merkers as navorsingsparadigma, kom begrippe soos onder andere taalvariasie, Internet, kommunikasie, e-pos, kletskamers, Wêreldwye Web, sinchroniese en asinchroniese aanlynkommunikasie en virtuele wêreld onder die vergrootglas. Illustrasiemateriaal uit die korpora word verskaf en waar gepas word voorbeelde uit die data, veral in afdeling 2.7, reeds ter illustrasie gebruik.

2.2 TERREINAFBAKENING: DIE INTERNET AS TAALOMGEWING

2.2.1 Die Internet as kommunikasiemedium

Die eiesoortige karakter van die Internet en die impak van die nuwe tegnologie as kommunikasiemedium word saamgevat in die volgende opmerking van President Thabo Mbeki :"...people should seize the new

technology to empower themselves; to keep themselves informed about the truth of their own economic, political and cultural circumstances; and to give themselves a voice that all the world could hear" (Crystal, 2001: vii).

Chenault (1997:1) is ook van mening dat die kern van die Internet nie werklik gaan om tegnologie of inligting nie, maar om kommunikasie. Kommunikasie vorm die basis, die fondasie van die Internet as 'n gemeenskap van chroniese kommunikeerders.

Die rekenaar het oor die afgelope dekades een van die belangrikste simbole in ons moderne samelewing geword. Dit word aanvaar dat die tegnologiese transformasie van die elektroniese medium die aard van kommunikasie en daarmee saam die taal van kommunikasie fundamenteel verander het. Met die toenemende gebruik van die elektroniese medium word die aard van kommunikasie deur die veranderende dimensie van tyd en plek geraak. Castells (2000:406) sê in verband hiermee die volgende: "The potential integration of text, images, and sounds in the same system, interacting from multiple points, in chosen time (real or delayed) along a global network, in conditions of open and affordable access, does fundamentally change the character of communication."

Die snelle ontwikkeling van die elektroniese medium en die toenemende belangstelling in en gebruik van die Internet lê die grondslag vir hierdie navorsing. Teen die agtergrond van Chenault (1997:1) se aanname dat die Internet nie hoofsaaklik om tegnologie of inligting gaan nie, maar ook juis om kommunikasie, word daar in hierdie navorsing gepoog om vas te stel wat die invloed op taalgebruikspatrone in Afrikaans is wanneer kommunikasie plaasvind deur middel van die elektroniese medium. Vanweë die dinamiese aard van internetkommunikasie en die groeiende belangstelling in en gebruik van die Internet word daar van die standpunt uitgegaan dat die karakter van kommunikasie en daarmee saam die taal van die kommunikasie moontlik fundamenteel kon verander het sedert die ontwikkeling van hierdie elektroniese medium.

Deur middel van hierdie navorsing word daar ondersoek ingestel na wat hierdie linguistiese eienskappe van elk van die drie geïdentifiseerde genres is wat aan internetkommunikasie 'n eie identiteit verskaf en word die vraag of die Internet eiesoortige taalstrukturele patrone vorm, en daardeur uiteindelik 'n variëteit bekend as *Internetafrikaans* genereer, beantwoord.

Wanneer die onderskeie elemente van die kommunikasieproses in ag geneem word, kan dit omskryf word as 'n funksionele, dinamiese en transaksionele proses waar twee of meer individue doelbewus probeer om inligting met mekaar te deel en daaraan betekenis te verskaf deur die interpretasie van verbale en nie-verbale boodskappe

Die rekenaar word deur Turkle (1984) "an expressive medium for communication" genoem met spesifieke verwysing na die totstandkoming van rekenaarnetwerke wat dit moontlik gemaak het dat intydse boodskapwisseling, en dus kommunikasie, kan plaasvind in kontras met die isolasie van die persoon – masjien tweetal wat karakteriserend was van vroeë rekenaargebruik.

Hierdie kommunikasiemedium is ervaar as koud, anoniem en onpersoonlik as gevolg van die afwesigheid van nie-verbale merkers soos byvoorbeeld gesigsuitdrukkings en emosie wat teenwoordig is by oog-tot-oog kommunikasie. Hoewel die verwagting was dat die algemene karakter van die rekenaarkommunikasieboodskappe 'ernstig/formeel' sou wees (Danet: 1997:4), is die informele aard van internetkommunikasie juis een van die kenmerkende eienskappe van hierdie medium (vergelyk Hoofstuk 5 vir bespreking van data).

Buys (2000:11) argumenteer dat die Internet vir sommige 'n waardevolle bron van inligting is en vir ander is dit 'n oerwoud vol onbruikbare nonsens. Vir sommige is die Internet 'n manier om te kommunikeer en vir ander hou dit 'n bedreiging in vir hulle privaatheid. Vir sommige is die Internet 'n nuwe manier om besigheid te doen en vir ander hou dit 'n bedreiging in vir die tradisionele manier waarop besigheid bedryf word. Vir sommige is die Internet 'n nuwe

vorm van vermaak en ander sien dit as die bron van onwelvoeglike en obsene materiaal. Vir sommige mense is die Internet 'n nuwe uitdaging en vir ander net nog 'n verbygaande foefie. Ongeag hoe ons dit beskou – die manier waarop handel gedryf word, vermaak word, nagevors word, onderrig word en veral ook gekommunikeer word – hierdie sake sal nooit weer dieselfde wees nie:

Deur middel van taal soos wat dit beslag kry in die elektroniese medium kry die Internetgebruiker toegang tot 'n wêreld wat voorheen nie vir hom toeganklik was nie. Die elektroniese medium bied aan ons 'n kanaal wat die wyse waarop ons kommunikeer tot so 'n mate beïnvloed dat dit fundamenteel anders is as kommunikasie in enige ander medium waaraan ons tradisioneel gewoond is. Herring (2002:138) beklemtoon ook dat kommunikasie via rekenaars 'n invloed sal uitoefen, nie net op die wese van taal nie, maar ook op kommunikasie op sigself.

Juis omdat die virtuele karakter van die Internet so 'n bepalende invloed uitoefen op die manier waarop mense met mekaar kommunikeer, beïnvloed dit dus ook die taalgebruik wat in sodanige situasies manifesteer. In hierdie studie word die vraag gevra of dit dan moontlik kan wees om aan te voer dat die taalgebruik van Afrikaans binne die virtuele omgewing 'n eiesoortige karakter vertoon en as 'n gebruikersvariëteit van Afrikaans, naamlik Internetafrikaans, bestempel kan word.

Die internetomgewing kan volgens Verhoef (2001:3) beskou word as "virtuele taallaboratorium" waar hedendaagse taalvariasieverskynsels in Internetafrikaans ondersoek kan word. Hierdie virtuele taallaboratorium bied dan ook in die besonder die geleentheid om na te gaan tot watter mate die Internet as dinamiese taalomgewing as 'n platform vir 'n nuwe Afrikaanse taalgemeenskap dien en of Internetafrikaans as 'n nuwe gebruikersvariëteit bestempel kan word.

Verhoef (2001:3) verwys juis in hierdie verband na 'n berig in die IT-Bylaag tot *Beeld* en *Die Burger* (12-09-2000) wat dit duidelik stel dat dit aktueel en

noodsaaklik geword het om taalvariasiepatrone soos wat dit in aanlynkommunikasie manifesteer te ondersoek, omdat internettaalgebruik meebring dat taal "voor ons oë verander".

Omdat hierdie navorsing gerig word op taalgebruikspatrone soos dit manifesteer in die verskillende Internetgebruiksituasies, en gepoog word om vas te stel of taalvariasiepatrone waargeneem kan word wanneer die Internetgebruiksituasie verander, setel hierdie navorsing primêr in die sosiolinguistiek. Om Internetafrikaans dus te beskryf en te analiseer is dit nodig om dit aan die hand van tipiese sosiolinguistiese konstrukte te doen, en al word die empiriese gedeelte aan die hand van korpuslinguistiese metodes ontleed, is dit belangrik om dit vanuit sosiolinguistiese raamwerk te doen.

2.2.2 'n Historiese oorsig oor die ontwikkeling van die Internet

Die ontwikkeling van die Internet, afgekort as die Net, (Crystal, 2001:2) is al beskryf as die grootste revolusie in kommunikasie sedert die uitvinding van die drukkuns, maar was tot nie te lank gelede nie die eksklusiewe domein van 'n uitgesoekte groep individue en veral diegene wat Engels magtig was.

Die revolusionêre status van die Internet word deur Crystal (2001b:2) toegeskryf daaraan dat die Internet 'n woning bied aan alle tale sodra daardie gemeenskap toegang het tot funksionele rekenaartegnologie. Crystal (2001b:2) is van mening dat een van die mees beduidende veranderings sedert die begin van die Internet as Engelse medium, sekerlik die toenemende multitalige karakter daarvan is.

Die Internet bestaan uit rekenaarnetwerke met gedeelde eienskappe wat dit moontlik maak om boodskappe vanaf enige sentrale gasheer op een netwerk na enige gasheer op enige ander netwerk te stuur. Dit is deur die Amerikaners as eksperimentele netwerk ontwikkel, maar het gou militêre,

federale, streeks-, universiteits-, besigheids- en persoonlike gebruikers ingesluit.

Buys (2000:35) som die ontwikkeling van die Internet in Suid-Afrika soos volg op: die eerste volhoubare e-posskakel is in 1988 gevestig tussen die Rhodes Universiteit in Grahamstad en 'n privaat huis in Portland Oregon. Hierdie skakel is later aan die Internet gekoppel. Min of meer dieselfde tyd het die Stigting vir Navorsing en Ontwikkeling die 'Universities Network' (UniNet) begin. In 1986 het daar egter reeds twee netwerke tussen Suid-Afrikaanse Universiteite bestaan naamlik tussen Rhodes Universiteit , die Universiteit van Kaapstad en die Universiteit van Natal in die suide en 'n ander tussen Potchefstroom Universiteit vir CHO (tans Noordwes-Universiteit), Wits en die Universiteit van Pretoria in die noorde. Ander universiteite het gou in hulle voetspore gevolg en aangesluit as 'n uitvloeisel van UniNet. Die twee netwerke is later met mekaar verbind. Ongelukkig is die toegang tot die wêreldwye Internet in 1989 beperk as gevolg van die politieke situasie in Suid-Afrika. Beide die ontwikkelinge in UniNet en die afskaffing van apartheid het Suid-Afrika in staat gestel om in 1999 reeds onder die top 20 'aanlyn-lande' ter wêreld te tel.

Die Internet is die wêreld se grootste rekenaarnetwerk wat 'n steeds groeiende reeks dienste verskaf en dit vir persone moontlik maak om met mekaar in verbinding te tree deur middel van onder andere e-pos, webwerwe, en kletskamers. Teen 2000 was daar reeds meer as 100 miljoen gebruikers van die Internet waarvan meer as 1 miljoen daarvan in Suid-Afrika was (Buys, 2000:35). Bo en behalwe funksionele data soos elektroniese inkopies, besigheidsdata, advertensies en bulletinborde bied die Internet ook toegang tot die letterkunde, akademiese materiaal, die media, flieke en allerlei ander vorme van vermaak. Die situasie het sodanig verander dat die Internet vandag 'n snelgroeiende gemeenskap is met miljoene lede wat inligting, idees en opinies ruil.

Die ontwikkeling van gebruikersvriendelike sagteware, makliker verbindings, die bekostigbaarheid van rekenaars en die goedkoper toegang tot die Internet

maak hierdie wêreld van inligting toeganklik vir kinders tuis, vir skoliere en studente en ook vir professionele persone.

Vandag word daar wyd erkenning gegee en aanvaarding gevind vir hierdie eers onbekende virtuele wêreld waar intense sosiale en kulturele aktiwiteit moontlik gemaak word deur miljoene skakels tussen die hoofraam en persoonlike rekenaars regoor die wêreld. Ontwerpers van virtuele ruimtes besef dat hulle sisteme merendeels gedefinieer word deur die interaksie tussen deelnemers as deur die tegnologie *per se*. Danet (1997:4) spreek haar hieroor uit deur te verwys na haar eie navorsing. Vir haar gaan die kuberruim, waarvan die Internet die hoofkomponent vorm, veel eerder om mense as om inligting.

Tegnologie verander die manier waarop ons andere en ook onsself ervaar. Die mensdom ondersoek gedurig nuwe weë vir die beheer en verryking van een-tot-een-kommunikasie met sekuriteit, sosialisering en fantasie ten doel. Deur die jare heen het die tegnologiese ontwikkeling in kommunikasie ons toegelaat om uit te reik en iemand aan te raak alhoewel rekenaars ons eintlik tog fisies van mekaar skei. Rekenaarondersteunde kommunikasie laat ons byvoorbeeld toe om met duisende mense binne sekondes kontak te maak sonder om in hulle teenwoordigheid te wees. Tresca (1998:2) skryf dat hierdie anonimiteit wat ons ervaar 'n invloed het op hoe ons ander en ook onself ervaar: "...how we interact with these perceptions of others and the degree to which our social environment restricts us."

2.2.3 Rekenaarondersteunde kommunikasie (CMC)

Die oorkoepelende term 'Netspeak' word deur Crystal (2001:17) gebruik om die taal van die Internet te beskryf, as 'n alternatief vir terme soos 'Internet language', 'cyberspeak', 'electronic discourse', 'interactive written discourse', 'computer-mediated communication (CMC)' en 'Netlish'. Hy verduidelik dat elkeen van hierdie terme iets verskillend impliseer. So byvoorbeeld verwys 'Netlish' na die gebruik van Engels op die Net, elektroniese diskoers

beklemtoon die interaktiewe dialoog element en CMC fokus op die medium as sodanig. Tog moet dit duidelik gestel word dat die term 'Netspeak' as funksioneel beskou kan word slegs wanneer daar nie uit die oog verloor word dat dit hier geskrewe sowel as gesproke taal omsluit. Vir Crystal (2001:18) impliseer hierdie term dat daar 'n 'n tipe taalgebruikstyl waargeneem kan word wat uniek is aan die internetsituasie en voortvloeiend is uit die elektroniese, globale, interaktiewe karakter van hierdie medium. Ter beredenering van die aanname verduidelik hy dat mense bewus is daarvan dat data 'iets' is wat gedemonstreer word deur die manier waarop ander variante van taal hierdeur beïnvloed word. Hy noem dit 'n besliste teken dat 'n nuwe variëteit 'gearriveer' het wanneer mense in ander linguistiese situasies daarop begin sinspeel. Hierdie invloed word hoofsaaklik waargeneem op leksikale vlak. In alledaagse gesprekke word terme uit die wêreld van rekenaartegnologie 'n nuwe gebruikswaarde gegee. Voorbeelde hiervan is die gebruik van *dotcom (.com)* in die naam van 'n skoonheidsalon ***Naels.com***, die hoofopskrif van 'n artikel oor die gebruik van dwelmiddels in Suid-Afrika (**zol.co.za**) in **finesse November 2004** tydskrifuitgawe en die titel van 'n Afrikaanse kinderbybel **dieBybel@kinders.co.za...in** **'n taal wat hulle verstaan.** Die voorvoegsel **e-** en kombinasies met die koppeling **internet-** of **aanlyn-** kom ook gereeld voor (e-aankope, e-adverteerder). Dit dien met ander woorde as belangrike buite-linguistiese norm vir variëteitstatus .

December (1996:3, e.v.) beskou rekenaarondersteunde kommunikasie as die sinchroniese en asinchroniese saamstel en transmissie van boodskappe deur middel van die gebruik van digitale tegnieke. Herring (2001:54) gebruik die term 'Computer Mediated Discourse' (CMD) wat sy beskou as 'n spesialisasie binne die breë interdissipline van rekenaarondersteunde kommunikasie (CMC). Rekenaarondersteunde diskoers word hiervan onderskei deurdat die fokus geplaas word op taal en taalgebruik in rekenaarnetwerkomgewings en op die metodiek van diskoersanalise waardeur dit ontleed word. Sy definieer rekenaarondersteunde diskoers as die kommunikasie wat tot stand kom wanneer persone interaktief met mekaar verkeer deur middel van boodskappe wat deur rekenaarnetwerke gestuur word. (Herring, 2001:1.) Crystal (2001:17) maak van dieselfde onderskeiding gebruik, maar hy gebruik

die term "elektroniese diskoers" om die dialoog en interaktiewe elemente te beklemtoon en "rekenaarondersteunde kommunikasie" eerder wanneer die fokus op die medium as sodanig geplaas word.

Volgens Herring (2001:5) is dit 'n gewilde opvatting dat rekenaarondersteunde kommunikasie minder korrek, minder kompleks en ook minder koherent sal vertoon as standaard geskrewe taal. Herring (2001:5) sê dat alhoewel rekenaarondersteunde kommunikasie dikwels nie-standaard eienskappe bevat, slegs 'n klein persentasie van sulke eienskappe foute skyn te wees wat veroorsaak is deur onvoldoende kennis van die standaardvariëteit. Die oorgrote hoeveelheid hiervan is volgens Herring (2001:5) bewuste keuses wat deur gebruikers gemaak is om die tikproses so ekonomies moontlik te maak, om eienskappe van gesproke taal na te maak, of om hulself op kreatiewe wyse uit te druk.

Die tegnologie rondom rekenaarondersteunde kommunikasie verander en verbeter so vinnig dat die karakter eie aan rekenaarondersteunde kommunikasie beslis ook deurlopend veranderinge sal toon. Dit wil voorkom of sagte- en hardewareontwerpers besig is om weg te beweeg van die teksgebaseerde gebruik van die Internet na die nuwe driedimensionele multimedia gebaseerde Wêreldwye Web. Multimedia rekenaarondersteunde kommunikasie impliseer die gebruik van oudio en video vir kommunikasie en oordra van inligting in kletskamers, webbladsye en e-pos (Soukup, 2000:51).

Die meeste Afrikaanse rekenaarondersteunde kommunikasie is tans nog oorwegend teksgebaseerd, maar vertoon reeds van hierdie multimedia eienskappe, veral by e-pos waar video-insetsels (met klank) as aanhangsels aangeheg word en by webwerwe waar die getikte teks 'n driedimensionele karakter verkry deur die gebruik van beweging, asook deur die gebruik van video-insetsels.

In 'n poging om vas te stel wat die invloed van die elektroniese medium as sodanig, tesame met die globale aard en die gebruiksintensiteit van die Internet, op taal in die algemeen en individuele tale (in hierdie geval

Afrikaans) is, is dit nodig om die eiesoortige linguistiese eienskappe van verskillende internetgenres te ondersoek. Crystal (2001:10) identifiseer vyf breë internetsituasies wat elk prinsipieel verskillend genoeg is sodat die taalgebruik daarvan ook distinktief verskillend sal vertoon. Hierdie klassifikasie sluit die volgende sake in:

- elektroniese pos (e-pos)
- die Wêreldwye Web
- sinchroniese kletskamers
- asinchroniese gespreksgroepe (briewekolomme) en
- virtuele wêrelde (die sogenaamde MUDS)

Laasgenoemde twee genres sal nie in hierdie navorsing ter sprake kom nie. Die motivering hiervoor is dat daar tans onvoldoende Afrikaanse data beskikbaar is wat die virtuele wêrelde betref en lyk dit asof belangstellendes in hierdie genre aan Engelse virtuele wêrelde deelneem. Ook word asinchroniese kletskamers nie by hierdie navorsing ingesluit nie omdat 'n geweldige groot mate van variasie bestaan ten opsigte van die tipe briewekolomme, gespreksonderwerpe en taalgebruik van hierdie groepe. Gesprekke (briefwisseling) wissel, net soos in die geval van tipiese diskoers in enige openbare ruimte, van 'n groep teologiese studente wat op hoogstegniese vlak gesprek oor 'n Ph.D.-onderwerp voer, tot geredigeerde briewe wat in sportkolomme of tydskrifte (byvoorbeeld *Sarie*) geplaas word, tot ongeredigeerde en blatante briewe soos op die ***koeksuster****-webwerf*. Hierdie internetgenre regverdig onafhanklike navorsing. Die ander drie genres wat in hierdie navorsing bespreek word het in gemeen dat die aktiwiteit wat deur middel van hierdie situasies plaasvind hoofsaaklik — en in sommige gevalle eksklusief — taal in visuele vorm bevat.

Modusse van betrokkenheid in rekenaarondersteunde kommunikasie word gewoonlik geklassifiseer in terme van die 'onmiddellikheid' (*immediacy*) van die beurtneming wat in die diskoers plaasvind. Hierdie klassifikasie is normaalweg tweeledig van aard en onderskei sinchroniese situasies van

asinchroniese situasies. Die eerste van hierdie terme verwys na daardie vorm van aanlynkommunikasie wat plaasvind in 'werklike tyd' en waar diskoersbeurte mekaar onmiddellik opvolg. In hierdie tipe aanlynkommunikasie moet die gespreksdeelnemers almal gelyktydig aanlyn wees om die gesprek in stand te kan hou. 'n Voorbeeld van so 'n tipe internetsituasie kan in die kletskamers waargeneem word. In teenstelling hiermee kan die tydsverloop in die asinchroniese metode van aanlynkommunikasie redelik groot wees en hoef die deelnemers aan hierdie tipe kommunikasie nie almal gelyktydig aanlyn te wees om die diskoers te kan volhou nie. E-pos is een van die eerste en gewildste vorms van a-sinchroniese aanlynkommunikasie. In die eenvoudigste vorm toon 'n bespreking deur middel van e-pos ooreenkomste met tradisionele briefwisseling daarin dat dit bestaan uit twee persone wat beurtelings aan mekaar 'n boodskap stuur, maar in hierdie geval deur middel van 'n elektroniese medium.

Die bestaan van die Internet het 'n vérreikende uitwerking op ons denke. Kennis kan verkry word deur op 'n enkele knoppie te druk en van webruimte na webruimte – in die woorde van Joan Hambidge (2000:1) "...so dansende tussen die verskillende planetestelsels..." word inligting binne 'n oogwink aan die Internetgebruiker beskikbaar gestel. So word tydgrense eweneens opgehef deur gebruik te maak van e-pos en word onmiddellike kontak bewerkstellig met mense oraloor op die aardbol deur die boodskap elektronies aan te stuur. Vir Hambidge (2000:4) dui die Internet die ruimte van oortreding en transgressie aan. In haar woorde: "Hier mag jy vloek, jil, pornografie aflaai, 'n rol vertolk en op 'n branderplank die oneindigheid ingly..."

Crystal (2001:61) beklemtoon die belang van internetnavorsing wat ook dien as motivering vir hierdie navorsing oor Internetafrikaans. Crystal voel dat dit slegs gedoen kan word indien verskillende internetgenres bestudeer word. Hy waarsku egter dat ons in ag moet neem dat daar wel gedeelde linguistiese eienskappe sal wees wat na vore sal kom, ongeag die internetsituasie, aangesien almal van dieselfde breë rekenaartegnologie gebruik maak en in

die algemeen dieselfde dryfveer of motivering het vir hulle deelname, ongeag die internetsituasie. Volgens Crystal (2001) vertoon internettaal 'n eiesoortige unieke karakter wat verskil van beide gesproke en geskrewe kommunikasie en moet dit as 'n nuwe medium beskou word. Hierdie beskouing word vervolgens bespreek.

2.3 INTERNETTAAL: 'N DERDE MEDIUM NAAS GESPROKE EN GESKREWE TAAL?

Een van die kernprobleemvrae van hierdie navorsing is óf die Internet eiesoortige taalstrukture vertoon en dan 'n onderskeibare variëteit, *Internetafrikaans* genereer. Crystal (2001:9) vra hierdie selfde vraag en beantwoord dit uiteindelik deur die voorstel te maak dat dit eerder beskou moet word as 'n nuwe, 'n derde medium. Vir die doel van hierdie navorsing is dit waardevol om kennis te neem van Crystal (2001) se argument dat alhoewel daar vele raakpunte met beide gesproke en geskrewe kommunikasie waargeneem kan word, rekenaarondersteunde kommunikasie 'n eiesoortige karakter vertoon wat voorheen nog aan ons onbekend was.

Wanneer rekenaarondersteunde kommunikasie die onderwerp van bespreking is, is daar al dikwels geredeneer oor die feit of dit dan verteenwoordigend sou wees van geskrewe óf gesproke taalgebruik. Die vraag of die taalgebruik soos wat dit waargeneem word op die Internet ooreenstem met geskrewe of gesproke taalgebruik is al ondersoek deur onder andere Danet (1997, 2001), Crystal (1995, 2001), Ferrara (1991), Hård af Segerstad (2002) en Herring (1996,2002). Danet (1997:18-20) voer aan dat, ondanks die tekstuele aard van digitale kommunikasie, dit eerder 'n gesproke aard vertoon en as't ware die "loss of the text as object" aandui.

Crystal (2001: 28) voer dit verder deur die uitgangspunt dat die Web gesien kan word as 'n vorm van kommunikasie wat eienskappe vertoon van beide gesproke en geskrewe taalgebruik. Aan die een kant toon die Web eienskappe wat ooreenstem met tradisionele geskrewe taalgebruiksituasies

met verwysing na funksies soos databasisse, naslaanwerke, advertensies, die publikasie van wetenskaplike, literêre, geestelike en joernalistieke dokumente om maar net 'n paar te noem. Hierdie webbladsye vertoon dieselfde kenmerke as ooreenstemmende dokumente wat in nie-elektroniese vorm verskyn.

Die taalgebruik in beide e-pos en kletskamers vertoon heelwat van die kerneienskappe van gesproke taalgebruik, naamlik:

- Hierdie situasies word deur tyd gereguleer en terugvoer word dadelik verwag of vereis;

- Die boodskappe toon 'n mate van kortstondigheid aangesien dit dadelik uitgevee kan word soos in die geval van e-pos, of omdat, soos in die geval van kletskamers, die deelnemers aan die gesprek hulle aandag bepaal op dit wat voor hulle op die skerm verskyn en nie wat reeds van die skerm afgerol het nie;

- Die inskrywings vertoon iets van die energie soos wat ook in een-tot-een-gesprekke waargeneem kan word. Dit kan veral waargeneem word in kletskamers waar die deelnemers nie aan mekaar 'skryf' soos met e-pos nie, maar eintlik met mekaar 'klets' of gesels;

- Crystal (2001:47) som op dat die Web die naaste is aan geskrewe taal en die kletskamers die heel verste verwyder daarvan met e-pos iewers in die middel. Internettaal (sy term 'Netspeak') is amper 'n oorgangskategorie tussen geskrewe en gesproke taalgebruik, want dit doen wat nie een van hierdie twee mediums kan doen nie. Hy beskou dit eerder as 'n nuwe 'spesie' van kommunikasie – gedeeltelik geskrewe taal en gedeeltelik gesproke taal.

Faktore wat bydra tot die vervaging van die onderskeid tussen geskrewe en gesproke taalgebruik is onderskeidelik die gebruik van die elektroniese medium vir alledaagse kommunikasie en die gepaardgaande globalisering daarvan (Kurtboke, 2003:6).

Hård af Segerstad (2002:5) beklemtoon dat rekenaarondersteunde kommunikasie nie beskou moet word as een vorm van kommunikasie nie, aangesien dit uit verskillende genres bestaan wat verskillende eienskappe, beperkinge en uiteenlopende gebruike het.

Net soos Crystal (2001) is Ferrara (1991) ook van mening dat elektroniese diskoers 'n 'hybrid variety' van taal is en dat dit eienskappe van beide geskrewe en gesproke taalgebruik vertoon. Hy het elektroniese diskoers bestudeer en beskryf dit as 'n opkomende register wat hy 'interaktiewe geskrewe diskoers ('Interactive Written Discourse' – IWD) noem. Soos die meeste taalvariëteite ontwikkel dit uit 'n nuwe sosiale konteks waarvoor daar 'n gepaste vorm van uitdrukking benodig word. Taalgebruikers maak dan noodgedwonge gebruik van die bestaande variante om die hibriede vorme ('hybrids') te vorm. Volgens Ferrara (1991) word interaktiewe geskrewe diskoers, wat 'n mengsel van gesproke en geskrewe taal is, gekenmerk deur die gelyktydige interaktiewe en ongeredigeerde aard daarvan.

Crystal (2001:9) stel as vertrekpunt vir sy navorsing oor taal en die Internet die volgende sentrale vrae wat ook sentraal staan binne hierdie studie, naamlik of die Internet as 'n homogene elektroniese taalgebruiksituasie manifesteer waar 'n enkele variëteit geïdentifiseer kan word deur die gebruik van veranderlikes soos byvoorbeeld woordeskat, skryfkonvensies, grammatika en die algemene uitleg daarvan, en of internettaal dalk bestaan uit 'n versameling eiesoortige dialekte. Hy vra: "...is the Internet emerging as a homogenous linguistic medium or is it a collection of distinct dialects?" (2001:9). Crystal se antwoord op hierdie selfgestelde vraag is dat alhoewel daar eienskappe is wat gedeel word deur die vyf verskillende internet-situasies wat hy gedefinieer het, daar nie werklik sprake van kan wees dat internettaal of soos hy dit noem 'Netspeak' as 'n variëteit geklassifiseer kan word nie. Hy is van mening dat dit eerder 'n nuwe 'medium' genoem moet word. Volgens Crystal (2001: 48,238) is 'Netspeak' besig om te ontwikkel in 'n nuwe medium wat die kreatiwiteit en innovasie van die gebruikers daarvan weerspieël deur die aanwending van 'n verskeidenheid style vir 'n

verskeidenheid van situasies waarvan sommige meer formeel en ander heeltemal informeel is.

Alhoewel die taal wat in die verskillende internetsituasies gebruik word ooreenkomste toon met ander vorme van kommunikasie, merk Crystal (2001:48) op dat daar beslis tog fundamentele verskille is. Hy voel sterk daaroor dat hierdie internettaal beslis nie tiperend is van geskrewe of gesproke taalgebruik nie en sê dat dit iets heeltemal nuut is, iets wat fundamenteel verskil van wat tradisioneel beskou is as geskrewe en gesproke taal. (Crystal, 2001:48). Crystal klassifiseer die vier mediums as gesproke taal *versus* geskrewe taal *versus* gebaretaal *versus* rekenaarondersteunde taal, maar noem dit later eerder "a genuine third medium" (Crystal 2001:48). Hy stel hierdie nuwe medium voor as iets soos: spraak + skrif + elektronies ondersteunende eienskappe. (Crystal 2001:48.)

Crystal (2001: 238.e.v.) is van mening dat hierdie elektroniese medium ons voorsien van 'n kanaal wat ons terselfdertyd fasiliteer en dwing in ons vermoë om te kommunikeer op maniere wat fundamenteel verskil van dié soos gevind in ander semiotiese situasies. Hy voel dat rekenaarondersteunde kommunikasie, as dit dan moet, eerder as geskrewe taal beskou kan word wat iewers heen getrek is in die rigting van gesproke taal, en verwerp die aanname dat dit beskou moet word as gesproke taal wat neergeskryf is (Crystal 2001: 24 e.v.). Hierdie nuwe medium verskil van geskrewe taal wat betref die veranderlikheid en die onmiddellikheid daarvan en verskil van gesproke taal daarin dat dit 'n onvermoë vertoon om byvoorbeeld toonhoogte, ritme en volume te toon. Stabiliteit, wat een van die belangrikste kenmerke van geskrewe taal is, gaan ook verlore in hierdie nuwe medium omdat 'n webbladsy voortdurend kan verander, of omdat die teks van 'n e-pos-boodskap hergebruik kan word deur dit te knip en plak ten einde 'n ander dokument saam te stel. Hierdie boodskap kan uitgevee word en vir altyd verlore wees. Webbladsye en e-pos is net te verganklik en kan net te maklik verander word om as geskrewe taal in die tradisionele sin van die woord geklassifiseer te word. Op die vlak van spelling, grammatika en semantiek word veranderinge aangebring en word daar van die tradisionele norme

afgewyk om aan te pas by die Internetgebaseerde situasie (Crystal, 2001:127).

Volgens Crystal (2001:127) vertoon internettaalgebruik dikwels nie-standaardvorme, 'n speelsheid, afwyking van die tradisionele normatiewe taalreëls, spel en tipografiese foute - asof dit so hoort - en wemel dit ook van nuwe woorde en uitdrukkings. Hierdie siening dien verder as motivering vir die probleemvraag -of Internetafrikaans konformeer aan die konvensies van Standaardafrikaans?

Alhoewel die ongeïnhibeerde taalgebruik wat in gelyktydige aanlynkommunikasie gebruik word eerder herinner aan gesproke taalgebruik, is Crystal (2001:239) se argument dat hierdie analoog te eenvoudig blyk te wees aangesien die beperking (vertraging) wat geplaas word as gevolg van die stadige beurtneming en die tikspoed van die deelnemers hierdie nie 'n goeie analoog vir gesproke taal maak nie.

Hård af Segerstadt (2002) lewer kritiek op Crystal se aanname dat elektroniese taalgebruik as 'n ware nuwe medium beskou moet word. Sy gee toe dat Crystal se aanname dat kommunikasie hier geskied op wyses wat nie tradisioneel deur gesproke of geskrewe taalgebruik toegelaat word nie inderdaad so is, maar is nie oortuig daarvan dat dit werklik 'n nuwe medium genoem kan word nie. Sy voel dat die linguistiese eienskappe eie aan die verskillende genres van rekenaarondersteunde kommunikasie nie werklik nuut is nie, hoewel die kombinasie daarvan dalk nuut mag wees en daarom dalk gesien moet word as variante wat telkens by verskillende situasies aangepas word. Vir haar lê die verskil eerder daarin dat daar nuwe arenas vir interaksie gevestig word wat meer aktiwiteite as voorheen moontlik maak waar interaksie deur middel van teks plaasvind. (Hård af Segerstadt, 2002:261).

In die volgende afdeling gaan daar aandag geskenk word aan die sosiolinguistiek as navorsingsterrein en sekere kernbegrippe soos taalverskeidenheid, taalvariasie, spraakgemeenskap, virtuele gemeenskap,

variasie en variëteit, norme, styl en register, kodewisseling en die kwessie rondom geskrewe en gesproke taal word bespreek word. Daarna word begrippe soos internettaal en anonimiteit van nader omskryf en word die posisie van Afrikaans op die Internet ondersoek.

Die ontwikkeling van die Internet en die toenemende belangstelling in die gebruik daarvan vestig die aandag op hierdie medium as unieke kommunikasiemedium. Die aanname wat gemaak word is dat die tegnologiese transformasie van die elektroniese medium 'n verreikende invloed uitoefen op die aard van kommunikasie en daarmee saam die taal van kommunikasie. Daar word ook geargumenteer dat rekenaarondersteunde kommunikasie verteenwoordigend skyn te wees van beide gesproke en geskrewe taal, maar meer nog, dat dit sulke eiesoortige taalstrukture vertoon dat dit selfs as 'n heel unieke medium beskou kan word. Die internetomgewing bied die geleentheid om na te gaan wat die eienskappe is wat kenmerkend is van Afrikaans soos wat dit in hierdie omgewing gebruik word.

2.4 BASISAANNAMES VAN DIE SOSIOLINGUISTIEK AS NAVORSINGSTERREIN

2.4.1 Agtergrond

Die invloed van die rekenaar laat vrees ontstaan oor die toekoms van taal en tale as sodanig. Die onderopskrif van die artikel 'Cyberspeak: the death of diversity ' deur Jim Erickson wat in die tydskrif *Asiaweek* verskyn het, illustreer dit duidelik. Hy vra die vraag of die klaarblyklike Engelse dominansie van die Internet die einde van ander tale voorspel (Crystal, 2001: 1).

Die persepsie dat die Internet 'n gevaar inhou vir die toekoms van taal omdat die sogenaamde internettaal sal oorneem, standaarde by die deur, of sal ons sê skerm sal uitwaai en 'n algehele verlies aan kreatiwiteit waargeneem sal

word, is een wat nie net plaaslik nie, maar ook internasionaal gehuldig word. Crystal (2001) poog om juis die teenoorgestelde te bewys, onder meer dat die Internet juis die werktuig bied vir die bemagtiging van en energieke ontwikkeling van 'n veelheid taalvariante. Tesame hiermee bied dit ook ongekende geleentheid vir persoonlike kreatiwiteit en groei. Omdat kommunikasie deur middel van die Internet prinsipieel soveel verskil van dit waaraan ons gewoond is, moet die Internet om, as 'n linguistiese medium te kan groei en as sodanig onderhou te kan word, oor 'n eiesoortige stel beginsels en standaarde beskik wat uiteraard sal verskil van dié van ander mediums.

Die kommer is nie oor die vooruitgang van die elektroniese medium en gevare soos bedrog, pornografie, ensovoorts nie, maar wel oor taal in die algemeen en meer besonder individuele tale wat moontlik die gevaar kan loop om as internetnoodgevalle te eindig.

Die doel van hierdie navorsing is nie om te probeer vasstel of die Internet 'n gevaar vir die oorlewing van Afrikaans inhou nie, maar om vas te stel of die karakter van die elektroniese medium as sodanig, tesame met die globale aard en gebruiksintensiteit van die Internet 'n invloed het op die gebruik van Afrikaans. Crystal (2001:5) is van mening dat die effek op tale dieselfde behoort te wees as wat die geval was met die ontwikkeling van die drukkuns en die uitsaaikuns wat daaraan dimensies verleen het wat vele nuwe onderskeibare variëteite tot gevolg gehad het.

Die elektroniese medium bied die geleentheid om te kommunikeer op wyses wat fundamenteel verskillend is as waaraan ons tot nou toe gewoond was en baie van die tradisionele verwagtinge en gebruike is nou nie meer van toepassing nie. Dit is daarom belangrik om ondersoek in te stel na die linguistiese eienskappe van internettaal en om vas te stel of die manier waarop ons taal op die Internet gebruik nie dalk besig is om so anders te wees as ons ander linguistiese optredes, dat dit as 'n onderskeibare variëteit van Afrikaans beskryf kan word nie.

Om te kan bepaal in watter mate daar wel variasiepatrone na vore kom wat eie is aan Afrikaanse internettaalgebruik, en ook om dit met globale internetvariasiepatrone in verband te kan bring, is dit nodig om eers aandag te skenk aan sekere basisbegrippe in die sosiolinguistiek asook begrippe wat eie is aan die Internet as dinamiese taalomgewing.

Die uitspraak dat taal 'n vorm van sosiale gedrag is, is een wat al deur menige sosiolinguis gemaak is. (Vergelyk Du Plessis, 1995:71; Trudgill, 1983:19 in hierdie verband.)

Die basis van die sosiolinguistiek is die ondersoek van taal binne natuurlike, sosiale verband. Die sosiolinguistiek gaan ook uit van die standpunt dat daar reëlmatige en sistematiese patrone van sosiolinguistiese variasie in enige taal is – dat sosiaal verbonde taalpatrone vasstelbaar is. Die sosiolinguistiek fokus op die wetenskaplike ontdekking van hierdie patrone deur die analise van die taal soos wat dit deur verskillende deelnemers in verskillende situasies binne verskillende genres gebruik word (Du Plessis, 1995:83).

Die doelstelling van die sosiolinguistiek word soos volg saamgevat deur Du Plessis (1995:83): "... die empiriese soeke na die sistematiese kovariasie van linguistiese en sosiale strukture". Hierin word daar veral gefokus op taal soos wat dit binne die sosiale groep en deur lede van die sosiale groep binne 'n sekere situasie gebruik word, en ook na die linguistiese veranderlikes wat deur die bepaalde groep gebruik word.

Vir Fishman (1970:8) is die sosiolinguistiek: die studie van die kenmerke van verskillende variëteite van taal, die kenmerke van die funksies daarvan en van die gebruiksgemeenskap van daardie variëteite, aangesien daar voortdurende wisselwerking bestaan tussen hierdie drie veranderlikes en hulle veranderend op mekaar inwerk binne die spraakgemeenskap

Omdat die mens 'n sosiale wese is, vind daar voortdurend kommunikasie deur middel van taal plaas deur gebruik te maak van óf geskrewe óf gesproke

taal. Die gebruiker van die taal sal van sekere registers gebruik maak, na gelang van wat die sosiale omstandighede van hom vereis.

2.4.2 Taalverskeidenheid

Volgens Du Plessis (1983:45) sê Ervin-Tripp (1971:63) dat linguistiese diversiteit verband hou met sosiale interaksie. Webb (1989:423) brei hierop uit deur te sê dat linguistiese verskeidenheid primêr voortbestaan omdat daar altyd sosiale stratifikasie in gemeenskappe bestaan en omdat alle mense/sprekers 'n basiese behoefte het om uitdrukking te gee aan hulle sosiokulturele identiteit. Sekere reëls en patrone onderliggend aan die waarneembare vorme van 'n taal onderskei hierdie vorme/variëteite van mekaar.

Daarom is dit dan juis die doel met hierdie navorsing om te probeer vasstel of daar wel sekere reëls en patrone waarneembaar is by Internetafrikaans wat dit beduidend anders laat vertoon as ander variëteite van Afrikaans.

2.4.3 Taalvariasie

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat 'n taal nie kan voortbestaan sonder om te verander nie. Taalvariasie is nie 'n proses wat binne die bestek van 'n paar maande geskied nie, maar wel 'n langsame proses wat oor dekades heen strek. Ponelis (1984:30) beskryf hierdie proses soos volg: "Een wet van taalvariasie lui: vandag se omgangstaal is môre se standaardtaal." Ook Trudgill (1983:37) sê die volgende in hierdie verband: alle taalvariëteite word onderwerp aan verandering .

Volgens Du Plessis (1994:121) en Van Rensburg (1994:166) kan daar nie van taalvariasiepatrone sprake wees sonder die erkenning van taalverskeidenheid waar die interafhanklike band tussen taalpatrone en sosiale faktore aangetoon word nie. Van Rensburg (1994:170) voer ook aan dat taalvariasie

nooit as 'n proses beskryf kan word waar blote verandering in 'n taal plaasvind nie, maar dat dit eerder gaan om die kontekstuele verplasing van ou norme met nuwes uit verskillende variëteite. Daar vind dus streng gesproke nie taalvariasie plaas nie, maar normverplasing wat gemotiveer word deur 'n proses waardeur bepaalde sosiokulturele normveranderings in die spraakgemeenskap self vir taalvariasiepatrone verantwoordelik gehou word. "Deur van *normverandering* te praat, in plaas van *taalvariasie*, word die klem gelê op die natuurlike kragte in 'n maatskappy en die aktiwiteite van die mense wat die taal praat." (Van Rensburg, 1994:171).

Wanneer daar gekyk word na die normverplasingsproses is dit noodsaaklik om op grond van die dinamika tussen taal en die sosiale omgewing te probeer nagaan of die toenemende gebruik van die elektroniese medium tipiese patrone na vore laat kom wat die taal van die Internet onderskei van ander Afrikaanse taalvariëteite.

Dit blyk steeds 'n ope vraag hoeveel van hierdie ontwikkelinge permanente kenmerke van die taal sal word, aangesien ons nie taalvariasie presies kan voorspel nie, maar slegs kan herken wanneer dit reeds daar is. Om te verstaan hoe die Internet ons taal beïnvloed, is dit nodig om die verskillende variante te bestudeer soos wat dit in die verskillende internetgenres na vore kom en slegs dan kan uitspraak gelewer word oor die moontlike taalvariasie wat besig is om voor te kom.

2.4.4 Variasie en variëteit

Die begrip 'variasie' staan sentraal binne hierdie studie, en in hierdie verband kan Halliday (1985:74) se beskrywing van die begrip as uitgangspunt dien. Volgens hom verwys variasie na variasie tussen verskillende vorme van taal in 'n spraakgemeenskap; tussen tale of sub-tale, tussen dialekte en tussen verskillende spraakstyle (dialektiese variante).

Die oorkoepelende doel van hierdie navorsing is om ondersoek in te stel daarna of die Internet as platform vir die omskrywing van 'n onderskeibare Afrikaanse variëteit, naamlik Internetafrikaans. Daarom is dit belangrik om 'n werksdefinisie van die begrip 'variëteit' te formuleer. 'n Variëteit van 'n taal is 'n patroonmatige sisteem van linguistiese items met ooreenstemmende sosiale en/of geografiese verspreiding. Daarom sluit die begrip eenhede groter (byvoorbeeld tale) en eenhede kleiner as dialekte (byvoorbeeld registers) in (Du Plessis, 1995:10). Variëteite hoef nie noodwendig bewys te word nie, dit gaan daarom dat dit op meer as een analisevlak sistematies onderskeibaar van 'n ander vorm van dieselfde taal moet wees.

Variëteite dui dikwels op die frekwensie van voorkoms van variante. Die neerlê van die begrip variëteit sê eintlik net dat daar nog meer variëteite van 'n taal bestaan. Dit wil dus voorkom asof die begrip variëteit dui op iets soos 'n "verbal repertoire" (Du Plessis, 1995:10 e.v.). Halliday (1978) is van mening dat 'n hoër of laer waarskynlikheid bestaan dat 'n bepaalde talige item gebruik sal word in 'n bepaalde konteks.

Variasie is 'n inherente kenmerk van alle menslike tale. 'n Definisie van taalvariëteit word deur Webb (1989:429) gegee: "'n Variëteit is 'n versameling taalvorme wat geassosieer geraak het met bepaalde groepe mense, bepaalde situasies of bepaalde aktiwiteite. Die variëteit van 'n taal kan onderverdeel word op grond van die saak waarmee hulle geassosieer geraak het."

As daar met *variëteit* die bestaan van dialektiese en ander variëteite verstaan word, en met *variasie* die beweging tussen variëteite, toon die individuele internetgebruiker (in die geval van hierdie studie) variasie, met ander woorde wisseling of oorskakeling, onder sekere sosiolinguistiese omstandighede wat verband hou met die graad van formaliteit, onderwerp van bespreking, rol van die internetgebruikers en veral die internetgenre. Crystal (2001:6) omskryf die term taalvariasie as 'n sisteem van linguistiese uitdrukkings waarvan die gebruik deur situasionele faktore bepaal word.

Hudson (1996:22) tref in sy omskrywing van die begrip variëteit die vergelyking tussen taal en musiek. Hy stel dit dat net soos wanneer daar aan musiek gedink word en verskillende 'variëteite' van musiek onderskei kan word, die term 'variëteit van taal' ook kan verwys na verskillende manifestasies daarvan. Hudson is van mening dat wat een variëteit onderskei van 'n ander, die linguistiese items met soortgelyke sosiale verspreiding is wat dit insluit (Hudson, 1996:22).

Webb, Dirven en Kock (1992:33) se siening in verband met 'n veelheid van variëteite en variante dien as bevestigende argument vir die noodsaaklikheid/belang van hierdie navorsing. Die skrywers beklemtoon die belangrikheid van 'n veelheid van variëteite en variante vir elke taal om geslaagd uitdrukking te kan gee aan al die kommunikatiewe behoeftes van die gemeenskap. In hierdie geval is dit nie problematies vir Afrikaans nie, omdat die taal sowel funksionele as sosiaal-geografiese variëteite besit. Die funksionele variëteite van Afrikaans is die formele Afrikaans wat in die kerke, en skole gehoor word en ook deel uitmaak van die wetenskapstaal, van al die hoër kultuurvorme en ook van die media. Daarteenoor is daar ook informele variëteite van Standaardafrikaans asook sosiaal-geografiese variëteite, naamlik Kaapse Afrikaans / Suidwestelike Afrikaans en Oranjerivierafrikaans/ Noordwestelike Afrikaans.

'n Interessante waarneming van Webb, Dirven en Kock (1992:33) is dat sommige variëteite van Afrikaans 'n groot mate van beïnvloeding van Engels ondergaan. Hulle maak die stelling dat: "...sommige variëteite van Afrikaans – soos tiener-Afrikaans - amper 'n gelyke vermenging is van Afrikaans en Engels" (Webb, Dirven en Kock, 1992:33).

Standaardafrikaans is maar een van die variëteite van die Afrikaanse taal en nie een van die ander variëteite van Afrikaans behoort minderwaardig geag te word in vergelyking met Standaardafrikaans nie. Linguistiese variëteite wat verband hou met die formaliteitsgraad van die situasie (styl) en variëteite wat gekoppel kan word aan byvoorbeeld beroepe of temas (registers) vorm die linguistiese repertoire van die persoon of spraakgemeenskap. Soos reeds

genoem, is daar 'n groot hoeveelheid sosiale faktore wat 'n invloed sal hê wanneer die spreker moet besluit watter van die variëteite hy in 'n sekere situasie sal gebruik.

Verhoef (2001:4) verwys in hierdie verband na die uitspraak van Eckert (1995) wanneer sy praat van "*symbolic* interpretation of variation" en die "*social* interpretation of variation". Haar argument in verband hiermee behels dat taalvariasie altyd 'n simboliese aard vertoon en dat variasiepatrone in spraakgemeenskappe se taalgebruik 'n weerspieëling is van die lidmaatskap-vereistes en inherente sosiale gebruike van sodanige spraakgemeenskap. Die gebruik van taalvariante sal met ander woorde slegs in daardie spesifieke situasie betekenis genereer en weergee. Vir die doel van hierdie navorsing is dit nie net noodsaaklik om aan te toon tot watter mate die taalvariasiepatrone wat waargeneem kan word in die verskillende internetgenres dien as weerspieëling van die lidmaatskapvereistes van die betrokke spraakgemeenskap nie, maar ook om dit met globale variasiepatrone in verband te kan bring.

Grammatikale, leksikale en diskoerseienskappe speel 'n belangrike rol in beide gesproke en geskrewe variëteite van 'n taal. In navolging van Crystal (2001:9-10) kan daar tereg ondersoek ingestel word om te bepaal of die Internet 'n homogene elektroniese taalgebruiksituasie is waar 'n enkele variëteit van taal sal manifesteer deur die gebruik van veranderlikes soos hierbo beskryf. Sal alle gebruikers hulself identifiseer deur middel van hulle boodskappe, bydraes en webbladsye met behulp van die gebruik van eenderse grafiese, ortografiese, leksikale grammatikale en diskoerseienskappe? Aangesien die Internet uit verskillende genres bestaan, is dit nodig om elke genre individueel, maar ook in samehang met mekaar te bestudeer om die ooglopende linguistiese eienskappe van elke situasie te beskryf en ook die variasie te bepaal soos wat dit na vore kom in die verskillende situasies.

Om te kan bepaal of Afrikaans soos wat dit oor die Internet gebruik word, enigsins beduidend anders is as die taalgebruiks- en taalvariasiepatrone

waaraan ons tradisioneel gewoond is en te kan aantoon óf daar wel sprake van normverplasing op grond van aspekte soos skryfwyse, spelkonvensies, kodewisselingspatrone en ook register- en stylpatrone kan wees, is dit belangrik om bo en behalwe die begrip taalvariasie ook die begrip 'norme' te omskryf.

2.4.5 Norme

Volgens Carstens (1983:18) het norme in die verlede relatief min aandag gekry in taalondersoeke omdat daar 'n effens negatiewe waarde daaraan gekoppel is. Hy voer aan dat die rede hiervoor gesoek kan word in die aanbieding van normatiewe uitsprake: "'n Skerp skeiding is getrek tussen 'reg' en 'verkeerd', foute is oorbeklemtoon, terwyl die persoonlike voor-of afkeure van sommige taalvoorskrywers nie agterweë gebly het nie" (Carstens, 1983:18).

Norme kan beskryf word as 'n verskynsel wat nie slegs beperk is tot die taal nie, maar tot alle terreine van menslike gedrag. Norme speel 'n belangrike rol in die handhawing en voortbestaan van enige taal. (Vergelyk hier Carstens, 1983:76). Uiteenlopende siening van die begrip 'norme' word vervolgens voorgehou. Webb (1985:157) omskryf norme soos volg: "...konvensies wat 'n gemeenskap aanvaar, en wat as 'n riglyn dien vir die lede van die gemeenskap se gedrag, en vir die beoordeling van hierdie gedrag... anders gestel: hulle is wette van hoe jy jou in 'n bepaalde situasie moet gedra, aantrek, ensovoorts".

Van Wyk (1978:100) se omskrywing van 'n norm lui: "Om te sê dat iets aan 'n norm beantwoord, of dan: normaal is, is om te beweer dat dit aan 'n bepaalde maatstaf of standaard beantwoord, dat dit die kenmerke van 'n bepaalde patroon of model het. Norme is natuurlik, meestal onbewuste maatstawwe waaraan die gepastheid van taaluitings deur taalgebruikers beoordeel word." Hierdie definisie impliseer dat daar verskillende soorte norme is. Die doel wat bereik wil word met normering is hoofsaaklik die bevordering van

taalsuiwerheid, verstaanbaarheid, uitskakeling van dubbelsinnigheid en die logiese en duidelike oordrag van gedagtes wat neerkom op korrekte gebruik. Daar bestaan bepaalde reëls wat voorskryf hoe die taal gebruik moet/behoort te word en dit impliseer dat 'n taal reëlgebonde is. Die gedragsnorm wat in 'n bepaalde geval gevolg word, word bepaal deur die aard van die betrokke situasie. "Korrekte" gebruik in kletskamers óf e-pos óf webtuistes impliseer dit wat as "gepas" of "aanvaarbaar" deur die gebruikers van daardie genre beskou word.

Carstens (1983:78) definieer die begrip 'norm' as "... die idee van 'n bepaalde maatstaf/standaard/rigsnoer wat daargestel is en wat gehoorsaam moet word deur die gebruikers van die bepaalde taalvorm. (Verwys ook na De Villiers,1977:1 in hierdie verband.) By implikasie gaan dit ook hier om die idee van die normale/gewone/algemene. Hieruit sou ons kan aflei dat 'n taalnorm die volgende is: die taalvorm of taaltoestand wat vir die gebruiker die gewone of algemene en mees aanvaarde vorm in bepaalde kontekste is en waarna hulle moet rig by die gebruik van die taal.

Webb (1985:79) voer aan dat sosiolinguistiese norme gesien kan word as: "...reëls wat beskryf hoe daar in 'n bepaalde sosiale situasie gepraat word." Norme dien dus as die reguleerders van die gebruik van taal in die gemeenskap. Wanneer die variante van 'n veranderlike ingebed raak in die sosiale orde van die gemeenskap, dit wil sê geassosieer raak met 'n bepaalde situasie of sosiale groep, kom 'n sosiolinguistiese norm tot stand. Hieruit manifesteer dat dit die primêre funksie van sosiolinguistiese norme is om 'n bepaalde groep mense met 'n eie lewenstyl, norme en waardes as 'n spraakgemeenskap te identifiseer en om sodoende hierdie groep se eiesoortige identiteit voor te stel. 'n Verdere belangrike eienskap van sosiolinguistiese norme is dat hulle daardeur gekenmerk word dat hulle veral by sekere groepe of veral in sekere situasies voorkom (alhoewel hulle ook tog elders mag voorkom). Sosiolinguistiese norme word ook beslis nie beperk tot die standaardtaal nie, maar kom voor in al die variëteite van 'n taal. (Webb, 1985:79).

'n Sosiolinguistiese norm is net soos ander sosiale norme 'n versameling normveranderlikes (Van Wyk, 1978:103). 'n Groot aantal van hierdie normveranderlikes bepaal nie net taalgebruik nie, maar bepaal ook dinge soos protokol. Die outeur van 'n e-posboodskap of besoeker aan 'n kletskamer wat nie spelfoute korrigeer nie, wat byvoorbeeld van afkortings of akronieme of vreemde uitdrukkings of Engelse woorde gebruik maak, moet in die kommunikasiesituasie veranderlikes soos die rolverhouding tussen sender en ontvanger van die boodskap, die sosiale afstand tussen hulle, die status van die aangesprokene, die formaliteit van die situasie, ensovoorts in ag neem. Deur die hiërargiese interpretasie van hierdie en ander veranderlikes vind hy die norm wat hom die groen lig gee om die boodskap as sodanig te konstrueer. Norme dwing die gebruiker tot 'n keuse uit alternatiewe en al hierdie veranderlikes werk hand aan hand.

Verskillende variëteite is in verskillende situasies gepas, met ander woorde genormeer. Ter illustrasie hiervan, voer Gregory en Carrol (1978:49) aan dat deur die 'regte' tipe taal te praat dit by implikasie insluiting by 'n groep verseker en wanneer die 'verkeerde' tipe taal gebruik word, outomatiese uitsluiting gevolg daarvan is. Dit is met ander woorde nie wát gesê word nie, maar hóé dit gesê word.

Webb (1985:78) benadruk die feit dat hierdie soort norm nie beperk is tot die standaardtaal nie. Hy vestig die aandag daarop dat elke variëteit van 'n taal "... 'n bepaalde linguistiese eienskap het wat volgens die konvensies die gepaste eienskap is in 'n spesifieke sosiale situasie" en voel sterk daaroor dat 'n persoon die variëteit wat binne 'n bepaalde situasie gebruiklik is, moet gebruik as hy linguisties 'korrek' wil optree. Ook Du Plessis (1994:121) en Van Rensburg (1994:166) spreek hulle uit oor die belang van die interafhanklike band wat daar bestaan tussen taalpatrone en sosiale faktore wanneer daar van taalvariasiepatrone sprake is. Op grond hiervan voer Van Rensburg (1994:170-171) aan dat daarteen gewaak moet word om taalvariasie as 'n proses te beskryf waar blote verandering in 'n taal plaasvind, maar argumenteer dat dit gaan om die kontekstuele verplasing van ou norme met nuwes uit verskillende variëteite. In hierdie lig beskou vind daar streng

gesproke nie eintlik *taalverplasing* plaas nie, maar *normverplasing* wat gemotiveer word deur 'n proses waardeur bepaalde sosiokulturele norm-veranderings in die spraakgemeenskap self vir taalvariasiepatrone verantwoordelik gehou word.

Elke spraakgemeenskap (soos ook die internetspraakgemeenskap) het 'n taalkode nodig wat kan dien as 'n linguistiese verwysingsraamwerk, as 'n kommunikasiemiddel en as 'n merker van identiteit. Daar bestaan groot onsekerheid oor wat 'toepaslike' taal en ook inhoud van internettaal eintlik sou wees. Sou dit wat daar op die skerm verskyn 'n tipiese voorbeeld wees van hoe iemand 'skryf ' wat nie die taalnorme navolg nie, of sou dit geklassifiseer word as die 'nuwe norm'? Danet (1997:7) verduidelik in 'n beskrywing van haar eie navorsing dat dit vir haar dikwels baie maklik is om die 'ou' norme oorboord te gooi wanneer sy e-posse stuur. Sy sê wanneer sy onder uiterste spanningsvolle omstandighede e-posboodskappe moet formuleer, sy alle tradisionele vereistes vir spelling, hooflettergebruik, sintaksis en punktuasie ignoreer. Wat wel belangrik is, is die informele verhouding wat sy met die ontvanger van die e-posboodskap het, wat dan hierdie informele styl regverdig. Danet (1997:7) is van mening dat dit voorkom asof hierdie tipe taal-spesifieke "foute" al hoe aanvaarbaarder word in die Internetkultuur.

In die geval van e-poswisseling sal die "ou" norme heel waarskynlik duidelik waarneembaar wees, veral wanneer die outeur bewus is van die indruk wat die boodskap sal laat op die ontvanger daarvan, moontlik wanneer dit 'n persoon van hoër status of 'n onbekende is. So byvoorbeeld sal 'n e-pos wat saamgestel word met die doel om aansoek te doen vir 'n betrekking heel waarskynlik anders lyk as wanneer daardie persoon 'n boodskap aan sy vriend stuur om reëlings te tref vir die naweek. (Vergelyk die interpretasie van taalgebruikspatrone in die e-poskorpus in Hoofstuk 5.) Danet (1997:9) som op dat die nuwe tegnologie krag verleen aan 'n algemene kulturele neiging wat die norme wat geassosieer word met 'goeie skryfstyl', soos dit in skole geleer word, toenemend bevraagteken.

Styl en register is ook twee belangrike linguistiese veranderlikes wat in ag geneem moet word wanneer taalvariasie ter sprake kom en daar word vervolgens hierna verwys.

2.4.6 Styl en register

Die kategorieë van 'n situasie het gesamentlik 'n uitwerking op die formaliteit daarvan en daarvolgens sal 'n bepaalde taal- en stylkeuse geldig wees. Beide styl en register hou verband met linguisties variasie wat aan die gebruik van taal gekoppel is. Styl het betrekking op elke moontlike taalgebruiksituasie. Du Plessis (1987:22) bespreek Joos (1970) se opvatting en identifikasie van wat hy styl noem. Alhoewel Joos se onderskeiding van vyf style of grade van formaliteit nie baie duidelik is nie, is die kern hier dat daar sprake is van 'n skaal van formaliteit en op elke formaliteitsvlak korreleer die spraak met sistematiese fonologiese, grammatiese en leksikale verskille. Ervin-Tripp (1971:39) omskryf styl soos volg:"... the term normally used to refer to the co-current changes at various levels of linguistic structure within one language." Trudgill (1983:100) skryf in dieselfde trant dat linguisties variëteite wat gekoppel word aan die formaliteitsgraad van die situasie as style geklassifiseer kan word wat kan wissel op 'n skaal van formeel tot informeel. (Vergelyk ook Wardhaugh, 1986:48 e.v.)

Hierteenoor veronderstel register die taalgebruik van 'n spesifieke sosiale situasie. Registervariante word onderskei wanneer mense hulle taalvorme aanpas en weerspieël dus die geleentheid, gespreksonderwerp en rolle van die gespreksgenote – dit is in wese dus 'n demarkeringsfunksie en definieer wie by die betrokke groep in- of uitgesluit is.

Die begrip 'register' word deur Trudgill (1983:101) beskou as linguistiese variëteite wat gekoppel word aan verskillende beroepe, professies of onderwerpe. Volgens Eckert en Rickford (2001:239), in navolging van Crystal en Davy (1969); Halliday (1978) en Biber (1998), impliseer register in hulle "communicative-function model of variation" variëteite eie aan spesifieke

gebruiksituasies. Vir hulle sluit register nie alleenlik die gesproke variëteite in wat geassosieer word met situasionele formaliteit en informaliteit en dikwels 'n aanvaarde styl nie, maar ook ander gesproke en geskrewe variëteite. Eckert en Rickford (2001:239) beklemtoon die belangrikheid wat die geskrewe medium as 'n invloedryke wyse van uitdrukking vir hulle inneem en die plek daarvan in sosiolinguistiese navorsing.

Elke linguistiese situasie verskil van 'n ander in veral drie opsigte: eerstens, die situasie (wat eintlik gebeur); tweedens, die deelnemers van die situasie; en derdens, watter rol taal in die gebeure speel. Halliday (1987:31) meen die kombinasie van hierdie drie veranderlikes "...determine the range within which meanings are selected and the forms which are used for their expressions." Dit bepaal met ander woorde die register. Halliday (1987:185 e.v.) se siening kom daarop neer dat die verskil tussen registers eerstens semanties van aard is en dit vind vervolgens neerslag op die leksiko-grammatiese vlakke. Die leksiko-grammatiese verskille tussen registers is volgens hom grootliks die outomatiese gevolg van die semantiese verskille.

Alhoewel styl en register prinsipieel onafhanklik van mekaar staan, word hierdie twee aspekte in taalgebruiksituasies saamgesnoer — 'n spesifieke register vereis 'n bepaalde styl en verskillende registers kan ook dieselfde styl hê.

Taal funksioneer nie as 'n abstrakte entiteit nie, maar as die aktiwiteit van persone in verskillende situasies. Du Plessis (1995:22) sê dat gebruiksvariasie onderverdeel kan word in styl (dit is wat variasie is wat korreleer met die vlak van formaliteit van spraak wat weer verband hou met die verhouding tussen die gespreksgenote), en register (wat variasie is wat verband hou met die aard van die sosiale status, byvoorbeeld die beroepsgroep).

Hoewel daar uit die aard van die internetmedium wat vir hierdie navorsing gekies is op geskrewe taalgebruik gefokus word, en hoe dit deur middel van die Internet in die verskillende genoemde genres manifesteer, en nie op

gesproke taal nie, is dit eweneens belangrik om aandag te skenk aan Labov se siening in verband met stylwisseling. Labov (1972:170) vestig die aandag daarop dat daar geen, soos hy dit noem, 'enkel-styl' sprekers is nie (vergelyk ook Du Plessis, 1995:88). Alhoewel sommige sprekers stylwisseling tot 'n groter mate gebruik, toon elke spreker 'n wisseling van linguistiese veranderlikes soos die situasie en gespreksonderwerp verander.

Volgens Du Plessis (1995:88) kan die verskillende style wat gebruik word toegeskryf word aan die hoeveelheid aandag wat daar aan die taalgebruik gegee word. Dit impliseer dat al hoe meer aandag aan taalgebruik geskenk sal word wanneer die formaliteitsgraad van die situasie toeneem. (Vergelyk in hierdie verband die bevindinge van Labov 1966 (Martha's Vineyard) en ook Danet 1997.)

Du Plessis (1983:7) se ondersoek na Afrikaans in Johannesburg dien as bevestiging vir hierdie uitspraak. Hy noem spesifieke voorbeelde van respondente wie se taalgebruik nader aan die standaard beweeg het toe hulle daarvan bewus geword het dat hulle op band opgeneem word.

'n Taalgebruiksituasie veronderstel tipiese semantiese patrone wat in teks realiseer. Op grond hiervan word daar 'n spesifieke verwagting geskep by die gespreksdeelnemers ten opsigte van die spesifieke styl wat in die situasie gepas sal wees. In 'n sinchroniese aanlynkommunikasie is dit met die heel eerste oogopslag baie duidelik wat die gesprekstyl van die deelnemers is en pas die nuweling tot daardie spesifieke kletssessie se taalgebruik daarby aan.

2.4.7 Spraakgemeenskap

Die begrip spraakgemeenskap is veral bruikbaar wanneer daar na antwoorde op die volgende navorsingsprobleme gesoek word, naamlik: of die Internet 'n versameling van onderskeie dialekte is wat die verskillende agtergronde, belange, behoeftes en gesindhede van die gebruikers weerspieël, en of daar

gedeelde eienskappe geïdentifiseer kan word wat aan die gebruikers van die Internet 'n eie identiteit verskaf.

Die term spraakgemeenskap word wyd deur sosiolinguiste gebruik wanneer daar verwys word na 'n gemeenskap wat sy gemeenskaplike wortels het in taal. Die studie van spraakgemeenskappe het sedert Bloomfield in 1933 'n hoofstuk in sy boek *Language* daaraan gewy het die belangstelling van sosiolinguiste geprikkel. Sy beskouing van 'n spraakgemeenskap was 'n groep mense wat deur middel van spraak onderling met mekaar verkeer (Hudson,1996:24). Daar bestaan egter onduidelikheid en verskillende uitgangspunte betreffende die omskrywing van die begrip spraakgemeenskap.

Hudson (1996:24-26) bespreek 'n paar van hierdie uitgangspunte en verwys eerstens na die heel eenvoudige omskrywing van spraakgemeenskap soos deur Lyons (1970) waar die begrip alle persone wat 'n gegewe taal gebruik, insluit. Volgens hierdie definisie mag spraakgemeenskappe oorvleuel in die geval van tweetalige individue en hoef daar geen sosiale of kulturele eenheid te bestaan nie.

Net soos Bloomfield se definisie, plaas Gumperz en Hymes (1972) die klem eerder op kommunikasie as gedeelde taal: "...the speech community: any human aggregate characterised by regular and frequent interaction by means of a shared body of verbal signs and set off from similar aggregates by significant differences in language use." Wanneer die klem geplaas word op interaksie en kommunikasie sal verskillende spraakgemeenskappe nie veel oorvleuel nie.

Halliday (1964:10) omskryf 'n spraakgemeenskap as 'n groep mense wat hulself beskou teen die agtergrond daarvan dat hulle dieselfde taal gebruik. Gumperz en Hymes (1972:16) skryf later in dieselfde trant, maar voeg by dat die enigste vereiste om tot 'n spraakgemeenskap te behoort, is om ten minste een taal gemeen te hê en dat daar reëls gedeel word vir die basiese kommunikatiewe strategieë sodat die lede die verskillende sosiale

betekenisse wat deur die kanale van kommunikasie oorgedra word, kan dekodeer.

'n Ander uitgangspunt, naamlik dié van Labov (1972:120) verskuif die klem na gedeelde houding en kennis ("shared attitude and knowledge") eerder as op gedeelde linguistiese optrede: "The speech community is not defined by any marked agreement in the use of language elements, so much as by participation in a set of shared norms: these norms may be observed in overt types of evaluative behavior, and by the uniformity of abstract patterns of variation which are invariant in respect to particular levels of usage." Die kodes van die gemeenskap is oor die algemeen normatief. Die linguistiese norm vorm 'n inherente deel van taal en word soos ander norme oorgedra deur voorbeeld van sosialisering in groepsverband en verander met die loop van tyd (Fishman, 1972:180).

Halliday (1978:154) se standpunt is dat die begrip 'spraakgemeenskap' 'n geïdealiseerde, maar binne die linguistiek, 'n bruikbare konsep is. Hy onderskei tussen die verskillende konsepte wat deur die spraakgemeenskap gekombineer word, naamlik: (1) sosiale groep, (2) kommunikasienetwerk, en (3) linguistiese homogene populasie. Hy verstaan onder 'n spraak-gemeenskap 'n groep persone wat deur middel van een of ander vorm van sosiale organisasie met mekaar verbind is, met mekaar praat en almal op dieselfde manier praat.

Verhoef (2001:2) wys in haar ondersoek oor die Internet as dinamiese taalomgewing na die onlosmaaklike band wat daar bestaan tussen die spraakgemeenskap en sy taal. Sy sê dat hierdie band sodanig op leksikale en semantiese vlak neerslag vind dat die behoeftes, vooroordele en lewenswerklikhede van die spraakgemeenskap wat dit gebruik, in die taalgebruik weerspieël word.

In hierdie geval waar taalvariasie ter sprake is, is dit belangrik om eweneens die spraakgemeenskap wat by internetkommunikasie betrokke is te benoem.

2.4.8 Virtuele gemeenskappe

Begrippe soos 'kuberdorp', kubergemeenskap', 'virtuele gemeenskap' en 'internetgemeenskap' word almal gebruik om te verwys na dié wat deel vorm van hierdie tegnologiese gemeenskap. Die Internet manifesteer as die kern van die informasietegnologie-industrie en vorm die spilpunt van die sogenaamde informasiehoofweg ("information highway") (Wasserman 2001: 1). Die ontwikkeling van die Wêreldwye Web en ander verwante internetontwikkeling het internettoegang, selfs vir die oningelyfde gebruiker, gebruikersvriendelik gemaak.

Crystal (2001:58) merk op dat die sosiale funksie van internetkommunikasie as 'n belangrike tema in die literatuur na vore getree het gedurende die afgelope paar jaar, veral met die verwysing na die begrip 'virtuele gemeenskap'. Hierdie begrip blyk problematies te wees aangesien sommige dit as 'n leë begrip sien en ander weer 'n betekenisvolle definisie daaraan toeken. Crystal (2001:59) redeneer dat die enkele feit dat 'n persoon by 'n internetaktiwiteit betrokke is, nie noodwendig in daardie persoon 'n gevoel van 'n soort van identiteit en lidmaatskap laat ontstaan wat geassosieer kan word met die term *gemeenskap* nie. Aan die ander kant is daar tog sekere internetsituasies wat so 'n gevoel van *behoort* laat ontstaan as gevolg van " ...the experience of sharing with unseen others a space of communication." (Crystal: 2001:59).

Die begrip 'virtuele gemeenskap' as metafoor vir 'n teenwoordigheid op die Web word volgens Castells (2000) verstaan as 'n self-gedefinieerde elektroniese netwerk van interaktiewe kommunikasie wat georganiseerd is rondom 'n gemeenskaplike belang of doel, alhoewel kommunikasie as sodanig soms die doel is. Hierdie virtuele gemeenskappe staan nie in teenstelling met 'werklike' gemeenskappe nie, maar funksioneer volgens hulle eie reëls en dinamiek. Castells (2000) merk verder op dat virtuele gemeenskappe interpersoonlike sosiale gemeenskappe vorm wat die hindernis van afstand teen relatiewe lae koste oorkom vir die uiteindelike doel van persoonlike kommunikasie.

Aanvanklik het die mens, geboei deur vergesigte van vooruitgang, hom op bekende weë beroep en het metafore uit die eeu van die motor gedomineer- vandaar die "information superhighway" en beskrywings van soekenjins as toegangsroetes tot 'n wêreldwye inligtingsrevolusie (Van Heerden, 2001:1). Van Heerden meen dat dit egter gou geblyk het dat metafore wat op snelweë en roetes staatmaak, te lineêr is vir die hiperteks wat as kennelik post-modernistiese data-omgewing eerder labarint is as snelweg. In 'n verdere poging om huisvesting te gee aan die kuberruim, gryp ons na metafore uit 'n wêreld van bekende dimensies. 'n Woord soos *webwerf* wil kaart en transport gee aan 'n hoekie in die flikkerende heelal: 'n kletskamer is 'n stasie in die niet, bewoonbaar gemaak deur bekende taal (Van Heerden, 2001:1).

Boshoff (2002:3) se siening in verband met die Internet en globalisering is dat die Internet en Wêreldwye Web nie net die bekendste en kragtigste simbool van globalisering is nie, maar dat dit aan ons elkeen tot 'n mindere of meerdere mate die geleentheid bied – of die gevoel van die geleentheid – om aan die globaliseringsproses deel te neem, om in 'n globale teks 'n handelende subjek te wees; en dat dit aan ons 'n soort globale gevoel verskaf.

Vir Wallace (1999) omsluit die begrip 'virtuele gemeenskap' veel meer. Haar redenasie is dat die doel van die kommunikasie veel belangriker is as die geografie en alhoewel sy van die 'global village'-metafoor hou, is dit volgens haar oor die algemeen nie werklik tiperend van die Internet nie:

Ook bied Eckert (1995:55) se begrip "community of practice" of gebruiksgemeenskap moontlikhede aan die hand waarvan die sosiale praktyke waarin taalgebruik van die internetgemeenskap as koherente groep ingebed is, omskryf kan word: "A community of practice is an aggregate of people who come together around mutual engagement in some common endeavour. Ways of doing things, ways of talking, beliefs, values, power relations – in short: practices – emerge in the course of their joint activity around that endeavour."

Crystal (2001:5) bevraagteken die invloed van hierdie nuwe elektroniese medium op die gebruik van taal wanneer dit moontlik word vir persoon om in ononderbroke kontak met enige ander persoon te wees. Hy bespreek ook die metafoor 'global village' of 'kuberdorpie' en die implikasie daarvan. Hy verduidelik dat 'n dorp 'n hegte gemeenskap is wat tradisioneel identifiseerbaar is deur 'n plaaslike dialek of taal en wat die lede onderskei van ander groepe. 'n Buitestaander kan baie vinnig geïdentifiseer word en die opmerking "dit is nie hoe ons dit hier sê nie" sal sommer gou gehoor word. As daar dan werklik sprake is van 'n kuberdorp, moet gevra word wat die dialek dan eintlik is, en wat die gedeelde eienskappe van taal is wat aan hierdie wêreldgemeenskap van gebruikers hulle gevoel van identiteit verskaf. Crystal (2001:5 e.v.) se argument is dat, indien daar nie sekere gedeelde taalkundige eienskappe is wat aan die gebruikers 'n gevoel van identiteit verskaf nie en daar nie 'n soort van gemeenskaplike dialek of taal, of selfs net 'n neiging daartoe, waargeneem kan word nie, daar aangeneem kan word dat die term 'global village' slegs 'n mediafiksasie is.

Crystal (2001: 59) se mening oor die debat rondom die term 'virtuele gemeenskap' is dat die Internet nie so 'n globale medium is as wat dit met die eerste oogopslag blyk te wees nie. Alhoewel daar prinsipieel argumente uitgemaak word oor die feit dat die Internet die vermoë het om die beperking van fisiese omgewing, kulturele verkille en tydsones te oorkom en daardeur persone in staat te stel om met enige iemand op enige plek in die wêreld oor enige onderwerp te kan kommunikeer, is die tipe kommunikasie in die praktyk veel meer beperkend. Die meeste internetinteraksies besit nie 'n globale karakter nie, want ons praat tog nie met miljoene mense regoor die wêreld wanneer ons 'n webtuiste besoek, 'n e-pos stuur, deelneem aan 'n briewekolom of by 'n kletskamer aansluit nie. Ter stawing hiervan merk Crystal (2001:59) op dat rekenaarondersteunde kommunikasie individue en gemeenskappe bedien en dat dit nie gemik is op massagehore nie. In hierdie sin word die Internet dan beskryf as 'n ekosisteem van subkulture.

Wanneer daar verwys word na taal op die Internet gebruik Crystal (2001:61) self die term "the new language of the Internet ". Daar hoef nie noodwendig

aangeneem te word dat, omdat die internetgebruikers 'n beperkte stel grafiese karakters tot hul beskikking het, dit hulle verhoed om 'n nuwe sosiale wêreld te skep nie.

Indien werklike internetgemeenskappe relatief klein is, sal hulle volgens Crystal (2001:60) solidariteit demonstreer deur middel van ontwikkelende mates van identiteit (bewustelik of onbewustelik) waarvan sommige nie-linguisties van aard sal wees (byvoorbeeld gedeelde kennis of 'n sekere moraliteit) en ander weer 'n linguistiese karakter sal hê. Hierdie linguistiese eienskappe sal tyd neem om te ontvou, veral in 'n medium wat tegnologies so vinnig verander en waar 'n mate van non-konformiteit algemeen is tussen gebruikers, maar uiteindelik sal hulle die gemeenskap voorsien van 'n werkbare dialek wat nuwelinge sal moet aanleer indien hulle toegang wil hê tot en deel wil wees van byvoorbeeld 'n genre soos kletskamers. Crystal (2001:60) merk ook in hierdie verband op dat linguistiese eienaardighede nie ongewoon is onder lede van kletskamers of virtuele wêrelde (MUDS) nie.

In navolging van Eckert (1995:55) se definisie formuleer Verhoef (2001:5) die begrip 'internetspraakgemeenskap' as 'n groep wat bepaalde gesamentlike belange op grond van hulle gesamentlike internetkommunikasiepoging deel, terwyl tegelykertyd in berekening gebring moet word dat dié affiliasie se belange na vore kom in eiesoortige taalgebruikspatrone. Hierdie definisie van die internetspraakgemeenskap as koherente groep word ook so vir die doel van hierdie navorsing gebruik.

Afrikaans het vir so verre dit virtuele gemeenskappe betref, nie lank gewag om gebruik te maak van die geleenthede wat die nuwe tegnologie bied nie. Wassenaar (2001:4) merk in hierdie verband op dat daar reeds 'n geweldige toename in Afrikaanse webtuistes of webtuistes met Afrikaans as onderwerp waar te neem is. Die omvang van Afrikaanse webtuistes is van so 'n aard dat daar selfs webtuistes is wat dien as portale of soekenjins om die gebruiker te kan verbind met ander eksklusief Afrikaanse webtuistes. Die webruimte www.DieKnoop.co.za bied aan die gebruiker skakels na meer as 1 000 Afrikaanse webbladsye en dan word daar ook nog daagliks nuwe skakels

bygevoeg. Hieruit is dit duidelik waarom *DieKnoop* vir die doel van hierdie studie gekies is as die portaal waaruit die korpus vir die webtuistes versamel is.

2.4.9 Kodewisseling

In navolging van die doelwitte van hierdie studie en meer spesifiek om ondersoek in te stel na die manifestasie en frekwensie van eiesoortige konstruksies wat met die internetomgewing soos dit in Afrikaanse kletskamers, webwerwe en e-pos geassosieer kan word, is dit nodig dat aandag geskenk word aan kodewisselingspatrone.

Halliday (1978:11) definieer, in navolging van Bernstein, die begrip 'kode' as: "...the principle of semiotic organization governing the choice of meanings by a speaker and their interpretation by a hearer". Sy mening is dat dit in die taal aktualiseer deur middel van die register, aangesien die semantiese oriëntasie van die spreker in 'n bepaalde sosiale konteks daardeur bepaal word. Die kode oefen dus beheer uit op die semantiese styl van 'n kultuur. Wybenga (1987:13) wys daarop dat die kode baie meer as net 'n kennis van die grammatika van 'n taal veronderstel daarin dat dit ook 'n kennis van die sfeer wat binne die gemeenskap bestaan, veronderstel.

Du Plessis (1995:22 e.v.) bespreek ruimer en enger opvattings met betrekking tot kodewisseling en wys daarop dat daar 'n duidelike onderskeid getref moet word tussen kodewisseling en stylwisseling wat hoofsaaklik lê in 'n onderskeid tussen styl en kode. Die begrip 'kode' is vir die meeste taalkundiges sinoniem met die term 'variëteit', terwyl die begrip 'styl' veel meer beperk is. Du Plessis (1987:23) verwys na Hudson (1982) en ook Lyons (1977) vir wie kode enige moontlike variëteit binne 'n taal en ook tale impliseer.

Taalkundiges is dit eens dat kodewisseling 'n belangrike sosiale funksie vervul. Vir Myers-Scotton (1993:3) behels kodewisseling "the selection by bilinguals or multilinguals of forms from an embedded variety (or varieties) in utterances of a martix variety during the same conversation." Ná uitgebreide

navorsing in Kenia stel sy 'n model voor vir kodewisseling wat 'n hele aantal dimensies bevat (Myers-Scotton,1992:166 e.v.). Hiervolgens kan tweetalige persone kodewisseling gebruik as 'n simbool van sosiale verhoudings. Uitinge kan ook gebruik word met opsetlike betekenis en nie slegs as verwysende betekenis nie. Bykomend hierby beïnvloed sprekers se sosiale en persoonlike verhoudings die keuse van kodes. 'n Belangrike aspek wat uit hierdie model voortvloei is die regte en verpligtinge van die gespreksdeelnemers, gebaseer op die norme van hulle gemeenskap (Myers-Scotton, 1992:166-167).

In hierdie lig gesien beteken kodewisseling die wisseling wat 'n spreker tussen die verskillende variëteite binne 'n taal en ook tussen tale in 'n gespreksituasie toepas. Hierdie wisseling kan geaktiveer word deur onder andere die gespreksituasie, die gespreksdeelnemers en die gespreksonderwerp. Situasionele faktore en die taalgebruikers wat deel vorm van die taalgebruikerskonteks oefen dus 'n invloed uit op taalkeuses [vergelyk die ondersoek van Du Plessis (1983), in verband met Afrikaans in Johannesburg, asook Trudgill (1983), Appel & Muysken (1987) en Wybenga (1987:9 e.v.)]. Aangesien taalgebruikers se taalkeuses 'n situasie definieer, kry kodewisseling 'n sosiale betekenis.

2.5 DIE INVLOED VAN DIE INTERNET OP TAALKEUSES

Lee (2002:1) skryf oor die invloed van die Internet op taalgebruik van Engelse hoërskoolleerlinge dat die taal soos oor die algemeen in e-pos gebruik word al hoe meer opgemerk word in skoolwerk. Volgens Lee het die onderwysers gevind dat leerlinge geneig is om woorde in verkorte vorm te skryf, punktuasie en hooflettergebruik is onvolledig en diakritiese karakters soos &, $ en @ word herhaaldelik gebruik.

Wat die moontlike negatiewe invloed van die Internet betref, is daar dikwels al die mening uitgespreek dat die Internet en rekenaarondersteunde kommunikasie 'n negatiewe invloed sal hê vir die toekoms van taal, dat

standaarde en norme van tradisionele geskrewe taal verlore sal gaan en dat kreatiwiteit en rykheid van uitdrukking sal verdwyn as gevolg van die uniformiteit wat globalisering meebring (Hård af Segerstad, 2002:51-53; Crystal, 2001).

Carr (2004) voer aan dat min aandag ook aan taal en punktuasie in rekenaarondersteunde kommunikasie geskenk word in Australië en ander dele van die wêreld. Die rede hiervoor, volgens haar, is die druk wat geplaas word op persone wat van e-pos gebruik maak om vinniger en effektiewer te kommunikeer. Dit is egter nie 'n nuwe verskynsel nie, want sy noem dat dit al reeds so waargeneem word by mediums soos televisieadvertensies en advertensieborde waar taal en punktuasie ingeboet word ter wille van die effektiwiteit van die advertensie.

Hård af Segerstad (2002:51) som die sieninge van onder andere Crystal (2001), Herring (1998, 2002), Hale (1996), Ko (1996) en Du Bartell (1995) op in haar bespreking van hierdie saak. Sy wys daarop dat die aannames al dikwels gemaak is dat die taal van rekenaarondersteunde kommunikasie nie so ryk aan uitdrukking is nie en ook nie so gesofistikeerd is (bedoelend dat dit linguisties geredigeer word) as ander vorme van geskrewe taal nie. Sy noem as voorbeeld hiervan die taal van e-pos wat oënskynlik struktureel eenvoudiger is as tradisioneel geskrewe dokumente aangesien e-pos oor die algemeen heelwat korter is, grammatikaal minder komplekse sinne bevat en waarin daar meer tipografiese foute voorkom. Herring (1996:55) het egter in hierdie verband bevind dat e-posboodskappe wat na professionele poslyste gestuur is, linguisties geredigeer was en feitlik foutloos voorgekom het. Demografiese faktore en die doel van die boodskap blyk steeds bepalende faktore te wees en die omstandighede waaronder hierdie boodskappe gestuur is (asinchroniese kommunikasie tussen akademiese personeel) was bepalend.

Herring (2002:59) spreek die verlies aan sosiale uitdrukking en betekenis van die geskrewe teks soos volg aan: "Social meanings appear to be conveyed effectively through CMC. Users achieve this in part through creative uses of

language, such as novel spellings, repeated punctuation, and ASCII graphics designed to convey attitude, non-speech sounds and facial expressions." Bevestiging vir hierdie aanname word veral in die sinchroniese kletskamers in die onderhawige studie verkry.

Crystal (2001:7) voel positief dat die Internet 'n dramatiese uitbreiding van die variasie van taal tot gevolg sal hê en die geleentheid bied vir die ontwikkeling van persoonlike kreatiwiteit. Sy uitgangspunt is dat rekenaarondersteunde kommunikasie 'n kruising tussen gesproke taal en geskrewe taal is en dat daar nie hoef gevrees te word dat taal hierdeur in gevaar sal verkeer nie. Sy argument is juis dat kinders wat hulle tyd gebruik om boodskappe deur die Internet te stuur beslis nie ongeletterd sal wees nie. Taalgebruik verskil na gelang van die doel en die aktiwiteit daarvan en daarom sal iemand wat aansoek doen om 'n betrekking sy e-pos anders opstel as 'n e-pos wat na 'n vriend gestuur word.

2.6 DIE IMPAK VAN ANONIMITEIT OP ONGEïNHIBEERDE TAALGEDRAG DEUR MIDDEL VAN REKENAARONDER-STEUNDE KOMMUNIKASIE

Tegnologie verander beslis die manier hoe ons onsself en ander beleef. Deurentyd streef die mens na die beheer van en kontrole oor een-tot-een-kommunikasie. Deur die afgelope dekades heen het tegnologiese vooruitgang dit moontlik gemaak om uit te reik en in verbinding met ander te tree ten spyte van die feit dat mense fisiek geïsoleerd van mekaar staan. Deur middel van rekenaarondersteunde kommunikasie kan mense byvoorbeeld binne sekondes gelyktydig met letterlik honderde ander inligting deel, alhoewel hulle geografies verspreid kan wees.

Die elektroniese medium is nie die eerste medium wat dit moontlik maak vir individue om anoniem te bly tydens kontak nie. Vergelyk in hierdie geval die telefoon en amateurburgerbandradio. Tresca (1998:1) is van mening dat die

anonimiteit wat hierdie tegnologie meebring 'n invloed het op hoe mense hulleself en ander persone ervaar, hoe daar gereageer word op die vooropgestelde idees van ander en ook die mate waartoe die sosiale omgewing 'n beperkende invloed het. Wanneer die Internet gebruik word as kommunikasiemedium, veral in die geval van kletskamers en briewekolomme, kom dit voor of gebruikers dikwels ongeïnhibeerd en onbeperk optree as gevolg van die afwesigheid van die sosiale kontekswysers en toon hulle dikwels meer "disinhibition" deur die gebruik van beledigings, swetswoorde en vyandige taalgebruik, in teenstelling met wanneer hulle in 'n oog-tot-oog-situasie met dieselfde persone sou kommunikeer (Tresca, 1998:1).

Verder voorspel Tresca (1998:1) dat hierdie tendens sal toeneem soos die gewildheid van briewekolomme en gespreksgroepe waar persone anonieme boodskappe kan plaas, toeneem. Hy verwys in hierdie verband na die voorbeeld van Christiaan Sandvig, 'n polisieoffisier wat in 1995 begin deelneem het aan 'n plaaslike besprekingsgroep op USENET wat gehandel het oor misdaad. Die skuilnaam wat hy gebruik het was "David Police" wat dadelik ongenaakbare aanvalle teen veral die polisiemag in die algemeen, asook bisarre vrae en bespotting oor geweld ontlok het. Hierdie tipe gedrag sou nooit na vore gekom het sou die persone met hom in 'n telefoniese gesprek of per briefwisseling betrokke wees nie, of sou hulle mekaar in persoon gekonfronteer het, veral wanneer hy in sy uniform geklee sou wees. Hy sê:" I was stripped of my boundaries, my protection" (Tresca: 1998:1).

Die volgende spotprent illustreer die kwessie van anonimiteit in rekenaarondersteunde kommunikasie:

"On the Internet, nobody knows you're a dog."

2.7 INTERNETTAALGEBRUIK EN DIE VERSKILLENDE INTERNETSITUASIES

Ongeveer dertig jaar gelede was rekenaars en aanlynkommunikasie die besit van rekenaarwetenskaplikes en ontwerpers van tegnologie (Crystal:2001:3). Vandag is die Internet 'n massamedium met miljoene intekenaars wat onder andere gebruik maak van e-pos, die Wêreldwye Web, kletskamers, nuusgroepe, en virtuele wêrelde. 'n Nuwe wêreld is ontsluit en het toeganklik geword, nie net vir persone wat Engels magtig is nie, maar ook vir die Afrikaanssprekende deur middel van e-poskommunikasie, die groot aantal Afrikaanse webwerwe en ook kletskamers soos byvoorbeeld *'# tarentaal'*.

In hierdie navorsing word daar gepoog om vas te stel of daar wel van 'n proses van normverplasing in die breë Afrikaanse spraakgemeenskap sprake kan wees op grond van hedendaagse taalgebruikspatrone wat in Internetafrikaans na vore kom. Verder gaan dit ook daaroor om te bepaal of taalvariasiepatrone duidelik sou wees indien die internetsituasie sou verander. Die internetsituasies wat in hierdie navorsing onder loep geneem word is soos reeds genoem elektroniese pos, sinchroniese gesprekswerwe (kletskamers) en webtuistes.

Die verskillende internetsituasies het elk 'n unieke karakter en spesifieke vereistes vir kommunikasie. Daar word voorsiening gemaak vir verskillende tipes interaksie en elke situasie het 'n eiesoortige karakter wat op sy beurt 'n unieke impak op die taalgebruik en inhoud van die boodskap het.

Die doel met hierdie afdeling is om 'n oorsig oor die verskillende genoemde internetsituasies te verskaf. Illustrasiemateriaal uit die verskillende korpora word hier aangebied terwyl detail oor die korpora verder in Hoofstuk 3 bespreek sal word.

2.7.1 E-pos (elektroniese pos)

E-pos is die oudste internetdiens en dateer terug na die mid- 1970's (Baron, 2001:4). Die basiese konsep betreffende die stuur en ontvang van e-posboodskappe is baie eenvoudig. 'n Gebruiker skakel in (gaan aanlyn) by 'n rekenaarsisteem en tik en adresseer 'n boodskap aan 'n gebruiker van 'n ander sisteem en met die druk van 'n knoppie en 'n toepaslike sagtewareprogram word die boodskap gekanaliseer deur die onderlinge verbinde rekenaarsisteme totdat dit uiteindelik afgelewer word by die bestemde adres. Benewens die boodskap wat getik is, kan die gebruikers ook verskillende lêers aanheg soos teksdokumente, sigblaaie (*spreadsheets)* en selfs oudio- en videolêers.

Alhoewel die stuur van e-posboodskappe slegs 'n baie klein domein van die internet-'ruimte' beslaan in vergelyking met die miljoene bladsye wat die Web beslaan, oortref die aantal inskrywings die Web by verre as die daaglikse transaksies met mekaar vergelyk word. Ook Crystal (2001:10) vra die vraag of daar wel 'n veralgemening gemaak kan word ten opsigte van die taal van e-posgebruikers: "Do the requirements of immediate and rapid e-messaging promote the use of certain linguistic features which transcend its many variations in audience and purpose? Indeed, can we generalize about the language of e-mail at all?"

2.7.1.1 Elektroniese pos as navorsingsobjek

Elektroniese pos (e-pos) is in wese anders as enige ander vorm van geskrewe taal. Hierdie vorm van kommunikasie is 'n relatief nuwe manier van skryf en bied aldus die geleentheid vir intense, uitgebreide navorsing.

Een van die grootste probleme waarvoor die navorser oor elektroniese pos te staan kom in die versameling van 'n werkbare databasis (korpus), is dat dit 'n privaat kommunikasiemedium is en dit dikwels moeilik is om toestemming te verkry om persoonlike, privaat e-pos te gebruik (vergelyk Hoofstuk 4.2 in hierdie verband). Die meeste navorsing oor e-pos is daarom juis gedoen deur boodskappe wat na 'n poslys of bulletinbord gestuur is te bestudeer omdat sodanige boodskappe van een persoon gestuur word aan 'n hele aantal persone en so in die openbare domein lê en publieke besit word. Toestemming hoef dus nie verkry te word om hierdie boodskappe as data te gebruik nie.

2.7.1.2 E-pos as elektroniese medium

In 'n eeu van tegnologiese ontwikkeling sou dit verkeerd wees om te veel toe te skryf aan die effek van tegnologiese ontwikkeling op onder andere formele kommunikasie. Danet (1997:9) verwys na Biber en Finegan (1989) wat 'n "historical drift" oor die laaste drie dekades gedokumenteer het na 'n meer mondelinge styl in verskillende genres van Engels, insluitende persoonlike en professionele briewe. Terselfdertyd het die sogenaamde "Plain Language Movement" ontstaan wat die vereenvoudiging van regs- en burokratiese taalgebruik ten doel het om dit sodoende meer toeganklik te maak vir die oningeligte persoon. Alhoewel die bedoeling nie met hierdie beweging was om dit meer soos gesproke taal te maak nie, was dit tog die effek wat verkry is deur hulle werk. Dit is daarom nie vreemd om te vind dat outeurs van werkboeke oor formele kommunikasiedokumente aanbeveel dat 'n relatief informeler skryfstyl gebruik word nie.

2.7.1.3 Die taal van e-pos

'n Teorie wat sentraal staan binne die navorsing van Danet (1997) is dat digitale (elektroniese) kommunikasie gesien moet word as beide verswakte gesproke taal en verswakte geskrewe taal. Wanneer dit beskou word as gesproke taal is daar die afwesigheid van nie-verbale aspekte van persoonlike kontak. Desnieteenstaande word e-pos tog ervaar as lewendige of amper lewendige gesprekke en vertoon dit eienskappe van gesproke taal in sy linguistiese vorm. E-pos kan ook beskou word as 'n verswakte vorm van gesproke taal daarin dat die skryfkuns juis ontwikkel is om die kortstondigheid van gesproke taal, die feilbaarheid van die geheue en die probleem van groot afstande te oorkom. Duursaamheid word dikwels as een van die belangrikste kenmerke van geskrewe taal genoem. Daarteenoor is elektroniese skrywe ontasbaar en kortstondig en word e-posboodskappe oor die algemeen uitgevee nadat dit gelees word en selde uitgedruk om as latere verwysing te hou.

Alhoewel die saamstel van e-pos oor die algemeen benader word met vooropgestelde idees uit die genre van die besigheidsbrief, die persoonlike brief, memorandums, telegramme, poskaarte en groetekaarte, sowel as mondelinge oog-tot-oog gesprekke en telefoniese kommunikasie, kan gebruikers volgens Danet (1997:6) nie deur een van bogenoemde ten volle gelei word terwyl daar by hierdie nuwe medium aangepas probeer word nie. E-pos daag die bestaande opvattings oor die wese van skryfstyl, veral dié van briewe en dan eweneens ook van die veronderstelde verskil tussen gesproke en geskrewe taalgebruik uit. Die verskille wat na vore kom in die verwagting van geskrewe boodskappe manifesteer op die vlak van taal, register, tekstuele organisasie en struktuur, visuele uitleg, en moontlik die belangrikste, op die vlak van genre. Crystal (2001:16) voer aan dat die behoefte aan groter voorspelbaarheid, betroubaarheid en bekendheid 'n invloed het op alle internetsituasies en ook op die taal wat daar gebruik word.

Danet (1997:7) is van mening dat daar oor die tyd heen 'n vervaging ontstaan het tussen die grense van die besigheidsbrief en die persoonlike brief en dat 'n informele digitale register al hoe meer aanvaarbaar word. Sy verwys in hierdie verband na Ferrara (1991), Yates en Orlikowski (1993) en Maynor (1994) wat e-pos beskryf as 'n eiesoortige kombinasie van gesproke, geskrewe en unieke digitale eienskappe. Hierdie navorsing toon dat daar gebruik gemaak word van 'slang'-vorme soos: "I'm gonna read a book" wat algemeen in gesproke taalgebruik opgemerk word. Spesifieke eienskappe betreffende die skryfstyl sluit die gebruik van afkortings en nie-standaard spelvorme, ellipse, asook die afwesigheid van die bepaalde en onbepaalde lidwoord en snelskrif of spoedskrif byvoorbeeld "plz" vir "please" of "u" vir "you" in. Soos enige ander vorm van geskrewe taal vertoon e-pos egter ook bewys van beplanning, sintakties-korrek saamgestelde komplekse sinne, die gebruik van lyste en 'n hoë frekwensie van nominalisasies. Digitale kenmerke wat ook dikwels na vore kom is die gebruik van die "smiley"-ikone en aanhalings van gedeeltes van 'n boodskap waarop gereageer word.

Die elektroniese skryfstyl wat ontwikkel het as gevolg van die gebruik van e-posboodskappe/briewe word deur Danet (2001:1) as beduidend meer informeel as standaard Engels beskryf. Sy verwys ook na die navorsing deur Gains (1998 en 1999) waar bevind is dat persoonlike e-posboodskappe baie informeel is en daar vryelik gebruik gemaak word van emotikons en akronieme en dat spel- en taalfoute dikwels voorkom. Die Engels wat vir besigheidsdoeleindes gebruik word is volgens hierdie navorsing meer formeel, terwyl akademiese Engels iewers tussen die twee blyk te wees.

Navorsing deur Collot en Balmore (1996), asook deur Baron (1998) bevestig bogenoemde bevindings. Collot en Balmore (1996:21) is van mening dat die elemente eie aan e-pos meer aan gesproke as geskrewe Engels herinner en verskaf die bewys dat elektroniese taalgebruik ooreenkomste vertoon met gesproke taalgebruik aan die hand van 'n studie oor taalgebruik op 'n bulletinbord.

Baron (2001:259) is van mening dat die unieke linguistiese aard van e-pos ontwikkel het as 'n medium wat kommunikasie moontlik maak in situasies waar beide gesproke of geskrewe taal dit nie kan vervang nie, wat duidelik aansluit by die derdemediumfilosofie van Crystal (2001). (Vergelyk Afdeling 2.3 in hierdie verband.) Alhoewel hierdie navorsing die linguistiese aard van onder andere die e-posgenre ten doel het, en nie soseer die houding van gebruikers en sosiale etiket daarby betrokke nie, is dit tog interessant om te let op wat Baron (2001:236) in hierdie verband opmerk. Sy het in haar navorsing waargeneem dat, wanneer rekenaars gestel word om te biep sodra 'n nuwe e-posboodskap ontvang word, dit meer soos 'n telefoonoproep hanteer word as soos 'n brief en wanneer daar enige audio- of visuele ekstras soos foto's bygevoeg word dit weer eerder soos 'n brief in die inmandjie is en die heeltyd tot jou beskikking is.

Volgens Baron (2001:236) geniet e-pos in e-pos intensiewe organisasies selfs voorkeur bo alle ander vorme van kommunikasie. Sy gebruik die volgende aanhaling ter illustrasie hiervan: "Ted has such an urgency about Mail. When I'm in there talking to him and the terminal beeps, he turns around and starts responding. That makes me mad: *he's supposed to be talking to me.* But people around here expect such a quick response."

Wat styl en register van e-posboodskappe betref, het Danet (1997:123) in haar navorsing bevind dat eerste briewe wat per e-pos gestuur word in 'n formele konteks gewoonlik 'n meer formele skryfstyl openbaar aangesien die skrywer bewus is van die eerste indruk wat hy/sy wil skep by die ontvanger van die e-pos, wat meer spesifiek só is wanneer daar 'n verskil in status tussen die sender en ontvanger van die boodskap is. Sy gee 'n bespreking van drie e-posboodskappe wat sy van studente ontvang het wat nie aan haar bekend was nie en wys op die meer formele skryfstyl van die eerste twee boodskappe. Die derde boodskap het min of meer aan die norme van die besigheidsbrief voldoen, maar wyk ten opsigte van die aanhef en slot tot 'n mate af wat moontlik toegeskryf kan word aan die nuwe medium wat gebruik word. Die student groet haar met 'n *'Hallo Brenda'* en sluit af met haar skuilnaam en van. 'n Soortgelyke geval is ook in die Afrikaanse korpus

opgemerk. 'n Student stuur 'n versoek per e-pos aan die personeelbestuurder van 'n maatskappy en verduidelik dat hy navorsing doen oor die spesifieke maatskappy en vra om in kontak geplaas te word met 'n persoon wat hom moontlik daarmee behulpsaam kan wees. Alhoewel hy glad nie die personeelbestuurder ken nie, begin hy met die volgende informele groet:

- *Hi Adriaan.*

  My naam is Riaan, en ek is n finale jaar BSc. aardwetenskappe student by die Randse Afrikaanse Universiteit(RAU).

en sluit soos volg af:

byvoorbaat dank.
RIAAN BEKKER.

(Ongelukkig kon die opvolgboodskap nie vir die doeleindes van hierdie studie bekom word nie.)

Danet (1997:123) maak die voorspelling dat internetkommunikasie al hoe meer informeel sal word, meer eienskappe van gesproke taalgebruik sal vertoon en in die toekoms 'n meer speelse karakter sal vertoon. Ook Crystal huldig hierdie voorspelling van Danet: "My prediction is therefore that e-mail in a few years' time will display a much wider stylistic range than it does at present, as the medium is adapted to suit a much broader range of communicative purposes..." (Crystal: 2001:107).

Baron (2001:147) som die taalgebruikstyl van elektroniese pos gebaseer op vorige studies op as informeel, wat persoonlike onthulling aanmoedig en wat emosioneel kan voorkom. Navorsing deur Danet (1997:7) in verband met digitale taalgebruikstyl toon dat hierdie taalgebruikstyl, afgesien daarvan dat dit 'n tekstuele aard vertoon, veel in gemeen het met gesproke kommunikasie. Sy is van mening dat die vele faktore wat die speelsheid van die elektroniese medium koester, die kunstige gebruik van taal wat meestal met die gesproke medium geassosieer word, hier tot gevolg het. Baron (2001:242) tref ook 'n

onderskeid tussen 'n meer informele ongeredigeerde e-posstyl en 'n meer formele geredigeerde styl wat meer ooreenstem met standaard Engels. Baron (2001:235) skryf die tipiese *laissez-faire*-karakter van e-pos toe aan die privaatheid van die e-posmedium wat as sodanig 'n beduidende invloed op die aard van die boodskap uitoefen: "Because we construct (and send) e-mail in social isolation, and since we see the medium as ephemeral, we don't feel particularly constrained by the social conventions that govern face-to-face exchange or written communication."

Die tempo waarteen die wisseling van e-posboodskappe plaasvind, het volgens Hawisher en Moran (1993:89) beslis ook 'n uitwerking op die skryfstyl van daardie boodskappe. Die spoed waarteen die oorspronklike boodskap elektronies oorgedra word en die verwagte terugvoer wat verkry word verleen aan hierdie wisseling 'n sinchroniese gevoel. Hawisher en Moran (1993:89) beskryf dit as 'n "sense of immediacy" wat verband hou met ons verwagting van e-pos en dit beïnvloed die wyse waarop daar deur middel van taal uitdrukking gegee word aan gedagtes, feite en idees in sodanige boodskappe. Danet (2002:1) verwys ook na hierdie byna onmiddellike terugvoer wat verwag word gedurende e-poswisseling. E-pos skep die gevoel dat terugvoer eintlik verpligtend is. Omdat die outeur verplig voel om feitlik dadelik te antwoord op 'n boodskap wat ontvang is, ontstaan die geneigdheid om van afkortings, akronieme en verkortings van woorde en sinne gebruik te maak en 'n tipe elektroniese snelskrif ontstaan (Danet, 2001:2).

Danet (2001:3) spekuleer dat, namate internetgebruikers meer vryelik toegang tot die Internet verkry en feitlik permanent aanlyn sal wees, hulle dit minder noodsaaklik sal vind om onmiddellik te reageer op elke boodskap wat hulle ontvang. Die 'sense of urgency' mag moontlik tot 'n mate afneem en gebruikers mag waarskynlik voel dat hulle meer tyd tot hulle beskikking het om boodskappe meer noukeurig saam te stel. Sy verwys na 'n kombinasie van al hierdie faktore as 'elektroniese styl' en beklemtoon die ooreenkomste van hierdie tipe styl eerder met gesproke as met geskrewe taalgebruik (Danet, 2002:2).

Alhoewel e-poswisseling vinnig plaasvind en soos gesproke taal voel, kan die afwesigheid van nie-verbale merkers soos gesigsuitdrukkings, intonasie en liggaamstaal, veroorsaak dat die boodskap verkeerd geïnterpreteer word. Danet (2002:2) maak melding van die gebruik van emotikons en piktografiese voorstellings van emosies om te kompenseer vir die afwesigheid van ekstralinguistiese simbole in die gedrukte vorm. Omdat 'n frons of 'n glimlag nie op die skerm gesien kan word nie, word daar voortdurend van hierdie simbole gebruik gemaak, soveel só dat die 'smiley'- simbool deel geword het van die elektroniese skryfstyl. Wat hierdie gebruik in e-pos betref is daar volgens Baron (2001:242) en ook Crystal (2001:126) in die vroeë dae van e-pos meer dikwels van emotikons gebruik gemaak, maar die gebruik daarvan het beduidend afgeneem. Bevindings in die onderhawige navorsing bevestig hierdie waarneming aangesien daar in die Afrikaanse e-poskorpus slegs een geval waargeneem is waar daar van 'n emotikon gebruik gemaak is. (Vergelyk ter illustrasie e-posinskrywing (epos227) in die aanhangsel, soos ingesluit op die CD, in hierdie verband.)

Alhoewel die ouderdom of geslag van die outeur van die e-pos nie in hierdie studie onder die loep geneem word nie, is dit wetenswaardig om melding te maak van navorsing wat reeds op hierdie gebied onderneem is. Danet (2001:8) is van mening dat die informele styl wat karakteriserend is van e-posboodskappe nie aan sekere ouderdomsgroepe toegeskryf kan word nie, maar kenmerkend is van alle e-posgebruikers ongeag ouderdom. Sy stem saam dat e-posboodskappe 'n minder formele aard vertoon as ander geskrewe boodskappe of briewe, maar skryf dit toe aan 'n weerspieëling van die algemene veranderende kultuur en nie spesifiek aan die spoed waarteen e-poswisseling geskied nie (Danet, 2001: 23-24).

Die tegnologie, tesame met die invloed van die veranderende kultuur dra by tot die meer mondelinge karakter van briefwisseling, selfs op die vlak van meer formele briefwisseling. Volgens Danet (2001:7) sal e-pos-boodskappe wat eers op papier voorberei is en daarna elektronies oorgedra word, relatief meer linguistiese eienskappe toon wat met geskrewe boodskappe

ooreenstem as wanneer die boodskappe aanlyn saamgestel word en dadelik uitgestuur word.

Baron (2001:252) is van mening dat volwassenes wat vertroud is met die elektroniese medium en veral met e-pos, en goed en vinnig kan tik, meer afgeronde en formele e-posboodskappe sal saamstel as persone wat nie heeltemal vertroud is met die medium nie, of as jonger gebruikers wat nog nie so goed kan tik of lees nie.

Uit die navorsing van onder andere (Collot en Balmore,1996; Baron, 2001; Crystal, 2001; Danet, 2001) word dit duidelik dat daar elemente eie aan e-pos is wat aan dit 'n meer informele, gesproke karakter verleen.

2.7.1.4 Die unieke kommunikatiewe karakter van e-pos

Uit die bestudering van e-pos word dit duidelik dat hierdie medium as tipiese eklektiese kommunikasiemedium gesien kan word. Dit bevat elemente van die memorandum, veral wat die vaste struktuurelemente van die uitleg betref. E-pos bevat ook elemente van die informele brief, veral ten opsigte van die groetvorme en die gebruik van informele geskrewe kenmerke in die boodskapgedeelte van die e-pos. Elemente eie aan die telefoongesprek word waargeneem in die wyse waarop 'n dialoogstyl gevorm word wanneer daar 'n wisseling van boodskappe in 'n kort tydsbestek plaasvind (vergelyk epos135-137). E-pos toon duidelik raakpunte met beide informele en formele briefwisseling, sowel as met gesproke kommunikasie. Hierdie nuwe medium het 'n informaliteit tot gevolg, selfs wanneer meer formele kommunikasie per e-pos geskied.

2.7.1.5 Strukturele elemente van e-pos

Die soeke na die unieke karakter van e-pos word op humoristiese wyse deur Crystal (2001:125) saamgevat in die woorde soos wat dit aan Homer Simpson verduidelik word (Fox TV):

> *Homer: What's an e-mail?*
> *Lenny: It's a computer thing, like, er, an electric letter.*
> *Carl: Or a quiet phone call.*

Die eerste gedeelte van die e-posboodskap in die Afrikaanse internetkorpus vertoon 'n vaste diskoersstruktuur, wat deur die sagteware gedikteer word en wat al redelik gestandaardiseerd geraak het oor die jare heen. Net soos wat die funksioneel distinktiewe eienskappe/elemente van 'n koerantberig (die opskrif, illustrasies, ensovoorts) geanaliseer kan word, kan 'n vaste volgorde van diskoerselemente in e-pos waargeneem word.

In Figuur 2.1 word 'n fotobeeld van 'n tipiese e-pos ter illustrasie voorgehou waarna vervolgens aandag geskenk word aan die strukturele elemente eie aan e-pos.



Figuur 2.1 Fotobeeld van 'n tipiese e-pos geskep met Microsoft-programmatuur

Die e-pos vertoon tipies die volgende strukturele elemente:

- 'n Vooraf geformateerde boonste gedeelte – kop of hofie (*header).* Indien daar besluit word om 'n aanhangsel (*attachment*) aan te heg, is daar 'n derde spasie onder aan die kop gedeelte waar die ikoon vir die aanhangsel verskyn. (Vergelyk fotobeeld van Microsoft Outlookprogrammatuur hierbo.)
- 'n Groot oop gedeelte wat die hoofteks bevat – die inhoud van die boodskap.
- Die voet (*footer*) vorm die derde opsionele gedeelte wat ook deel kan uitmaak van die struktuur van die boodskap is wat die vaste elektroniese handtekening en vrywaring insluit. Hierdie voet of slotgedeelte word meer algemeen gebruik binne die korporatiewe opset en bestaan dikwels uit 'n kombinasie van enige van die volgende elemente: die sender se naam, van en titel of postitel, 'n adres en/of telefoonnommer, internetadres, naam van die

maatskappy, 'n vrywaringsnota of soms 'n aanhaling wanneer daar verkies word om 'n meer persoonlike stempel af te druk. (Vergelyk ter illustrasie die volgende e-posinskrywings in die aanhangsel, soos ingesluit op die CD, in hierdie verband: 004, 050, 107, 165, 306.)

Die doel met die volgende bespreking is om die e-pos se vaste tipografie te beskryf aan die hand van die verskillende eiesoortige grafiese elemente.

2.7.1.5.1.Opskrif

Die onderliggende formaat van die opskrif bestaan uit die volgende vier kernelemente wat varieer op grond van die verskillende elektroniese sisteme waarin dit geskep word en wat verskyn in die taal wat as verstektaal deur die programmatuur gebruik word:

- die e-adres waarvandaan die boodskap gestuur is (*From)* wat outomaties ingevoeg word: **From:** colla swart [collaswart@kingsley.co.za]
- Die datum en tyd waarop die boodskap gestuur is wat outomaties deur die sagteware ingevoeg word: **Sent:** 31 January 2004 08:14 AM
- die naam/name aan wie die boodskap gestuur word (*To:)*, wat getik word of outomaties uit die elektroniese adresboek ingevoeg word: **To:** George Lindeque; Johan Coetzee ; Lou Wepener; Hennie Nel; Edwin Basson [VDB Strategic Initiatives]; Francois Hugo; Vic Oelofse; Andre la Grange; hugo Pienaar; Derick Boshard ; Adriaan Jansen Van Vuuren [VDB Human Resources]. Hierdie boodskap kan ook as sogenaamde koolstofkopieë (*carbon copies*) aangestuur word na sekondêre lesers en word in die **CC**-veld ingetik. (Vergelyk fotobeeld hierbo.)
- 'n kort beskrywing van die onderwerp van die boodskap wat uit een of meer woorde kan bestaan en wat as opskrif in die *Subject*-veld ingetik word. Daar is nie veel ruimte vir variasie in die kopgedeelte nie aangesien die inligting hier deur die sagtewareprogram gedikteer word. Die inhoud van die onderwerplyn is egter van wesentlike belang omdat dit, saam met die naam van die sender, die eerste inligting is wat die persoon ontvang, en juis dit is

wat sal bepaal of hy die boodskap gaan oopmaak om te lees en of hy dit doodeenvoudig gaan uitvee. Vir die doel van hierdie studie word daar nie aandag geskenk aan gemorspos nie (wat dikwels lang onderwerplyne bevat om aandag te trek) en is geen data wat gemorspos bevat by hierdie korpus ingesluit nie. Vir alle ander e-pos geld die algemene riglyn dat die opskrif so bondig moontlik moet wees, omdat die beskikbare spasie 'n beperkte hoeveelheid karakters in hiérdie veld van die ontvanger van die boodskap se elektroniese posbus (*Inbox*) toelaat. Dit korreleer ook met die norm wat geld vir die onderwerpreël van die tradisionele formele brief.

Die sender lê sorg aan die dag om die belangrikste inligting aan die begin van die onderwerplyn te plaas en dikwels bestaan hierdie lyn slegs uit een woord:

- *Subject: Navraag* (epos117).

Die antwoord of reaksie op 'n e-pos word aangedui deur die gebruik van *RE:* ***Subject:*** *Fiets* (epos145), of wanneer dit aangestuur word aan 'n sekondêre leser met *FW:(forward:)* ***Subject:*** *FW: Unieke Afr. Woord.* (epos115).

2 7.1.5.2. Die boodskap: groet en slot

Die boodskap van e-pos val uiteen in onderskeibare opsionele en verpligte elemente. Wat betref die verpligte element word daar verwys na ten minste een of ander soort van boodskap. Dit kan baie kort wees as daar met die boodskap slegs aangedui word dat daar 'n aanhangsel ingesluit is, andersins wissel dit in lengte. Wat die opsionele element betref, word daar verwys na die groet wat die boodskap voorafgaan en 'n slotgroet wat aan die einde van die boodskap gebruik word.

Soos in die geval van al die ander genres van hierdie elektroniese medium verhoog die insluiting van 'n reeks linguistiese opsies die kommunikatiewe krag van die medium. Crystal (2001:107) is van mening dat, soos met tradisionele geskrewe en gesproke taalgebruik, gebruikers se e-posstyl tot 'n groot mate beïnvloed sal word deur die gebruikskonvensies van hulle

korrespondente. Hy maak ook die voorspelling dat e-pos in die nabye toekoms 'n veel wyer reeks stilistiese eienskappe sal vertoon soos wat die medium aangepas word om 'n groter reeks kommunikatiewe funksies te vervul.

Die boodskap van die e-pos verskil beduidend van die inskrywings wat in kletssessies getik word of die inligting wat eie is aan webtuistes. Die inhoud van die boodskap van Afrikaanse e-pos word volledig in Hoofstuk 5 bespreek.

2.7.2 KLETSKAMERS

Die bespreking van die kletskamergenre vorm die tweede van die drie genres wat vir die doel van hierdie studie geïdentifiseer is. Daar word ondersoekend gekyk na hoe deelnemers aan Afrikaanse aanlynklets die geskrewe taal gebruik en aanpas om te voldoen aan die eise van die sinchroniese aanlynkletsgesprek.

Die eerste internetkletsprogram, Internet Relay Chat (IRC) is in 1988 in Finland deur Jarkko Oikarinen, 'n student aan die universiteit van Oahu, geskryf met die doel om sinchroniese kommunikasie tussen 'n groot aantal deelnemers moontlik te maak. Die IRC-kletsprotokol is later aangepas vir gebruik deur internetleweraars soos AmericaOnline (AOL) en op webwerwe waar dit bekend geraak het as '*Web chat*'. Oor die afgelope dekade heen het klets op globale skaal gewildheid verwerf, veral onder jonger gebruikers en is navorsing oor die taal van kletskamers gedoen deur onder andere Werry (1996); Reudenberg-Wright & Rosenbaum-Tamari (1997); Crystal (2001); Danet (2001); Hård af Segerstadt (2002) en Herring (2002).

Klets in al sy verskillende vorms is beslis een van die mees populêre gebruike van die Internet. 'n Hele aantal Afrikaanse kletskamers is onder andere by die volgende internetadresse beskikbaar:

http://roekeloos.co.za/kletskamer.html

http://egafrikaans.co.za

http://tarentaal.co.za

http://iafrica.com/chat/online/afrikaans/index.html

http://koeksuster.co.za

http://afrikaans.co.za

Maartens (2002:22) verwys in haar bespreking oor die vergelyking tussen kletskamers en SêNet na 'n Afrikaans kletskamer met sy oorsprong in Brittanje (**http://www.mirc.co.uk/translations/afrikaans.html**) wat die volgende verduideliking van IRC as 'n vorm van klets gee: "IRC ('Internet Relay Chat') is 'n denkbeeldige vergaderplek, waar mense vanoor die wêreld kan ontmoet en praat, wel – tik...Alle hoofrekenaars is aanmekaar gekoppel en stuur boodskappe van gebruiker na gebruiker oor die IRC netwerk. Jy sal kan deelneem aan groepbesprekings op een van die duisende IRC kanale, op een van die honderde IRC netwerke, of net in privaat praat met familie en vriende, waar ookal (sic) in die wêreld hulle mag wees. Jy sal 'n groot verskeidenheid van menslike belangstellings, idees ens. op IRC vind."

Met die begrip 'kletskamers' word daar verwys na aaneenlopende getikte gesprek oor 'n bepaalde onderwerp deur middel van 'n 'kamer' by 'n spesifieke internettuiste waar enige persoon wat geïnteresseerd is in die onderwerp mag deelneem. Kletskamers kan onderverdeel word in twee situasies, afhangende daarvan of die interaksie plaasvind in werklike tyd, dan genoem *sinchronies*, of oor uitgestelde tyd, waarna daar dan verwys word as *asinchronies*. In teenstelling met 'n sinchroniese kletssituasie word die bydraes in 'n asinchroniese situasie gestoor en beskikbaar gestel wanneer die gebruiker dit verkies, sodat hy enige tyd aan die gesprek kan deelneem, selfs na 'n redelike lang tydsverloop. *(LitNet* se *SêNet* is 'n goeie voorbeeld van asinchroniese aanlynkommunikasie.) Van dié kletskamers word gemodereer (vergelyk *LitNet*) terwyl sommige ongekontroleerd bedryf word soos die *Koeksuster-* en *Tarentaal*-kletskamers. Hoewel kletskamers soos *SêNet* (asinchroniese klets op *LitNet*), *Pylvlak, Koeksuster* en *Sarie-sê - jou sê*, net sulke interaktiewe ruimtes is soos 'n kletskamer, verskil dit tog wesentlik

daarvan. Anders as in die geval van die kletskamer is die materiaal wat op die asinchroniese kletsruimtes verskyn in briefformaat. Sinchroniese rekenaarondersteunde kommunikasie verskil van asinchroniese rekenaarondersteunde kommunikasie ten opsigte van lengte van die boodskap, die kompleksiteit daarvan, die graad van formaliteit en die interaktiwiteit daarvan (Herring, 2002:11; December, 1996:2).

In 'n sinchroniese kletskamer neem elektroniese interaksie in werklike tyd plaas waartydens 'n hele aantal gebruikers in staat gestel word om gelyktydig met mekaar in kontak te wees. Die gebruiker registreer by 'n spesifieke kanaal (kletskamer) wat 'n spesifieke onderwerp as tema kan hê, of neutraal kan wees, en wat uitgeken word daarin dat die naam van die kletskamer voorafgegaan word deur 'n #-teken. Enige gebruiker kan so 'n kletskamer stig en staan dan bekend as die operateur ("operator") wat algehele beheer oor die kanaal het en kan besluit wanneer 'n persoon van die kletskamer verban behoort te word indien hy nie aan die reëls van die kletskamer voldoen nie. Die gebruiker moet dus erken word as deel van sodanige 'taalgemeenskap' Hierdie gebruiker lewer sy bydrae deur van 'n skuilnaam gebruik te maak wat verskyn op 'n skerm waar die bydrae van die ander deelnemers van die kletskamer ook te sien is. Die naam en geslag van die alias word gekies en daar word geen druk geplaas op deelnemers om iets van hulle eie identiteit te openbaar nie. Skuilname kan ter enige tyd verander word en wissel van algemene gebruiksobjekte tot karakters uit die letterkunde en veral uit die genres van televisie (spesifiek kinderprogramkarakters) en film. Voorbeelde van skuilname wat in die Afrikaanse kletskamers waargeneem is sluit die volgende in: *Nala (uit Lion King), Yogi_beaR* (televisie-animasiekarakter), *Lara_Croftt* ('n Tomb Raider karakter), *AceVentura, goldilox, Miss_Molly, konstabelabel, genevieve, blondie, Roxy_Babe, markus, blou en nylon.*

Oor die algemeen neem daar in die Afrikaanse kletskamerkorpus nie veel meer as vyftien persone aan so 'n sinchroniese gespreksituasie deel nie. Die aangename atmosfeer wat doelbewustelik geskep word verleen 'n gevoel van 'behoort' aan die gespreksgenote wat aanleiding gee tot die ontstaan van "...in-group slang and marked usages..." (Clarke, 2000:1).

Net soos gesproke diskoers is klets interaktief en speel dit in werklike tyd af. Clarke (2000:11) het in haar navorsing oor Internetengels en spesifiek die taalvariëteit soos gebruik deur die #Telnet kletsgebruikers bevind dat, afgesien van die geskrewe aard van die 'Talker English', hierdie genre meer eienskappe van tipiese Diskoersengels vertoon as enige ander vorm van rekenaarondersteunde kommunikasie wat algemeen aangetref word. Clarke (2000:11) merk tereg op dat daar in ag geneem moet word dat individuele gesproke style sal verskil van individu tot individu en dat sommige gebruikers deurentyd 'n meer formele styl sal gebruik, teenoor 'n meer informele 'skryfstyl' van ander gebruikers. In die nagaan van taal soos dit gebruik word deur Afrikaanse kletskamerdeelnemers sal hierdie aannames van Clarke (2000) ook getoets word om te bepaal of eiesoortige taalgebruikspatrone na vore kom wat ooreenkomste toon met gesproke diskoers.

Bechar-Israeli (2002:1) maak die stelling dat, alhoewel kletskamers teks-gebaseerde kommunikasie is, dit sinchronies van aard is en dat 'n nuwe genre van kommunikasie dus ontwikkel het. Hierdie genre word beskryf as 'n kombinasie van geskrewe, gesproke en digitale eienskappe waar verskillende linguistiese registers ineenvloei en waar tradisionele taalnorme geïgnoreer word (Bechar-Israeli, 2002:1). Enige vorm van uitdrukking is toelaatbaar, met die voorbehoud dat dit verstaanbaar moet wees vir die leser. Hierdie kletsgemeenskap openbaar 'n hoë mate van bewustheid van taalgebruik en gebruik die taal op 'n unieke manier. In hierdie verband merk Bechar-Israeli, (2002:1) op: "The IRC community has a high awareness of language and uses it in a virtuoso manner....This virtuosity is often expressed through deliberate violation of conventional linguistic norms" .

In sinchroniese aanlynklets dra faktore soos die grootte van die skerm, die gemiddelde tikspoed, minimale responstyd, mededinging vir aandag, die hoeveelheid deelnemers aan die gesprek en die tempo waarteen die gesprek gevoer word alles by tot die totstandkoming van sekere kenmerkende linguistiese eienskappe. Een van die opmerklikste eienskappe is die neiging om die gesprek so bondig moontlik te probeer voer, wat veral waargeneem

kan word in die lengte van die spreekbeurte en die verskillende vorme van afkorting wat voorkom. Anders as in die asinchroniese ruimte waar daar onbeperkte spasie, ook per spreekbeurt is, kommunikeer 'n kletskamerdeelnemer met heelwat afkortings en skryf min of meer een reëltjie neer voordat hy terugstaan en op reaksie wag.

Die feit dat die diskoersbeurte tipies baie kort is, vinnig na mekaar volg, uit verskillende oorde en van verskillende deelnemers kom, herinner Crystal (2001:159) baie aan 'n skemerkelkpartytjie waar daar 'n aantal mense is wat almal met mekaar praat, maar om die situasie te vererger kan elke gas elke gesprek hoor en moet voortdurend aan die praat bly sodat ander gaste kan sien dat hy/sy nog steeds deel van die 'geselligheid' is.

n Opvallende eienskap van klets is die organisasie van diskoersvolgorde en beurtnemingstrukture. Die gesprek kom aanvanklik chaoties voor omdat elke 'spreekbeurt' op die skerm verskyn in die kronologiese volgorde waarin dit deur die kletssisteem ontvang is. Dit beteken dat oënskynlik onverwante stringe diskoers mekaar volg en reekse ineengevlegde teks vorm wat uiteindelik aanleiding gee tot 'n multidimensionele teks. Die beurtnemingspatroon word versteur wanneer 'n inisiële boodskap en die respons daarop van mekaar geskei word deur ander irrelevante opmerkings wat tussendeur op die skerm verskyn (Herring,1999:2). Nogtans is dit juis hierdie eienskappe wat klets gefragmenteer en chaoties laat voorkom wat dit so gewild maak.

Die volgende fragment is 'n voorbeeld van oënskynlik onverwante stringe diskoers wat aanleiding gee tot so 'n ineengevlegde teks:

➢ *Session Ident: #geselshoekie*
** Now talking in #geselshoekie*
** Topic is 'If you can't dazzle them with brilliance, baffle them with bull!'*
** Set by blou on Tue Aug 26 07:22:59*
<country-lady> hi NyloN
<NyLoN> hello Country-lady

* Disconnected

* Attempting to rejoin channel #geselshoekie

• Rejoined channel #geselshoekie

• Topic is 'If you can't dazzle them with brilliance, baffle them with bull!'

* Set by blou on Tue Aug 26 07:22:59

• dar has joined #geselshoekie

* dar has left #geselshoekie

<vlooi_> ek meot alweer hol sien julle more bye!!!!!

* vlooi_ has left #geselshoekie

* country-lady has left #geselshoekie

• genevieve has joined #geselshoekie

* ChanServ sets mode: +o genevieve

• Jakes has joined #geselshoekie

<genevieve> hey almal!!!

* Disconnected

* Attempting to rejoin channel #geselshoekie

* Rejoined channel #geselshoekie

* Topic is 'If you can't dazzle them with brilliance, baffle them with bull!'

* Set by blou on Tue Aug 26 07:22:59

<genevieve> wt PiKkle

<blou> hey gen

<Jakes> hey blo

<blou> kla gewerkengegholengefirkins??

<genevieve> hey blou

<Jakes> hey gen

<Jakes> hey pik

<blou> +f

<Jakes> hey ave

• nita has joined #geselshoekie

<Jakes> oops

<Jakes> hey ace

* SwartStompies has joined #geselshoekie

<nita> middag

<genevieve> hey nita

<PiKkle> hello jakes

<genevieve> hey SwartStompies

<SwartStompies> hello

<nita> hi genevieve

<genevieve> hey Jakes]

<SwartStompies> wassup

<nita> man SwartStompies mens vra dames wassup nie ,want cravity speel nogal n rol na 30

** Rene_CT has joined #geselshoekie*

** Rene_CT has left #geselshoekie*

<SwartStompies> ek is jammer

<SwartStompies> hoe gaan dit met jou vandag?

<nita> ;-x

<nita> my lippe is toe

<nita> gaan goed en met jou SwartStompies?

** MadMax has joined #geselshoekie*

<genevieve> hey MadMax!!!!

<MadMax> elloo GEN!

<genevieve> how u MadMax??

<SwartStompies> ek is lekker

<MadMax> eks lekka dankie....

<genevieve> lol!!

<MadMax> eish

<SwartStompies> net 'n bietjie besig om orders te vat

** genevieve is nou moeg.... *sug**

<genevieve> van wat nou SwartStompies?

<MadMax> mmmmmmmmmm....

<SwartStompies> baas

<nita> lo reebob2 en MadMax

<MadMax> elloooo nita!

<nita> kyk ne ek gaan nou al my poppe uit die pram gooi

** MadMax dux*

<genevieve> oor wat nou nita?

<nita> so verskoon my ek een vloermoer gooi, (bledde mail)

<MadMax> wassit ek?

<MadMax> bwahaha@vloermoer...

<genevieve> blou !!!

<blou> gen!!!!!!!

<MadMax> pers!!

<MadMax> oh...skuus

<genevieve> blou : was fanna hier netnou??

<blou> huh uh

** country-lady has joined #geselshoekie*

<country-lady> hi julle

<genevieve> hey country-lady

<MadMax> lo lady

<reebob2> hi jy country

<genevieve> noggie??

<blou> huh uh

<blou> brb foon :)

genevieve wag vir hom....blerrie skurk..... (chat003)

Wanneer hierdie fragment ontleed en grafies voorgestel word, is dit duidelik dat daar 'n hele aantal "gesprekke" is wat terselfdertyd plaasvind. In Tabel 2.1 word die ontleding van die diskoersfragment uit bogenoemde kletssessie ter illustrasie voorgehou:

Diskoers1 Die sessie begin maar van die deelnemers verlaat dit
<country-lady> hi NyloN *<NyLoN> hello Country-lady* *<vlooi_> ek meot alweer hol sien julle more bye!!!*
Diskoers2 Almal groet mekaar
<genevieve> hey almal!!! *<genevieve> wt PiKkle*

<blou> hey gen *<Jakes> hey blo* *<blou> kla gewerkengegholengefirkins??* *<genevieve> hey blou* *<Jakes> hey gen* *<Jakes> hey pik* *<blou> +f* *<Jakes> hey ave* *<Jakes> oops* *<Jakes> hey ace* *<nita> middag* *<genevieve> hey nita* *<PiKkle> hello jakes* *<genevieve> hey SwartStompies* *<SwartStompies> hello* *<nita> hi genevieve* *<genevieve> hey Jakes]*	
Diskoers 3 Gesprek tussen Nita en SwartStompies	
<SwartStompies> wassup *<nita> man SwartStompies mens vra dames wassup nie ,want cravity speel nogal n rol na 30* *<SwartStompies> ek is jammer* *<SwartStompies> hoe gaan dit met jou vandag?* *<nita> ;-x* *<nita> my lippe is toe* *<nita> gaan goed en met jou SwartStompies?*	***genevieve en MadMax begin hier hulle eie gesprek***

SwartStompies antwoord nita *<SwartStompies> ek is lekker*	*<genevieve> hey MadMax!!!!* *<MadMax> elloo GEN!* *<genevieve> how u MadMax??* *<MadMax> eks lekka dankie....* *<MadMax> eish*
Praat verder met nita *<SwartStompies> net 'n bietjie besig om orders te vat* *<SwartStompies> baas*	***genevieve neem nou ook deel aan die gesprek*** *<genevieve> van wat nou SwartStompies?* *<MadMax> mmmmmmmmmm....*
Diskoers 4 nita praat nou met genevieve en MadMax	
<nita> lo reebob2 en MadMax *<nita> kyk ne ek gaan nou al my poppe uit die pram gooi* *<nita> so verskoon my ek een vloermoer gooi, (bledde mail)* .	*<MadMax> elloooo nita!* *<MadMax> dux* *<genevieve> oor wat nou nita?* *<MadMax> wassit ek?* *<MadMax> bwahaha@vloermoer*
	Diskoers 5 genevieve praat nou met blou en MadMax antwoord

	<genevieve> blou !!! *<blou> gen!!!!!!!* *<MadMax> pers!!* *<MadMax> oh...skuus* *<genevieve> blou : was fanna hier netnou??* *<blou> huh uh*
country-lady groet nou *<country-lady> hi julle*	***genevieve en MadMax antwoord*** *<genevieve> hey country-lady* *<MadMax> lo lady* ***genevieve vervat nou die gesprek met blou*** *<genevieve> noggie??* *<blou> huh uh* *<blou> brb foon :)* ** genevieve wag vir hom....blerrie skurk.....* ***Eers 39 spreekbeurte verder praat blou weer met genevieve maar sy is reeds betrokke in 'n ander gesprek*** *<blou> skies gen my telefoon wou nie ophou lui nie* ** PinkPanther se wind is uit* *<genevieve> Volvo C70 confertable.....my partner het een vir sy vrou gekoop *sug**

Tabel 2.1 'n Ontleding van 'n diskoersfragment in 'n kletskamergesprek

Opeenvolgende, onafhanklike spreekbeurte en verskillende gespreksonderwerpe kom in hierdie fragment van 'n kletskamergesprek

ineengeweef voor. Hierdie diskoerspatroon verskil beduidend van enige normale gesproke diskoers, asook van die meeste vorme van geskrewe diskoers.

2.7.2.1 Gespreksonderwerpe

Die onderliggende kultuur van die kletskamer word as tipies sosiaal, speels en ongeïnhibeerd beskryf, alhoewel dit kan verskil na gelang van die doel van die kletssessie (Herring, 2002:121). Bevestiging vir die speelse, informele karakter van hierdie genre word veral gevind in die keuse van onderwerpe wat voorkeur geniet. Die volgende voorbeelde van kletskameronderwerpe uit die Afrikaanse korpus dien ter illustrasie hiervan:

- *Topic is 'Happy Lentedag aan al die maters van feetjieland*□ (chat018)'
- *Topic is 'gee die large trout 'n naam.....en wen 'n opblaas duikboot*□'(chat029)
- *Topic is 'Dont stay in bed ..... Unless you can make money in that bed George Burns*□' (chat008)
- *Topic is 'As jy oopkop is kan jou brein ytval .....!!*□'(chat002)

Die informele karakter van kletskamers word ook weerspieël deur die inhoud van die gesprekke soos in die volgende fragmente uit die kletskamerkorpus:

- *<amelie> ek weet nie*
  <Odomir> ja
  <Odomir> hmmm
  <Odomir> lol
  **** MoonMan kruip onner die tafel weg***
  **** Odomir lok Moonman uit met kaas***
  **** MoonMan gaap.. en ruik... Amelie is dit jy***
  <MoonMan> waaas Pikkie !!!!!!!!!!!!!!!!!!!!
  <PiKkle> hiers ek!!!!
  <MoonMan> ahhh

**** PiKkle is weer veilig onder die tarentaal.....***

<PiKkle> no pun intended

<PiKkle> lol

<Odomir> hehehe

<MoonMan> hmm eks lost (chat033)

- *genevieve> more amelie*

** Major has quit IRC (Connection reset by peer)*

<Bells> ore amelie

<Enchantress> "heaven is missing one angel.. cos you are online -- you with those curves and me with no brakes"

<Bells> more ook amelie se ore en lyf

<Enchantress> wow what a drop-in line

<Enchantress> die man het my aandag!

<Enchantress> lol

** blou het gister gehoor amelie is baie cute*

<amelie> lol (chat032)

- *MoonMan> Pikkieee*

<MoonMan> ***mhwa***

<pikkie> MAANMAN!!!!!!!!!!!!!1

*<pikkie> mwah * 100000000000000000000*

<pikkie> ganit??

<MoonMan> gaanit snoeffies

<MoonMan> ***Heel geel en jy my baby***

<pikkie> ek het 'n aaklige nagmerrie gehad my ding....

<MoonMan> ***aww vitel vitel***

<pikkie> ek kan nie....dis te aaklig...

<MoonMan> ***awww nee vitel***

<MoonMan> netnou kom ek iets oor dan se jy "Ag plaas ekt die liefde van my lewe net VERTEL!"

<pikkie> hahaha (chat021)

Die volgende fragmente is voorbeelde waar daar 'n gespreksleier is wat die gesprek aankondig en dan neem die ander gespreksgenote baie kripties daaraan deel:

- *<AceVentura> nou net gehoor ek is 95% aanvaar vir honneurs volgende jaar*
  <PiKKiE> lo Ace
  <PiKKiE> :))))))
  <PiKKiE> kewl
  <AceVentura> lo Rose, jou lanklaas gesien
  <Rose> hoekom net 95%
  <amelie> lekr
  <amelie> geluk (chat028)

- *<AceVentura> sy bietjie maag moeilikheid?*
  <amelie> neee man
  <AceVentura> ?
  <AceVentura> o ok
  <amelie> gou haar kos gaan bere
  <AceVentura> hehehe
  <AceVentura> in die toilet
  <AceVentura> lol
  <AceVentura> grappie
  <AceVeFntura> sorry
  <amelie> van waar is jy?
  <AceVentura> kalahari
  <amelie> ernstig? (chat028)

Volgens Tresca (1998) dra die kenmerkende anonimiteit van kletskamers daartoe by dat 'n inhibisieloosheid in die taaloptrede na vore kom en juis dit gee by kletskamers toegang daartoe dat gespreksonderwerpe letterlik oopgegooi word en taboes met redelike gemak hanteer word, soos wat dit duidelik blyk uit die volgende twee fragmente uit die kletskamerkorpus dien as voorbeelde hiervan:

➢ *<Bells> ek hou meer van opening lines soos* ***wil jy pokkel en waar en hoe laat***

<genevieve> lol @ Klokkies

<Enchantress> lol@b

<Enchantress> haha

<Enchantress> dis skerp bells

<blou> werk dit net so goed soos daai een dar bo Bells ?

<Enchantress> like it

<Koos> ja en Enchantress het steeds nie vir ons ***gese wats haar bra saaiz nie*** *Bells*

<Bells> ***nettie agter die paweljoen op supersport park nie***

<Bells> ***sys nog in training koos***

<genevieve> lol

<Enchantress> thanks koos... want jy weet

<Koos> lmp @ agter die pawiljoen

<Enchantress> jy't mos gesien koos ***why spoil the fun by wanting to share me with the rest***

<Enchantress> flok

<blou> sneeuflokkie?

<Koos> lmp

<blou> 'n groot ene?

<Bells> ***neem maar fodies next taaim koos***

• *Sir_Alex has joined #geselshoekie*

<Koos> ***kom ons gaan speel laangbal Enchantress***

Bells> ***kry sommer die brasaaiz vanmiddag koos***

<Bells> more johan

* *genevieve het teveel werk vir langbal vandag.....*

<Bells> wt Major

<Enchantress> lo johanb wat slumber vir oor 7 ure

<Koos> jy weet ek is te skaam Bells

<genevieve> more JohanB

<Major> ty Bells

<Enchantress> koos... jy't 'n slegte maatjie

<Enchantress> ***vra ek jou penis size?***

<Enchantress> ***just for the record.. bells***

* *kray-zi has joined #geselshoekie*

<Enchantress> ***can I have it***

<Bells> ***twee dym***

<Koos> *sure E*

<Bells> *sien ek isi skaamiu*(chat032)

➢ *amelie> heers to being single*

<amelie> *seeing double*

<amelie> *drinkin tripple*

<amelie> *and.....*

• *pikkie gooi _Odomir_ sin vir vlooi_*

<pikkie> ***multiple orgasems***

<vlooi_> *heers to a flippen blue monday*

<pikkie> ***fok hoe spel mens dit??***

<_Odomir_> *huh?*

<_Odomir_> ***orgasms***

<_Odomir_> *lol*

<pikkie> *hhahaha*

<pikkie> *dit was my tweede keuse*

<vlooi_> *ha ha ha ha ha lol he he he*

<_Odomir_> *ha ho he*

<amelie> *lolololol*

<pikkie> *heeheehee*

<vlooi_> ***lol ok dis ok orgasms of orgasems ons almal weet WAT dit beteken lol***

<_Odomir_> *hehehe*

<_Odomir_> *so werk dit*

<_Odomir_> *en so maak mens!!!*

<_Odomir_> *lol*

<vlooi_> *lol*

<vlooi_> ***def tjorts op amelie se orgasems*** (chat018)

Beide Crystal (2001:162-163) en Herring (1999:87) het bevind dat gespreksonderwerp in die kletskamer gou vervaag en 'n nuwe onderwerp die plek daarvan inneem. By die Afrikaanse internetkorpus word daar ook bevestiging hiervoor gevind. Meer as een gespreksonderwerp kom in die loop van een sessie onder bespreking en dikwels word meer as een gesprek terselfdertyd aktief gehou. Dit is nie altyd maklik vir lede van die groep om die gesprek te volg nie, juis omdat die getikte teks so vinnig by die skerm oprol en soms is die opmerkings van ander lede van die groep verwarrend en trek dit die gesprek in 'n onvoorspelbare rigting.

Alhoewel kletskamers deel vorm van die Afrikaanse internetkorpus, is dit reeds hier duidelik dat hierdie genre distinktief verskillend is van die e-posgenre In die volgende gedeelte word webtuistes toegelig.

2.7.3 DIE WêRELDWYE WEB

Die term Internet word dikwels gebruik om die Wêreldwye Web te beskryf. In werklikheid is die Wêreldwye Web net 'n deel van hierdie multi-dimensionele kommunikasiemedium wat verskillende fasette vanaf elektroniese pos (teks) tot videokonferensies met uitstekende klank- en videokwaliteit bevat. Die Wêreldwye Web (ook bekend as Web of WWW) is nie net alleen visueel aanskoulik nie, maar is ook maklik om te gebruik en te verstaan, en kombineer verskillende internetgebaseerde vorms van kommunikasie in 'n gebruikersvriendelike pakket.

Die Web is aanvanklik in 1990 ontwerp as 'n wyse waarop wetenskaplikes in verskillende omgewings inligting met mekaar kon deel, maar het gou ook ontwikkel na ander velde sodat multimedia-interaksie tussen rekenaargebruikers reg oor die wêreld moontlik geword het. Sedert die ontstaan van die Web in 1990 het dit ontwikkel tot 'n genre wat toegang tot elke denkbare onderwerp moontlik maak. Die vele funksies van die Web sluit

onder andere naslaanwerke, geel bladsye, advertensies, vermaak, katalogusse, nuusverslaggewing, kommersiële transaksies, kreatiewe skrywe en argiewe in – om slegs 'n paar te noem.

In 'n sekere sin integreer en sluit die Web alle ander vorme van rekenaarondersteunde kommunikasie in wat Herring (2002:126) 'n soort van "meta mode" noem. Bo en behalwe die webbladsye wat in HTML geskryf is, kan daar ook skakels gevorm word na sinchroniese en asinchroniese kletssessies, forums, nuusgroepe en selfs ook e-pos. Die Web dien as 'n skakel tussen verskillende kommunikasiemedia (teks, grafika, oudio en video) wat daaraan 'n multimedia karakter verleen. Vanuit hierdie oogpunt gesien is die reeks eienskappe wat met die Web geassosieer kan word, baie wyd.

Afgesien daarvan dat webbladsye so gewild is en so gereeld besoek word, is daar nog nie veel navorsing gedoen oor die Web as interpersoonlike kommunikasiemedium nie. Herring (2002:126) bied twee redes aan waarom daar tot dusver relatief min navorsing oor die Web as kommunikasiemedium onderneem is. Die eerste rede hiervoor is dat webgebaseerde kommunikasie minder interaktief is as e-pos, klets of asinchroniese briefwisseling wat veroorsaak dat dit soms nie as 'n vorm van rekenaarondersteunde kommunikasie beskou word nie. Die tweede rede hiervoor lê daarin dat die Web betekenis en struktuur kommunikeer deur middel van nie-tekstuele aanbiedings. Webtuistes bied soms die geleentheid vir direkte interaksie tussen die webblad en die gebruiker waar inligtingsraampies voltooi kan word en die gebruiker soms self op die webblad kan verander of inligting byvoeg.

In die volgende gedeelte word die kenmerkende grafiese organisasie van die webblad bespreek, asook die inhoud van verskillende tipes webbladsye en die gebruik van kleur en interaktiwiteit as eienskappe van webtuistes.

2 7.3.1 Grafiese organisasie van die Web

Crystal (2001:195) beskryf die Web as 'n grafiese refleksie van ons linguistiese aard. 'Grafies' verwys hier spesifiek na alle aspekte van geskrewe

(teenoor gesproke) kommunikasie en sluit alle getikte, geskrewe en gedrukte teks in. Dit sluit meer in as net die direkte visuele indrukke van 'n teks, maar ook die ortografiese sisteem, grammatiese struktuur en woordeskat wat dit onderskei as 'n tipiese geskrewe medium teenoor 'n gesproke medium.

Wanneer die inhoud van die Web beskou word, word groot hoeveelhede onderbroke lineêre teks opgemerk, met ander woorde teks wat die vloei van gesproke kommunikasie volg, maar wat onderbreek word deur skryfkonvensies soos die gebruik van spasies tussen woorde en die verdeling van teks in reëls en blokke, wat op hul beurt meewerk om die verstaanbaarheid van die teks te verseker. Behalwe bogenoemde kom daar ook groot hoeveelhede nie-lineêre teks op die Web voor, met ander woorde teks wat op 'n multidimensionele wyse gelees kan word. Nie-lineêre teks beteken dat die teks nie in 'n vaste volgorde gelees word nie, maar dat die oog in hierdie medium oor die skerm beweeg op 'n wyse wat deur die leser se belangstelling, of deur die ontwerper se vaardigheid gedikteer word, met sommige dele van die bladsy as die fokus van belangstelling en ander dele wat glad nie gelees word nie. Bladsye word dikwels so ontwerp dat sekere dele met spesifieke inligting, deur die gebruik van kleur of byvoorbeeld beweging, die aandag trek en sodoende enige proses wat 'n voorspelbare leespatroon veronderstel, omvêr gooi. Volgens Crystal (2001:197) is die konsep *hipertekssskakels* ("hypertext linking") die mees fundamentele uitdaging vir lineêre teks.

Die gebruik van lyste is 'n ander tipe grafiese organisasie wat ook kenmerkend is van die Web. Verskillende soorte lyste, soos byvoorbeeld reekse inligting wat op een of ander wyse gestruktureer is en wat 'n spesifieke begin- en eindpunt het – soos items in 'n katalogus of indeks – kom dikwels voor. Dit kom voor asof die organisasie van inligting in die vorm van lyste 'n inherente strukturele eienskap van die Web is. Die volgende indekse in webtuiste(008) *Die Kruger's se aktiwiteite - Humor* en webtuiste(012) *BMM* is voorbeelde hiervan:

Die Krüger's se Aktiwiteite

Hoofblad	Foto's	Aktiwiteite
Familieregister	Bybel Pakkette	Immigrasie
Verdien Geld	Webblad Ontwerp	Humor
Skakels	Kommentaar	Gunsteling Boeke

Indeks

Rekenaars

E-pos Groepe

Padlangs

KampvuurKuier

Houtwerk

Webblad 2.1 Die gebruik van indekse as deel van die uitleg van die webblad – Die Kruger's se Aktiwiteite

Net soos in die webblad hierbo is die gebruik van indekse/skakels op die tuisblad van die volgende webtuiste duidelik:



Webblad 2.2 Die gebruik van indekse as deel van die uitleg van die webblad – Bybel Media Monitor

2 7.3.2 Inhoud van die Web

Die inhoud van die Web strek van groot databasisse tot by die individueel selfontwerpte en gepubliseerde 'tuisblad' en verteenwoordig bydraes van die mees professionele tot die linguisties en grafies mees onervare persone.

Vervolgens word die hoofblad van drie webtuistes ter illustrasie voorgehou. Die eerste is 'n uittreksel van 'n persoonlike webblad, waarna die webblad van die *Abraham Kriel Kinderhuis* en dan die hoofblad van die sanggroep *ddisselblom* volg.

MANDI EN ANTON BOUWER SE WEBBLAD

Welkom by ons webruimte. Dankie dat julle kom inloer het. (Opdateer 03 Sept 2002).

Ons sal die blad gereeld opdateer so kom kuier gerus weer! (Onthou om hierdie bladsy gereeld te "Refresh" om die nuutste veranderinge te sien). Verder kan julle ook op enige blou link click vir meer inligting.

Ons Nuutste Fotos!! (Click op foto)

TEKEN

asb ons gasteboek of

LEES **wat ander**

geskryf het!!

U is besoeker nommer:

Goulash in Budapest Big Ben, London Operahuis, Budapest Grand Pri in Hongarye

Ons is burgers van die WesKaap en woon in Yzerfontein aan die pragtige Weskus. Aangesien ons tot baie onlangs vir 3 jaar in Europa gewoon het is die webblad meestal gewy aan ons ervaringe "daar oorkant". Ons beplan om in die toekoms die blad meer eg Afrikaans aan te bied!Ons het vanaf Okt 2000 tot Jul 2002 in Tervuren, Brussels België gewoon.

(Click hier as julle 'n kaart van EUROPA wil sien)

Voor Brussels het ons vir 9 maande in Budapest, Hongarye gewoon. Gaan loer gerus na ons foto album om te sien wat ons alles daar gedoen het en hoe dit daar gelyk het.

Webblad 2.3 Voorbeeld van 'n selfontwerpte "persoonlike" webtuiste

Mandi en Anton Bouwer se webblad (web011) 'n voorbeeld van 'n webblad wat deur 'n individu geskep is. Alhoewel hierdie webtuiste 'n persoonlike blad is, is daar steeds moeite gedoen met die redigering en taalkundige versorging daarvan en gee die samestellers daarvan te kenne dat hulle dit in die toekoms selfs meer "eg Afrikaans" wil aanbied.

Die volgende webblad is 'n voorbeeld van 'n meer formele blad, in hierdie geval die webtuiste van die *Abraham Kriel Kinderhuis* (web005). Hier is die hoofdoel nie sosiale interaksie of vermaak nie, maar die oordra van inligting en kom die blad meer gestruktureerd voor.

Vriende
an die huis
Dienste
aaroorsig
Finansiele
tate
Statistieke
Missie
Agtergrond
English

AGTERGROND

ABRAHAM KRIEL KAMPUS (satelliethuise ingeluit): Gestig in 1902 deur Ds A.P.Kriel en geleë in Langlaagte. Versorg tans 220 kinders in 17 huiseenhede en 60 kinders in 6 satelliethuise. Kinders tussen die ouderdomme 3 - 18+ word versorg deur huisouers.

MARIA KLOPPERS KAMPUS: Gestig in 1908 deur Me M Kloppers en geleë in Observatory. Amalgameer in 1993 met Abraham Kriel Kinderhuis. Versorg tans 40 kinders in 4 huiseenhede met huisouers en 20 babas en peuters in 'n babasaal met kinderversorgers op 24 uur diens.

EMDENI KAMPUS: Gestig in 1979 deur Ds J Hofmeyer en Ds L Kekana op 'n plaaswerf geleë in Emdeni. Sedert 1995 word die kampus bestuur deur die Abraham Kriel Maria Kloppers Kinderhuis. Hier word 60 kinders in 3 huiseenhede versorg deur kinderversorgers wat skofte werk.

WAAR KOM KINDERHUISKINDERS VANDAAN?

Dit is hoofsaaklik kinders wat deur die hof uit omstandighede, van verwaarlosing, verlating, uiterste armoede, sowel as seksuele en fisiese mishandeling verwyder is

HOE LYK DIE KINDERHUISKIND IN ONS SORG?

Kinders van 0-18 jarige ouderdom word hier versorg. Hulle is normale kinders, met spesiale behoeftes a.g.v. emosionele letsels wat voortspruit uit traumatiese ervaringe. Ernstige trauma sowel as milieugestremdheid kom al meer dikwels voor. Daar word voorsien dat daar in die toekoms al meer kinders MIV positief óf Vigs-weeskinders sal wees.

HOEKOM 'n KINDERHUIS?

Kinders in kinderhuise is dikwels vanuit 'n groot gesin, wat moeilik geplaas sou kon word sonder om die kinders te skei. Ernstige trauma by kinders gee ook aanleiding tot gedragsprobleme wat beter aangespreek kan word deur die bronne tot die beskikking van 'n kinderhuis. Die ideaal vir 'n kind bly steeds 'n gesinsopset. Vir die rede word daar soveel klem geplaas op die model waar kinders in huiseenhede met huisouers bly.

HOE WORD DIE KINDERS SE AKADEMIESE OPVOEDING HANTEER?

Die kinders woon gewone skole by waar hulle geplaas word na gelang van vermoë, belangstelling en talent. Waar kinders die vermoë, deursettingsvermoë en begeerte het, word hulle die geleentheid gegun om tersiêre opleiding te ontvang.

Webblad 2.4 Hoofblad van die Abraham Kriel Kinderhuis webtuiste

Die tuisblad van die *ddisselblom* webtuiste (web017)is meer interaktief van aard as die bogenoemde twee tuisblaaie. Behalwe om inligting te verskaf en skakels te bied na ander bladsye van die webtuiste, nooi hierdie blad die besoeker uit om aktief deel te neem en te lees wat ander persone oor die groep skryf en ook om "iets te skryf " in die gasteboek.

Borge

Optredes

Nuwe...

... Meer besonderhede ...



22 Februarie 2006

Datums

Kliek hier om jou sê te sê oor die nuwe CD, *Goud en Marog*

kliek hier om te lees wat ander sê

besprekings@ddisselblom.com

ddisselblom.com

mia@ddisselblom.com

Webblad ontwerp & onderhou deur **123 Internet**

GASTE BOEK

Kyk bietjie

Skryf ietsie

Welkom by die gaste boek. Hier kan julle ietsie skryf oor ddisselblom, die lede, 'n konsert of sommer maar net enige iets. En dis moontlik dat elke nou en dan 'n dissel of die blom ook hier iets gaan skryf. (Dit moet dalk net

genoem word dat julle nie mag vieslik wees hier nie bv. 'n vloekery, persoonlike aanvalle, ens.)

Indien julle navrae het oor besprekings of hul CD, moet dit nie hier doen nie want hulle sal nie dadelik daarop kan reageer nie aangesien hulle baie toer. **Kliek hier vir hul kontak besonderhede.**

Indien daar probleme is met hierdie gedeelte van die web blad, **kliek hier.**



Nuus | Optredes | Wie's Wat | Album | Foto Album | Pers Praat | Goedjies | Praat met Ons | Band Opinies | Links | Kontak Inligting

Vir pyne of idees - mailto:mia@ddisselblom.com?subject=ddisselblom site

2002-2004

ddisselblom.com

Webblad 2.5 Hoofblad van die *ddisselblom* webtuiste

Wanneer hierdie uiteenlopende hoofblaaie bestudeer word is dit duidelik dat daar nie sprake kan wees van stilistiese veralgemening wanneer daar na die Web verwys word nie. Elkeen van hierdie "sub-genres" binne die webtuistegenre vertoon 'n eie distinktiewe linguistiese karakter. Om hierdie rede is dit belangrik om te onthou dat dit wat op die Web gesien kan word, dien as analoog vir die geskrewe taal wat lankal reeds op papier bestaan; en wat as sodanig getipeer kan word as 'n linguistiese wêreld wat lank reeds aan lesers bekend is.

Alhoewel die taal van webtuistes nie 'nuut' is nie, is daar tog ook sekere beperkinge en moontlikhede wat aan webbladsye 'n eiesoortige karakter verleen. Net soos in die geval van die ander genres van die elektroniese

medium word die grootste beperking geplaas deur die grootte van die skerm waarop die teks verskyn. 'n Leser kan wel afrol met die skerm om te lees, maar dit kan 'n invloed hê op presies hoeveel van die teks onthou word en die leser is dikwels genoodsaak om weer na die bokant van die skerm terug te rol as hy weer daardie spesifieke gedeelte wil lees. Daar kan ook na links of regs beweeg word met die skerm, maar dit maak dit selfs nog moeiliker om die teks presies te kan volg. Eweneens kan dit ook verwarrend wees vir die besoeker aan die webblad indien die teks as ononderbroke teks in dieselfde lettertipe, grootte, kleur, ensovoorts aangebied word, of wanneer die inligting gefragmenteer of tipografies kompleks vertoon en maklike toegang tot die inligting hierdeur beperk word. Tog hoef die teks van die webtuiste nie alles op een skerm in te pas nie en kan dit 'n groot aantal bladsye beslaan, wat deur middel van skakels waarop gekliek word toeganklik word. Die beperking ten opsigte van die lengte van die teks wat geplaas word in e-pos en kletskamers onderskei webtuistes van genoemde twee internetgenres.

Sekere eienskappe van die Web verskil wesentlik van dit waaraan ons gewoond is in tradisionele geskrewe taal. Die teks vertoon nie meer 'n statiese karakter nie en die sagteware wat die program beheer, kan teks laat verskyn en verdwyn, dit kan op die skerm rondbeweeg, van kleur en vorm verander en selfs in animasiekarakters verander. Soos wat die gebruiker die muisgekontroleerde pyltjie oor die skerm laat beweeg, verander dit van 'n pyltjie na 'n hand wanneer 'n nuwe teks geïdentifiseer word. 'n Kliek van die muis sal die nuwe teks op die skerm laat verskyn.

2.7.3.3 Kleur en interaktiwiteit as eienskappe van webtuistes

Die gebruik van kleur in webtuistes is 'n dinamiese grafiese eienskap wat nie kenmerkend is van tradisioneel geskrewe teks nie, (met uitsondering van die advertensiewese) maar ook nie van die ander internetgenres wat onder bespreking is in hierdie navorsing nie. Die gebruik van kleur het nie net visuele impak nie, maar ook 'n sekere funksionele waarde soos by die gebruik van kleur en onderstreping in blou vir die identifikasie van e-posadresse wat

op die webbladsy in blou verskyn. Verder word dit ook gebruik om sekere blokke of afdelings soos indekse, advertensies, skakels, ensovoorts op die skerm te identifiseer of te laat uitstaan om die aandag daarop te vestig. Omdat die oogmerk met 'n webblad is om soveel moontlik besoekers te trek en te verseker dat hulle weer die webblad sal besoek, is dit belangrik dat, bo en behalwe die visueel aantreklike element, daar ook struktuur en detail moet wees wat aan die besoeker die nodige inligting verskaf en dit maklik maak om die blad te gebruik. (Die hoofblad van *DieKnoop* hieronder word as voorbeeld van 'n toeganklike webblad voorgehou.)

Tuisblad **Blomme** **Boeke** **Casino** **Kaartjies** **Radio** **Sakgeld**

Skooltake **Vakansie** **Versekering** **Wyn**

Boekmerk hierdie bladsy **Advertensies** **Byvoegings**

Kalender **Kompetisie** **Nuusbrief**

Hoof-afdelings: **Lys** **Besighede** **Boerdery** **Dagboek** **Godsdiens** **Kos**

Kunstenaars **Motors** **Mense** **Sport** **Studie**

Troeteldiere **Vroue**

Besoek gerus: Eg Afrikaans Mieliestronk Ons Dorp

Liplek Lekker Dominee Mediese Fonds Spel.co.za Sakgeld

Kalahari.net





Webblad 2.6 Hoofblad van *DieKnoop*

'n Belangrike funksie van kleur by webbladsye is om hiperskakels wat die besoeker in staat stel om van een bladsy of webtuiste na 'n ander te kan beweeg, te merk. (Vergelyk ter illustrasie die volgende webtuistes in die aanhangsel, soos ingesluit op die CD, in hierdie verband:web002, web016, web024.) Alhoewel daar in tradisioneel geskrewe teks van voetnotas of 'n bronnelys gebruik gemaak word vir hierdie doel, is dit voor die hand liggend

dat dit nie naastenby vergelyk kan word met die waarde wat hiperskakels toevoeg tot die interaktiewe karakter van webtuistes nie.

Die webblad verskil van tradisioneel geskrewe teks daarin dat dit 'n kleurvolle medium is, maar ook meer nog daarin dat die teks nie staties is nie. Vergelyk in hierdie verband die uittreksel uit die webtuiste *mieliestronk* (Webblad 2.7), www.mieliestronk.com hieronder vir 'n kleurvolle interaktiewe webtuiste. Hier is die teks letterlik besig om in Verhoef (2001:4) se woorde in verband met die taal van die Internet, "voor jou oë te verander". Teks verskyn en verdwyn, flits, rol van bo na onder, of van links na regs voor die leser verby en dwing die leser om aktief betrokke te raak by die teks op die skerm.



Webblad 2.7. Die gebruik van kleur en beweging in 'n webblad

Die hoofblad van Dugeot se Mieliestronk is 'n uitstekende voorbeeld van die effektiewe gebruik van kleur as eienskap van die Web. Animasie word hier ook effektief gebruik en die hele illustrasie beweeg wanneer die bladsy oopgemaak word – die blou "windjie" beweeg op en af asook die laggende gesigte van die twee persone op die bankie.

Die interaktiewe karakter van 'n groot hoeveelheid webtuistes word verder gekenmerk deur die gebruik van skakels soos *'kontak ons'*, (web006, web031), *'kommentaar'* (web006, web016), *'maak jou bydrae'* (web058, web075) en *'registreer nou'* (web066). (Vergelyk ter illustrasie die webtuistes in die aanhangsel, soos ingesluit op die CD, in hierdie verband.) Anders as in die geval van geskrewe teks, is die Web nie slegs 'n verskaffer van inligting nie, maar 'n kommunikasiemedium. Crystal (2001:204) sê in hierdie verband

die volgende: "The Web is no longer only a purveyor of information. It has become a communication tool, which will vastly grow as it becomes a part of interactive television."

2.8 SINTESE

As doelstelling van die sosiolinguistiek word daar gefokus op taal soos wat dit binne die sosiale groep (internetgebruikers), en deur lede van daardie groep binne 'n sekere situasie (klets, e-pos, of webbladsy) gebruik word, en ook op die linguistiese veranderlikes wat deur die bepaalde groep gebruik word. Verhoef (2001) se beskouing van die begrip 'internetspraakgemeenskap' as 'n groep wat bepaalde gesamentlike belange op grond van hulle gesamentlike internetkommunikasiepoging deel, word as werksdefinisie vir hierdie navorsing aanvaar.

Die dinamiese aard van internetkommunikasie dien as motivering vir die aanname dat die karakter van kommunikasie en daarmee saam die taal van die kommunikasie moontlik fundamenteel besig is om te verander sedert die ontwikkeling van die elektroniese medium. Die eiesoortige karakter van die drie internetgenres en die impak van die nuwe tegnologie op die kommunikasiemedium word hier ondersoek. Vir Verhoef (2001:16) bestaan daar geen twyfel dat die gesimuleerde werklikheid wat deur die gebruik van Internetafrikaans geïllustreer word, meer as genoeg bewys lewer van die manifestasie van taalvariasiepatrone wat lankal reeds in Afrikaans begin is. Op grond van die dinamika tussen taal en die sosiale omgewing word daar in hierdie navorsing gepoog om na te gaan tot watter mate tipiese patrone na vore kom in Internetafrikaans as elektroniese kommunikasiemedium.

Ferrara (1991:10 e.v.) is van mening dat rekenaarondersteunde kommunikasie nie net mense se denke oor die moontlikhede wat kommunikasie bied verander nie, maar ook die wyses waarop geskrewe taal gebruik word, hoe daarin geskryf word, asook hoe dit interaksie met ander persone sal beïnvloed.

Die Internet as elektroniese medium bied die geleentheid om te kommunikeer op wyses wat fundamenteel verskil van die maniere waarop ons tot dusver kommunikeer het. Teen die agtergrond van die voorafgaande begripsomskrywing word daar in hierdie navorsing gepoog om aan te toon tot watter mate die geskepte virtuele werklikhede 'n bepalende invloed uitoefen op die manier waarop mense deur middel van die Afrikaanse taal oor die Internet met mekaar kommunikeer. Verder gaan dit hier ook om die vraag beantwoord te kry of taalvariasiepatrone duidelik sou word indien die internetsituasie sou verander. Sou die taalgebruik in webtuistes met ander woorde verskil van die taalgebruik van kletskamers of e-pos of kan die Internet as 'n homogene linguistiese medium beskou word? Crystal (2001) se siening in verband hiermee is dat daar nie werklik sprake van kan wees dat internettaal as 'n variëteit geklassifiseer kan word nie, maar dat dit eerder beskou moet word as 'n nuwe medium wat die kreatiwiteit van die gebruikers daarvan weerspieël. Die voorspelling kan reeds hier gemaak word dat die verskillende internetsituasies wel ooreenkomste sal toon wat taalgebruik betref, maar dat daar ook fundamentele verskille waargeneem sal kan word.

Kletssessies as metode van sinchroniese aanlynkommunikasie en webtuistes en e-pos as vorms van a-sinchroniese aanlynkommunikasie word in hierdie navorsing onder die vergrootglas geplaas. Uit beskouing van die illustrasiemateriaal uit die drie verskillende Internetkorpora is dit duidelik dat e-pos, kletssessies en webtuistes onderling van mekaar verskil wat betref die strukturele elemente eie aan elk van hierdie elektroniese genres. Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat elkeen van hierdie aanlynkommunikasiesituasies sekere vereistes sowel as beperkinge aan die gebruikers daarvan stel en dat die taalgebruik dienooreenkomstig aangepas sal word om dit te oorkom.

In die volgende hoofstuk word 'n teoretiese agtergrond verskaf rakende die korpuslinguistiek en word daar gemotiveer waarom hierdie metode van ondersoek veral geskik is vir die doel van hierdie navorsing.

HOOFSTUK 3
EMPIRIESE ONDERSOEK

3.1 INLEIDING

Vir die doel van hierdie navorsing, naamlik om te bepaal tot watter mate Internetafrikaans as 'n aparte variëteit beskou kan word, of dit homogeen is al dan nie en of dit duidelik verskillend van Standaardafrikaans is, is 'n kombinasie van beide 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek gebruik. Die doel van hierdie hoofstuk is om 'n teoretiese agtergrond te verskaf rakende die korpuslinguistiek en te motiveer waarom hierdie metode van ondersoek veral geskik is vir die doel van hierdie navorsing. Aandag word geskenk aan aspekte soos die rol van die korpuslinguistiek binne die sosiolinguistiek, die ontwerp en saamstel van die korpus, die grootte daarvan, hetsy die korpus staties of dinamies is, en die mate van verteenwoordiging van die korpus, met spesifieke vermelding na die stand van die korpuslinguistiek binne navorsing oor Afrikaans. Die gebruik van die WordSmithkorpusanaliseprogrammatuur word bespreek en die algemene perspektief op die korpuslinguistiek word vervolgens behandel.

3.2 NAVORSINGSMETODOLOGIE

Die empiriese studie word aan die hand van 'n kwantitatiewe korpuslinguistiese ondersoek gedoen. Korpusanalise bestaan breedweg uit kwalitatiewe en kwantitatiewe analises. Vir die doeleindes van hierdie navorsing word 'n multimetodebenadering verkies waar kategorieë vir klassifikasie eers kwalitatief aan die hand van die sosiolinguistiek gedoen word, terwyl die korpuslinguistiek ingespan word vir die kwantifisering van die analise. Hierdie metode is in pas met wat Biber, Conrad en Reppin (1998:4.e.v) aanbeveel. Die besondere waarde van kwantitatiewe

korpusanalise lê daarin dat dit statisties verantwoordbaar is en veralgemeenbare resultate verskaf.

By kwantitatiewe navorsing word eienskappe geklassifiseer, getel en meer komplekse statistiese modelle word gekonstrueer in 'n poging om verbande te lê. Bevindinge kan veralgemeen word vir 'n groter populasie en direkte vergelykings kan getref word tussen twee stelle korpora, met die vooronderstelling dat die steekproewe geldig is en genoegsame betekenisvolle metodes gebruik is. Kwantitatiewe analise maak dit dus moontlik om vas te stel watter verskynsels 'n ware refleksie is van die gedrag (*voorkoms)* van die taal, of dan van die variëteit en watter slegs 'n toevallige verskynsel is (Biber, Conrad en Reppen, 2002:8).

Deur te kyk na die frekwensie van linguistiese veranderlikes word dit moontlik om 'n presiese beeld te verkry van die frekwensie en seldsaamheid van spesifieke verskynsels en is dit dus moontlik om die relatiewe normaliteit of abnormaliteit van die verskynsel te bepaal (Biber, Conrad en Reppen,1998:66-68).

Vir die doel van hierdie ondersoek is daar primêr gebruik gemaak van die WordSmithkorpusanaliseprogrammatuur en 'n korrespondensie-analise is ook gedoen om vas te stel watter onafhanklike linguistiese veranderlikes groter bydraes lewer tot die onderskeiding tussen die korpora.

Vir die empiriese navorsing oor Internetafrikaans is daar, benewens toepaslike bestaande literatuur, van die volgende datastelle as primêre bronne gebruik gemaak:

- E-posboodskappe, insluitende boodskappe wat gebruik is vir meer formele kommunikasie in die korporatiewe sektor, en e-posboodskappe wat as informele kommunikasiemedium gebruik is
- Kletskamergesprekke in Afrikaanse kletskamers
- Afrikaanse webbladsye.

3.3 KORPORASTUDIES EN DIE BEHOEFTE AAN AFRIKAANSE KORPORA

Wanneer die navorser van die Afrikaanse taal 'n eerste poging aanwend om 'n korpus saam te stel, moet daar in gedagte gehou word dat dit nie naastenby vergelyk sal kan word met die grootte en deeglikheid van byvoorbeeld die British National Corpus (BNC – 100 miljoen woorde) of die Bank of English ('n monitorkorpus van tans meer as 500 miljoen woorde) nie. Nieteenstaande die feit dat daar net nie voldoende teoretiese agtergrondkennis, menslike hulpbronne, fondse en die aanvraag daarvoor is nie, doen De Schryver en Prinsloo (2000:96) 'n beroep op navorsers dat korpora vir die Afrikatale, insluitend Afrikaans, saamgestel word juis omdat dit so 'n fundamentele rol speel in die moderne linguistiek. Die oproep is dat die nuutste ontwikkeling in die korpuslinguistiek deurentyd bygewerk moet word. Juis omdat die saamstel van korpora nog 'n relatiewe jong navorsingsveld in Suid-Afrika is, moet daar gepoog word om so aktief moontlik te wees binne hierdie nuwe uitdagende veld. Volgens De Schryver en Prinsloo (2000:96) was die enigste twee beskikbare, gestruktureerde korpusse van Afrikaans teen 2000 die *Pretoria Afrikaans Corpus* (CPAFC) waarvan die grootte 0,8 miljoen woorde is, en ook *Die Pharos-korpus van hedendaagse Afrikaans* (PAK) wat uit 17,6 miljoen woorde bestaan. Reeds in 2000 was die tekste van tydskrifte en koerante elektronies beskikbaar in Afrikaans, Engels, isiZulu, isiXhosa en Setswana. In 2005 het die Puk-Protea korpus reeds ongeveer 5 miljoen woorde bevat. Die sogenaamde elektroniese-informasie-era skep die geleentheid vir alle tale en spesifiek ook die Suid-Afrikaanse tale om uiteindelik op die Internet gebruik te word, wat die opstel van korpora grootliks sal vergemaklik deurdat 'n verskeidenheid van goedgekose lêers eenvoudig van die Internet afgelaai kan word.

3.4 WORDSMITHKONKORDANSIEPROGRAMMATUUR

Vir die doel van hierdie studie is die *WordSmithkonkordansieprogrammatuur* gebruik. WordSmith is in 1996 deur Mike Scott ontwikkel en is spesifiek ontwerp vir gebruik deur linguiste en taalonderwysers. Oakes (2003:193-194) beskou hierdie program as een van die mees gevorderde konkordansiepakkette wat wyd geïmplementeer word. Ook McEnery en Wilson (2001:190) klassifiseer die jongste weergawes van *Sara* en *WordSmith* as uitstekende algemene programme wat aangewend kan word vir byna enige korpus. Volgens hulle beskik die WordSmithprogram oor uitstekende fasiliteite vir die vergelyking van korpora deur middel van woordlyste en is dit ook 'n uitstekende instrument vir die ondersoek van kollokasies in die korpusteks. McEnery en Wilson (2001:190) vergelyk die navorsing wat onderneem kan word met programme soos Sara en WordSmith met die tipe navorsing wat 'n uitgesoekte hoeveelheid spesialisnavorsingsentrums in die wêreld kon doen in die vroeë 1990's. Daarbenewens is die belangrikheid van die gebruik van korkondansieprogramme soos WordSmith duidelik wanneer die geweldige groei wat korpuslinguistiek oor die afgelope dekade getoon het, in ag geneem word. (McEnery en Wilson, 2001:190.)

De Schryver en Prinsloo (2000:96) wys in hulle bespreking van die elektroniese korpora daarop dat 'n korpus van geen nut is sonder goeie korpusnavraagelemente nie. Hulle sonder die WordSmithkonkordansie korpusanaliseprogrammatuur uit as gevolg van die program se veelsydigheid in die hantering van korpusnavrae. Die veelsydigheid van die program kom ook na vore in die vermoë om vir enige denkbare navraag 'n korpus te kan saamstel uit 'n seleksie van elektronies beskikbare lêers. Hierdie program verwerk woordlyste in alfabetiese volgorde en gebruiksfrekwensie om dit sodoende moontlik te maak om die leksikale inhoud van verskillende tekste te kan vergelyk. In die alfabetiese lys word al die woorde in die korpus alfabeties gerangskik en die gebruiker kan deur die lys rol om die gebruiksfrekwensie van elke woord vas te stel. In die gebruiksfrekwensielys word al die woorde in

die korpus gelys van die mees frekwente woord tot die woord wat die minste gebruik is. Aan elke woord in die korpus word rangvolgorde, gebruiksfrekwensie en die persentasie van woorde in die korpus wat deur daardie woord gekonstitueer word, toegeken. (De Schryver en Prinsloo, 2000:96).

Vir enige gegewe teks kan WordSmith die volgende tipes statistiek verskaf: die totale hoeveelheid woorde, die hoeveelheid verskillende woordtipes, die woord-woordtipe verhouding, die gemiddelde woordlengte in letters, die gemiddelde sinslengte in woorde, die standaardafwyking en ook die hoeveelheid sinne. Die saamstel van woordkonkordansies is ook een van die funksies van hierdie program. Die mees algemene frases of groepe leksikale items rondom die soekwoord in die konkordansie word geïdentifiseer, asook die wyse waarop dit normaalweg gepunktueer word, en die frekwensie hiervan in die korpus. Kollokasies van die soekwoord word ook saamgestel met die mees frekwente woorde wat links en regs van die soekwoord voorkom. Die WordSmithprogram gee ook 'n grafiese voorstelling van waar die soekwoord in die korpus verskyn sodat daar bepaal kan word of die gebruik van die woord eweredig verspreid is deur die teks en of die woord slegs gekonsentreerd in die teks voorkom.

3.5 KORRESPONDENSIE-ANALISE

'n Korrespondensie-analise, as eksploratiewe statistiese tegniek, is op die drie korpora gedoen met behulp van die *Statistica 7 Elektroniese Korrespondensie-analiseprogram*. Met behulp van 'n korrespondensie-analise word die verspreiding tussen datastelle vergelyk en 'n X^2-waarde bereken wat 'n aanduiding gee van die statistiese verskille tussen die distribusie van waardes vir die verskillende veranderlikes. Saam met die X^2-waarde poog korrespondensie-analise om data te groepeer langs twee of meer dimensies, wat elke korpus binne 'n tweedimensionele koördinaatruimte posisioneer.

Vir die korrespondensie-analise is opsommende waardes van al die veranderlikes wat in die statistiese verwerking gebruik word (relatiewe frekwensie per duisend woorde) getabelleer. Die koördinaatwaardes en relatiewe bydraes van veranderlikes op die eerste en tweede dimensie van die korrespondensie-analise word statisties bepaal. Hierdie koördinaatwaardes stel voor hoe naby of hoe ver 'n bepaalde veranderlike aan 'n spesifieke register is, en gee hierdeur 'n aanduiding van watter veranderlikes meer tipies van 'n bepaalde korpus is. Verder word daar ook relatiewe Inertia-waardes gerapporteer, wat aandui watter proporsie van die totale verklaring wat in 'n dimensie opgesluit is, toegeskryf kan word aan 'n spesifieke veranderlike. Koördinaatwaardes en relatiewe bydraes van die veranderlikes op die eerste en tweede dimensie van die korrespondensie-analise word getabelleer. Die koördinate van veranderlikes wat geanaliseer word, word saam gegroepeer in ooreenkomstige koördinaathelftes wat belyn kan word met die posisie van die drie korpora om te bepaal tot watter mate veranderlikes van mekaar verskil. 'n Tweedimensionele voorstelling van die koördinaat van veranderlikes gee 'n aanduiding van watter veranderlikes kenmerkend van die onderskeie korpora is.

Korrespondensie-analise moet nie beskou word as besliste antwoorde oor absolute verskille tussen korpora nie, maar eerder om die wyse waarop korpora van mekaar verskil te ondersoek. Uiteindelik is die finale doel met korrespondensie-analise om teoretiese interpretasie te vind vir die dimensies.

3.6 DIE KORPUSLINGUISTIEK AS NAVORSINGSMETODE

3.6.1 Aannames van die korpuslinguistiek

Wêreldwyd het die saamstel van en die toepassing van die elektroniese korpus 'n revolusie/ommekeer meegebring in die studie van taal, asook die beskrywing van die struktuur en gebruik van taal. De Schryver en Prinsloo (2000:89-106) stel dit duidelik wanneer hulle soos volg hieroor berig: "Compiling and querying electronic corpora has become a *sine qua non* as an

empirical basis for contemporary linguistic research. As a result, around the world, corpus applications abound in all fields of linguistics." Kontemporêre benaderings ten opsigte van die ondersoek van die werklike gebruik van taal in natuurlike situasies impliseer die ondersoek van en die analise en interpretasie van versamelings van die verskillende soorte/variëteite van gesproke of geskrewe teks of korpus.

De Schryver en Prinsloo (2000:90) beklemtoon dat 'n goed saamgestelde korpus 'n voorvereiste is vir die studie van enige taal. Biber et al. (1998: ix) bevestig ook die toenemende gebruik van korpuslinguistiek. In samehang hiermee beskryf McEnery en Wilson (2001:1) die korpuslinguistiek in eenvoudige terme as die studie van taal gebaseer op voorbeelde van "real life language use."

Korpora is volgens Meyer (2002:5) meer geskik vir die funksionele analises van taal waar daar nie alleen gefokus word op die verskaffing van 'n formele beskrywing van taal nie, maar 'n beskrywing van taal as kommunikatiewe middel. Die argument is dat, al blyk daar verskillende funksionele teorieë van taal te wees, almal dieselfde doelwit het, naamlik om te demonstreer hoe gebruikers van taal die taal gebruik om verskillende kommunikatiewe doelwitte te behaal.

De Schryver en Prinsloo (2000:87) beklemtoon die belang van die korpuslinguistiese ondersoek en doen 'n beroep op taalkundige navorsers op eie bodem om ook van die elektroniese korpus gebruik te maak: "If scholars of African languages are to take their rightful place in the new millennium, it is plain that the active compilation, quering and application of electronic corpora should become an absolute priority" (De Schryver en Prinsloo, 2000:87).

Korpora, en die toenemende gebruik daarvan sedert die vroeë tagtigerjare, word deur Rundell (1996:1) beskryf as die belangrikste hulpmiddel vir hedendaagse taalnavorsing. Hy maak ook reeds in 1996 die voorspelling dat daar 'n geweldige diversifisering in die gebruik van korpora sal plaasvind, sodat korpora nie net nuttig sal wees vir die leksikograaf nie, maar ook vir

elkeen gemoeid met enige veld van taalstudie, taalbeskrywing, taalonderrig en dat die korpus so natuurlik en onvervangbaar sal wees as wat dit aanvanklik vir die leksikograaf was.

Volgens McEnery en Wilson (2001:4 e.v.) was een van die vernaamste kritici van die korpuslinguistiek Noam Chomsky wat korpusdata gekritiseer het as 'n fragment wat net te klein is vir 'n potensieel onberekenbare populasie en dat dit daarom verdraaide resultate sou gee en dus nieverteenwoordigend sou wees van die populasie as 'n geheel.

Daar moet egter in gedagte gehou word dat ten tye van Chomsky se kritiek korpusversameling en -analise 'n lang moeisame proses was wat met die hand uitgevoer is en wat geïmpliseer het dat die korpus 'n hanteerbare grootte moes wees vir die proses. Alhoewel grootte van die korpus nie 'n waarborg vir verteenwoordiging is nie, is dit wel een van die kritiese faktore wat in ag geneem moet word by die saamstel van 'n maksimaal verteenwoordigende korpus. Chomsky se kritiek was dus gedeeltelik waar ten tye van die vroeë korpora. Hierdie kritiek van Chomsky in ag genome is die prentjie egter nie so drasties as wat dit lyk nie, aangesien daar 'n hele aantal maatreëls is wat toegepas kan word om die fragment maksimaal verteenwoordigend te kan opstel. Vandag maak ons gebruik van kragtige rekenaars wat miljoene woorde kan verwerk en is die kwessie van grootte van die korpus nie meer 'n probleem nie (McEnery en Wilson, 2001: 4 e.v.).

Die belang van korpora in die studie van taal gaan hand aan hand met die belang van empiriese data: Empiriese data maak dit vir die linguis moontlik om stellings te kan maak gebaseer op die individu se eie geïnternaliseerde kognitiewe persepsie van die taal. "The use of empirical data also means that it is possible to study language varieties such as dialects or earlier periods in a language for which it may not be possible to use a rationalist approach" (McEnery en Wilson, 2001:104). Die navorser moet bedag daarop wees dat enige versameling van tekste nie sommer 'n korpus genoem kan word nie, want 'n korpus verwys meer spesifiek na 'n versameling teks wat versigtig gekies is sodat dit maksimaal verteenwoordigend van 'n taal of 'n variëteit van

'n taal is (McEnery en Wilson, 2001:103). Korpuslinguistiek word ook beskou as sub-deel van die aktiwiteit binne die empiriese benadering tot linguistiek, met ander woorde: korpuslinguistiek omvat noodwendig 'n empiriese benadering, maar empiriese linguistiek hoef nie noodwendig die gebruik van 'n korpus te omvat nie (McEnery en Wilson, 2001:103).

Die sosiolinguistiek deel met die historiese linguistiek, dialektologie en stilistiek die eienskap dat dit almal empiriese navorsingsvelde is. 'n Korpus is van belang in hierdie studies aangesien dit verteenwoordigende fragmente van natuurlike data gee wat kwantifiseerbaar is. McEnery en Wilson (2001:115) merk tereg op dat hierdie metode nog nie wyd binne die sosiolinguistiek gebruik word nie, maar dat daar beslis bewyse van groeiende belangstelling in hierdie veld is en noem dat die meeste sosiolinguistiese projekte waar daar tot dusver korpora gebruik is, in die veld van die sogenaamde *gender*-spesifieke ondersoek is. Hulle maak ook melding van ander studies soos dié van Yates (1993). Yates het studies uitgevoer deur die gebruik van 'n versameling rekenaarondersteunde kommunikasie (e-pos) om die aard van hierdie genre binne 'n sosiolinguistiese perspektief te ondersoek met die fokus op aspekte soos die aanbieding van die self, literêre praktyke en voorlegging/aanbieding van kennis (McEnery & Wilson: 2001:115).

Werk wat in die korpuslinguistiese navorsingsveld gedoen word, kan volgens Kennedy (2002:9), veral in drie groepe aktiwiteite ingedeel word:

- Die eerste hieronder sluit die groep navorsers in wat hoofsaaklik fokus op die ontwerp en saamstel van die korpus, die versameling van tekste en die voorbereiding en stoor daarvan vir latere analise.
- Die tweede groep navorsers in hierdie driedeling sluit die navorsers in wat gemoeid is met die ontwikkeling van instrumente vir die analise van die korpus.
- 'n Derde groep navorsers bestaan hoofsaaklik uit deskriptiewe linguiste vir wie die hoofdoel is om deur die gebruik van deskriptiewe korpora op 'n verantwoordbare wyse 'n beskrywing te kan gee van die leksikon en

grammatika van tale van beide die linguistiese sisteme wat gebruik word, asook die moontlike gebruik van daardie sisteme.

Hierdie studie sluit ten dele aan by die aktiwiteite van die eerste groep, maar veral by dié van die derde groep navorsers.

Kennedy (1998:9) stel dit dat die korpusgebaseerde deskriptiewe linguistiek nie net fokus op wat geskryf of gesê word, wanneer, waar, en deur wie dit gesê of geskryf word nie, maar ook op hoe dikwels daardie betrokke vorme gebruik word.

3.6.2 Begripsomskrywing: korpus en korpora

Die term **korpus** word deur James (1994:4) gedefinieer as 'n omvattende en gestruktureerde versameling van volledige tekste of uittreksels uit groter tekste waarvan die komponente afsonderlik toeganklik is.

Ook Kennedy (1998:1) beskryf die begrip **korpus** as 'n versameling geskrewe teks, of getranskribeerde gesproke teks wat kan dien as 'n basis vir linguistiese analise en beskrywing. Hierdie saamstel en analise van die korpus wat as 'n gerekenariseerde databasis gestoor word het aanleiding gegee tot wat hy noem: "a new scholarly enterprise known as corpus linguistics" (Kennedy: 1998:1). Die korpuslinguistiek is, soos kenmerkend van alle linguistiek, hoofsaaklik gemoeid met die beskrywing en verduideliking van die aard, struktuur en gebruik van taal en tale en spesifiek met aspekte soos taalverwerwing, variasie en taalvariasie.

Meer onlangs word die term gereserveer vir 'n versamelings teks, of dele daarvan, wat elektronies gestoor en toeganklik is. Die gebruik van rekenaars maak dit moontlik dat groot hoeveelhede data versamel en gestoor kan word en die korpus is by implikasie heelwat groter as wat 'papierversamelings' was. 'n Korpus word deeglik beplan met 'n spesifieke linguistiese doel in gedagte,

alhoewel die onvoorsiene tog nog altyd 'n invloed kan hê op die versameling van die teks.

Die hoofdoel van 'n korpus is nie net suiwer die versameling van die teks omdat dit intrinsieke waarde het nie, maar volgens Hunston (2002:2) bepaal die spesifieke doel van die ontwerp die keuse van teks. Hierdie omskrywing onderskei 'n korpus van 'n biblioteek of 'n elektroniese argief. Die korpus word op sodanige manier gestoor dat dit nielineêr, op beide kwantitatiewe en kwalitatiewe wyse bestudeer kan word. Omdat die doel nie suiwer is om toegang tot 'n teks te hê sodat dit bloot gelees kan word nie, onderstreep dit juis die onderskeid tussen 'n korpus en 'n biblioteek of argief.

Die begrip *korpus* word deur Hunston (2002:2) gedefinieer in terme van beide die vorm en die doel van die korpus. Sy verduidelik dat linguiste oor die algemeen gewoonlik na die begrip 'korpus' verwys het as 'n versameling van "naturally occuring examples of language" wat bestaan uit enige iets van 'n paar sinne tot 'n versameling geskrewe teks of bandopnames van gesproke taal wat vir die doel van linguistiese beskrywing versamel is. Streng gesproke kan 'n korpus op sigself nie veel doen nie, behalwe om te dien as 'n stoorplek vir gebruikte taal. Korpusprogrammatuur kan egter hierdie data verwerk en herrangskik wat dit moontlik maak om verskillende afleidings te maak. As die korpus dan tot 'n mate gedeeltelik verteenwoordigend is van byvoorbeeld 'n spreker, of groep sprekers, kan die toegang en gebruik van sodanige sagteware dit moontlik maak om hierdie gebruik van taal te bestudeer op wyses wat gewoonlik tot dusver onmoontlik was. 'n Korpus bevat nie nuwe inligting oor taal nie, maar die sagteware verskaf 'n nuwe perspektief op die bekende (Hunston, 2002:3).

Versamelde korpora kan van mekaar verskil na gelang van die doel waarvoor dit saamgestel word, die mate waartoe dit verteenwoordigend is van die navorsingsdoel, die organisasie daarvan, asook die onderliggende formaat daarvan. Verskillende tipes elektroniese korpora kan sodoende onderskei word. Kennedy (1998:19) verwys met die term 'algemene korpora' na 'n teksbasis wat beskikbaar gestel word vir ongespesifiseerde linguistiese

navorsing en wat saamgestel is uit 'n "body of text" wat geanaliseer word met die doel om antwoorde te vind oor vraagstukke soos onder andere woordeskat of diskoersstrukture van die betrokke taal. So 'n algemene korpus is gewoonlik gebalanseerd en bevat tekste uit verskillende genres en gebruiksdomeine. Daar word ook van die term "core corpora" of kernkorpus gebruik gemaak om te verwys na gebalanseerde of algemene korpora wat gebruik kan word as 'n basis vir vergelykende studies.

Wanneer 'n korpus ontwerp word met 'n spesifieke navorsingsdoelwit in gedagte word dit 'n gespesialiseerde korpus genoem. Korpora wat versamel word vir die doel van die saamstel van moderne woordeboeke sorteer binne hierdie kategorie. Gespesialiseerde korpora sluit ook die korpora in wat versamel is vir studie oor streeks- of sosiolinguistiese variasie. Kennedy (1998:20) noem ook dat dialek, streeks-, nie-standaard- en aanleerders-korpora almal deel uitmaak van hierdie kategorie.

Korpora kan oor die algemeen gekarakteriseer word na aanleiding van hoe verteenwoordigend dit van 'n taal is. Die korpus kan byvoorbeeld uit 'n algehele statistiese populasie bestaan. Kennedy (1998:20) noem hier as voorbeeld 'n korpus wat sou bestaan uit die volledige reeks van Charles Dickens se werke. Hierdie korpus is nie verteenwoordigend van 'n entiteit nie, maar is 'n entiteit. Daarteenoor sal 'n korpus van een miljoen (of watter getal ookal) entiteite wat poog om verteenwoordigend te wees van 'n taal of variëteit op 'n gegewe tydstip op sistematiese wyse versamel word sodat dit so akkuraat en verteenwoordigend as moontlik van die spesifieke taal of variëteit bestempel kan word. So 'n voorbeeldtekskorpus word so ontwerp dat dit verteenwoordigend is as steekproef van die totale populasie van die diskoers. Hierdie populasie impliseer nie noodwendig die taal in totaliteit nie, maar dele van tekste kan getrek word om sub-populasies op grond van streek, genre of gebruikersgroep, soos byvoorbeeld laerskoolleerlinge, te verkry. Kennedy (1998:21) noem in hierdie verband dat die individuele skrywer of spreker wat in sulke korpora ingesluit word anoniem kan wees, soos in die geval van radiouitsendings, of soos in die geval van hierdie studie spesifiek by kletskamers waar die gespreksdeelnemers wat aan die

kletssessie deelneem almal 'n skynidentiteit aanneem. Die gesigloos- en identiteitloosheid van die deelnemers aan so 'n kletssessie skep die geleentheid vir die deelnemers om byvoorbeeld 'n karakter van die teenoorgestelde geslag aan te neem sonder dat enige van die ander deelnemers dit sal agterkom.

Die diverse aard van korpora dra by tot die toenemende gebruik daarvan deur taalkundiges. Die gebruike van korpora word deur Hunston (2002:14) soos volg uiteengesit:

- Taalonderrig, in welke geval korpora inligting kan verskaf oor hoe die taal funksioneer wat behulpsaam kan wees by die opstel van sillabusse en studiemateriaal vir taalonderrig.
- Taalvergelyking en verskille in gebruiksnuanses kan geredelik aan die hand van korpusanalises ondersoek word (Hunston, 2002:13 verwys hier spesifiek na studies deur Burnard en McEnery, 2000.)
- Vertalers gebruik vergelykende korpora om die gebruik van klaarblyklike ooreenkomste in die vertaling van twee tale te vergelyk en parallelle korpora om te bepaal hoe woorde en frases in die verlede vertaal is.
- Algemene korpora kan gebruik word om norme vir gebruiksfrekwensie te bepaal waarteen individuele tekste of ander korpora gemeet kan word.
- Korpora kan ook gebruik word om kulturele houdings wat deur taal verwoord word te gebruik as 'n bron vir kritiese diskoers studies.

Bo en behalwe bogenoemde gebruike van korpora gee Hunston (2002:14 e.v.) ook 'n uiteensetting van die verskillende tipes korpora wat gebruik kan word en verduidelik dat 'n korpus altyd ontwerp word met 'n spesifieke doel voor oë wat by implikasie beteken dat die tipe korpus dus bepaal sal word deur die doel daarvan.

Volgens Hunston (2002:14-16) word die volgende korpustipes algemeen gebruik:

➢ Gespesialiseerde korpus

Hierdie tipe korpus sluit 'n spesifieke tekssoort in soos nuusberigte, handboeke, akademiese artikels in 'n spesifieke vakgebied, lesings, informele gesprekke en opstelle wat deur studente geskryf word. Die doel is om verteenwoordigend te wees van 'n spesifieke tekssoort en word gebruik om 'n spesifieke tipe taalgebruik te bestudeer. Navorsers versamel dikwels hulle eie gespesialiseerde korpora om die tipe taalgebruik wat hulle wil bestudeer, te reflekteer. Daar word geen beperking gestel ten opsigte van die graad van spesialisasie betrokke nie, maar daar kan parameters gestel word om die tipe teks wat ingesluit word te beperk. So byvoorbeeld kan daar 'n beperking geplaas word ten opsigte van 'n tydsgleuf, bestaande uit tekste versamel gedurende 'n spesifieke jaartal, of 'n sosiale situasie soos byvoorbeeld 'n gesprek wat plaasvind in 'n boekwinkel, of 'n spesifiek onderwerp soos 'n koerantartikel wat handel oor VIGS. 'n Voorbeeld van so 'n korpus is die *Michigan Corpus of Academic Spoken English* (MICASE).

Vir die doel van hierdie studie word daar van 'n gespesialiseerde korpus gebruik gemaak daarin dat slegs spesifieke genres soos dit op die Internet waargeneem word in die korpus ingesluit word en hierdie korpus ook aan 'n tydsraamwerk gekoppel is.

➢ Algemene korpus

Hierdie tipe korpus bestaan uit 'n versameling van verskillende tipes teks wat sowel geskrewe en gesproke taalgebruik kan insluit. Dit is onwaarskynlik dat hierdie tipe teks verteenwoordigend van enige 'geheel' kan wees en sal so 'n wye verskeidenheid teks as moontlik insluit. 'n Algemene korpus is gewoonlik ook baie groter as 'n gespesialiseerde korpus. So 'n korpus word dikwels gebruik as 'n basis waarteen meer gespesialiseerde korpora gemeet kan word, in welke geval dit as 'n 'verwysingskorpus' *("reference corpus")* bekend staan.

➢ Vergelykende ("comparable") korpora

Twee of meer korpora in verskillende tale of in verskillende variëteite van 'n taal maak deel uit van hierdie tipe korpus. Beide hierdie tekste word op

dieselfde patroon versamel. Vergelykende korpora van variëteite van 'n taal kan gebruik word om die variëteite met mekaar te vergelyk. Vertalers en aanleerders van 'n taal kan vergelykende korpora van verskillende tale gebruik om ooreenkomste en verskille in die onderskeie tale te identifiseer.

- Parallelle korpora

Twee of meer korpora in verskillende tale wat elk teks bevat wat van een taal in 'n ander vertaal is, is 'n tipiese voorbeeld hiervan. Ter illustrasie kan 'n verhaal wat van Afrikaans na Engels vertaal is, dien, asook 'n verhaal wat vanuit Engels na Afrikaans vertaal is. Parallelle korpora sluit ook teks in wat terselfdertyd in meer as een taal saamgestel word soos 'n dokument wat in al elf van die Suid-Afrikaanse amptelike tale opgestel word. Hierdie tipe korpora kan deur vertalers en aanleerders gebruik word om potensiële ekwivalente uitdrukkings te vind in elk van die tale en om die verskille tussen die tale te ondersoek.

- Aanleerderskorpus

Hierdie korpora bestaan uit 'n versameling tekste soos byvoorbeeld opstelle wat deur aanleerders van 'n taal gelewer word. Die doel van hierdie korpus is om vas te stel hoe aanleerders respektiewelik van mekaar verskil en ook van moedertaalsprekers waarvoor daar 'n vergelykende korpus van moedertaalspreker benodig word. Een van die mees bekende aanleerders-korpora is die *International Corpus of Learner English* (ICLE).

- Pedagogiese korpus

'n Pedagogiese korpus bestaan uit 'n versameling van alle taal waaraan 'n aanleerder blootgestel is. Vir die meeste aanleerders bestaan die pedagogiese korpus nie in fisiese vorm nie. Indien 'n onderwyser of navorser besluit om 'n pedagogiese korpus te versamel kan dit tipies bestaan uit alle boeke, leesstukke, ensovoorts wat 'n leerder al gebruik het en alle kassette of opnames waarna al geluister is. Die pedagogiese korpus kan dan vir die leerder van nut wees om hom bewus te maak van alle kontekste waar 'n spesifieke woord of uitdrukking al gebruik is.

- Historiese of diachroniese korpus

Soos die naam aandui, bestaan hierdie korpus uit teks geneem uit verskillende tydperke en word dit gebruik om die ontwikkeling van aspekte van taal oor 'n tydperk waar te neem. Een van die bekendste historiese korpora is die *Helsinki Corpus* wat uit 1,5 miljoen woorde bestaan.

- Monitorkorpus

Hierdie tipe korpus word ontwerp om huidige veranderinge in taal te monitor. Daar word jaarliks, maandeliks, weekliks of selfs daagliks by hierdie korpus bygevoeg en dit groei dus deurentyd. Die proporsie van die tekstipes word egter onveranderd gehou, sodat elke jaar, of maand, of week, of dag direk vergelykbaar is met mekaar. Die mees bekende voorbeeld hier is die *Bank of English* korpus.

3.6.3 Die ontwerp en saamstel van die korpus

Daar is, soos reeds gemeld, Afrikaanse korpora beskikbaar, maar soos met die geval in enige taal sal die beskikbare korpora nie altyd voldoen aan die behoeftes van die potensiële navorser wat 'n korpuslinguistiese ondersoek wil doen nie. Hierdie korpora is egter nie openbaar beskikbaar, soos wat die BNC of LOB of Brown korpora van Engels maklik bekombaar is nie. Soms kan 'n spesifieke gedeelte of sub-afdeling van 'n bestaande korpus gebruik word indien die totale korpus nie benodig word nie, maar navorsers wat oor 'n meer spesifieke genre wil navorsing doen, mag tekste verlang wat nog nie deel van 'n bestaande korpus is nie en word dus verplig om self 'n korpus saam te stel. Ongeag die grootte van die korpus is deeglike beplande metodes vir die seleksie van die tekste noodsaaklik ten einde te verseker dat die korpus ook beskikbaar is vir die gebruik in vergelykende studies deur ander navorsers – juis omdat die korpuslinguistiek as navorsingsmetode veel meer impliseer as

die blote gebruik van linguistiese korpora vir die doel van analise en beskrywing van die struktuur en gebruike van tale.

Aspekte soos die saamstel van die korpus en die struktuur en grootte daarvan is van die uiterste belang vir die navorser gemoeid met die korpuslinguistiek. Kennedy (1998:60) benadruk die feit dat die geldigheid en betroubaarheid van die korpora tydens die saamstel van enige korpus van fundamentele belang is en dat daar sekerheid moet bestaan dat die korpus effektief sal wees vir die beplande doel daarmee. Aspekte wat hier van belang is vir die korpuslinguis is onder andere of die korpus 'n statiese of dinamiese fragment van die taal moet wees, op watter wyse dit die beste verteenwoordigend kan wees van 'n betrokke taal of genre, hoe groot die korpus moet wees om verteenwoordigend te wees of om in 'n spesifieke doel te slaag en hoe groot die fragmente van die teks behoort te wees.

Elkeen van hierdie aspekte sal vervolgens bespreek word om te dien as stawing vir die geldigheid en betroubaarheid van die internetkorpus soos saamgestel vir die doel van hierdie navorsing.

3.6.3.1 'n Statiese of dinamiese korpus?

Kennedy (1998:60,61) tref 'n onderskeid tussen die terme 'statiese' of 'dinamiese korpus' en verwys met die begrip 'statiese korpus' na 'n versameling tekste wat op 'n gestruktureerde wyse oor 'n spesifieke tydperk versamel is met die doel om tiperend te wees van 'n taal as 'n geheel of 'n aspek van daardie taal. Die eerste-generasie eenmiljoenwoordkorpora was die *Survey of English usage Corpus,* (*SEU Corpus*). Hierdie *SEU Corpus* het dit ten doel gehad om teksfragmente uit verskillende gebruiksdomeine van gesproke en geskrewe taalgebruik van Britse Engels te versamel om sodoende sinchronies verteenwoordigend te wees van Engels en kan dien as 'n voorbeeld van 'n statiese teks. Hierdie tipe korpus kan vergelyk word met 'n foto van 'n spesifieke landskap op 'n gegewe tyd. Met die saamstel van sodanige korpus, soos met die afneem van 'n landskap, word die hoof-

eienskappe van die 'foto' duidelik uitgebeeld. So 'n korpus bestaan dan uit 'n reeks statiese uittreksels van die taal, klein fragmente selfs van dele van volledige teks. Volgens Kennedy (1998:61) is dit amper asof in die geval van so 'n korpus die taal op 'n sekere oomblik in tyd 'gevries' word.

'n Alternatiewe korpusontwerp, naamlik die dinamiese of moniteringskorpus, word deur Kennedy (1998:61) in navolging van Sinclair (1991) bespreek. Die analoog hier is veel eerder van 'n bewegende beeld soos 'n videofilm as dié van 'n enkele beeld of foto, juis omdat hierdie tipe korpus die geleentheid bied om veranderende patrone van gebruik oor 'n tydperk heen waar te neem. Groot hoeveelhede teks word versamel en, met behulp van toepaslike programmatuur, word die inligting verwerk. So 'n dinamiese versameling van teks is voortdurend besig om te groei en te verander met die byvoeging van nuwe tekste. Hierdie tipe korpus is nie noodwendig gebalanseerd nie en weens die voortdurende veranderende aard van die korpus ook nie geskik vir die doel van vergelykende studies van byvoorbeeld relatiewe frekwensie van items in verskillende variëteit van 'n taal nie. 'n Voorbeeld van so 'n korpus is die *Bank of English Corpus* wat in Oktober 2000 reeds uit 415 miljoen woorde uit geskrewe en gesproke teks bestaan het en waartoe tekste op 'n gereelde basis toegevoeg word. (Meyer, 2002:142,143).

Die Internetafrikaanskorpus soos versamel vir hierdie navorsing is 'n statiese korpus van die gebruik van Afrikaans soos wat dit waargeneem is in die verskillende internetgenres gedurende die tydperk Maart 2003 tot Maart 2004. Die werkwyse vir hierdie navorsing is om 'n sinchroniese fragment te vries as eerste basis vir toekomstige vergelykende studies. Uit die aard van nagraadse studie is dit noodsaaklik om 'n tydsgebonde korpus te versamel, sodat daar op 'n stadium met die ontleding begin kan word ten einde die studie te kan voltooi.

3.6.3.2 'n Verteenwoordigende en gebalanseerde korpus

Wanneer die keuse tussen 'n statiese of dinamiese korpus gemaak is, is die volgende belangrike aspek die geldige en betroubare seleksie van die tekste. Wanneer 'n korpus as verteenwoordigend geklassifiseer word, is die kernvraag 'Verteenwoordigend waarvan?' (Kennedy,1998:62). Kennedy verduidelik dat in die lig van die verskillende sieninge wat in diskoersanalise en sosiolinguistiek oor dekades heen gelewer is, daar nie sonder meer aanvaar kan word dat 'n teksfragment geheel verteenwoordigend is van alle moontlike genres of van 'n spesifieke genre of studieveld of onderwerp nie. Afgesien hiervan bly die doel by die saamstel van 'n korpus om so verteenwoordigend as moontlik van die gekose studieveld te wees.

Die balans of gewig wat toegeken word aan die verskillende dele wat die algemene korpus uitmaak, is ook belangrik by die saamstel van die korpus. Kennedy (1998:63) is van mening dat balans in 'n korpus nie noodwendig bereik word deur gelyke hoeveelhede teks van verskillende bronne soos byvoorbeeld gesproke of geskrewe taal te versamel nie. Hy verwys in verband hiermee na Sinclair (1991:20) wat voorstel dat, vir 'n algemene korpus van geskrewe taal, daar ten minste 'n onderskeid moet wees tussen byvoorbeeld fiksie of nie-fiksie, of formele en informele taalgebruik. Kennedy (1998:63) bespreek ook Summers (1991:5) se idee ten gunste van 'n inisiële fragment-uitgangspunt wat sê dat dit gaan om die volgende saak: "...using the notion of a broad range of objectively defined documents or text types as its main organizing principle". Hierdie balans van tekstipes kan dan verfyn word op die basis van interne analise van die korpus. 'n Aantal moontlikhede vir die seleksie van die geskrewe teks word ook bespreek, waaronder lukrake seleksie as 'n metode.

Korpora word dikwels versamel om verteenwoordigend te wees van 'n spesifieke soort taalgebruik. Hunston (2002:28) se siening in verband met die balans en verteenwoordiging van die korpus is dat, indien die objek van die studie byvoorbeeld informele gesprekke of die taal van die koerant is, 'n poging aangewend moet word om 'n korpus te versamel wat

verteenwoordigend van die geheel is. Gewoonlik sal só 'n korpus impliseer dat die geheel opgebreek word in kleiner komponente wat elk min of meer gelyke hoeveelhede data bevat. Hunston (2002:28) stel dit dat die kwessie van verteenwoordiging en balans nie so eenvoudig is nie en bespreek die voorbeeld dat, indien koeranttaal bestudeer word, 'n reeks verskillende koeranttipes ingesluit behoort te word, waaronder 'n reeks verskillende soorte artikels (nuus, briewe, sport, besigheid, advertensies, ensovoorts.) Om 'n gebalanseerde korpus te hê, impliseer dan dat dit moet bestaan uit 'n ooreenstemmende hoeveelheid woorde uit elke kategorie. Die argument hier is egter dat die nuuskategorie moontlik uit veel meer woorde bestaan as byvoorbeeld die sportkategorie en dat die sportkategorie weer uit meer woorde bestaan as die advertensiekategorie. Daar kan ook geargumenteer word dat die nuuskategorie veel meer gelees word as die modekategorie of sport en dat die gewig wat daaraan toegeken word meer moet wees as vir die ander. Die oplossing vir hierdie tipe probleem blyk nie so voor die hand liggend te wees nie en word aan die navorser oorgelaat om self oor te besluit. Hunston (2002:28) is van mening dat om verteenwoordigend te kan optree dit 'n kennis van die geheel sal impliseer.

Wanneer die kwessie van die verteenwoordiging van die korpus onder die loep geneem word, mag die diachroniese aspek daaraan verbonde nie uit die oog verloor word nie. Enige korpus wat nie op 'n gereelde basis opgedateer word nie raak mettertyd onverteenwoordigend aangesien dit nie meer die taal soos wat dit op daardie tydstip gepraat en geskryf word verteenwoordig nie. (Hunston, 2002:30.)

Wat die gebalanseerdheid van hierdie Internetafrikaanskorpus betref, is daar gepoog om min of meer dieselfde hoeveelheid woorde in elke genre te versamel. Dit was egter nie moontlik nie as gevolg van die funksionele verskille wat daar tussen die genres bestaan. So kan die hoeveelheid woorde van 'n enkele e-posboodskap nie vergelyk word met die hoeveelheid woorde van 'n kletskamergesprek nie en nog minder met dié van 'n webtuiste wat dikwels uit 'n hele aantal webblaaie bestaan.

Hierdie navorsing oor die beskrywing van Afrikaanse taalgebruik soos wat dit manifesteer op die Internet skep die geleentheid vir verdere navorsing in hierdie verband juis omdat taal as sodanig en die Internet beide dinamies van aard is en daarom voortdurend verandering vertoon.

3.6.3.3 Die grootte van die korpus

Die kwaliteit van die korpus behoort altyd die grootste oorweging te wees wanneer daar 'n besluit geneem moet word betreffende die grootte van die korpus. Verder moet daar uitsluitsel wees oor op welke wyse die korpus verteenwoordigend of gebalanseerd sal wees, en of dit enigsins van nut sal wees vir 'n vergelykende studie. Kennedy (1998:64) wys daarop dat dit om veel meer gaan as net die totale hoeveelheid woorde en verskillende woorde (tipes) in die korpus, maar dat die hoeveelheid kategorieë in die korpus, hoeveel fragmente in elke kategorie, en hoeveel woorde in elke fragment alles aspekte van belang is. Volgens hom is dit noodsaaklik om in gedagte te hou dat, afgesien daarvan dat die grootte van die korpus die geldigheid en betroubaarheid van die korpus beïnvloed, dit heeltemal onmoontlik is vir enige korpus, hoe groot ookal, om meer as net 'n fraksie van al die gesproke of geskrewe taal te wees wat op een dag deur gebruikers van 'n spesifieke taal gebesig word. Alhoewel 'n groot korpus volgens Kennedy (1998:64) nie noodwendig meer verteenwoordigend van 'n taal of variëteit van 'n taal is as 'n kleiner korpus nie, kan die waarde van 'n groot korpus nooit oorskat word nie. Rundell (1996:3) vestig die aandag daarop dat die hoofmotivering vir die gebruik van 'n korpus deur enige linguis, leksikograaf of taalnavorser is om hipoteses te toets en patrone te identifiseer. Om dit te kan doen het die navorser genoegsame hoeveelhede data nodig vir die fenomeen wat ondersoek of nagevors word. Die argument hier is dus vir groter korpora, maar soos reeds genoem, kan die kwaliteit van die data nie ondergeskik gestel word aan die kwantiteit van die data nie.

Dit is daarom dan belangrik om te beklemtoon dat, alhoewel daar in hierdie studie en die saamstel van die korpus vir Internetafrikaans gepoog is om so verteenwoordigend as moontlik te werk te gaan, dit ook maar net 'n

onberekenbare klein fragment is van al die Afrikaanse geskrewe teks wat op een dag deur alle internetgebruikers geskep word.

Wat die grootte van die korpus betref is daar baie groot, algemene korpora wat gebruik word by die saamstel van woordeboeke en ander naslaanwerke, asook duisende kleiner korpusse regoor die wêreld waarvan sommige uit slegs 'n paar duisend woorde bestaan en ontwerp is vir spesifieke navorsing. (Hunston, 2002:26.)

Volgens Kennedy (1998:68) is 'n kwessie wat verband hou met die algehele grootte van die korpus die kwessie van die grootte van die individuele fragmente uit tekste wat deel uitmaak van die korpus. Tekste kan bestaan uit volledige dokumente, maar word hoofsaaklik saamgestel uit dele van dokumente juis omdat tekste gemeenskaplike eienskappe soos onder andere inleiding en slot mag vertoon en die herhaaldelike insluiting hiervan in die korpus 'n verwronge beeld gee van die taal wat verteenwoordigend is binne daardie korpus.

Gedurende die saamstel van hierdie korpus vir Internetafrikaans was dit ook nodig om dele van dokumente uit te sluit uit die werklike korpus. Alle e-posboodskappe begin met 'n standaard adresformaat wat die name van beide die sender en die ontvanger van die boodskap insluit asook die datum waarop die boodskap gestuur is. Hierdie gedeeltes is gemerk sodat dit nie deel vorm van die teks nie. Die eerste woorde wat ingesluit is as deel van die aaneenlopende masjiendekodeerbare teks is die werklike onderwerp van die e-posboodskap. (Vergelyk vir die bespreking hiervan Hoofstuk 2.)

In sekere gevalle verskyn die volledige adres en kontakbesonderhede van die sender van die boodskap en soms ook 'n persoonlike slagspreuk wat dikwels uit 'n aanhaling of onderskrif of 'n vrywaringsnota bestaan onderaan die boodskap, veral as die e-pos vanaf 'n korporatiewe e-posadres gestuur word. Hierdie voetnota sluit ook dikwels onder andere die sender van die boodskap se volledige naam, sy postitel, fisiese adres en telefoonnommers of e-posadres in. Hierdie inligting is ook gemerk om nie deel van die

masjiendekodeerbare teks te vorm nie aangesien dit 'n verdraaide beeld kan gee van die gebruiksfrekwensie van Engelse woorde in e-posboodskappe. Dit mag voorkom asof die gebruiksfrekwensie van sodanige woorde baie hoog is, terwyl dit eintlik deel vorm van die vaste struktuur van die e-pos en nie so deur die outeur as deel van die boodskap gebruik is nie.

3.6.3.4 Die inhoud van die korpus

Die inhoud van die korpus is net so 'n kritiese faktor as byvoorbeeld die grootte van die korpus.

Rundell (1996a:4) stel dit duidelik dat die waarde van enige korpus as 'n bron van linguistiese data direk verband hou met die inhoud daarvan. Hy sê dat veralgemenings wat gemaak kan word oor 'n taal op grond van die korpusbewyse slegs so goed sal wees as die korpusbewyse wat gebruik word. Hy noem dit 'n variasie van die welbekende spreekwoord "garbage in, garbage out". Volgens Rundell (1996b:199) is daar dikwels beduidende en sistematiese variasies in die wyse waarop taal manifesteer in verskillende tekstipes ten opsigte van onder andere leksikale keuses, die grammatikale patrone en diskoersstrukture. As 'n leksikograaf onderstreep Rundell (1996a:4) die belangrikheid van 'n groot korpus, maar terselfdertyd ook 'n wye verskeidenheid van tekstipes alvorens 'n korpus as 'n 'goeie' korpus geklassifiseer kan word en veralgemening ten opsigte van tiperende taalgebruik daarvan gemaak kan word: Hy gee toe dat hierdie stelling teoreties is waarna gestreef moet word, maar dat dit nie altyd prakties haalbaar is nie omdat praktiese beperkinge soos byvoorbeeld 'n tekort aan tyd en finansies, die beskikbaarheid van masjienleesbare teks, en probleme met kopiereg almal daartoe bydra dat kompromieë nodig word (Rundell, 1996(a):4).

As gevolg hiervan kies die ontwerpers van korpora om verskillende posisies te beklee op 'n kontinuum met twee ekstreme wat breedweg geklassifiseer kan word as die opportunistiese benadering tot korpusontwerp waar alle data

wat beskikbaar is, versamel word, en die prinsipiële benadering, waar toepaslike teks versamel word om te pas by 'n sorgvuldig ontwerpte spesifikasie. Weereens is dit nie altyd moontlik om slegs een van die metodes te gebruik nie en daarom verduidelik Rundell (1996a:5) dat die meeste korpora tot 'n mate van beide hierdie benaderings gebruik maak.

Hunston (2002:26) is van mening dat besluite wat geneem moet word ten opsigte van die inhoud van die korpus nie alleen berus op die doel waarvoor die korpus ontwerp word nie, maar ook op dit wat beskikbaar is.

Die onderhawige navorsing het dit ten doel om 'n sorgvuldig ontwerpte korpus saam te stel wat so na as moontlik verteenwoordigend is van drie genres van Internetafrikaans, naamlik: E-posafrikaans, Kletsafrikaans en Webtuiste-Afrikaans, soos wat dit op 'n gegewe tydstip op die Internet gebruik is.

Dit word dus duidelik waarom korpora so belangrik is vir die toegepaste linguistiek. 'n Korpus vertel vir ons hoe 'n taal lyk en wat 'n taal kan wys in verband met die konteks waarbinne dit gebruik word. Korpora word dikwels beskryf as 'n gereedskapstuk en die ontwikkeling van die korpuslinguistiek word selfs vergelyk met die ontwikkeling van die teleskoop in die geskiedenis van die astronomie. (Stubbs,1996 in Hunston, 2002:20.)

3.7 SINTESE

Die doel van hierdie hoofstuk was om 'n teoretiese agtergrond te verskaf oor die korpuslinguistiek en te motiveer waarom korpuslinguistiek as dataverwerkingsmetode vir hierdie navorsing geskik is. Die gebruik van die WordSmithkonkordansieprogrammatuur word toegelig en kwessies rondom die ontwerp en saamstel van die korpus, die grootte daarvan, of die korpus staties of dinamies is en ook die verteenwoordigendheid van die korpus is bespreek. Spesifieke vermelding na die stand van die korpuslinguistiek binne navorsing oor Afrikaans word ook gemaak.

Die volgende hoofstuk handel oor die metodes van dataversameling wat vir hierdie navorsing gebruik is.Spesifieke detail inligting betreffende die dataversameling vir elk van die verskillende internetsituasie wat onder die loep kom, word verskaf sodat ondersoek ingestel kan word na hoe geskrewe taal gebruik en aangepas word na gelang van die verskillende internetsituasies. Daar word aandag geskenk aan hoe die veranderlikes van sinchronisiteit, wyse van uitdrukking en situasie 'n invloed het op hoe teks as kommunikasiemedium gebruik word. Dit gaan daaroor om te kan aandui of daar spesifieke 'e-styl'-kenmerke geïdentifiseer kan word in elk van die internetsituasies ten opsigte van die wyse waarmee daar met taal omgegaan is.

HOOFSTUK 4
DATAVERSAMELING

4.1 INLEIDING

Om uiteindelik te kan bepaal of die Internet eiesoortige taalstrukture vertoon en só 'n onderskeibare variëteit, naamlik Internetafrikaans, genereer, is 'n beskrywing van die taalgebruik van die Afrikaanse internetkorpus noodsaaklik. Hierdie hoofstuk beskryf die metodes wat gebruik is vir die versameling en verwerking van die data asook die etiek rondom die versamel en hantering van internetdata. Data is versamel uit drie verskillende internetgenres naamlik: webtuistes, e-pos en sinchroniese kletskamers wat elk 'n eiesoortige dataversamelingproses vereis het. Die keuse van genres vir die doel van hierdie navorsing is geneem met die veronderstelling dat hierdie genres deur 'n groot hoeveelheid aanlyngebruikers gebruik word.

Vervolgens word die etiek rondom die versamel en gebruik van elektroniese data bespreek. Daarna word 'n beskrywing gegee van die algemene metodes wat gebruik is vir die versameling en verwerking van die korpus en die spesifieke metodes wat vir die versameling van elke genre gebruik is, word ook bespreek.

4.2 ETIESE OORWEGINGS BY DIE VERSAMEL EN HANTERING VAN ELEKTRONIESE DATA

Voordat daar met die versameling van data begin is, was dit nodig om te bepaal watter tipe data op 'n eties verantwoordbare wyse versamel en hanteer kan word. Gevestigde riglyne vir die versamel en hantering van data maak nie juis voorsiening vir die elektroniese medium nie. Herring (1996);

Baron (2001); Crystal (2001); Danet (2002); en Hård af Segerstadt (2002) bespreek almal die kwessie rondom die skending van privaatheid tydens die versamel en bestudering van e-posboodskappe. Die probleem skyn te wees dat, indien e-pos gebruik word, daar toestemming van beide die sender en die ontvanger van die boodskap verkry moet word voordat dit gebruik mag word. Dit is nie altyd moontlik nie en soos wat Danet (2002:15 e.v.) noem, gaan daar dikwels lang tydperke verby voordat die data wat versamel is gebruik word of bevindinge daaromtrent gepubliseer word. (In Danet se geval het vyf jaar verloop vandat sy die data versamel het totdat sy dit gebruik het in haar boek *Cyberpl@y: Communicating Online*.) In so 'n geval is dit dikwels onmoontlik om kontak te maak met die betrokke partye en indien dit tog moontlik is, het die persone al lankal vergeet dat so 'n spesifieke boodskap gestuur is.

Mann en Stewart (2000) omlyn 'n etiese raamwerk vir kwalitatiewe navorsing van internetkommunikasie en verskaf die volgende beginsels wat in oorweging gebring behoort te word in die hantering van hierdie tipe data:

- Persoonlike data behoort net vir een geldige rede versamel te word.
- Persone behoort toegang te hê tot die data oor hulself.
- Die bestaan van 'n databank behoort bekend gemaak te word.
- Persoonlike data behoort beskerm te word teen risiko's soos ongemagtigde toegang en verandering daaraan.
- Persoonlike data behoort nie na buite gekommunikeer te word sonder die toestemming van die betrokke persoon nie.

Herring (1996) en ook Danet (2002) spreek kritiek uit rondom die kwessie van die noodsaaklikheid om toestemming te verkry om privaat e-pos te bestudeer. Hulle is beide van mening dat dit nie soseer gaan om die inhoud van die e-pos nie, maar die manier waarop dit linguisties aangebied word: "the focus of linguistic investigation is generally on the form rather than on the content of the utterances. Linguistic form is considered something speakers do not consciously produce, so much as it reflects a general competence they possess as speakers of their language. Correspondingly, their individual

identities and linguistic quirks are generally of less interest than their membership in the group of speakers whose language is being studied" (Herring 1996(c):155). In dieselfde trant skryf Danet (2002:33) dat indien die inhoud van die e-pos as sulks nie die onderwerp van bestudering is nie, maar eerder die linguistieke en tekstuele vorm daarvan en een of beide van die outeurs nie gekontak kan word nie, die publukasie van dele van die e-pos nie as skending van die regte van daardie individue beskou moet word nie.

'n Plaaslike regsgeleerde, advokaat Hugo Pienaar (2004), het as volg regsadvies verskaf in verband hiermee: wanneer 'n persoon e-pos stuur verloor sodanige persoon die eienaarskap van daardie boodskap en word dit die eiendom van die ontvanger van die boodskap. Indien die ontvanger van die boodskap toestemming gee dat die boodskap gebruik mag word vir navorsing en geen party of instansie deur die gedeeltelike of volledige gebruik van die boodskap benadeel word nie, mag sodanige e-pos wel gebruik word.

Alhoewel Mann en Stewart (2000) se kriteria as riglyne gebruik is in hierdie studie, word Danet (2002:32-38) se meer resente riglyn ook as uitgangspunt vir hierdie navorsing gebruik. In die geval van die onderhawige navorsing is daar gebruik gemaak van persoonlike privaat e-pos, e-pos gestuur binne korporatiewe opset, sowel as pos na 'n bulletinbord. Persone wat betrokke was by die versameling van die data is vooraf ingelig oor die aard van navorsing en het skriftelik toestemming gegee dat die e-posdata wat deur hulle aan my verskaf is gebruik mag word vir die doel van hierdie navorsing.

Wat kletskamers betref, blyk die probleem nie so groot te wees nie. Dit is heeltemal onmoontlik om die toestemming te verkry van elke persoon wat aan die kletskamersessie deelneem. Daar is navorsers wat meen dat die navorser betrokke behoort te wees by die kletssessie en dat al die deelnemers in kennis gestel moet word dat die sessie gebruik gaan word vir navorsingsdoeleindes (Hård af Segerstadt, 2002:80). Geldige kritiek teen hierdie metode is dat, indien die deelnemers aan die kletssessie bewus is daarvan dat die sessie gebruik gaan word vir taalnavorsing, die keuse van

onderwerpe en moontlik ook die taalgebruik van daardie spesifieke kletssessies beïnvloed kan word.

Wanneer die besoekers aan die kletskamer aansluit, word hulle deur middel van 'n sisteemboodskap herinner dat hulle deelneem aan 'n forum wat 'n publieke domein is en dat enige persoon met toegang tot die Internet hulle bydraes mag lees. Danet (2002:34) se mening in verband hiermee is dat indien die kletskamer, bo en behalwe 'n aantal gereelde besoekers, ook 'n hoë besoekersfrekwensie toon, dit onmoontlik sal wees om alle lede te identifiseer en toestemming te verkry. Daar word voorgestel dat óf die leier van so 'n kletsgroep, óf 'n verteenwoordiger se toestemming verkry word om die data te kan gebruik. Die feit dat deelnemers bewus daarvan is dat die gesprek waaraan hulle deelneem deur enige persoon gevolg en van die Web afgelaai kan word, dien reeds al as 'n mate van goedkeuring. Vir die doel van hierdie navorsing is studente wat gereeld aan kletssessies deelneem, gevra om sessies waarby hulle betrokke is af te laai en beskikbaar te stel vir hierdie navorsing. Die persone is nie gevra om hulle skuilname aan die navorser bekend te maak nie.

Om data van webtuistes te versamel is, in teenstelling met bogenoemde genres, nie problematies nie. Omdat webtuistes op die Internet gepubliseer word met die publiek as teikengroep en daar geen beperking geplaas word op hoeveel persone dit onder oë kry of hoeveel inligting van die webblad afgelaai word vir latere gebruik nie, was dit nie nodig om toestemming van die webmeesters te verkry om die data wat versamel is te gebruik nie.

4.3 ALGEMENE NAVORSINGSMETODOLOGIE

Die doel van hierdie navorsing was om te bepaal hoe die drie verskillende genres van rekenaarondersteunde kommunikasie die taal wat gebruik word, beïnvloed. Beide die kommunikasiesituasie en die doel van die kommunikasie verskil in die drie genres. Die verskillende gebruiksituasies vereis variasie in

die taalgebruik en die style wissel van formeel tot informeel. Die data is verteenwoordigend van kommunikasie op verskillende vlakke van sinchronisiteit, van verskillende wyses waarop boodskappe of inligting geplaas of gestuur word, van verskillende verhoudings tussen sender en ontvanger van die boodskap en van verskillende kommunikasiedoelwitte. Al hierdie faktore sal 'n invloed uitoefen op die taal-in-gebruik van die onderskeie genres wat onder bespreking kom in hierdie navorsing. Die data van die verskillende genres is kwantitatief geanaliseer met behulp van die WordSmith woordelys- en konkordansiefunksie. Die tekste is ook per hand geanaliseer en daar is beskrywend te werk gegaan om gebruikspatrone te kan identifiseer.

As gevolg van die dinamiese aard van taal en die snelle ontwikkeling van die elektroniese medium, wil hierdie navorsingsverslag nie 'n veralgemening ten opsigte van die resultate maak nie. Die bedoeling is ook nie om sonder meer te aanvaar dat die patrone wat hier raakgesien word 'n gegewe is en as verteenwoordigend van alle vorme van Internetafrikaans binne die verskillende genres gesien kan word nie. Daar kan egter met stelligheid gesê word dat die korpus groot genoeg is sodat insig verkry kan word oor bepaalde patroonmatighede en eiesoortighede van geskrewe Afrikaans in hierdie drie genres gedurende die tydperk waarin die data versamel is.

4.4 SELEKSIEMETODES VIR DATA: DRIE VERSKILLENDE INTERNETGENRES

Vervolgens word daar aandag geskenk aan die seleksiemetodes vir die data van die e-pos- kletskamer- en webtuistekorpora onderskeidelik.

4.4.1 E-pos

Die data vir hierdie genre bestaan uit e-posboodskappe wat wissel van informele persoonlike briefwisseling tot e-posboodskappe binne die formele

sektor, versamel met behulp van 'n netwerk familie, vriende en kennisse, asook boodskappe na 'n bulletinbord van 'n akademiese instansie. Soos reeds aangetoon, het alle persone wie se boodskappe vir hierdie navorsing gebruik is, skriftelik toestemming verleen dat die data gebruik mag word vir navorsingsdoeleindes.

Die versamelde datastel bestaan uit 139 e-poslêers met 309 boodskappe wat 'n totaal van 75 296 woorde bevat. Hierdie e-posboodskappe is tussen Maart 2003 en Maart 2004 versamel. Vir koderingsdoeleindes is elke e-posboodskap in die e-posdatabasis voorsien van 'n kopstuk waarin die spesifieke boodskap genommer is, byvoorbeeld **eposoo1** en daar word deurgaans van hierdie kode gebruik gemaak wanneer daar na 'n spesifieke e-posboodskap verwys word. Alle groete, opskrifte en slotte is ook spesiaal gemerk voordat die data op kwantitatiewe wyse deur die WordSmithprogram geanaliseer kon word. ('n Volledige beskrywing van hierdie data word in Hoofstuk 5 gegee.)

4.4.2 Kletskamers

Die dataversamelingsfase met die oog op hierdie navorsing is soos volg verkry: toegang is met behulp van studente verkry tot die volgende kletskamers: #tarentaal, #geselshoekie en #girls.inc sodat die taalgebruik soos wat dit spontaan daar manifesteer, gemonitor kon word.

Die totale kletskamerkorpus bestaan uit 40 kletssessies (52 uur klets in totaal) en 'n totaal van 68 329 woorde. Hierdie kletssessies is gedurende Maart 2003 tot Maart 2004 versamel. Vir koderingsdoeleindes is elke kletssessie ook voorsien van 'n kopgedeelte wat soos volg genommer is: **chat001**. (Die woord kletskamer was te lank vir die kopgedeelte en daarom is van die Engelse ekwivalent *chat* gebruik gemaak.)

'n Volledige beskrywing van hierdie data en hoe dit aangepas word om te voldoen aan die eise van die elektroniese medium word in Hoofstuk 5 gegee.

Die primêre doel is om aan te dui tot watter mate opvallende patroonmatige taalvariasie in hierdie variëteit manifesteer en om uiteindelik in samehang met die ander genres uitspraak te kan lewer of die Internet 'n onderskeibare variëteit, naamlik Internetafrikaans, genereer.

4.4.3 Webtuistes

Vir die doel van hierdie navorsing is daar gebruik gemaak van die portaal www.DieKnoop.co.za. *DieKnoop* is 'n naslaangids met toegang tot meer as 1000 Afrikaanse bestemmings op die Internet en is in 2004 al meer as 1.6 miljoen keer besoek. Besoekers gebruik die soekfasiliteit bo-aan die bladsy om 'n soektog uit te voer wat 'n lys Afrikaanse webbladsye oplewer. Volgens die samesteller word daar gepoog om elke dag 'n nuwe Afrikaanse skakel by te voeg en baie besoekers maak daagliks 'n draai om te sien wat nuut is. (Inligting verkry op die webblad.) *DieKnoop* bestaan reeds sedert 1996 en is 'n uitstekende plek vir adverteerders om Afrikaanssprekendes te bereik. 'n Groot verskeidenheid Afrikaanse materiaal word op *DieKnoop* gelys. Die feit dat 'n skakel geplaas word, beteken nie dat die saamstellers die standpunte ondersteun wat gepubliseer word op die bladsye waarheen die skakels lei nie. Geen organisasie geniet voorkeur nie, sommige is net bedrywiger in Afrikaans as ander. Die saamstellers behou die reg voor om skakels na hulle eie goeddunke te plaas of af te haal.

Omdat die inhoud van *DieKnoop* nie statiës is nie, maar daagliks kan verander, is die data versamel oor 'n tydperk vanaf Februarie 2004 tot April 2004. Op 08 Februarie 2004 is die hoofskakels (indeks) soos wat dit op daardie datum verskyn het, afgelaai. Tussen 08 Februarie 2004 en 15 April 2004 is al die webbladsye wat vir die steekproef geïdentifiseer is, besoek en is die inligting wat op die betrokke datum op daardie webbladsye verskyn het afgelaai en gestoor vir latere gebruik. Die korpus vir webtuistes bestaan uit 87 webtuistes met 'n taal van 95 906 woorde.

Vir koderingsdoeleindes is elke webtuiste voorsien van 'n nommer, byvoorbeeld **web001,** wat as verwysing gebruik word wanneer daar na spesifieke webbladsye of uittreksels daarvan verwys word.

Die hoofskakels in *DieKnoop*-indeks het op 8 Februarie 2004 soos volg daar uitgesien:

1. Gebeurtenisse
2. Die Nuus
3. Sakenuus
4. Internetportale
5. Bladsye oor Afrikaans
6. Speltoetsers, Woordelyste en Woordeboeke
7. Letterkunde
8. Uitgewers en Boekwinkels
9. Besprekingsgroepe en Poslyste
10. Nuusbriewe
11. Televisie en Radio
12. Koerante en Tydskrifte
13. Besighede
14. Politieke Partye en Kultuurgroepe
15. Werk en Loopbane
16. Biblioteke
17. Museums
18. Dorpe, Stede en Kuberdorpe
19. Toerisme en Akkommodasie
20. Namibië
21. Afrikaans in die Buiteland
22. Sang, Musiek en Vermaak
23. Humor
24. Sport en Speletjies
25. Stokperdjies en Klubs
26. Kuns
27. Hulp, Raad en Wenke

28. Etenstyd
29. Gesondheid
30. Vroue
31. Huwelik, Ouerskap, Gesinslewe en Lewensverryking
32. Genealogie en Familiebladsye
33. Vir die Jongspan
34. Persoonlike Tuisblaaie en Biografieë
35. Opvoedkundige Instellings
36. Rekenaars en die Internet
37. Landbou
38. Regering
39. Geskiedenis
40. Die Voortrekkers
41. Allerlei
42. Vertel ons van nuwe Afrikaanse Bladsye
43. Kommentaar, Terugvoer en/of Groete.

Elk van hierdie hoofskakels bestaan uit 'n aantal webtuistes wat weer enige aantal webbladsye kan beslaan. So bestaan die skakel *Bladsye oor die Afrikaanse Taal* uit 46 verskillende webwerwe waarvan elkeen weer uit 'n aantal webbladsye bestaan. Nie al die webbladsye is noodwendig altyd aktief of word gereeld opgedateer nie. Ter wille van steekproefneming is daar vir elke 25 webtuistes onder 'n hoofskakel, die twaalfde webtuiste (of naaste daaraan wat aktief is) gebruik. Indien die webtuiste uit meer as een webblad bestaan is alle webblaaie by die data ingesluit.

Tabel 4.1 verskaf 'n oorsig oor die samestelling van die totale korpus, bestaande uit e-pos, kletskamers en webtuistes.

	E-POS	KLETSKAMERS	WEBTUISTES	TOTALE KORPUS
Aantal inskrywings	309	40	87	
Aantal woorde	75 296	68 329	95 906	239 531

Tabel 4.1 Oorsig oor die grootte van die totale korpus

4.5 SINTESE

Hierdie hoofstuk het ook 'n oorsig verskaf oor hoe die data gekies is, die metodes wat gebruik is vir die versameling en verwerking daarvan en ook die etiese kwessies rondom die versamel en gebruik van elektroniese data. Alhoewel die doel met hierdie navorsing is om vas te stel of daar sekere patrone is wat manifesteer in die taal soos wat dit in onder andere webtuistes, kletskamers en e-pos gebruik word, moet daar in gedagte gehou word dat hierdie versamelde korpus, maar net 'n druppel in die emmer is van alle e-pos wat daagliks in Afrikaans gestuur word, alle kletssessies waaraan in Afrikaans deelgeneem word en alle webbladsye wat in Afrikaans op die Internet geplaas word. Alhoewel hierdie korpus verskillende gebruiksfere van Internetafrikaans verteenwoordig, gee dit nie voor om verteenwoordigend van Internetafrikaans oor die algemeen te wees nie.

In die volgende hoofstuk word daar aandag geskenk aan die bespreking van die verskillende genres en hoe die taalgebruik in elke van hierdie genres manifesteer.

HOOFSTUK 5
DATABESPREKING EN -INTERPRETASIE

5.1 INLEIDING

Uit die bespreking van internettaalpatrone in Hoofstuk 2 word dit duidelik dat, om dit te probeer verklaar deur 'n blote argument rondom tradisionele assosiasies tussen geskrewe en gesproke taalgebruik, nie voldoende is wanneer internettaalgebruik nagevors word nie.

Teen hierdie agtergrond, was dit tot nou toe belangrik om ondersoek in te stel na die linguistiese eienskappe van die sogenaamde 'elektroniese revolusie'. Dit is ook belangrik om tot 'n gevolgtrekking te kan kom of die manier waarop internettaalgebruik, in die besonder die gebruik van Afrikaans in hierdie medium, werklik só verskillend is van linguistiese gedrag in ander domeine dat dit waarlik as revolusionêr beskryf kan word.

Die oorhoofse doel met hierdie hoofstuk is om op kwantitatiewe en kwalitatiewe wyse vrae te beantwoord na wat die gedeelde eienskappe van taal is wat aan die gemeenskap van gebruikers 'n gevoel van identiteit verskaf en om die eiesoortige taalpatrone hierin te probeer raaksien. Verder gaan dit ook daaroor om die vraag beantwoord te kry of die gebruik van die elektroniese medium werklik 'n bepalende invloed uitoefen op die manier waarop mense met mekaar kommunikeer en op die wyse waarop taal vir hierdie doel gebruik word. Verhoef (2001:5) is van mening dat dit juis die *taalgebruik* in hierdie virtuele werklikheid is wat subkulture aan mekaar hou en wat veroorsaak dat mense verbonde aan dié kulture daarin in-en uitgedefinieer word.

Internettaalgebruik gaan om veel meer as net blote rekenaarjargon en die geleentheid om anoniem in 'n aanlynsituasie met 'n groep internetgebruikers

te kan kommunikeer. Dit gaan in hierdie ondersoek daarom om saam met Verhoef (2001) kennis te neem van die manier waarop die elektroniese kommunikasiemedium 'n aantoonbare invloed op hedendaagse taalgebruik uitoefen. Verhoef (2001:4) se siening hieromtrent is dat die stippelgrense tussen reële werklikheid vervaag wat woord- en taalgebruik betref wanneer kommunikasie deur middel van die elektroniese medium plaasvind.

Die doel van hierdie hoofstuk is dus om die homogeniteit van die drie internetgenres te bepaal om sodoende die vraag te kan beantwoord of die Internet as homogene linguistiese medium kenbaar word in hierdie korpus en of daar eerder 'n versameling van onderskeie variëteite waargeneem kan word.

Vervolgens word daar eerstens 'n oorhoofse statistiese analise aangebied (5.2) waarna die individuele veranderlikes aan die hand daarvan bespreek word (5.3 en verder).

5.2 STATISTIESE ANALISE

Wat die werkwyse betref is 'n korrespondensie-analise op die drie korpora gedoen, met die veranderlikes en die waardes wat in Tabel 5.1 saamgevat word. Hierdeur is dit moontlik om die verskil tussen die onderskeie registers te bepaal asook watter onafhanklike linguistiese veranderlikes bydraes lewer tot die onderskeiding tussen die korpora. Data vir die verspreiding van internettaalpatrone is verkry deur met behulp van WordSmith sekere lyne te onttrek. Sowel die woordelysfunksie as die konkordansiefunksie is vir hierdie doel gebruik. Die opsommende waardes in Tabel 5.1 is verkry uit die analise van die individuele veranderlikes wat in afdelings 5.3 - 5.11 van hierdie hoofstuk bespreek word. Die veranderlikes word bespreek deur telkens gebruik te maak van 'n opsommende tabel van waardes en ook 'n grafiese voorstelling (waar van toepassing). Relatiewe frekwensie per duisend woorde is gebruik vir elk van die veranderlikes.

	Klets	E-pos	Web
TTR	109.8	127.7	118
selfstandige naamwoorde	74.38	126.45	165.15
vokatiewe	107.57	2.99	1.53
onbepaalde lidwoorde	6.2	16.5	16.8
bepaalde lidwoorde	12.7	51.5	53.8
1e persoon voornaamwoorde	35	35.4	22
2e persoon voornaamwoorde	26.3	12.5	18.6
3e persoon voornaamwoorde	12.2	16	14
kragwoorde	2.4	0.12	0.01
kodewisseling	191.4	32.5	52.6
verlede tyd	5.1	11.2	10.3
verkort	12.0	1.3	1.1
skryfteken-weglating	6.2	0.6	0.5
voorsetsels	14.6	30.9	32.1
tydadjunkte	11.4	5.2	4.9
plekadjunkte	14.5	45.6	50.6
tussenwerpsels en randstukke	16.5	1.5	1.1
neweskikkers	17.5	40.1	34.7
onderskikers	3.4	7.1	6.8
bywoordelike verbinders	5	6.2	7

Tabel 5.1 Opsommende waardes van veranderlikes wat in die statistiese analise gebruik is (relatiewe frekwensie per 1000 woorde word gebruik waar toepaslik)

Uit die korrespondensie-analise is dit in die eerste plek duidelik dat daar besonder beduidende statistiese verskille is tussen die distribusie van waardes vir die verskillende veranderlikes, met 'n X^2-waarde van 48 461,6 (df=38, p<0,001).

Wat die aard van bewese verskille tussen korpora betref, is dit duidelik dat die kletskamers baie verskil van die ander twee registers, hoewel daar tog ook verskille tussen die ander twee registers onderling opgemerk word. Die opsommende inligting van die verskil tussen kletskamers, e-pos en webtuistes word deur middel van 'n tweedimensionele koördinatestel van die drie registers grafies in Figuur 5.1 voorgestel:



Figuur 5.1 Tweedimensionale koördinatestel van die drie registers

Dimensie 1 onderskei tussen kletskamers en die ander twee registers. Die kletskamers het 'n hoë positiewe waarde op die x-as, terwyl beide die ander twee registers 'n negatiewe waarde het. Die x-as stel die eerste dimensie van

die verskil tussen die registers voor, en is vir 97,57% van die totale onderskeid tussen die verskillende registers verantwoordelik. Hoewel dimensie twee, op die y-as, slegs 2.43% van die totale verskil bydra, is hierdie verskil nogtans opsigself beduidend, met 'n bydrae van 751,53 tot die totale waarde van die X^2 wat in die statistiese ontleding verkry is.

Korrespondensie-analise maak dit moontlik om ook vas te stel watter onafhanklike (linguistiese) veranderlikes groter bydraes lewer tot die onderskeiding tussen die korpora. Koördinaatwaardes en relatiewe bydraes van veranderlikes op die eerste en tweede dimensies van die korrespondensie-analise word in Tabel 5.2 weergegee

	Koördinaat. Dim.1	**Koördinaat. Dim.2**	**Relatiewe Inertia**	**Inertia Dim.1**	**Inertia Dim.2**
TTR	-0.145	0.079	0%	0%	0%
selfstandige nw	-0.360	-0.090	10%	10%	25%
vokatiewe	1.190	0.042	33%	34%	2%
onbepaalde lidw	-0.457	0.037	2%	2%	0%
bepaalde lidw	-0.559	0.023	8%	8%	1%
1e persoon vnw	-0.004	0.227	1%	0%	40%
2e persoon vnw	0.167	-0.094	0%	0%	4%
3e persoon vnw	-0.186	0.104	0%	0%	4%
kragwoorde	1.175	0.086	1%	1%	0%
kodewisseling	0.649	-0.056	24%	25%	7%
verlede tyd	-0.387	0.089	1%	1%	2%
verkorting	0.906	0.070	2%	2%	0%
skryfteken weglating	0.971	0.050	1%	1%	0%
voorsetsels	-0.393	0.027	2%	3%	0%
tydsadjunkte	0.312	0.057	0%	0%	1%
plekadjunkte	-0.510	-0.010	6%	6%	0%
tussenwerpsels en randstukke	1.001	0.059	4%	4%	1%
neweskikkers	-0.392	0.121	3%	3%	11%
onderskikkers	-0.376	0.068	1%	1%	1%
bywoordelike verbinders	-0.213	-0.011	0%	0%	0%

Tabel 5.2 Koördinaatwaarde en relatiewe bydraes van veranderlikes op die eerste en tweede dimensies van die korrespondensie-analise.

Die koördinaatwaardes stel voor hoe naby of hoe ver 'n bepaalde veranderlike aan 'n spesifieke register is, en gee dus 'n aanduiding van watter veranderlikes meer tipies van 'n bepaalde register is. Verder word daar ook relatiewe Inertia-waardes gerapporteer, wat aandui watter proporsie van die totale verklaring wat in 'n dimensie opgesluit lê, toegeskryf kan word aan 'n spesifieke veranderlike.

Figuur 5.2 verskaf 'n grafiese tweedimensionele voorstelling van koördinate van veranderlikes.



Figuur 5.2 Tweedimensionele voorstelling van koördinate van veranderlikes

Uit die inligting in Tabel 5.2 is dit duidelik dat die gebruik van vokatiewe en kodewisseling verreweg die belangrikste kenmerkende eienskappe van kletskamers is, en alleen vir onderskeidelik 34% en 25% (59% totaal) van die verklaring van Dimensie 1 verantwoordelik is. Die gebruik van selfstandige naamwoorde onderskei e-posse en webtuistes verder van kletskamers.

Verdere kan daar ook kennis geneem word van kleiner bydraes deur bepaalde lidwoorde, plekadjunkte, tussenwerpsels, voorsetsels en neweskikkers tot hierdie onderskeid veranderlikes wat kenmerkend is van kletskamers (d.w.s., veranderlikes met 'n redelike persentasie bydrae tot die Inertia van Dimensie 1).

Dimensie 2 onderskei hoofsaaklik tussen eposse en webblaaie. Die vernaamste kenmerke wat tot die onderskeid bydra is eerstepersoonsvoornaamwoorde, selfstandige naamwoorde en neweskikkersmet kleiner bydraes deur kodewisseling, en tweede- en derdepersoonsvoornaamwoorde. Neweskikkers, selfstandige naamwoorde en eerstepersoonsvoornaamwoorde is saam vir 76% van die verklaring van Dimensie 2 verantwoordelik.

Hoewel dimensie 1 veel sterker is as dimensie 2, is dit tog lonend om nader te kyk na die aard van die verskille tussen webtuistes en e-posse. Veranderlikes met positiewe waardes op die y-as is meer kenmerkend van e-posse, terwyl die negatiewe waardes geassosieer kan word met webtuistes. In terme hiervan, is die belangrikste veranderlikes om tussen hierdie twee registers te onderskei die gebruik van eerstepersoonsvoornaamwoorde en ook neweskikkers wat baie kenmerkend van e-posse is. Daar is ook 'n aantal veranderlikes wat kenmerkend van webtuistes is, waaronder selfstandige naamwoorde en tweedepersoonsvoornaamwoorde die belangrikste is, en verder kan plekadjunkte, en kodewisseling onderskei word. Dit is van belang om hier aan te dui dat die funksie wat kodewisseling in kletskamers en webtuistes onderskeidelik vervul wesentlik van mekaar verskil. In kletskamers kom kodewisseling voor as natuurlike en spontane verskynsel in die kommunikasie tussen kletskamergebruikers, terwyl die webbladouteur van kodewisselingstrategieë gebruik maak om so 'n groter teikengehoor te kan bereik.

In die volgende gedeelte volg die analise en beskrywing van die individuele veranderlikes. In die rapportering hiervan word gelet op taalverskynsels oor

die drie genres heen. In die aanbieding van die data word die volgende werkwyse gevolg:

1) Die voorkoms van die verskynsel (vergelykend oor die drie korpora) word weergegee in 'n tabel of figuur. (kwantitatief)

2) Daarna word die rol van die verskynsel in Internetafrikaans van nader beskou met voorbeelde uit die betrokke korporastel. (kwalitatief)

Alle frekwensietellings, gebaseer op die volledige teks vir elke genre is, tensy anders aangetoon, genormaliseer tot 'n gemeenskaplike basis wat beteken dat die voorkoms van verskynsels aangebied word as frekwensie en relatiewe frekwensie per 1 000 woorde van die teks,. Hierdie metode maak 'n direkte vergelyking van die relatiewe voorkoms van verskillende verskynsels oor die drie genres heen moontlik. Afgeronde frekwensies gee die relatiewe voorkoms van eienskappe — oor registers heen en relatief tot ander eienskappe — weer. Die gebruiksfrekwensies van die voorkoms van eienskappe word ook deur middel van grafieke weergegee.

5.3 A-NUMERIESE AANDUIDINGS VAN KOMPLEKSITEIT

5.3.1 Leksikale kompleksiteit - TTR (Tipe/teken verhouding)

Die verhouding tussen die aantal verskillende woordvorme of tipes ("types") en die aantal aaneenlopende woorde ("tokens") wat in 'n spesifieke datastel voorkom word die "type-token" (die verhouding van die aantal verskillende tekseenheidtipes ("type") en die totale aantal tekseenhede ("token")) ratio (TTR) genoem.

TTR vir die drie internetgenres word as 'n persentasie (type/token x 100) in Tabel 5.3 uiteengesit.

	Klets	E-pos	Web
Aantal woorde (TOKEN)	68 329	75 296	95 906
Verskillende woordvorme (TYPE)	7507	9617	11323
Gestandaardiseerde TTR op 250 woorde	**59.32**	**57.24**	**57.96**
TTR	**10.98**	**12.77**	**11.8**

Tabel 5.3 Type-token ratio

Bespreking

Volgens Biber, et al. (2000:53-54) is die TTR veral laag in gesproke taalgebruik aangesien die hoofdoel, soos in die geval van geskrewe taalgebruik, nie noodwendig die oordra van inligting is nie. Gesproke taal word spontaan geformuleer wat min tyd vir beplanning en variasie in woordeskat oorlaat. Herhaling is 'n tipiese eienskap van gesproke taal om die spreker te help beplan, vir die doel van beklemtoning, of om seker te maak dat die hoorder die boodskap ontvang.

In teenstelling met kletskamergesprekke waar tyd 'n beperkende faktor is en daar geen ruimte vir redigering is nie, kan die outeur van die e-posboodskap, en veral van die webtuiste, die teks redigeer totdat dit uiteindelik aan sy behoefte voldoen. Dit is nie nodig om gebruik te maak van die eerste leksikale keuse soos in die geval van die kletskamergesprek nie. Kletskamergebruikers neig daarom om van 'n meer beperkte reeks leksikale keuses gebruik te maak as die webtuiste-outeur wat die geleentheid het om uit 'n reeks moontlike leksikale items te kies. Die gevolg hiervan is dat die variasie in woordeskatgebruik in kletskamers meer beperk is as in e-pos en veral webtuistes. Ter ondersteuning hiervan kan ook verwys word na Chafe en

Danielewicz (1987:88) wat van mening is dat die woordeskat van gesproke taal 'n meer beperkte variasie vertoon as dié van geskrewe taal. Chafe en Danielewicz (1987:88-89) het ook bevind dat geskrewe taal 'n hoër TTR vertoon as gesproke taal – en dus minder leksikale variëteit -, ongeag of die gesproke taal gewone gesprekke of lesings is. Selfs al word die geskrewe taal nie geredigeer nie, is daar nog steeds meer tyd om 'n keuse ten opsigte van leksikale items te maak.

Uit die Afrikaanse internetdata wil dit voorkom asof die gemiddeldes vir die TTR redelik dieselfde is. Die gestandaardiseerde TTR op 250 woorde is selfs hoër vir kletskamers as vir e-pos en webtuistes onderskeidelik. Dit wil voorkom asof hierdie gemiddelde syfers teenstrydig is met wat beide en Biber (2000) en Chafe en Danielewicz (1987) se navorsing gelewer het in verband met TTR. In die geval van Internetafrikaans verhoog bydraende faktore soos die weglating van funksiewoorde, die verskeidenheid van spelvorme, asook die veelvuldige gebruik van afkortings, akronieme en assimilasie die TTR. So kom daar byvoorbeeld 32 variante van die woord *hallo* in die kletskamerkorpus voor. Tabel 5.4 hou ter illustrasie 'n verspreiding van die variante van *hallo* in die kletskamerkorpus voor:

Hallo	***Totaal per korpus***
hallllllllooo+	1
hallllllooooooo	1
Hallo	51
Halloa	1
halloooo	2
halloppl	1
Allos	1
Halo	1
Hello	193
helloooooooo	1
Helo	3
Heloo	3

Elllooo	1
Ello	52
elloloooo	1
Elloo	6
Ellooo	5
Elloooo	5
ellooooo	2
ellooooooooo	1
ellooooooooooo+	1
Ellos	2
Elo	11
Eloo	3
Elooo	1
Eloooo	3
elooooo	1
elooooooooo	1
elooooooooo	1
elooooooooo	1
elooooooooooo+	4
Totaal 32	

Tabel 5.4 Wisselvorme van 'hallo' in die kletskamerkorpus

Die omstandighede waartydens die teks geproduseer word en die mate waartoe redigering toegelaat word het 'n direkte invloed op die TTR van die teks. Omstandighede wat gekenmerk word deur sorgvuldige redigering, waar die gebruik van spesifieke leksikale keuses en 'n geïntegreerde tekstuele struktuur moontlik is — soos in webtuistes en tot 'n mindere mate e-pos — word gekenmerk aan 'n hoër TTR.

Volgens Biber (1988:104) kan hoë TTR frekwensies geassosieer word met hoë informasionele fokus en die omsigtige integrasie van inligting in 'n teks. TTR en woordlengte dien beide as merkers van hoë informasiedigtheid, en is ook merkers van baie spesifieke leksikale keuses wat gemaak word as gevolg van die spesifieke informasionele inhoud wat in 'n bepaalde konteks gebruik

word. Die hoë TTR in webtuistes hou dus direk verband met die groot aantal verskillende leksikale items in die tekste. Die variasie in die woordeskat reflekteer die uitgebreide gebruik van leksikale items met 'n baie spesifieke betekenis.

Die bevindings vir die tipe/teken-verhouding van die Afrikaanse internetgenres toon ooreenkomste met die bevindings van Biber, et al. (2000:53-54) in sy ondersoek na die *type-token* ratio vir vier kategorieë van die *LGSWE* korpus naamlik: gesprekke, fiksie, nuus en akademiese skryfwerk in Engels. Biber voer aan dat langer tekste baie woorde bevat wat herhaal word en daarom sal die TTR laer wees as in korter tekste. In die Internetafrikaans-korpus bevat webbladsye veel langer tekste as e-posboodskappe en kletskamerinskywings. Daar bestaan 'n groter moontlikheid dat woorde wat reeds gebruik is weer herhaal sal word. Dit sluit beide woorde in wat algemeen gebruik word soos *'die', "n', 'en',* asook woorde wat onderwerpsgebonde is.

Die mate van redigering wat kenmerkend is van die webtuistekorpus en ook van e-posse, en wat ooreenstem met geredigeerd geskrewe taal, verklaar die relatief hoër TTR waardes vir hierdie genres. Hierteenoor hou die TTR waarde van die kletskamerkorpus direk verband met funksiewoordweglating en vormlike variasie van dieselfde tipes (types) (in Tabel 5.4 hierbo geïllustreer) wat kenmerkend van hierdie genre is.

5.3.2 Lengte van grammatikale eenhede

Ter beantwoording van die sentrale vraag van hierdie navorsing, naamlik om te bepaal of die taalgebruikspatrone wat duidelik word by Internetafrikaans enigsins beduidend anders is oor die drie genres heen as die taalgebruikspatrone waaraan ons tradisioneel gewoond is in ander vorme van Afrikaans, word daar in hierdie navorsing ook aandag geskenk aan onder andere die lengte en uitleg van die e-posboodskap, die kletssessie en webtuiste. Tabel 5.5 verskaf 'n oorsig oor die gemiddelde teks-, paragraaf- en

sinslengtes van kletssessies, e-posboodskappe en webtuistes in die totale Afrikaanse korpus.

BOODSKAP	Klets	E-pos	Web
Aantal boodskappe	40	309	87
Aantal woorde	68 329	75 296	95 906
Gemiddelde woordlengte	4.1	4.83	4.48
Aantal sinne	286	2 639	4 427
Gemiddelde aantal sinne per inskrywing	6.7	8.5	50.8
Gemiddelde lengte per uiting	5.40		
Sinslengte		20.65	19.22
Aantal paragrawe		1841	1 796
Gemiddelde aantal paragrawe per inskrywing		5.95	20.6
Paragraaflengte		38.93	48.04

Tabel 5.5 Lengte van eenhede

Bevindings

- Webtuistes bevat die hoogste gemiddelde aantal sinne per inskrywing.
- Die gemiddelde woordlengte is die kortste by kletskamers.

Bespreking

Uit bogenoemde ontleding is sins- en woordlengte beduidend van sintaktiese en morfologiese kompleksiteit, terwyl paragraaflengte 'n aanduiding van tekstuele en moontlik informasiekompleksiteit is. Wat die lengte van die e-posboodskap betref, is die algemeen aanvaarde praktyk dat die boodskap maklik op 'n enkele rekenaarskerm sal inpas. Waar e-pos gebruik word vir kort boodskappe is dit nie moeilik om aan hierdie konvensie te voldoen nie.

Dit is veral belangrik dat die teks maklik leesbaar moet wees en dat dit nie 'n skerm vol aaneenlopende teks is nie. Crystal (2001:114) het bevind dat die gemiddelde lengte van die teks, uit 'n korpus van 50 boodskappe wat hy versamel het, 10.9 reëls was, maar doen nie verslag oor die aantal woorde per inskrywing nie. Hård af Segerstadt (2002:118) berig dat die Sweedse e-posboodskappe wat sy bestudeer het gemiddeld uit 63.71 woorde bestaan het.

Omdat e-posboodskappe tipies kort is en dikwels uit slegs een of twee sinne bestaan mag dit lyk asof die konvensies ten opsigte van paragrafering hier oortree word. Dit word uit die data duidelik dat, by langer boodskappe, daar egter konsekwent van paragrawe gebruik gemaak is, asook van kolparagrawe ("bullets") by lyste Ter illustrasie word die volgende e-posinskrywing waar daar van kolparagrafering gebruik gemaak is voorgehou:

- ***2.2*** *Vernoeming na die gebruikers van die gebou*
  ** Sekere sake moet in ag geneem word, sou 'n vernoeming na die gebruikers van die gebou oorweeg word:*
  - gebruikers skuif / wissel
  - meer as een fakulteit is dikwels gebruikers van die gebou
  - die naam moet nie 'n spesifieke gebruikersgroep verteenwoordig nie
  ** Dit moet dus 'n neutrale gebruikersnaam wees.*

  2.3 *Vernoeming met verwysing na die geskiedenis van die PUK*
  ** Die naam moet 'n tydperk in die PUK se geskiedenis weerspieël.*
  ** Die naam moet 'n mylpaal van die PUK weerspieël.*
  ** Die naam kan 'n spesifieke tema weerspieël.*
  ** 'n Persoon wat 'n direkte, konstruktiewe historiese verbintenis met die PUK het, kan vernoem word.* (epos220)

Crystal (2001:110) maak spesifiek melding van kolparagrawe as stilistiese eienskap van e-pos, wat voorheen as rare verskynsel in tradisioneel getikte en geskrewe dokumente voorgekom het.

E-posboodskappe is tipies korter as webtuistes en daarom is die gemiddelde aantal sinne en die gemiddelde aantal paragrawe beduidend minder by e-posinskrywings as by webtuistes. Alhoewel daar gemiddeld meer paragrawe per inskrywing by webtuistes voorkom as by e-pos en die gemiddelde paragraaflengte ook langer is in webtuistes as by e-pos, is die gemiddelde sinslengte langer en die gemiddelde aantal sinne per inskrywing meer by e-pos as by webtuistes. Die verklaring hiervoor kan gevind word aan die hand van die spesifieke doel waarvoor inskrywings by webtuistes gebruik word, naamlik die oordra van kennis en inligting. Dit is nie vir die outeur van die webtuiste noodsaaklik om die boodskap so kort as moontlik te hou of om dit so vinnig as moontlik op die skerm te laat verskyn nie. In terme hiervan vertoon e-pos dus meer integrasie van inligting as webtuistes. Net soos in die geval van tradisioneel geskrewe kommunikasie neem die outeur van die webtuiste sorg met die uitleg en saamstel van die teks. Paragrawe is tipies kort by e-posinskrywings en die sorgvuldige redigeringsproses soos by webtuistes kom nie by e-pos voor nie, wat tot gevolg het dat sinne soms baie lank is en min leestekens bevat. Die volgende e-posinskrywings is voorbeelde hiervan:

- *In verband met die vraestel **B**aie basies min of meer soos verlede jaar se vraestel 30 punteteorie oor telefoon ens. uit ons aantekeninge.* (epos024)

In bogenoemde voorbeeld het die outeur van die boodskap geen leestekens gebruik om die einde van sintaktiese eenhede aan te dui nie, behalwe aan die einde van die boodskap. Daar word ook slegs twee keer van 'n hoofletter gebruik gemaak om die aanvang van 'n nuwe sin aan te dui. Alhoewel dit voorkom asof dit 'n langer komplekse sin is, dui dit nie op groter sintaktiese kompleksiteit nie, maar slegs op ongeredigeerde skryfstyl.

- *Precius het my laat weet dat die totale pakket vir die mediese ondersoek R2400.0 per persoon sal beloop, dit sal gedoen word deur dieselfde groep wat dit die vorige keer gedoen het.* (epos114)

In bogenoemde voorbeeld het die outeur bloot gebruik gemaak van 'n komma om die skeiding tussen die twee sinne aan te dui. In die volgende voorbeeld (epos167) is daar as gevolg van die afwesigheid van leestekens sintakties slegs een sin wat uit 'n hoofsin en 'n aantal bysinne saamgestel is. Die skeiding tussen sinne in die boodskap sal deur middel van // aangedui word.

- *Hierdie is inligting wat my span nog soek // ons het 'n brainstorm gedoen om te bepaal wat se info ons benodig om 'n konstruktiewe bydrae te lewer met die oog op // die is almal se input // en is nie noodwendig 'n konsensus gevoel nie // (party van die dinge redeneer ons uit, // maar party individue voel hulle wil die antwoorde eerder by jou kry). // Ek vertrou jy vind dit in orde //*

  sterkte met die nuwe jaar.
  Leon(epos167)

In die kletskamerkorpus kom die oorgrote hoeveelheid bydraes sintakties gereduseer voor en bestaan dit uit óf enkel sinne, óf slegs uit sinsfragmente. Dikwels word dit ook gereduseer tot enkelwoordinskrywings en word die woordlengte ook gereduseer deur die gebruik van eiesoortige afkortings vir woorde wat nie oor die algemeen afgekort word nie. Die volgende fragment uit die kletskamerkorpus wat uit enkelsinne, sinsfragmente en soms net 'n woord bestaan dien as illustrasie hiervan:

- *<PiKKiE> hello ammal*
  <Stoffeltjie> erg pienk
  <goldielox> lo pikkie
  <goldielox> goed stoffs
  <goldielox> dansit fine
  <goldielox> jy kannit ma aantrek
  <PiKKiE> hi goldielox
  <Stoffeltjie> sukkel net met die ford himpie
  <Stoffeltjie> pikkie
  <goldielox> hoekom?

<PiKKiE> hello Stoffeltjie :)

<Stoffeltjie> oorlat hy nie moue het nie

<goldielox> oeeeee

<goldielox> seksie

<Stoffeltjie> maar ek hettie n forddd nie

<goldielox> het jy groot spiere?

<goldielox> ag damnnnnn

<Stoffeltjie> juis nie

<goldielox> dis jammer (chat008)

In die volgende fragmente is die inskrywings tipies gereduseer tot sinsfragmente, enkelwoordinskrywings en geluide. In die fragment (chat008) bestaan vyf van die sestien spreekbeurte uit geluide (lag) (**1-5** gemerk in fragment) en drie spreekbeurte uit slegs een woord (met vetdruk gemerk in fragment):

- *<pikkie> so iets dade*

  *<_Odomir> hehehe**(1)***

  <_Odomir> i dunno

  <_Odomir> ***anyway***

  <_Odomir> my nick is nou_Odomir

  *<_Odomir> lol**(2)***

  <dade> jy moes 'n /alias gemaak het

  *<amelie> lol**(3)***

  <amelie> alias freak

  *<pikkie> hehehe**(4)***

  *<_Odomir> hehehe**(5)***

  <pikkie> sies amelie

  <pikkie> jou nasty ding

  <_Odomir> dit sou werk...

  <_Odomir> ***lo;***

  <_Odomir> ***l*** (chat008)

- *<amelie>* ***elooooooooo***

<amelie> waars noekie

<PiKKiE> waars die ander??

<amelie> weet nie

<amelie> ons moet hulle kry

<PiKKiE> raai wat?

<amelie> ***wat?***

<PiKKiE> miertjie wil my ops gee in girls_inc

<amelie> ***nooit***

<PiKKiE> ***regtig***

<amelie> mmm

<PiKKiE> hello danielson

<danielson> hello pikkie

<PiKKiE> het jy darem gekry

<PiKKiE> lol

<danielson> ***ja***

<PiKKiE> ***wonnerlik***

<danielson> nadat jy my gehelp het

<PiKKiE> ***welkom***

<PiKKiE> hahah

<danielson> ***dankie*** (chat023)

Crystal (2001:156) ondersteun uit sy navorsing oor kletskamers ook die siening van Werry (1996:53) dat paragraaftipe inskrywings selde voorkom en woordlengte ook gereduseer word deur die gebruik van afkortings: "...there are several signs of a marked trend towards succinctness: paragraph–like divisions are extremely rare; contributions tend to be single sentences or sentence fragments; and word length is reduced through the use of abbreviations and initialisms." (Crystal, 2001:156). Omdat konvensionele punktuasie nie by kletskamerinskrywings betrokke is nie en dit eerder gaan om beurtneming word die waardes vir die kletskamers wat sins- en paragraaflengte betref nie gerapporteer nie. WordSmith se berekenings is gebaseer op fisiese eienskappe van die tipografie en leestekens wat die berekening ongeldig maak vir kletskamers. Die waarde van die gemiddelde lengte per uiting in die kletskamerkorpus is met behulp van die Perl

programmeringstaal bereken as 5,40 wat as geldige waarde aanvaar kan word vir sowel sinne as paragrawe- wat sinoniem met mekaar is in die kletskamerkorpus.

Die gemiddelde woordlengte in die Afrikaanse kletskamerkorpus is 4.1 letters per woord. Kletskamergesprekke kan duur van 'n paar minute kletstyd tot ure. Daar word geen beperking op die tydsduur of lengte (skermbladsy) geplaas nie en solank as wat die besoekers aktief klets, duur die gesprek voort. Kletssessie(001) het byvoorbeeld 03:26:19sek geneem terwyl kletssesie(020) slegs 32:42sek lank was. (Vergelyk ter illustrasie begin- en eindtye van die kletsessies in die aanhangsel, **klets2** soos ingesluit op die CD, in hierdie verband.)

Die mate van sinchronisiteit van die genre het ook 'n bepalende invloed op hoe die bydraes geformuleer word. Kommunikasie in 'n sinchroniese genre soos klets laat die deelnemers nie tyd toe om bepland te werk te gaan wanneer 'n uiting geformuleer word, of om 'n groot hoeveelheid inligting te verskaf soos in die geval van asinchroniese genres nie. Ten einde aktief betrokke te bly by die gesprek wat in die kletskamer plaasvind, moet die deelnemer so vinnig en bondig as moontlik tik. In die geval van asinchroniese genres soos e-pos en tot 'n groter mate webtuistes, het die sender van die boodskap tyd om die boodskap deeglik te beplan en te versorg voordat dit gestuur of op die Web geplaas word. 'n Vergelyking van die gemiddelde woordlengte oor genres heen asook die gebruiksfrekwensie van 1 letter tot 14+ letter woorde is 'n aanduiding van die invloed van sinchronisiteit op kommunikasie. Vergelyk Tabel 5.6 in hierdie verband.

	Klets		E-pos	Web
Hoeveelheid woorde		**68 329**	**75 295**	**95 906**
Gemiddelde woordlengte per karakter		**4.13**	**4.7**	**4.7**

	totaal per korpus	*per duisend woorde*	*totaal per korpus*	*per duisend woorde*	*totaal per korpus*	*per duisend woorde*
1-letter-woorde sonder 'n	*2259*	3.30	*1105*	1.46	*1650*	1.72
1-letter-woorde	2 683	**39.2**	2 351	**31.2**	3 269	**34.0**
2-letter-woorde	12 305	**180.0**	14 212	**188.0**	17 123	**178.5**
*3-letter-woorde sonder **die***	*17 552*	256.8	*17 476*	232.1	*20 837*	217.2
3-letter-woorde	18 423	**269.6**	21 354	**283.6**	25 999	**271.0**
4-letter-woorde	12 554	**183.7**	9 998	**132.0**	13 091	**136.4**
5-letter-woorde	7 608	**111.3**	6 325	**84.0**	8 122	**84.6**
6-letter-woorde	6 617	**96.8**	5 643	**74.9**	7 465	**77.8**
7-letter-woorde	3027	**44.3**	4 960	**65.8**	6 086	**63.4**
8-letter-woorde	1 655	**24.2**	3 190	**42.3**	4 500	**46.9**
9-lette-woorde	1 215	**17.7**	2 474	**32.8**	3 461	**36.0**
10-letter-woorde	644	**9.4**	1 616	**21.4**	2 563	**26.7**
11-letter-woorde	341	**4.9**	1 148	**15.2**	1 567	**16.3**
12-letter-woorde	999	**14.6**	719	**9.5**	1 008	**10.5**
13-letter-woorde	79	**1.1**	412	**5.4**	566	**5.9**
14+-letter-woorde	56	**0.8**	295	**3.9**	328	**3.4**

Tabel 5.6 Gemiddelde woordlengte oor genres heen

Bevindings

- Die gemiddelde woordlengte per karakter is korter by kletskamers as by e-pos en webtuistes.
- 1-lettter tot 6-letter-woorde word gemiddeld meer gebruik by kletskamers as by e-pos en webtuistes.
- 12-letter-woorde word gemiddeld meer gebruik in kletskamers as in die ander twee genres.

Bespreking

Oor die algemeen is die gemiddelde woordlengte by kletskamers korter as dié by e-pos en webtuistes. (8 uit 14 gevalle). Leksikale verkorting en die gebruik

van afkortings en akronieme kom meer dikwels voor in kletskamers as in e-pos en webtuistes. Die afwesigheid van langer samestellings en komplekse afleidings in teenstelling met die groter morfologiese kompleksiteit wat kenmerkend is aan webtuistes dra ook hiertoe by. Langer woorde dra meer spesifieke gespesialiseerde leksikale betekenis as korter woorde en word daarom as gevolg van die besonderse inhoud van die webblad meer in webtuistes gebruik as in kletskamers Waar spesifieke leksikale keuses gepaard gaan met hoë informatiewe fokus, soos in die geval van webtuistes en ook tot 'n mate in e-pos, is korter woorde wat meer algemeen in betekenis is kenmerkend van die gespreksituasie Crystal (2001:157) en Crystal en Davy (1996) bevestig ook in hulle navorsing dat die lengte van woorde in kletskamers gemiddeld korter is as by ander internetgenres. Die tydsbeperking wat geplaas word op die formulering van die boodskap en die doel van die diskoersgeleentheid dien ook as motivering vir hierdie tendens.

Alhoewel die gemiddelde woordlengte in kletskamers oor die algemeen korter is as by e-pos en webtuistes, is die gebruiksfrekwensie van 4-, 5-, 6- en 12-letter woorde beduidend hoër by kletskamers as by die ander genres. Hierdie tendens kan toegeskryf word aan die herhaling van woorde/geluide en die vermeerdering van eindklanke wat voorkom in die transkripsie van emosionele geluide met semantiese waarde wat aan die geskrewe kletskamerteks 'n soort van gesproke karakter verleen. In die geval van 12-letter-woorde word die woord *geselshoekie* 792 keer gebruik en name soos byvoorbeeld *Kaalpootjies* (28x) en *Beetlebailey* (8x) gebruik. Alhoewel dit dus voorkom asof 12-letter-woorde 'n hoë gebruiksfrekwensie in kletskamers het, is dit nie werklik so nie. In die geval van 8-letter tot 11-letter-woorde en ook by 13-letter en 14-letter-woorde kan die hoë gebruiksfrekwensie in kletskamers ook toegeskryf word aan die frekwente gebruik van name en die vermeerdering van klanke. In Tabel 5.7 word 'n aanduiding gegee van die oorvloedige gebruik van die name en verdubbeling van klanke in kletskamers:

8 letters	9 letters	10 letters	11 letters	12 letters	13 letters	14+ letters
tarentaal 300	goldielox 66	aceventura 65	pinkpanther 25	geselshoekie 792	swartstompies 10	justanother poorboy 11
farmgirl 31	genevieve 63	connection 49	Stoffeltjie 23	disconnected 43	hermanvanblom 6	electricdrea ms 6
rejoined 31	danielson 44	dolfyntjie 10	manvanstaal 12	kaalpootjies 28	konstabelabel 3	arghhhhhh hhhhh+ 6
attempting 31	killerlot 19	sweething 10	wasbeertjie 8	beetlebailey 8	kaalpootjies 3	hahahahah ahaha 5
permission 31	brakenjan 16	ploegskaar 10	prinstjaals 6	thunderwoman 7		jaaaaaaaa aaaaa 5
hahahaha 31	madhatter 9	hahahahaha 8	enchantress 24			elooooooo ooooo 4
skyrider 28	dogterkie 9	hehehehehe 8				
hehehehe 28	Ravenking 9	cyberfreak 5				
rooiwolf 26	Lolololol 7	schumacher 5				
ysmeisie 15	ravenclaw 5					
babylove 8	arghhhhhh 4					
pootjies 8	jaaaaaaaa 3					
gousblom 8	heeheehee 3					
jaaaaaaa 7	neeeeeeee 4					
mmmmm mmm 5						

Tabel 5.7 Voorbeelde van die gebruik van 8 tot 14 letter-woorde in kletskamers

Vervolgens word linguistiese eienskappe van die naamwoordstuk, soos wat dit in die internetmedium manifesteer, bespreek.

5.4 NAAMWOORDSTUK

In die bespreking van die naamwoordstuk word daar in die besonder aandag gegee aan die selfstandige naamwoord, die gebruik van vokatiewe in kletskamers, bepaalde en onbepaalde lidwoorde en ook voornaamwoorde.

5.4.1 Naamwoorde

As analisestrategie vir die bespreking van die naamwoordkategorie is alle selfstandige naamwoorde per hand uit die frekwensielyste vir die drie genres onttrek. Daarna is alle vokatiewe ook per hand uit die selfstandige naamwoordlys onttrek omdat die gebruik van eiename in die kletskamerkorpus op sigself interessant blyk te wees. Die variasie in die verspreiding van selfstandige naamwoorde oor die drie internetgenres heen word in Figuur 5.3 voorgestel waarna daar 'n uiteensetting van die voorkoms van selfstandige naamwoorde met uitsluiting van vokatiewe oor die korpus heen in Tabel 5.8 gegee word.



Figuur 5.3 Verspreiding van selfstandige naamwoorde oor genres heen

Selfstandige Naamwoorde	**Klets**		**E-pos**		**Web**	
	totaal per korpus	*per duisend woorde*	*totaal per korpus*	*per duisend woorde*	*totaal per korpus*	*per duisend woorde*
Totaal	12 342	180.62	9 746	129.44	15 986	166.68
Vokatiewe	*7350*	***107.57***	*225*	***2.99***	*147*	***1.53***
Sonder vokatiewe	**5082**	**74.38**	**9 521**	**126.45**	**15 839**	**165.15**

Tabel 5.8 Selfstandige naamwoorde oor drie internetgenres heen

Bevindings

- Selfstandige naamwoorde met uitsluiting van vokatiewe kom meer algemeen voor in webtuistes.
- Die relatiewe voorkoms van selfstandige naamwoorde is die laagste by kletskamers.
- Sonder die gebruik van vokatiewe is die gebruiksfrekwensie van selfstandige naamwoorde by kletskamers laer as by e-pos en webtuistes onderskeidelik.

Bespreking

Soos geïllustreer in Figuur 5.3 en Tabel 5.8 is daar 'n beduidende verskil in die relatiewe voorkoms van selfstandige naamwoorde oor die drie genres heen. Wanneer die totale hoeveelheid naamwoorde per korpus beskou word, wil dit voorkom asof die gebruiksfrekwensie by kletskamers die hoogste is. Nadat alle vokatiewe van die selfstandige naamwoorde geskei is, is dit duidelik dat die oorvloedige gebruik van eiename in kletskamergesprekke direk verantwoordelik is vir hierdie oënskynlike hoë gebruiksfrekwensie. Die voorkoms van selfstandige naamwoorde is met ander woorde die laagste in die kletskamergenre waar die interpersoonlike fokus die hoogste is en die styl eie aan die kletsgesprek duidelike ooreenkomste toon met gesproke diskoers.

Die informatiewe karakter van webtuistes dra by tot die meer frekwente gebruik van selfstandige naamwoorde terwyl die relatiewe lae gebruiksfrekwensie van selfstandige naamwoorde by kletskamers korreleer met die informele gesproke aard van die genre. Hierdie bevindings met betrekking tot die gebruiksfrekwensie van selfstandige naamwoorde in die Afrikaanse internetkorpus korreleer met die navorsing van Biber (1988:227) en Biber, et al, (2000:235) waar bevind is dat 'n hoë gebruiksfrekwensie van selfstandige naamwoorde in 'n teks 'n aanduiding is van 'n hoë abstrakte, informatiewe fokus in teenstelling met hoofsaaklik interpersoonlike fokus. E-pos vertoon unieke elemente wat aan hierdie medium 'n informele gesproke karakter verleen en verskil daarom van webtuistes daarin dat die doel van die inskrywing nie noodwendig slegs die oordra van formele inligting is nie. (Baron 2001:242.) Afgesien daarvan dat e-posinskrywings wel gebruik word vir die oordra van formele inligting, verslaggewing en terugvoer en ook die uitstuur van instruksies binne die korporatiewe omgewing, verleen die medium 'n meer gesproke karakter, selfs aan besigheidsbriewe. (Danet, 2001:23-24.)

E-posinskrywings (epos098) is 'n voorbeeld van 'n e-posboodskap met 'n hoë informatiewe fokus, terwyl (epos307) 'n meer informele styl vertoon en die fokus hoofsaaklik interpersoonlik van aard is. Beide hierdie e-posse word vervolgens voorgehou waarna die gebruiksfrekwensie van selfstandige naamwoorde in hierdie twee boodskappe in Tabel 5.9 uiteengesit. word. Selfstandige naamwoorde in die volgende fragmente is met vetdruk gemerk.

- ***Kleinkaste**: **Oortyd** gewerk op **vakansiedag** 16 **Desembe**r 2003*

  *Die volgende **reëlings** sal geld ten opsigte van **oortydkleinkaste** vir 16*
  ***Desember** 2003. **Memo's** moet om 12:00 op 17 **Desember** 2003 ingehandig word by **Betaalstaatkantore**. Dit sal verseker dat **kleinkaste Vrydag** 19 **Desembe**r beskikbaar sal wees vir uitbetaling.*

*Die volgende **inligting** moet asseblief volledig op die **memo's** aangebring word:*

***Datum** gewerk*

***Werknemernommer, van, voorletters** en **ure** gewerk*

Goedkeuringsgemagtigd**e se **handtekening

***Toesighouers** moet toesien dat **werknemers** wat met **verlof** is nie **oortyd** mag werk nie. Die **toesighouer** haal dan self die **kleinkaste** by die **Betaalstaatkantore** af. **Kleinkast**e sal nie aan **individu**e oorhandig word nie. Indien die t**oesighoue**r die **kleinkast**e nie self kan afhaal nie, moet daar **reëlings** getref word sodat die **kleinkaste** wel vir die **werknemers** beskikbaar is. Foutiewe **inligtin**g op die **memo's** sal nie geprosesseer word nie. **Toesighouers** se **oortyd** moet deur hulle direkte **hoof** goedgekeur word.*

*NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT GEEN VROEGTYDIGE **BETALINGS** GEDOEN SAL WORD NIE SLEGS PRODUKSIE VERWANTE **OORTYD** SAL PER **KLEINKAS** BETAAL WORD*

*Let ook daarop dat geen toevoer vir die betrokke **oortyd** deur **presensieklerke** in **SAP** gedoen word nie.**T*** (epos098)

- *Hallo **Adri***

*Dankie vir jou **sms**. Ek het dit gelees vanoggend. Dit gaan baie goed met **Sonet** en **Carnelle**. Ek was vanoggend voor werk by hulle twee. **Sone**t se **derms** is bietjie seer. Ek dink dit is maar die **maag** wat pla. Sy hey bietjie met haar **maag** gesukkel voor die **bevalling**. Die **kleintjie** trek nogal na **Armand** toe hy so klein was. Ek sal volgende **week** se kant probeer om die **foto's** vir jou te mail indien die **stelsel** dit toelaat. **Armand** soek net sy **ma** en **sussie** by die **huis**. Hy is ook trots op die **sussi**e. Wil haar net vashou. Ons sal hom moet dophou by die **huis**. Ek hoor dat jy ook moet gaan vir 'n breuk **operasie**. Ons dink en bid elke dag vir jou hoor.*

*Sterkte met julle ook daar by die **huis**. **Marieta** het mos vir **Jeandri** **Bloemfontein** toe gevat. Ek glo dat dit goed met haar **swem** sal gaan. **Ding**e by ons is nog maar deurmekaar. Ek is meer by die **hospitaal** as*

wat ek by die ***huis*** *is. Ek is vandag by die* ***werk*** *maar is weer môre* ***dag*** *af. Gaan* ***kleintjie*** *registreer en* ***Sonet*** *kom môre ook uit. Baie groete en sterkte met die* ***werk****.*

Geluk met jou ***span (Sharks*** *). Hulle het mos die* ***Bulle*** *gewen verlede* ***naweek****. Ek is vir eers stil oor die* ***rugby****.*

Cheers
Bennie (epos307)

Tabel 5.9 Illustreer die verspreiding van selfstandige naamwoorde in die twee e-posboodskappe hierbo.

E-POS	***Totale aantal woorde***	***Selfstandige naamwoorde***	***%***	***Eiename per boodskap***	***%***
e-pos 089	183	48	**26.22**	8	**4.37**
e-pos 307	228	40	**17.54**	13	**5.70**

Tabel 5.9 Verspreiding van selfstandige naamwoorde in epos089 en 307

E-posboodskap (epos089) toon 'n hoë informatiewe fokus en integrasie van inligting in die teks teenoor die informele e-pos tussen twee swaers wat hier tipies ooreenkomste toon met gesproke diskoers. Die gebruiksfrekwensie van naamwoorde is hoër in die boodskap met die hoë informatiewe inhoud en laer in die meer informele boodskap. Die gebruik van eiename neem hier ook toe wanneer die boodskap 'n meer interpersoonlike fokus verkry. Die tipe interaksie eie aan elke unieke internetsituasie en die spesifieke doel waarvoor die internetsituasie gebruik word het duidelik 'n impak op die taalgebruik en inhoud van die boodskap. Hier word dus bevestiging verkry dat 'n hoë informatiewe fokus in 'n teks 'n hoër gebruiksfrekwensie van selfstandige naamwoorde tot gevolg het.

5.4.1.1 Die gebruik van vokatiewe

As selfstandige naamwoord is die gebruik van skuilname ("nicks") een van die mees unieke kenmerke van die taal van die sinchroniese kletsgroep. Die vernaamste kenmerk wat op Dimensie 1 van die korrespondensie-analise tot die onderskeid tussen kletskamers en die ander twee registers bydra, is die gebruik van vokatiewe. Alhoewel die gebruik van 'n skuilnaam altyd by kletskamers teenwoordig is, word skuilname ook opgemerk by asinchroniese briefwisseling (asinchroniese gesprekswerwe), maar is dit afwesig by e-pos en webtuistes. Verskeie van die linguistiese merkers eie aan kletskamers word juis gebruik om dubbelsinnigheid en onsamehangendheid wat in die diskoers kan voorkom, uit te skakel op dieselfde wyse as wat nie-verbale merkers soos intonasie, pousering, gebare en oogkontak gebruik word in oog-tot-oog kommunikasie. As gevolg van die eiesoortige beurnemingspatroon in die kletssessie maak die kletsers juis deurlopend van vokatiewe gebruik ter wille van identifikasie, om moontlike verwarring uit te skakel en om die suksesvolle voortbehoud van die gesprek te verseker. Werry (1996:52) rapporteer in die bestudering van IRC ("Internet Relay Web") dat dit gebruiklik is om die persoon aan wie die diskoersbeurt gerig word, se naam aan die begin van die uiting te plaas. Hierdie gebruik is ook in die Afrikaanse kletskamerkorpus waargeneem.

Bo en behalwe die gebruik om vokatiewe aan die begin van die kletssessie te gebruik wanneer al die gespreksdeelnemers mekaar groet, word vokatiewe ook in die middel van die kletsgesprek gebruik, veral wanneer 'n aantal verskillende gesprekke gelyktydig gevoer word en die outeur wil verseker dat daar nie onduidelikheid bestaan oor met wie hy praat nie. In die volgende fragmente uit die kletkamerkorpus word die gebruik van vokatiewe aan die begin en in die middel van die kletssessie geïllustreer. Alle eiename word in die volgende fragment met vetdruk uitgelig. (Beurtnemingsmerkers (in skerp hakies) word nie hier in berekening gebring nie.)

Aan die begin van die sessie:

- *<pikkie>* ***lo Major*** *:}*
  <pikkie> ek het al regtig begin dink die mense sien my nie raak nie...
  <Major> lol
  ** gousblom has joined #geselshoekie*
  ** Dad45 has joined #geselshoekie*
  <Nala> hi ***gousblom***
  <Nala> hi ***Dad45***
  <Dad45> hi ***Nala***
  <Dad45> ***gousie!!!!!!!***
  <gousblom> halo ***nala en dad 45****!!!!!!!!!!* (chat016)

- *koos> lo* ***lox***
  <Rose> klink lekker
  <goldielox> lo jille
  <goldielox> lo ***koos***
  <saratjie> ***goldielox***
  <charles> donderwolkie is net 'n ander naam vir pms...
  <goldielox> ***sarakie***
  ** Baaiker has joined #geselshoekie*
  <Baaiker> mirrag
  <Franss> ***Goldie***
  <goldielox> mirrag
  <saratjie> ***Baaiker*** *:)))*
  <goldielox> lo ***franss*** (chat005)

In die middel van die sessie:

- *<blou>* ***Johnson*** *los vir* ***Jenna*** *uit sy is ordentlik*
  <user`> ***blou****: ek het nie van jou vergeet nie*
  <mens> ***Jan-Louis****, more*
  <Nala> ***Vix*** *.... sterkte mettie op ..... dink aan jou ....* (chat011)

Die gebruik van vokatiewe is belangrik vir die definieer en instandhouding van sosiale verhoudings tussen deelnemers aan 'n gesprek. Inisiële vokatiewe word in kletskamers gebruik om die aangesprokene uit te sonder en sy aandag te verkry. Kommunikasie vind op so 'n wyse plaas dat dit vergoed vir die verswakte verhouding wat ontstaan tussen die sender en die ontvanger van die boodskap as gevolg van die beurtnemingsproses wat eie is aan kletskamers (Werry, 1996:54). Omdat die gebruik van eerste name vandag algemeen gebruik word, nie net tussen vriende nie, maar ook vrylik tussen kollegas en kennisse, het die gebruik van eerstenaamvokatiewe 'n belangrike rol in gesproke taal. Die gebruik van eerste name impliseer tipies 'n verhouding van bekendheid of vriendskap. Eerstenaamvokatiewe vervul ook 'n belangrike sosiale rol daarin dat dit erkenning toon vir die individualiteit van deelnemers aan die gesprek (Bibber, et al., 2000:1110).

Wanneer daar minder deelnemers aan die gesprek is en slegs twee of drie persone klets word name opmerklik minder frekwent gebruik, waarskynlik omdat die gespreksituasie minder kompleks is, die behoud van die diskoers makliker is en daar nie die moontlikheid van verwarring bestaan soos in die geval van 'n sessie waar veel meer kletsers by ingeskakel is nie. Die volgende fragment uit (chat034) is 'n voorbeeld van 'n minder komplekse diskoersgeleentheid waar slegs twee kletsers by betrokke is:

- *danielson has joined #tarentaal*
  <amelie> elloo jy
  ** amelie slaps danielson around a bit with a large trout*
  <danielson> hello ***amelie***
  <amelie> lol
  <danielson> agenee
  <amelie> hoe was jou naweek
  <danielson> dit was alright
  <danielson> het gequit
  <amelie> wat gequit?
  <amelie> rook?
  <danielson> nee

<danielson> werk

<amelie> oook

<danielson> nou is ek unemployed

<amelie> :)

<amelie> jy is darem nog ge-employ as my pel

<danielson> dankie:-)

<amelie> net as jy die job soek

<danielson> ja natuurlik

<amelie> ok

<danielson> so hoe was jou naweek

<amelie> ag ok

<amelie> joune?

<danielson> k kan nie kla nie

<amelie> ok

<danielson> niks spesiaal gedoen nie

<danielson> net 'n ou vervelige naweek (chat034)

In die e-poskorpus kom vokatiewe oor die algemeen meer voor in die meer informele e-posboodskappe met 'n groter interpersoonlike fokus waar vriende of familie aan mekaar boodskappe stuur. In ooreenstemming met die lae gebruiksfrekwensie van vokatiewe in die kletskamerkorpus is die gebruik van vokatiewe ook laag in webtuistes en kom meestal voor in die persoonlike webtuistes, briewekolomme of in die geval van verslaggewing.

Die keuse van 'n skuilnaam is nie heeltemal so eenvoudig as wat dit voorkom nie. Die besoeker word beperk tot 'n enkel aaneenlopende string karakters ('n maksimum van ongeveer 9 tot 15 karakters, afhangende van die kanaal) met geen spasie tussenin nie. Hierdie karakters kan bestaan dikwels uit 'n ongewone kombinasie van hoofletters en kleinletters en ander simbole op die sleutelbord wat ook koppel- en numeriese simbole insluit. Voorbeelde hiervan is die volgende:

- *NyLoN*(chat003), *SwartStompies*(chat003), *BrAkenJaN*(chat006), *ELeCtRiC_AnT*(chat019), *_Odimir* (chat024), *JHB_Kitty19*(chat039)

Crystal (2001:159) merk op dat die keuse van 'n skuilnaam 'n rituele handeling is wat bepaal word deur die kultuur waartoe die individu aspireer om te behoort en is, soos alle naamgewing, 'n komplekse en sensitiewe saak. Die skuilnaam wat gekies word is 'n weerspieëling van die individu se elektroniese identiteit en is sprekend van wie hy/sy is. Oor die algemeen word ongewone, interessante skuilname gekies wat hopelik die aandag op die aanlyndeelnemer sal vestig. Danet (1997:9) praat van 'n identiteitespel waar mense, as deel van die virtuele werklikheid, as't ware 'maskers' dra deur hulle skuilname. Alhoewel hierdie skuilnaam die kletser se ware identiteit verbloem, vestig dit eintlik tog pertinente aandag op die karakters. So word skuilname tekstuele maskers waar, hoewel die reële werklikheid verbloem word, die aandag eintlik gevestig word op die aanlynkarakter. Hierdie pseudo-karakter wat deur die digitale medium geskep word tree as gelykmaker op en maak dit gevolglik ook moontlik om gedragspatrone (ook taalgedragspatrone) te openbaar wat nie noodwendig met die reële karakter korreleer nie.

Die volgende skuilname is byvoorbeeld gebruik in kletssessies op die kanaal **#girls.inc** (chat017) wat 'n kletskamer is waar daar 'n duidelik seksuele ondertoon waargeneem kan word:

- *<oulik>, <blondie>, <country-lady>, <Feisty_Faerie>, <RoXy_BaBE>, <Enchantress>*

Skuilname vertoon gewoonlik 'n fantasie- en fiksie-aard en gee die internetdeelnemer geleentheid om anoniem en sonder vrees vir identifikasie in te skakel by gelyktydige aanlynkommunikasie. Die keuse van skuilname in die Afrikaanse korpus korreleer met die bevindinge van Bechar-Israeli (1996:10) se studie waar 260 skuilname gebruik is om te bepaal wat die semantiese voorkeur is ten opsigte van die keuse van skuilname. Die volgende kategorieë is soos in die Bechar-Israeli (1996) studie ook in die Afrikaanse korpus geïdentifiseer:

- Die self: *oulik*(chat014) ,*mens*(chat014, 002), *ogies* (chat006)

- Name te doen met die tegnologie en die medium: *CyberFreak, Cyber, Cybervirgin* (chat017)
- Name te doen met fauna, flaura en objekte: *NyLoN*(chat003), *blou*(chat003), *gousblom*(chat016), *Rose*(chat024), *RoosVanBlom* (chat024), *birdman*(chat005)
- Name te doen met bekende karakters, werklik of fiktief: *Yogi-beaR* (chat017), *Shrek*(chat030), *Sir-Killerlot*(caht017), *prinsTjaals*(chat013), *Brakanjan*
- Name te doen met die seksuele: *Boobaliciou*(chat017), *Zeus*(chat017), *seksie_heksie*(chat004), *Enchantress*
- Tipografies speelse name: *ELeCtRiC_AnT*(chat019, 027), *kOos* (chat004)

Bo en behalwe name wat in bogenoemde kategorieë gekies word, is die oorgrote meerderheid van skuilname bekende Afrikaanse en Engelse eiename soos: *Sonja, Stoffeltjie, Connie, Pikkie, Markus, Josef, Ellie, Fanna, Thinus, Poppie, Koos, Jona, Jacques, George, Jakes, Elvis, Nikita, Don, Lizel, Danny, Waldorf, Roxy, Jan- Louis, Jenna, JohanB.*

Skuilname word nie net gebruik ter wille van identifikasie nie, maar vervul ook 'n spesifieke diskoerswaarde. Crystal (2001:161) sê die volgende in verband met die diskoerswaarde van die skuilnaam: "...they provide a crucial means of maintaining semantic threads in what is otherwise a potentially incoherent situation."

Deelnemers aan die aanlynkletssessies kan hulle skuilname verander wanneer hulle aan 'n nuwe kletssessie deelneem, maar dit is 'n tendens wat nie dikwels voorkom nie en dit lyk asof dit die tendens is dat gereelde kletsers by 'n betrokke kletskamer deurlopend van dieselfde naam gebruik maak. Hierdie tendens kan toegeskryf word aan die behoefte om 'n gevoel van stabiliteit aan die gemeenskap te verleen en verskaf ook 'n gevoel van sekuriteit deurdat buitestaanders op hierdie wyse geïdentifiseer kan word. Crystal (2001:161) voer in hierdie verband die volgende argument aan: "People who feel they belong to a particular group will wish to retain that

identity, if only to ensure that they are recognised as being the same person each time they log on. Maintaining the identity of the group is the important thing, especially as there is no other sort of identity to rely upon, given that personal anonimity is the norm." In die versamelde Afrikaanse korpus is *amelie, MoonMan, pikkie, Odomir* en *Lara_Croft* gereelde besoekers van **#tarentaal** en *fanna, Koos, pikkie, Nala, Blou* en *Blondie* almal aktiewe kletsers op **#geselshoekie**.

Aanlynkarakters se skuilname word dikwels afgekort, veral wanneer daar 'n soort van familiariteit by die karakters bestaan, moontlik omdat hulle reeds goed aan mekaar bekend is, of omdat die informele atmosfeer wat in die kletskamer heers aan die kletsers die vrymoedigheid verskaf om dit te doen. Hierdie gebruik is ook in lyn met die algemene tendens tot afkorting in kletskamers. In die volgende voorbeeld word *AceVentura* byvoorbeeld as *Ace* aangespreek:

- *<AceVentura> watse besigheid is dit?*
  <Super> Se my ***Ace****, wie het die koshuis liga rugby gewen ?* (chat038)

In die volgende fragment word *Stoffeltjie* as ***Stoff*** aangespreek en hy noem weer op sy beurt vir *wings* ***vlerkies*** wat daarop dui dat hulle reeds bekendes aan mekaar is:

- *<**Stoffeltjie**> mirrag al julle mense*
  <Koos> ***stof***
  <Stoffeltjie> Koos
  <wings> lo ***Stoff***
  <Bells> ***xstof***
  <Stoffeltjie> ***vlerkies***
  <wings> lol
  <Stoffeltjie> my pa het altyd gese, as ek vlerkies gehad het, was ek n brommer (chat010)

In die volgende uittreksel uit 'n kletssessie word die besondere sosiale verhouding wat daar tussen sekere gespreksdeelnemers van die **#geselshoekie** kletskamer bestaan geïllustreer deur middel van die manier waarop *Stoffeltjie* en ook *Odomir* en *pikkie* gegroet word:

- *<Stoffeltjie> mirrag mirrag*
  <goldielox> ***stoffssss***
  <Vix> lo ***Stoffeltjie***
  <sasja> ***stoffels***

- *Odomir has joined #tarentaal*
  <dade> more Odomir
  <Lara_Croft> lo ***odi*** (chat026)

- *<pikkie> hello* ***Lara*** *:)))))))*
  <Lara_Croft> hey ***piks*** (chat012)

In die volgende afdeling word die gebruiksfrekwensie van die onbepaalde lidwoord asook die bepaalde lidwoord in die Afrikaanse internetkorpus bespreek.

5.4.2 Determineerders – lidwoorde

In die klas determineerders kan daar onder andere die volgende subklasse onderskei word: lidwoorde -*'die'* – bepaalde lidwoord, en *''n'* – onbepaalde lidwoord, aanwysende woorde (hierdie, dié, daardie), en leemtewoorde (watter, welke, watse). Bepaalde en onbepaalde lidwoorde vorm die mees algemene subklasse en beide hierdie lidwoorde verbind met die naamwoord. Vir die doel van hierdie ondersoek word daar slegs aandag geskenk aan hierdie twee klasse lidwoorde.

In Dimensie 1 van die korrespondensie-analise het beide bepaalde en onbepaalde lidwoorde 'n negatiewe waarde op die x-as wat kenmerkend is

van die gemeenskaplike eienskappe van e-pos en webtuistes en dit so verder onderskei van kletskamers. Die verspreiding van lidwoorde oor genres heen word in Figuur 5.4 uiteengesit.



Figuur 5.4 Verspreiding van lidwoorde oor genres heen

Tabel 5.10 illustreer die gebruiksfrekwensie van die bepaalde en onbepaalde lidwoorde oor die drie internetgenres heen:

LIDWOORD	Klets		E-pos		Web	
	totaal per korpus	*per duisend woorde*	*totaal per korpus*	*per duisend woorde*	*totaal per korpus*	*per duisend woorde*
die	871	**12.7**	3878	**51.5**	5162	**53.8**
'n	424	**6.2**	1246	**16.5**	1619	**16.8**
	1295	**18.9**	**5124**	**68.0**	**6781**	**70.6**

Tabel 5.10 Lidwoorde oor drie internetgenres heen

Bevindings

- Die relatiewe gebruiksfrekwensie van lidwoorde is die hoogste by webtuistes en die laagste by kletskamers.

- Die onbepaalde lidwoord "*n*' kom in verhouding minder oor genres heen voor as die bepaalde lidwoord '*die*'.
- Die bepaalde lidwoord '*die*' kom meer as dubbeld soveel voor in die meer formele registers.
- In die kletskamerkorpus is daar nie so 'n groot verskil tussen die gebruik van die bepaalde en onbepaalde lidwoord as in die webtuiste- en e-poskorpusse nie.

Bespreking

Die onbepaalde lidwoord word gebruik saam met enkelvoudige telbare naamwoorde en ook binne 'n konteks waar die naamwoordstuk nie na 'n spesifieke individu verwys nie. Bepaalde lidwoorde kombineer beide met telbare en ontelbare naamwoorde. Die bepaalde lidwoord '*die*' is gewoonlik die mees frekwente woord wat in alle geskrewe teks voorkom. In beide webwerwe en e-pos is '*die*' wel die eerste woord op die frekwensielys, maar in die kletskamerkorpus is '*die*' slegs die 6de mees frekwente woord, terwyl '*ek*' die mees frekwente woord is. 'n Moontlike verklaring vir hierdie tendens is die duidelike verband wat waargeneem kan word tussen die gebruiksfrekwensie van selfstandige naamwoorde en lidwoorde. Gegewe dat die gebruiksfrekwensie van selfstandige naamwoorde in webtuistes en e-pos hoër is as in kletskamers, word daar ook hier aan die verwagting voldoen dat die gebruiksfrekwensie van lidwoorde hoër sal wees by webtuistes en e-pos. Die hoë gebruiksfrekwensie van '*die*' en "*n*' is kenmerkend van teks met hoë informatiewe fokus en integrasie van inligting in die teks, soos wat dit veral die geval is in die webtuistekorpus.

Die gebruiksfrekwensie van lidwoorde is beduidend laer by kletskamers as by die ander twee genres. By kletskamers kom 'n relatiewe eweredige verspreiding van die bepaalde en onbepaalde lidwoord wat impliseer dat weglating van die onbepaalde lidwoord veel minder plaasvind as van die bepaalde lidwoord. Hierdie verskynsel kan daaraan toegeskryf word dat daar in gesproke taal 'n hoër frekwensie van enkelvoudige naamwoorde gebruik word in verhouding met meervoudige naamwoorde, wat tot gevolg het dat die onbepaalde lidwoord "*n*' meer gebruik word as wat verwag word. Biber, et al.

(2000:268). In teenstelling met kletskamers wat ooreenkomste toon met gesproke taal is die gebruik van die bepaalde lidwoord '*die*' meer algemeen omdat dit meer veelsydig is as die onbepaalde lidwoord.

In die naamwoordstuk is selfstandige naamwoorde en beide bepaalde en onbepaalde lidwoorde veranderlikes wat 'n negatiewe waarde op die x-as van Dimensie 1 toon. Hierteenoor het vokatiewe 'n positiewe waarde op die x-as. Hoë frekwensies van naamwoorde en van beide lidwoorde kan geassosieer word met hoë informatiewe fokus en die integrasie van inligting in die teks. Naamwoorde is die draers van verwysende betekenis in die teks en dien daarom as aanduiders van hoë informasiedigtheid. Die oorvloedige gebruik van vokatiewe in die kletskamerkorpus dien as aanduider van die interpersoonlike verhouding wat daar tussen die gespreksgenote in die kletskamer bestaan.

In die volgende afdeling word die gebruik van voornaamwoorde in die drie Internetgenres bespreek.

5.4.3 Voornaamwoorde

Voornaamwoorde word in die plek van gespesifiseerde naamwoorde gebruik en vervul 'n verwysende funksie as deel van die anafoorkonstruksie in taal. As sodanig is voornaamwoorde deel van tipiese ekonomiese maatreëls in enige taal. Die verwysing na referente deur persoonlike voornaamwoorde geskied deikties, oorwegend deur die gebruik van eerste- en tweedepersoonsvoornaamwoorde, en anafories deur middel van die derdepersoonsvoornaamwoord.

In plaas daarvan om 'n volledige beskrywing te gee, dien die voornaamwoord as 'n verwysing na die teks (gewoonlik voorafgaande teks), of word dit ook gebruik as die verwysing onbekend of baie algemeen is. Die relatiewe frekwensie van persoonlike voornaamwoorde, in vergelyking met ander

voornaamwoorde, is die hoogste oor die drie genres heen en daarom word slegs die gebruik van die persoonlike voornaamwoord hier toegelig.

Persoonlike voornaamwoorde word gebruik om kernagtig te verwys na die skrywer, die persoon aan wie die skrywe gerig is (vergelyk hier e-pos), die aangesprokene (vergelyk hier kletskamers) en die identifiseerbare persoon of dinge bo en behalwe die skrywer/spreker en die aangesprokene. Oor die algemeen word persoonlike voornaamwoorde gebruik om te verwys na die spesifieke persoon wat geïdentifiseer word in die gespreksituasie of in die geskrewe teks. In Figuur 5.5 word 'n algemene verspreiding van persoonlike voornaamwoorde oor die drie internetgenres heen skematies voorgestel.



Figuur 5.5 Verspreiding van voornaamwoorde oor genres heen

In tabel 5.11 word 'n samevatting gegee van die verspreiding van persoonlike voornaamwoorde oor die drie genres heen. Onderskeid word getref tussen eerstepersoons-, tweedepersoons- en derdepersoonsvoornaamwoorde.

Voornaamwoorde	**Klets**		**E-pos**		**Web**	
	Totaal per korpus	*Per duisend woorde*	*Totaal per korpus*	*Per duisend woorde*	*Totaal per korpus*	*Per duisend woorde*
1e persoon						
Ek	1474	**21.6**	1244	**16.5**	557	**5.8**
My	640	**9.4**	493	**6.5**	237	**2.5**
Ons	244	**3.6**	908	**12.1**	1299	**13.5**
Myself	15	**0.2**	7	**0.1**	13	**0.1**
Onsself	0	**0**	7	**0.1**	2	**0**
Myne	15	**0.2**	5	**0.1**	0	**0**
Totaal	***2388***	***35.0***	***2664***	***35.4***	***2108***	***22.0***
2e persoon						
Jy	960	**14**	322	**4.3**	835	**8.7**
Jou	490	**7.2**	318	**4.2**	464	**4.8**
Julle	259	**3.7**	191	**2.5**	319	**3.3**
Jouself	8	**0.1**	14	**0.2**	10	**0.1**
Julleself	1	**0**	2	**0**	6	**0.1**
u	0	**0**	93	**1.2**	145	**1.5**
Totaal	***1718***	***26.3***	***940***	***12.5***	***1779***	***18.6***
3e persoon						
Sy (manlik)	88	**1.3**	150	**2.0**	225	**2.3**
Sy (vroulik)	132	**1.9**	122	**1.6**	135	**1.4**
Hy	181	**2.6**	209	**2.8**	306	**3.2**
Haar	156	**2.3**	84	**1.1**	141	**1.5**
Hom	110	**1.6**	70	**1.0**	92	**0.6**
Hulle	145	**2.1**	568	**7.5**	409	**4.3**
Syne	1	**0**	0	**0**	0	**0**
Hare	0	**0**	0	**0**	1	**0**

Hyself	0	**0**	0	**0**	1	**0**
Homself	7	**0.1**	0	**0**	5	**0.1**
Haarself	3	**0**	0	**0**	3	**0**
Totaal	***831***	***12.2***	***1206***	***16.0***	***1333***	***14.0***

Tabel 5.11 Verspreiding van persoonlike voornaamwoorde oor genres heen

Bevindings

- Die gebruiksfrekwensie van persoonlike voornaamwoorde is die hoogste by kletskamers.
- Die gebruiksfrekwensie van persoonlike voornaamwoorde is die laagste by webtuistes.
- Met die uitsondering van *ons* kom vorme wat verwys na die spreker en die aangesprokene (*'ek'/'my',' jy'/'jou'*) meer frekwent voor in kletskamers as in e-pos en webtuistes.
- Die gebruiksfrekwensie van *'ons'* is beduidend hoër by e-pos en webtuistes as by kletskamers.
- Die voornaamwoord *'u'* word nie in kletskamers gebruik nie, maar kom wel voor in beide e-pos en webtuistes.

Bespreking

Informele gesprekke vind tipies plaas tussen persone wat aan mekaar bekend is en wat 'n mate van kontekstuele agtergrond deel. Oog-tot-oog kommunikasie (en in hierdie geval die kletskamergesprek) beteken dat bo en behalwe die gedeelde fisiese ruimte (kletskamer) en tyd (sinchronies), daar ook gedeel word in sosiale, kulturele en institusionele kennis. Biber, et al. (2000:1042) is van mening dat hierdie gedeelde kennis 'n baie hoë frekwensie van voornaamwoorde en 'n lae frekwensie van naamwoorde tot gevolg het. Wanneer 'n vergelyking getref word tussen die verspreiding van selfstandige naamwoorde en voornaamwoorde oor die drie internetgenres heen word daar in die onderhawige studie ook bevestiging gevind vir Biber, et al. (2001) se aanname. Die gebruiksfrekwensie van selfstandige naamwoorde is die

laagste in die kletskamerkorpus terwyl voornaamwoorde in hierdie korpus die hoogste gebruiksfrekwensie vertoon. Die oorvloedige gebruik van voornaamwoorde in die kletskamerkorpus word tipies geassosieer met teks wat 'n lae informatiewe inhoud het, minder referensiële verwysing, minder nuwe of unieke referente en 'n minder formele styl.

Eerste- en tweedepersoonsvoornaamwoorde word deikties gebruik om die gespreksgenote, naamlik spreker en aangesprokene, in die betrokke gespreksituasie te identifiseer, terwyl derde persoon voornaamwoorde die funksie vervul om na die voorafgaande teks te verwys. Gedeelde kennis met die aangesprokene word dus deur die gebruik van die persoonlike voornaamwoorde geïmpliseer. 'n Hoë konsentrasie persoonlike voornaamwoorde dien as merker van interpersoonlike fokus. 'n Duidelike verband kan ook waargeneem word tussen die gebruik van tweedepersoonsvoornaamwoorde en vokatiewe in die kletskamerkorpus. Beide hierdie veranderlikes toon 'n hoër gebruiksfrekwensie in die kletskamerkorpus as in e-pos en webtuistes. Die volgende fragmente illustreer die gebruik van die selfstandige naamwoord en die tweedepersoonsvoornaamwoord in die kletskamerkorpus:

- *<Donderwolkie> dankie* ***charles...jy*** *lat my so goed voel oor myself*(chat005)

- *<genevieve>* ***elvis*** *: is dit* ***jou*** *regte naampie??* (chat027)

- *<pikkie> hello* ***Anty***
  <pikkie> het ***jy*** *nou al gaan pee?* (chat019)

- *<darth_vayder>* ***jy*** *is seker op hotmail* ***nita***?(chat007)

'n Spreker se betrokkenheid met sy gehoor manifesteer in die frekwente verwysing na die self. Die hoë gebruiksfrekwensie van *'ek'* in kletskamers dui op die mate van interpersoonlike interaksie wat bestaan tussen die deelnemers aan die kletssessie en die relatiewe afwesigheid van

informasiefokus in die teks. Chafe en Danielewicz (1987:106-107) rapporteer uit hulle navorsing dat die gebruik van die eerstepersoonsvoornaamwoord selfs hoër is in persoonlike briewe as in gespreksituasies. In die huidige navorsing na die taalgebruikspatrone soos wat dit waargeneem kan word in die Afrikaanse internetkorpus is die gebruiksfrekwensie van die eerste persoon *'ek'* egter hoër in die kletskamerkorpus (wat ooreenkomste toon met gesproke diskoers) as in die e-poskorpus. Die verwysing na die belang van die eie ek is hoog in beide kletskamers en e-posse. Omdat die hoofdoel van webtuistes die oordra van inligting is word dit gekenmerk aan 'n meer formele styl as kletskamers en e-posboodskappe en is persoonlike mededeling en die gebruik van eerstepersoonsvoornaamwoorde, veral *'ek'* en *'my'*, dienooreenkomstig laag.

Verskillende variasies van die voornaamwoord *'ek'* wat eie is aan gesproke kommunikasie en die tipiese gesproke karakter van kletskamers bevestig, word ook in kletssessies gebruik. Voorbeelde van hierdie gebruik is:

- *ekke* (43 keer), en *ekkie* (3 keer).

Hierdie variante kom nie in e-pos of webtuistes voor nie. Indien die gesproke variant *'ekke'/'ekkie'* saam met die konvensionele *'ek'* by die kletskamersubkorpus gereken word, staan die subjektiewe, persoonlike karakter van Kletskamerafrikaans gemarkeerd teenoor die ander twee internetgenres. Die hoë gebruiksfrekwensie van *'ek'* in die kletskamersubkorpus teenoor *'die'* in die twee meer formele genres bevestig die anderse karakter van Kletskamerafrikaans waar die belangrikheid van die subjektiewe *'ek'* as deel van die gesprek na vore kom, in teenstelling met die meer formele oordra van inligting en kennis wat plaasvind in die e-poskorpus en meer nog in webtuistes. Die gebruik van *'ek'* in persoonlike briewe (in e-posse), maar veral in kletskamers kompenseer vir die afwesigheid van oogkontak in hierdie intense interpersoonlike genre.

Die persoonlike voornaamwoord *'ons'* word in verhouding baie meer gebruik in e-posboodskappe en webtuistes as in kletskamers. Ponelis (1979:65)

rapporteer die gebruik van die eerste persoon *'ons'* in plaas van *'ek'* wat veral in skryftaal voorkom. Die volgende fragmente uit webtuistes bevestig die gebruik van die redaksionele *'ons'* wat as verklaring kan dien vir die hoë gebruiksfrekwensie van *'ons'* in hierdie genre. ***'Ons'*** word in alle gevalle deur vetdruk in die teks gemerk.

- *WELCOME TO THE GARAGE WELKOM BY THE GARAGE TuisbladBy The Garage - Bellville glo* ***ons*** *aan uitnemende diens.* ***Ons*** *is terdeë bewus daarvan dat* ***ons*** *kliënte die rede vir ons voortbestaan is en daarom doen* ***ons*** *alles moontlik om* ***ons*** *kliënte 'n ervaring van uitnemende dienslewering te gee van die oomblik wat hulle die bestelling gemaak het totdat hulle die voertuie kom afhaal nadat die verlangde werk gedoen is.* ***Ons*** *is bewus daarvan dat om* ***ons*** *kliënte gelukkig te hou dit nodig is om 'n waarborg te gee op die werk wat deur* ***ons*** *gedoen is.* ***Ons*** *gee gevolglik die volgende waarborge:Diens - 3 maande of 15 000km wat ook al eerste kom Herstelwerk - 12 maande of 20 000km wat ook al eerste kom Behalwe in gevalle waar hoofwerk uitgevoer moet word streef* ***ons*** *daarna om die werk op die dag van aflewering te voltooi. Dit gebeur soms dat onderdele nie beskikbaar is nie en dat* ***ons*** *nie die werk aan die voeruig op die dag van aflewering kan voltooi nie. In sodanige gevalle kommunikeer* ***ons*** *met ons kliënte oor die probleme wat* ***ons*** *ondervind voor 16h00 sodat* ***ons*** *kliënte alternatiewe reëlings kan tref.* ***Ons*** *is van mening dat gebrekkige kommunikasie grootliks die oorsaak is van ontevredenheid en daarom streef ons deurlopend daarna om* ***ons*** *kommunikasie te verbeter. Ten spyte van al die voorafgaande geykte woorde is* ***ons*** *'n groep individue met 'n gemeenskaplike doel: Om* ***ons*** *kliënte 'n uitsonderlike ervaring van dienslewering te gee. Soos alle mense maak ons foute, maar* ***ons*** *is gewillig om waar* ***ons*** *gefouteer die probleme op te los.* ***Ons*** *glo dat "TERUGVOER IS DIE VOEDINGSBRON VAN KAMPIOENE" en daarom verwelkom* ***ons*** *alle terugvoer hetsty positief of negatief omdat dit* ***ons*** *help om* ***ons*** *dienslewering aan ons kliënte te verbeter. As jy hou van wat* ***ons*** *gesê, nooi* ***ons*** *jou uit om* ***ons*** *dienslewering te kom ervaar. Soos hulle sê, as*

*'n mens dit opgeëet het, weet jy hoe dit smaak.Klik hier vir 'n profiel van die mense by The Garage - Bellville met wie u heel waarskynlik gaan skakel. Dit is altyd lekker as daar 'n prentjie by die naam is .***Ons*** *sien uit daarna om u binnekort by The Garage - Bellville te sien.Vriendelike Groete Alle Personeel. The Garage - Bellville* ***Ons*** *Mense Produkte en Dienste Kliënte-tevredenheidsindeks Pers Uitknipsels Besprekings Waar is* ***ons*** *Kontakbesonderhede Skakels Rekenaar* (web076)

In hierdie webtuiste word die woord *'ons'* 31 keer uit 'n totaal van 428 woorde in die boodskap gebruik, met ander woorde 7,24 keer per 100 woorde. In hierdie webblad lê die fokus op die diens wat die garage (ons) aan die publiek kan lewer.

In die volgende teks gebruik die Fairland Rekenaarsentrum die web as bemarkingskanaal:

- *Fairland Rekenaarsentrum is 'n beslote korporasie wat reeds sedert 1995 spesialiseer in rekenaaronderrig.* ***Ons*** *is die trotse samestellers van 'n reeks programme in die vorm van handleidings en aktiwiteite op CD ROM, spesifiek ontwerp om leerders toe te rus met vaardighede in die MSOffice pakket. Hiervoor het* ***ons*** *'n goue toekenning van die Gautengse Onderwysdepartement ontvang.* ***Ons*** *produk word ook deur Microsoft SA ondersteun.* (web007)

Die gebruik van die eerstepersoon meervoud is veral opmerklik in meer formele situasies waar *'ons'* kan verwys na 'n enkele outeur, 'n groep outeurs, na die outeur en die leser of na persone in die algemeen. Die besondere hoë frekwensie van *'ons'* by e-pos en webtuistes kan volgens Biber, et al. (2000:334) ook verklaar word deur die meerdoeligheid van hierdie voornaamwoord in geskrewe kommunikasie, naamlik om veralgemenings te maak en ook om te verwys na die outeur en gesamentlik na die outeur en die leser of lesers, soos wat dikwels die geval is met e-posboodskappe. In sulke gevalle is die fokus op die interpersoonlike van belang. Die voornaamwoorde

tree dus hier op as 'n soort solidariteitsmerker. Die gedeelde kennis en verhouding waarin die outeur tot die gehoor staan noodsaak dikwels die gebruik van die eerstepersoonsvoornaamwoord *'ons'*. In die volgende fragmente uit e-posboodskappe word hierdie gebruik geïllustreer:

- *Ek stuur graag vir julle die inventarisse wat **ons** beoog om te gebruik vir **ons** opname eerskomende Sondag en Maandag. Wees so vriendelik om te kyk na die samestelling en die bestek en help **ons**om asb. die leemtes wat bestaan aan te vul.*
  *Intussen het ek vasgestel dat Rosie haar eie telefoonnommer het 027 672 1005). Dit lyk vir my asof sy **ons** skakelpersoon gaan word. Ek ontvang ook van haar 'n lys van die mees dringende behoeftes, sodat **ons** daarvan kan saamneem. (Ek sal laat weet)*

  Groete,
  JOHANN(epos087)

- *Hierdie is inligting wat my span nog soek. **ons** het 'n brainstorm gedoen om te bepaal wat se info **ons** benodig om 'n konstruktiewe bydrae te lewer met die oog op konsultasie. die is almal se input en is nie noodwendig 'n konsensus gevoel nie. (party van die dinge redeneer **ons** uit, maar party individue voel hulle wil die antwoorde eerder by jou kry).*
  Ek vertrou jy vind dit in orde.
  sterkte met die nuwe jaar.
  Leon (epos129)

Die organisasie van diskoersvolgorde en beurtnemingstrukture eie aan kletskamers verklaar die laer gebruiksfrekwensie van *'ons'* in die kletskamerkorpus. Alhoewel 'n hele aantal kletsers gelyktydig aan die sessie deelneem, geskied die diskoerswisseling hoofsaaklik tussen twee individue en is die voorkoms van *'ek'*, *'my'* en *'jy'*, verwysend na die sender en ontvanger van die boodskap, dus veel hoër.

Die keuse tussen *'jy'*, *'u'* en ook *'julle'* word bepaal deur die formaliteit van die situasie. In kletskamers is *'u'* heeltemal afwesig wat 'n duidelik bevestiging van die informele karakter van hierdie genre is. Alhoewel die gebruiksfrekwensie van *'u'* in webtuistes en e-pos ook relatief laag is in verhouding tot ander tweedepersoonsvoornaamwoorde, weerspieël die gebruik daarvan die meer formele karakter van hierdie twee genres. Daar moet egter ook in gedagte gehou word dat die onderwerp aan bod, asook die verhouding tussen die sender en ontvanger van die boodskap, 'n bepalende rol speel ten opsigte van woordkeuse. Voorbeelde van die gebruik van *'u'* in webtuistes en e-posinskrywings word geïllustreer in die volgende uittreksels. Dit kom voor asof *'u'* hoofsaaklik gebruik word waar die sender en ontvanger van die boodskap nie aan mekaar bekend is nie en dit as 'n beleefdheidsvorm in meer formele kommunikasie gebruik word.

In beide (epos026), wat 'n uitnodiging van 'n universiteit aan nagraadse studente is om 'n werkswinkel by te woon, en (web014), die tuisblad van die Boere Separatiste, word *'u'* as beleefdheidsvorm gebruik:

- *__U__ is verantwoordelik vir __u__ eie verblyfreëlings en die kostes daaraan verbonde. 'n Lys van gastehuise word vir __u__ gerief aangeheg. Die middagetes vir die twee dae sal wel deur die Fokusarea geborg word.RSVP: Voor of op Dinsdag, 10 Februarie 2004 E-pos of Tel: Me. Teresa Smit (NTLTS@PUKNET.PUK.AC.ZA) of (018) 299-1485*

  'n Volledige program sal spoedig aan __u__ gestuur word.

  Ek vertrou dat __u__ die belangrikheid van hierdie werkswinkel met die oog op __u__ navorsingsbenadering en -vordering sal begryp, en sien daarna uit om __u__ ier te verwelkom!

  Vriendelike groete
  PROF. A.M. DE LANGE
  FOKUSAREADIREKTEUR (epos026)

- *Welkom by die webtuiste van die Boere Separatiste. Sou **u** deel van die Boerevolk wees, of net belangstel in die Boere geskiedenis en/of valshede, hoop ons **u** sal al die ander blaaie ook interresant vind. Hier sal **u** te doen kry met nuwe insigte aangaande die geskiedenis, politiek, vryheidstryd en ander aspekte, (soos bv. hierbo aangedui met die sublieme valshede van die konsentrasie kampe) wat van die Boerevolk 'n onding, minderwaardige en identiteitslose volks-groep probeer maak het oor die afgelope 100jaar, alles net om die Afrikaner die reg en toegang tot die Boerevolk se erfporsie te gun, asook om die Boervolk te elimineer. Dit wat **u** op hierdie webblaaie sal raakloop, sal seer sekerlik bots met dit wat **u** tot dusver van die Boerevolk geleer, gelees, gehoor, geweet of gedink het. Daar word altyd afbrekend na die Boere verwys as iets sogenaamds onplesierig gebeur, maar die Afrikaner word alewig opgehef met die geringste positiewe gebeurtenis. Dat hierdie webblaaie **u** dalk sal skok, of tot ander insigte bring,is die doel van hierdie blad. **U** is dalk reeds bewus dat **u** van die BOerevolk is, of dink steeds dat **u** 'n Afrikaner is, dalk ontwaak **u** Boerskap, of **u** bly maar net 'n Afrikaner, **u** alleen sal weet en besluit, hoe ookal, bestudeer gerus hierdie webblaaie, want daar word baie meer valshede en politieke leuens aangaande die verlede oopgekrap en oor gepraat.* (web014)

In die volgende uittreksel uit die webblad van *The Garage* (web076) word *'u'* en *'jy'* inkonsekwent gebruik, amper asof die outeur daarvan aan die einde van die stuk besluit het dat dit eintlik meer formeel behoort te wees en daarom eerder die meer formele beleefdheidsvorm begin gebruik het. Die inkonsekwente gebruik van *'u'* en *'jy'* dui op 'n oorgangsregister tussen statiese informasiefokus en interpersoonlike uitreik na die leser van die webblad. Hierdie voorbeeld dien ook as bevestiging vir Danet (2001) en Crystal (2001) se siening dat gebruikers nog onseker is van wat "aanvaarbare" taalgebruik in die nuwe medium is en taalgebruikspatrone sal ontwikkel en verander soos wat die gebruikers meer vertroud raak met die nuwe kommunikasiemedium.

- *As* **jy** *hou van wat ons gesê, nooi ons jou uit om ons dienslewering te kom ervaar. Soos hulle sê, as 'n mens dit opgeëet het, weet* **jy** *hoe dit smaak.Klik hier vir 'n profiel van die mense by The Garage - Bellville met wie* ***u*** *heel waarskynlik gaan skakel. Dit is altyd lekker as daar 'n prentjie by die naam is. Ons sien uit daarna om* ***u*** *binnekort by The Garage - Bellville te sien. Vriendelike Groete* (web076)

Die algemene lae voorkoms van die formele *'u'* oor genres heen dien as aanduiding daarvan dat hierdie internetkommunikasie per definisie dus nie in die formele skryfstyl plaasvind nie.

In die spreektaal word *'jy'* gereeld in redelike formele situasies gebruik, selfs waar gespreksgenote nie aan mekaar bekend is nie, terwyl *'julle'* as hoflikheidsvoornaamwoord in plaas van *'u'* gebruik word. Die gebruiksfrekwensie van *'jy'*, *'jou'* en ook *'julle'* is hoër in kletskamers wat gekenmerk word aan interpersoonlike interaksie waar die aangesprokene 'n direkte betrokkenheid by die gesprek het en waar daar ook 'n afwesigheid van informasiefokus waargeneem kan word.

In teenstelling met Biber, et al. (2000:334) se bevindings dat manlike voornaamwoorde meer algemeen as die ooreenstemmende vroulike voornaamwoorde in alle registers gebruik word, word die vroulike voornaamwoorde *'sy'* en *,'haar'* in kletskamers meer frekwent gebruik as die manlike voornaamwoorde *'hy'* en *'hom'*. Die gespreksdeelnemers en ook die onderwerp van bespreking dra in die geval van kletskamersessies by tot die meer frekwente gebruik van die vroulike voornaamwoord. As gevolg van die gebruik van skuilname is dit nie in hierdie navorsing moontlik om met sekerheid te bepaal wat die geslag van die deelnemers aan die kletssessies is nie. Dit wil egter uit die aard van die gesprekke in die volgende twee fragmente voorkom of daar in die eerste geval (chat029) meer vroulike deelnemers betrokke is, en daar dus meer verwysing na vroue en hulle leefwêreld plaasvind. In die daaropvolgende fragment (chat003) blyk dit dat daar meer riskante onderwerpe met meer seksuele verwysings onder

bespreking is en dus meer verwysing na vroue as die geëikte objek van sodanige gesprekke.

- *<Lizel> ek sien **sy** het die topic geset...*
  <_Odomir> yip
  <_Odomir> een van my beste maatjies
  <_Odomir> lol
  <Lizel> ahhh
  *<Lizel> so ken jy **haa**r persoonlik?*
  <_Odomir> ja
  <Lizel> dis cool
  *<_Odomir> ek het saam met **haar** in die koshuis gebly verlede jaar*
  *<Lizel> saam met **haar??***
  <Lizel> hoe werk dit?
  <_Odomir> hehehe
  <_Odomir> nee man
  <_Odomir> lol
  *<_Odomir> ons het altwee in die koshuis gebly, maar ek in die mans en **sy** in die dames*(chat029)

- *<Winter> jy wil kyk of **sy** 'n panty aan het daaso?*
  <RooiWolf> Yoga, selfs ...
  <Phreak> woes groot
  *<RooiWolf> **Sy** het nie*(chat003)

Uit die vergelyking van die gebruik van voornaamwoorde oor genres heen word weereens bevestiging gevind vir die invloed wat die verskillende kommunikatiewe doelwitte van die onderskeie genres het op die taalgebruikspatrone wat in die bepaalde genres manifesteer. E-pos, en in 'n groter mate kletskamers, impliseer tweerigtingkommunikasie. E-posboodskappe, veral binne korporatiewe verband, betrek meer as net die '*ek*' en' *jy* en boodskappe word dikwels geformuleer vir en aangestuur aan meer as een persoon. Die relatiewe hoë gebruiksfrekwensie van '*ek, 'ons'* en '*hulle*' dien as merkers hiervan.

5.5 VERBINDINGSWOORDE

In die bespreking van hierdie veranderlike word daar onderskei tussen neweskikkers, onderskikkers en bywoordelike verbindingswoorde. Al drie hierdie veranderlikes het in Dimensie 1 van die korrespondensie-analise negatiewe waardes op die x-as wat kenmerkend is van die gedeelde eienskappe van e-pos en webtuistes. Bywoordelike verbinders is 'n veranderlike wat veral kenmerkend is van webtuistes, terwyl neweskikkers en onderskikkers veral met die e-posregister geassosieer kan word.

Die funksie van verbindingswoorde is om die samehang en verband in teks aan te dui, asook die integrasie van inligting in die teks. Dit gaan met ander woorde oor die verskillende wyses waarop die onderdele van 'n teks (of diskoers) aan mekaar verbind is. Juis daarom is die frekwensie van verbindingswoorde hoër in die registers wat gekenmerk word aan informasiedigtheid.

Die verspreiding van die mees algemene verbindingswoorde oor genres heen word in Figuur 5.6 skematies voorgestel waarna Tabel 5.12 die verspreiding van verbindingswoorde oor die genres heen aangedui.



Figuur 5.6 Verspreiding van verbindingswoorde oor genres heen

VERBINDINGSWOORDE	Klets		E-pos		Web	
	Totaal per korpus	*Per duisend woorde*	*Totaal per korpus*	*Per duisend woorde*	*Totaal per korpus*	*Per duisend woorde*
Neweskikkers						
En	691	**10.11**	2086	**27.7**	2463	**25.68**
Maar	272	**3.98**	436	**5.79**	326	**3.39**
Of	186	**2.72**	398	**5.28**	479	**4.99**
Want	47	**0.68**	102	**1.35**	64	**0.66**
Totaal	**1196**	**17.50**	**3022**	**40.12**	**3332**	**34.72**
Onderskikkers						
Alhoewel	2	**0.02**	17	**0.22**	17	**0.17**
As	223	**3.26**	428	**5.68**	587	**6.14**
Daarom	1	**0.01**	29	**0.38**	14	**0.14**
Omdat	9	**0.13**	62	**0.82**	34	**0.35**
Totaal	**235**	**3.42**	**536**	**7.10**	**652**	**6.80**
Bywoordelike verbindingswoorde						
Byvoorbeeld	0	**0**	12	**0.15**	16	**0.16**
Selfs	5	**0.07**	47	**0.62**	62	**0.64**
Verder	0	**0**	27	**0.35**	30	**0.31**
Dus	17	**0.02**	50	**0.66**	69	**0.71**
Egter	0	**0**	43	**0.57**	73	**0.76**
Toe	174	**2.50**	159	**2.11**	271	**2.82**
Eers	87	**1.30**	56	**0.74**	62	**0.64**
Later	45	**0.70**	31	**0.41**	54	**0.56**
Intussen	2	**0.02**	13	**0.17**	11	**0.11**
Trouens	0	**0**	6	**0.07**	2	**0.02**
Inteendeel	0	**0**	1	**0.01**	3	**0.03**
Altans	0	**0**	1	**0.01**	0	**0**
Gevolglik	0	**0**	6	**0.07**	2	**0.02**
Andersins	0	**0**	3	**0.03**	2	**0.02**
Naamlik	0	**0**	0	**0**	5	**0.05**
Juis	10	**0.14**	13	**0.17**	8	**0.08**
Totaal	**340**	**4.75**	**468**	**6.24**	**670**	**6.93**

Tabel 5.12 Verspreiding van die mees algemene verbindingswoorde oor genres heen

Bevindings

- *'En'* is by verre die mees algemene verbindingswoord in al drie die genres.
- *'En'* word in verhouding baie meer gebruik in e-pos en webtuistes as in kletskamers.
- Met die uitsondering van *'ook'* word bepaalde bywoorde as verbindingswoorde nie so frekwent gebruik in die totale internetkorpus nie.
- Die frekwensie van tydsbinders soos *'toe'*, *'eers'* en *'later'* is die hoogste in kletskamers.

Bespreking

Die neweskikker *'en'* is die mees frekwente verbindingswoord in al drie die registers, afgesien daarvan dat dit oorwegend meer gebruik word in e-posse en webtuistes. Die verklaring hiervoor kan waarskynlik toegeskryf word aan die meer sintakties komplekse aard wat kenmerkend is van die webtuiste- en e-posregisters, in vergelyking met kletskamers en die neutrale aard van die verbindingswoord *'en'*.

Die frekwensie van die mees algemene verbindingswoorde in die internetkorpus is die heel laagste in kletskamers. Hierdie tendens in die Afrikaanse internetkorpus korreleer ook met die voorkoms van verbindingswoorde in die gesproke korpus van die *LGSWE* (Biber, et.al., 2000:83). Die relatiewe lae frekwensie van verbindingswoorde in kletskamers kan direk toegeskryf word aan die algemene semantiese en sintaktiese simplisiteit wat kenmerkend is van die kletskamergenre. Informasie word in hierdie genre slegs versprei en nie geïntegreer soos in die ander twee genres nie. Die relatiewe laer frekwensie van die semanties neutrale verbindingswoord *'en'* in kletskamers is sprekend van die sintakties gereduseerde voorkoms van taalgebruik in hierdie genre.

Die meer frekwente verspreiding van *'maar'* in kletskamers en e-pos kan toegeskryf word aan die interaktiewe karakter van hierdie twee genres in teenstelling met webtuistes. Die persoon aan die woord

(kletskamerdeelnemer of outeur van die e-posboodskap) kan *'maar'* gebruik om 'n stelling te verander, die ontvanger van die boodskap kan dit gebruik om 'n teenstellende mening te lug, 'n stelling te weerlê, 'n voorstel te verwerp ensovoorts. Biber, et al. (2000:82) skryf die relatiewe lae frekwensie van *'maar'* in meer formele registers tot 'n mate daaraan toe dat kontras meer dikwels uitgedruk word deur die gebruik van bywoordelike verbindings soos *'inteendeel', 'alhoewel',' egter'* en *'aan die ander kant'*. Hierdie gebruik van bywoordelike verbindingswoorde, eerder as *'maar'* word ook so waargeneem in die Afrikaanse internetkorpus waar die frekwensie van bywoordelike verbindingswoorde hoër is in die e-posse en webtuistes, in vergelyking met kletskamers.

Enkele inskrywings in kletskamersessies is tipies baie kort en verbindingswoorde word dikwels aan die begin van 'n spreekbeurt gebruik ter wille van die instandhouding van die sinchroniese aard van die gespreksituasie soos wat dit in die volgende fragmente geïllustreer word. Kohesiemerkers wat beurte bind word met ander woorde gebruik, eerder as om stukke inligting van dieselfde skrywer te integreer. Die volgende twee fragmente word ter illustrasie van hierdie gebruik voorgehou:

- *<Vix> ag tsk Major*
  <mens> ***en*** *wat gebeur dan?*
  <Vix> oeps
  <Vix> mens
  <Vix> lol
  <Vix> ***dan*** *vat jy jou sekretaresse vir ete*
  ** Major lewks @ Vix*
  <Vix> ***of*** *koop vir haar blomme*
  <Vix> ***of*** *wat ever*
  ** goldielox has quit IRC (Quit: Leaving)*
  <blou> ***en*** *as jy jou eie sekretaresse is? koop jy vir jouself blomme en kentucky?*
  <Vix> lol.. met die baas se geld ja
  <mens> watter kleur blommme?

<Vix> *eniges*

<blou> ***en*** *as ek die baas is ook... my eie geld??*

<Vix> *helder mooi bont*

<blou> *bont is beter* (chat014)

➢ *Ravenking has joined #geselshoekie*

<Stoffeltjie> *vanoggend ne*

<goldielox> *ja?*

<Stoffeltjie> ***toe*** *ek daai prefab huisie gaan inspekteer*

<goldielox> *lololol*

<goldielox> *ja?*

<Stoffeltjie> ***toe*** *sien ek die gat wat ek ingehol het*

<goldielox> *flip!*

<Stoffeltjie> ***of*** *liewer ytgehol het*

<goldielox> *kyk jys 'n taai ratel he?*

* *Snowy has left #geselshoekie*

<Stoffeltjie> *uu, dis n ouuuu hysie*

<goldielox> *oic*

<Stoffeltjie> *franse setlaars het hom nog saamgebring*

<Stoffeltjie> *18de eeu*

* *goldielox val van ha stoel af soos sy laaaaaaaaaaaaggggggggggggg*

<Stoffeltjie> ***toe*** *moes ek vannie verf gebruik daar*

<goldielox> *ooo - dis redelik antiek ja*

* *goldielox vistaan nou als*

<Stoffeltjie> *daar het my gevoelins seergekry*

<Stoffeltjie> *nee, haar auntie bly by n anner ou*

<goldielox> *siestog sotffelkie*

<Stoffeltjie> *ooo antiek sorry*

<goldielox> *lol*

<Stoffeltjie> ***maar*** *eks moerig vir haar*

<goldielox> *so dis hoekom jy nie verf het virrie wiele nie* (chat008)

In die kletssessie chat008 gebruik *Stoffeltjie* verbindingswoorde *'toe'*, *'of'* en *'maar'* om 'n nuwe spreekbeurt te inisieer. Wat bywoordelike

verbindingswoorde betref is die mees frekwente verbinder in al drie die korpora *'toe'*, wat gebruiklik is veral in verhalende verband. Die gebruik hiervan word duidelik geïllustreer in die volgende webtuistefragment uit die vertelling van *Hans Walvis se Stories:*

- *Ry ek* ***toe*** *saam met Hennie teen die heining af om te kyk waar die varke gate onderdeur gegrawe het want na die varke, vergroot hiënas die gate sodanig dat leeus ook kan deurkruip. So sien ons die hiëna* ***toe*** *aankom draad toe - reguit na die gat wat ons so pas "gestel" het Wat in sy hiëna brein aangegaan het, kan ek net raai, maar* ***toe*** *besluit hy te hel met die heining - hy grawe sy eie gat net daar vanwaar hy staan.* ***Toe*** *hy sy voorkop teen die heining druk,* ***toe*** *vou sy agterbene soos die ding hom skok.* ***Toe's*** *hy kwaad soos 'n mannetjie wat so pas van sy baaisiekel afgeval het en hy storm die heining met mening.* (web028)

Verbindingswoorde word as deel van die meer komplekse sintaktiese strukture, dit wil sê vir die integrasie van informasie in e-posboodskappe en veral in webtuistes gebruik. Die volgende uittreksels uit webtuistes en e-pos is voorbeelde van hierdie gebruik:

- *Onderwerp: MHBP: Opwindende nuwe verwikkeling*
  Boodskap: Migrasieprogram vir Hoogs Bekwame Persone — Opwindende nuwe verwikkeling aangekondig Breedvoerige veranderinge is aangebring aan die Verenigde Koninkryk se immergewilde migrasieprogram vir hoogs bekwame persone ***of*** *soos dit in Brittanje bekend staan die "Higly Skilled Migrant Programme". Die aankondigings is gedoen deur die Britse regering op 31 Oktober 2003* ***en*** *kan gesien word as van die mees ingrypendste veranderinge aan die Britse migrasiewetgewing in 'n baie lang tyd.* (web036)

- *As bevolkingsgroep is die Afrikaner ekonomies nog steeds die sterkste in die land. Dit beteken nie ons moet arrogant of meerderwaardig wees nie,* ***maar*** *dat ons definitief nie minderwaardig hoef te wees* ***en***

soos 'n klomp morone 'n slawetaal gemeng met Engelse woorde hoef te praat nie: "Moet nie 'n slaaf wees nie, praat Afrikaans." Pylvak as 'n Internet-jeugkoerant onderneem om te streef om in verstaanbare Afrikaans te skryf. Onthou net dat daar is in enige taal 'n skryftaal en 'n spreektaal. Die skryftaal is gewoonlik "deftiger" ***en*** *daarom moet Pylvak nie veroordeel word as dit soms te deftig klink nie.* (web068)

- *Julle moet asb. inligting inwin vir ons onderdeel begroting wat in die besigheidsplan moet kom. Die besigheidsplan moet vir 5 jaar opgestel word* ***en*** *ons gaan daarteen gemeet word,* ***dus*** *moet die inligting so akkuraat as moontlik wees. Dit beteken dat julle met julle kliente sal moet praat* ***asook*** *Arrie Theron* ***en*** *Jacques Marais. Ons moet ook na TCO's kyk en alles waarvoor ons verantwoordelik is. Daar is egter nie baie tyd nie.*

  Dankie

  Nico Smit (epos009)

Twee bywoorde wat tydsvolgorde uitdruk, naamlik *'eers'* en *'later'* word relatief meer in die kletskamerkorpus gebruik, juis omdat nuwe deelnemers aan die kletssessie deurlopend toetree en ander weer te kenne gee dat hulle die sessie gaan verlaat en moontlik weer later sal deelneem. Die volgende fragmente is tipiese voorbeelde van hiervan:

- *<logistix> eish dan gaan ek nou maar* ***eers*** *biki loop.....*
  <Jan-Louis> tarra slimseun ;) (chat001)

- *Markus groet ammal vir* ***eers***
  <dolfyntjie> baai markus (chat001)
- *<Rosa> hello JHB_Chick19*
  <Rosa> hoekom sien ons jou nou ***eers*** *hier?* (chat020)

- *<blou> sien julle bietjie* ***later****... ek gaan koffie en dan swem...*

** blou is now known as blouWeg*

<shel> geniet dit blou (chat011)

- *<lyfwag> ek web met Blou en Nala - ons doen almal webdesign*

  ** Koos plak i goue sterriekie op amelie se voorkop*

  ** charles moet eers waai.. **later** almal*

  <charles> baai!

  ** charles has quit IRC (Quit: today is the first day of the rest of my life!)*(chat031)

- *<Pietbril> ik dink ek ga prob lewe kry met my seer en deurmekaar lyf*

  *<Pietbril> sien **later** weer*

  <Lara_Croft> okies

  <Pietbril> bye bye!

  <amelie> bye

  <Pietbril> 8)

  ** Pietbril has left #tarentaal* (chat037)

Uit die bespreking hierbo word dit duidelik dat algemene semantiese en sintaktiese kompleksiteit die meer frekwente gebruik van verbindingswoorde in die teks verklaar. Verder word verbindingswoorde gebruik ter wille van die integrasie van informasie, veral in e-posse en webtuistes, en ook om spreekbeurte te inisieer in die kletskamerkorpus.

5.6 LEKSIKALE KEUSES

Onder die afdeling 'leksikale keuse' word die gebruik van kragwoorde, kodewisselingspatrone en fatiese kommunikasie (randstukke, tussenwerpsels en emosionele geluide) in die kletskamer-, e-pos- en webtuistekorpora van nader beskou.

5.6.1 Die gebruik van kragwoorde

Die gebruik van kragwoorde is een van die kenmerkende veranderlikes van kletskamers met 'n positiewe waarde op die x-as in Dimensie 1 van die korrespondensie-analise. Die term 'kragwoorde' word in hierdie navorsing as versamelterm gebruik vir taboewoorde, (woorde wat op grond van godsdienstige oortuigings, moraliteit of smaak vermy word), of semi-taboewoorde, veral met 'n sterk negatiewe betekenis. Uit die data word die gebruik van kragwoorde of kru taal oor al drie die genres heen waargeneem, maar daar is tog 'n beduidende frekwensieverskil waarneembaar namate die formaliteitsgraad van die genre toeneem. In Figuur 5.7 word die gebruik van sterk taal oor genres heen skematies voorgestel.



Figuur 5.7 Skematiese voorstelling van die gebruik van sterk taal oor genres heen

Die verspreiding van kragwoorde oor genres heen word in Tabel 5.13 uiteengesit:

KRAGWOORDE	Klets		E-pos		Web	
	totaal per korpus	*per duisend woorde*	*totaal per korpus*	*per duisend woorde*	*totaal per korpus*	*per duisend woorde*
fok	39	***0.6***	22	***0.3***	0	***0***
fokken	4	***0.1***	12	***0.2***	0	***0***
fokker	1	***0***	2	***0***	0	***0***
fokkof	2	***0***	1	***0***	0	***0***
fokkit	1	***0***	1	***0***	0	***0***
fokin	1	***0***	0	***0***	0	***0***
fokjou	1	***0***	0	***0***	0	***0***
fokket	2	***0***	0	***0***	0	***0***
fokkt	1	***0***	0	***0***	0	***0***
fokof	2	***0***	0	***0***	0	***0***
fokol	1	***0***	0	***0***	0	***0***
ffffokker	1	***0***	0	***0***	0	***0***
fokjou	1	***0***	0	***0***	0	***0***
befok	2	***0***	2	***0***	0	***0***
aanfok	0	***0***	1	***0***	0	***0***
agternafok	0	***0***	1	***0***	0	***0***
agteroorfok	0	***0***	1	***0***	0	***0***
byfok	0	***0***	1	***0***	0	***0***
gefok	0	***0***	3	***0***	0	***0***
opfok	0	***0***	1	***0***	0	***0***
toefok	0	***0***	1	***0***	0	***0***
uitfok	0	***0***	1	***0***	0	***0***
voortfok	0	***0***	1	***0***	0	***0***
fuck	1	***0***	0	***0***	0	***0***
fucked	1	***0***	0	***0***	0	***0***
fucken	1	***0***	0	***0***	0	***0***
fucket	1	***0***	0	***0***	0	***0***
fuckin	1	***0***	0	***0***	0	***0***
fuct	1	***0***	0	***0***	0	***0***

kak	18	***0.3***	0	***0***	0	***0***
kakkop	1	***0***	0	***0***	0	***0***
crap	1	***0***	0	***0***	0	***0***
shit	4	***0.1***	0	***0***	0	***0***
poefies	3	***0.04***	0	***0***	0	***0***
drol	1	***0***	0	***0***	0	***0***
moer	9	***0.13***	2	***0***	4	***0***
moerse	5	***0.1***	0	***0***	0	***0***
moervrou	0	***0***	0	***0***	2	***0***
poepol	2	***0***	0	***0***	0	***0***
poephol	1	***0***	0	***0***	0	***0***
poes	1	***0***	0	***0***	0	***0***
doos	1	***0***	0	***0***	0	***0***
piele	1	***0***	0	***0***	0	***0***
tiete	2	***0***	0	***0***	0	***0***
arse	1	***0***	0	***0***	0	***0***
bliksem	6	***0.14***	0	***0***	2	***0***
blixem	1	***0***	0	***0***	0	***0***
blixemse	1	***0***	0	***0***	0	***0***
bliksems	1	***0***	0	***0***	0	***0***
blerrie	12	***0.2***	0	***0***	0	***0***
bleddie	3	***0.04***	0	***0***	0	***0***
bitch	6	***0.14***	0	***0***	0	***0***
hoer	1	***0***	0	***0***	0	***0***
hoernes	1	***0***	0	***0***	0	***0***
damn	12	***0.2***	0	***0***	0	***0***
beneuk	0	***0***	0	***0***	1	***0***
	167	***2.4***	**54**	***0.73***	**9**	***0.01***
sonder epos115			**9**	***0.12***		

Tabel 5.13 Verspreiding van die mees frekwente kragwoorde oor genres heen

Bevindings

- Die frekwensie van kragwoorde is die hoogste in kletskamers.
- Die gebruiksfrekwensie van kragwoorde is baie laer in e-pos en onbeduidend laag in webtuistes.
- Kragwoorde kom voor in enkele boodskappe in e-pos en webtuistes, teenoor 'n eweredige verspreiding in kletskamers.

Bespreking

Die hoë gebruiksfrekwensie van kragwoorde is tiperend van gesproke taalgebruik in 'n informele situasie. Alhoewel die frekwensie van kragwoorde in e-posse heelwat laer is wil dit tog voorkom asof e-posgebruikers wel sterk taal gebruik in hulle boodskappe. Hierdie aanname is egter misleidend aangesien 45 kragwoorde (*"fok"* en variante daarvan) almal in een enkele e-posboodskap (epos115) gebruik word. Hierdie boodskap is 'n tong-in-die-kiesbeskrywing van die veelsydigheid van hierdie "Unieke Afrikaanse woord" na bewering deur wyle prof. Johan Combrinck. Die oorsprong van hierdie boodskap is onbekend aan die navorser aangesien dit deur die e-pos-medium gesirkuleer is en daar nie met sekerheid bewys kan word wie die outeur daarvan is nie. Bogenoemde in ag genome is die frekwensie van kragwoorde in die e-poskorpus dus heelwat laer as wat dit aanvanklik voorkom.

In kletskamers, e-pos en ook webtuistes word daar soms van simbole as vermydingstrategie gebruik gemaak eerder as om die kragwoord net so te gebruik. Buite die internetkonteks word ongewone kombinasies van simbole in die plek van kragwoorde algemeen in strokiesprente as 'n soort versagtingstrategie gebruik. In die e-poskorpus word die normale betekenis van die kragwoord vervang deur 'n volledige kombinasies van simbole. Die outeur van die boodskap het 'n spesifieke lekseem in gedagte wat hy deur die simbool vervang, maar omdat die ontvanger van die boodskap by implikasie weet dat die simbool 'n kragwoord verteenwoordig, word hy die keuse gelaat om die simbool met 'n kragwoord of vloekwoord uit sy eie repertoire te vervang, óf doodeenvoudig net daaroor te lees. Hoewel die voorkoms van hierdie strategie in die Internetkorpus te laag is om tot 'n gevolgtrekking te kan kom, dien die teenwoordigheid van hierdie gebruik as bevestiging van die

meer informele karakter van die e-posgenre. Voorbeelde van die gebruik van simbole as vermydingstrategie in die plek van kragwoorde is die volgende:

- *reel asb dat my IIMS password reset word. ek kan nie onthou wat die* ***^&$%@*%$#*** *nie_* (epos065)
- *Ek is net wat 'n mens sal noem ordentlik en indringed de* ***#%@**$#*** *in.*
- *...200 CD's of enigiets waarop die* ***#%@**$#*** *nog hul hande kon lê nie.*

Afgesien daarvan dat 'n groot hoeveelheid webtuistes in die Internetafrikaanskorpus tipies 'n informele karakter vertoon, is die gebruik van kragwoorde nie 'n frekwente verskynsel nie en korreleer dit met die norme wat tradisioneel geld vir geskrewe taalgebruik. Die gevalle waar sterk taal wel gebruik is het grotendeels in die *ddisselblom*-webtuiste (web017), wat gekenmerk word aan 'n baie informele karakter, voorgekom. Hierdie webtuiste toon ooreenkomste met die e-posinskrywing daarin dat dit bestaan uit ongeredigeerde boodskappe van bewonderaars wat aan die groep gestuur word deur middel van die skakel op hulle webtuiste, amper soos wanneer 'n informele e-pos aan iemand gestuur word. Dit is dus nie 'n webtuiste wat volledig versorg en geredigeer word deur die outeur daarvan nie. Voorbeelde van inskrywing waar sterk taal gebruik word in die *ddisselblom*-webtuiste is die volgende:

- *Liewe* ***bliksem!!*** *Ek sien die naweek eers dat julle geraas benoeming vir die beste video was!!*
- *Dankie dat julle 'n CD gemaak het wat mens kan luister as jy "Bang" is of as jy net vir iemand wil se "jou* ***moer****"!*
- *Aan ddisselblom 'n* ***MOERSE*** *dankie vir nog 'n onvergeetlike vertoning in Stellenbosch by die Van der Stel Krieketklub se Middelstok!!*
- *Nog 'n* ***moerse*** *geluk met daai Kanna. Die Baai wag vir julle. Rock voort.*
- *My huidige fafourite is* ***'moervrou'*** *maar dit verander ontrent elke dag!!*(web017)

Uit die voorbeelde hierbo is dit duidelik dat die gebruik van sterk taal verklaar kan word wanneer dit binne die konteks van die webblad beskou word. Die woord *'moervrou'* verwys na 'n album van die groep en die woorde *'moerse'* en *'bliksem'* word hier gebruik as positiewe versterking vir die waardering wat die onderskeie outeurs het vir die groep se talente en nie bloot as kragwoorde met hulle normale betekenis nie.

In die webtuiste *Hans Walvis se Stories* (web028) gebruik die outeur die woord-simboolkombinasie *'k@k'* en die woord *'beneuk'* binne konteks as deel van sy vertelling.

- *Al waaroor ek nie uitsluitsel het nie, was sy taalgebruik in die proses. Moes seker iets gewees het soos "hei, lig jou lui dinges daar en komhelp my hier buite. Daar's groot* ***k@k.****"*

- *Hierdie Siamees was nog* ***beneuk*** *ook want die stert was regop in die lug- dan ruk hy sy stert hiernatoe en weer daarnatoe.* (web028)

Die oënskynlike aanwesigheid van die gebruik van kragwoorde in hulle normale betekenis in webbladsye is dus misleidend en kan verklaar word aan die hand van bogenoemde fragmente uit die webtuistes. Binne ICE word woorde wat *as woorde* en nie in hulle normale betekenis gebruik word nie, apart hanteer. (Nelson, 1993).

Alhoewel die deelnemers aan die kletssessies nie huiwer om kragwoorde te gebruik nie, is daar wel gevalle waar simbole soos @-of **#**- vokale in woorde vervang. Die outeurs wat kragwoorde op hierdie wyse gebruik wil hierdeur te kenne gee dat hulle wel daarvan bewus is dat hulle teen die tradisionele norm optree. Voorbeelde van vokaalvervanging deur simbole in kletsuitings is die volgende:

- *<Shrek> nee dis net 'n* ***k@k*** *bra* (chat022)
- *Bells>* ***k@k*** *pelle daai*(chat031)

- *<connie> kyk ek kan <u>3</u> tale praat afr eng en* ***k@k*** *met watse tjol val julle hier uit* (chat011)
- *<Sophax> die cops vang net* ***k#k*** *aan* (chat019)
- *<Rosa>dis omdat sy so* ***f@ken*** *oud is ja* (chat022)
- *<Rosa> syt probleme met die* ***f@kn*** *server* (chat022)
- *<PiKKiE> ek het 'n* ***f@ken*** *groot joernaal om aante werk en 'n taak vir filosofie en nog my baas se werk*(chat028)

In bogenoemde gevalle word die kragwoorde *meestal* gebruik in die byvoeglike en bywoordelike funksie en nie as negatiewe verwysing na die persoon met wie die kletsgesprek gevoer word nie. In (chat028) word *f@ken* byvoorbeeld as positief verstekende betekenis gebruik om uit te druk hoe groot die joernaal nou eintlik is en in (chat022) word dieselfde woord gebruik om te verwys na hoe baie oud iemand is. In (chat011) word *k@k* as 'n eienaam gebruik wanneer daarna verwys word as een van drie tale saam met Afrikaans en Engels.

Afgesien van die gebruik van simbole ter versagting van kragwoorde word die oorgrote meerderheid vloek- en skelwoorde in kletskamers in die ongeredigeerde vorm gebruik. Alhoewel hierdie woorde meestal gebruik word as oënskynlike beledigings of verwysend na die domeine van seks en liggaamlike uitwerping versag die konteks waarbinne dit gebruik word die betekenis van hierdie woorde en verleen daaraan 'n positiewe versterkende betekenis. Daar bestaan 'n duidelike verskil in die krag wat die onderskeie taboewoorde dra. So word die woord *'damn'* as gevolg van die religieuse konnotasie in hierdie kategorie geplaas terwyl dit veel swakker is as byvoorbeeld *'fokkof'* of *'fokjou'* is.(Biber, et al. 2000:1094).

Alhoewel die oorgrote meerderheid gevalle van sterk taal in Afrikaanse voorkom, word Engelse kragwoorde in verskeie vorme ook in kletskamers gebruik. Dit kom voor of die veel groter mate van kodewisseling wat oor die algemeen plaasvind in kletskamers in vergelyking met e-pos en webtuistes ook in die gebruik van sterk taal neerslag vind. Kodewisselingskonstruksies kom algemeen in gesproke taalgebruik voor en is opmerklik in die Afrikaanse

kletskamerkorpus waar dit dikwels ter wille van stilistiese effek gebruik word. In die kletssessies word hierdie tiperende verskynsel ook in die gebruik van sterk taal waargeneem. Engelse voorbeelde van kru taalgebruik sluit onder andere die volgende in: *'fuck'* en variante daarvan en ook *'shit'*, *'crap'*, *'bitch'*, *'biatch'*, *'arse'*, *'asshole'* en *'damn'*.

Die frekwente gebruik van kragwoorde in kletskamers reflekteer die bekende, private aard van gesprekke. Hierdie verskynsel is teenstrydig met die norm vir geskrewe taalgebruik en vertoon dus eerder ooreenkomste met gesproke taalgebruik. Die anonimiteit wat die kletskamerdeelnemer ervaar is 'n faktor wat bydra tot die hoë gebruiksfrekwensie van sterk taal in die kletskamerkorpus. (Vergelyk Hoofstuk 2.6 in hierdie verband.) Die deelnemer verkry 'n soort 'vrypas' om hierdie tipe taal te kan gebruik sonder dat sy werklike identiteit aan die ander deelnemers bekend gemaak hoef te word (Tresca, 1998:1). Dit is dus redelik om voor te stel dat die afwesigheid van sosiale konteksmerkers in kletskamers aanleiding gee tot ongeïnhibeerde en onbeperkte optrede wat die gebruik van sterk taal sosiaal aanvaarbaar maak binne hierdie unieke konteks. Die gebruiksfrekwensie van sterk taal in beide Afrikaanse en Engels stem heel waarskynlik ook ooreen met die tipiese werklike taalgebruik van die kletskamerdeelnemers en sou dit dus nie net bloot om stilistiese effek gebruik word nie, maar as natuurlike uitvloeisel van 'n alledaagse woordeskatgebruik.

5.6.2 Kodewisselingspatrone

Kodewisseling is een van die vernaamste kenmerkende eienskappe van kletskamers en is verantwoordelik vir 'n positiewe waarde op die x-as in Dimensie 1 van die korrespondensie-analise en 'n 25% bydrae tot die Relatiewe Inertia

Die hooffunksies van kodewisseling is om inligting op metaforiese wyse oor te dra oor hoe die spreker sy boodskap verstaan wil hê, of oor hoe hy die gespreksituasie sien. Volgens Webb (1989:426) word die gebruik van

oorvloedige Engelse woorde in 'n Afrikaanse gesprek juis aangewend om 'n solidariteitsgevoel tussen die lede van die spraakgemeenskap te bevestig. Die informele karakter eie aan kletskamers word bevestig deur die kodewisselingstendense wat waargeneem word by hierdie genre.

Die verspreiding van Engelse woorde oor genres heen word deur middel van 'n grafiese voorstelling in Figuur 5.8 aangetoon, waarna opsommende waardes vir die gebruiksfrekwensie van Engelse woorde oor die drie genres heen in Tabel 5.14 weergegee word.



Figuur 5.8 Verspreiding van Engelse woorde oor genres heen

ENGELSE WOORDE	Klets		E-pos		Web	
	totaal per korpus	*per duisend woorde*	*totaal per korpus*	*per duisend woorde*	*totaal per korpus*	*per duisend woorde*
	13079	**191.4**	2449	**32.5**	5014	**52.56**
Aantal verskillende lekseme	2163	**31.7**	913	**12.1**	1548	**16.1**

Tabel 5.14 Gebruiksfrekwensie van Engelse woorde oor genres heen

Bevindings

- Die gebruiksfrekwensie van Engelse woorde is die hoogste in die kletskamerkorpus.
- In die e-poskorpus is die gebruiksfrekwensie van Engelse woorde die heel laagste.
- Die aantal verskillende Engelse lekseme per duisend woorde is beduidend hoër in kletskamers as in webtuistes en e-pos onderskeidelik.

Bespreking

Kodewisseling blyk aan die orde van die dag te wees in die kletskamerkorpus. Alhoewel hierdie tipe konstruksies algemeen in gesproke taalgebruik is, is die hoë frekwensie hiervan in geskrewe formaat opvallend. As sodanig dui dit op informele taalgebruik wat nader aan tipiese kodewisselingspatrone in gesproke taal lê, as aan tipiese kodewisselingspatrone in geskrewe taal, waar dit dikwels om stilistiese effek gaan.

In kletskamers kom beide intersintaktiese Afrikaans-Engels kodewisseling asook intrasintaktiese Afrikaans-Engels kodewisseling voor. By intersintaktiese kodewisseling kom die wisseling oor verskillende sinne heen voor, met ander woorde 'n sin of sinne in Afrikaans en dan weer 'n sin of sinne in Engels. By intrasintaktiese kodewisseling kom die vermenging voor binne een sin in die vorm van een of twee Engelse woorde wat in 'n Afrikaanse sin gevoeg word.

Die volgende fragmente illustreer die tipiese gebruik van intrasintaktiese kodewisseling in die kletskamerkorpus.

- *<amelie> iemand het 'n* ***identity*** *krisis* (chat030)
- *<Vix> en nou die* ***sad face*** (chat007)
- *<Bells> 19-15 wat i* ***joke*** (chat010)

- <*Vix*> *sien... eks mos* ***gay*** (chat013)

- <*Koos*> *ons sal* ***try*** *Yogi-bear* (chat005)

Die volgende fragmente dien as voorbeelde van intersintaktiese kodewisseling in die Afrikaanse kletskamerkorpus:

- ***<****Koos*> *en ek vrek oor....****lifes been good*** (chat004)

- ***<****jenna*> ***hello everyone***
  <*jenna*> ***look im here***
  <*blou*>***what r u doing here this time of day?lol***
  <*jenna*>***i took the day off!! I know the boss!!***
  <*blou*> ***you've got a wonderful boss! any vacancies there?***
  <*jenna*>(***im the*** *klein baas* ***as im referred to these days lol***)
  <*johnson*> *more jenna*
  <*blou*> *Johnson los vir jenna uit sy is ordentlik*
  <*Johnson*> *ek is nie?*
  <*blou*> *jy soek al heeldag moeilikheid*
  <*jenna*>*ja ons skop iemand soomer uit vir jy lol* (chat011)

- <*pikkie*> *ROXY!!!!!!! goed en met jou girl?*
  <*RoXy_BaBE*> *oi Yogi???????*
  <*Feisty_Faerie*> *RoXy_BaBE* ***!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!! ive got a bone to pick you deah***
  <*RoXy_BaBE*> *baie baie goed*
  <*pikkie*> *ek het net begin dink die mense het my op ignore*
  <*prince*> ***are ya from cape roxy***
  <*RoXy_BaBE*> *hehehe*
  <*RoXy_BaBE*> *oi oi*
  <*Feisty_Faerie*> ***how dare you spread rumours about electric ant? saying he is sexy and all***
  <*Feisty_Faerie*> *hahahahaahahhaha*
  <*RoXy_BaBE*> ***no jhb prince***

<RoXy_BaBE> Yogi-beaR is RoXy_BaBE se vrou
<CyberFreak> ***n e ladies wanna pvt?***(chat017)

In die uittreksel uit chat011 hierbo voer *jenna* en *blou* eers die gesprek in Engels en na *johnson* se toetrede tot die kletssessie word die gesprek voortgesit in Afrikaans sonder enige teken dat die gesprek voorheen in Engels gevoer is.

Hoewel dit moeilik is om op grond van die taalgebruik te bepaal of die gespreksdeelnemers eerste- of tweedetaalsprekers van Afrikaans is, is daar buitetalige aanduidings wat aanduiding gee van deelnemers se moontlike huistaal. Die blote feit dat daar aan 'n Afrikaanse kletskamergesprek deelgeneem word, ongeag die talle bestaande Engelse kletskamers, gee 'n aanduiding dat die voorkeurtaal beslis Afrikaans is. Lede van die kletskamer verwelkom nie deelnemers wat byvoorbeeld in Engels wil klets nie en tree summier teenoor hulle op. Vergelyk die volgende twee fragmente as voorbeelde hiervan:

- *slush_puppy has joined #tarentaal*
  <slush_puppy> what u guys talking bout
  <Nhikita> Afrikaners is plesierig....
  <slush_puppy> lol
  <Nhikita> ***Jy engelsman, kry jou ry!***
  <dade> baby is jy nog lief vir my!!!!???
  <TWIZM> ***L j moet afrikaans praat*** (chat038)

'n Deelnemer aan die gesprek in (chat013) vra of hy maar Engels kan praat en afgesien daarvan dat Engelse woorde oorvloedig gebruik word is die antwoord duidelik – hierdie is 'n Afrikaanse kletskamer.

- *sexy_male> amelie hoekom is ons mans nie op jou hoog luis nie*
  <Sir_Jonah> ***\must i speak afrikaans***
  <sexy_male> ***ja jy moet dus afrikaanse kanaal die***
  <_Odomir_> hehehe

<_Odomir_> jip
<Sir_Jonah> ok
<Sir_Jonah> ek sal
<sexy_male> goedso
<_Odomir_> koel
<sexy_male> amelie:jy is nie een vir fun nie net
<pikkie> nee man
<pikkie> ***Sir_Jonah jy hoef nie***
<_Odomir_> hehehe
<sexy_male> ***ja hy moet hoekom ni e***
<_Odomir_> ***dis oraait man***
<vlooi_> ***solank ons hom in afrikaans antwoord*** (chat013)

Toestemming word nie sonder meer verleen om Engels te praat nie, maar daar word geen verbod geplaas op die frekwente gebruik van Engelse woorde, frases en sinne nie. Dit wil eerder voorkom asof dit juis die norm is dat kodewisseling sal plaasvind. Hierdie tipe van kodewisseling illustreer duidelik 'n belangrike voordeel van kodewisseling, naamlik dat dit 'n akkommoderende funksie het, maar ook dat dit as solidariteitsmerker aangewend kan word.

Die hoë frekwensie van Engelse woorde in kletskamers stem heel waarskynlik ooreen met die tipiese werklike taalgebruik van die gespreksdeelnemers, sou hulle in gesproke diskoers met mekaar betrokke wees. Dit is belangrik om in ag te neem dat individuele gesproke style sal verskil van individu tot individu en daarom sal sommige kletsers meer van kodewisseling gebruik maak as ander.

In die geval van die e-posgenre behels kodewisseling meestal die gebruik van Engelse terme wat binne die korporatiewe opset algemeen gebruik word. Omdat die verklaarde besigheidstaal van korporate in Suid-Afrika (veral maatskappye wat globaal besigheid doen) vandag grootliks Engels is, word terme soos *'human resources', 'manager', 'company'* ensovoorts deurgans gebruik en vind die outeur van die e-posboodskap dit waarskynlik onnodig om

te vertaal. Dit is belangrik om te beklemtoon dat kodewisseling hier 'n heel ander funksie vervul, naamlik referensieël eerder as interpersoonlik. Voorbeelde van hierdie tipe kodewisseling in die e-poskorpus is die volgende:

- *Die verslaggewing is ons nog besig mee. Die programmeerder werk vandag daarop aangesien ons eers gekonsentreer het op die inligting wat direk op die* ***payroll*** *'n impak het. Sal julle in kennis stel sodra dit finaliseer is. Indien julle wil inligting he voordat die* ***reports*** *reggestel is, kan ons dit uit die* ***warehouse*** *solank onttrek. Laat weet asb of ek die inligting vir julle moet trek en wat se inligting alles benodig word.* (epos172)

- *Die inligting soos jy versoek het wat R aangevra het aangaande die* ***millwrights****. Kan ons dit dalk bespreek alvorens jy die info aan R gaan deurgee.* (epos056)

- *reel asb dat my IIMS* ***password reset*** *word. ek kan nie onthou wat die <u>^&$%@*%$#</u> is nie* (epos065)

- *Die volgende vrae kom op by ons:Is die mense ingelig oor die prosedure wat gevolg moet word wanneer hulle op 'n aanleg aanmeld vir werk?Het hulle die* ***"Safety Indctions course"*** *van die aanleg afgelê, en is daar bewys daarvan? Dra hulle hulle PPE en weet hulle hoe om dit te gebruik?* (epos102)

- *Ek verwys die na Adriaan - die nuwe* ***CoE Manager development****. Ek dink nie daar is nou 'n moontlikheid nie.* (epos162)

Engelse woorde word in persoonlike, meer informele e-posboodskappe dikwels tussen aanhalingstekens geskryf. Die outeurs van die e-posboodskappe wil waarskynlik daarmee te kenne gee dat hulle bewus is van die teennormatiewe optrede en plaas daarom die Engelse woord binne aanhalingstekens. Voorbeelde hiervan is die volgende:

- *Groete en **"Watch"** maar die klippe!* (epos202)

- *moet ons 'n sublisensie kry op grond van die instelling se lisensie (**'n "remote"-lisensie**, dus), of moet ons heeltemal van nuuts af 'n kopie aankoop vir gebruik aan die Vdk.* (epos117)

- *Ek weet ons as **"kop-mechanics"** is veronderstel om mense se gedagtes te kan lees*, (epos255)

- *probeer om sy sagteware **"legal"** te hou*(epos282)

- *spoedig blokeer 37 nuwe **"mansions"** die see-uitsig, en die hele pad lê vol **roadkill** omdat die 4x4 elke naweek afgejaag kom soontoe.* (epos195)

In die voorafgaande e-pos(epos195) word een woord tussen aanhalingstekens geplaas terwyl die tweede daarsonder gebruik word. Dit mag wees dat die outeur bloot net nagelaat het om hierdie woord ook binne aanhalingstekens te plaas, of omdat hy die woord *'mansion'* deur die gebruik van die aanhalingstekens wil beklemtoon.

Webtuistes toon, ten spyte van die meer geredigeerde aard daarvan, 'n hoër gebruiksfrekwensie van Engelse woorde as e-pos. Wanneer hierdie kodewisselingspatrone in webtuistes bestudeer word, word dit duidelik dat die oorgrote hoeveelheid kodewisseling egter voorkom as gevolg van die spesifieke vaste struktuur en uitleg van die webblad. Daar is byvoorbeeld webtuistes wat die besoeker in beide Afrikaans en Engels bedien. By sommige webtuistes kan die besoeker 'n keuse uitoefen tussen die volledige teks in Afrikaans of in Engels (web002). Ander webtuistes bied weer skakels na blaaie waar die besoeker 'n keuse kan uitoefen tussen Engels of Afrikaans. In sommige webtuistes is sekere afdelings of skakels volledig in Engels terwyl die res van die blad in Afrikaans is, of word elke Afrikaanse woord of sin wat gebruik word ook volledig in Engels vertaal en verskyn dit soms kursief gedruk, of in 'n ander kleur onder die Afrikaanse woorde.

Vergelyk die volgende uittreksel uit die webbladsy *Vakansieverblyf* (web080) waar elke Afrikaanse sin volledig onderaan in Engels vertaal is:

- *George lê in die hartjie van die tuinroete en is sentraal geleë. Die tuinroete asook die Kleinkaroo kan hiervandaan besoek word.*

  ONS BIED:

  WE OFFER:

  Ruim kamers met tot 5 beddens

  Spacious rooms with up to 5 beds

  Sentrale, skoon en netjiese badkamergeriewe

  Central, neat and clean bathroom facilities

  Braaigeriewe met roosters

  Braai facilities with braai grids

  Vries- en yskasgeriewe

  Fridge and freezer facilities (web080)

In webtuiste021, 022, 023 (*Eikestadnuus*) verskyn die hoofskakels in Engels en word daar onder hierdie skakels afwisselend in Engels en Afrikaans geskryf:

- ***Local***

  New chief a 'power house'

  Cyclist dies under truck

  Wilgenhoffers pleit skuldig

  Dit gons oor pakkette vir topamptenare

  Spoedkameras lieg na bewering

  Sport

  Atletiekkoors pak dorp

  Karatekaskool na Okinawa

  Business

  Moyo at Spier is a must (web021)

- *VAKANSIE AKKOMMODASIE*

  TE HUUR:

  Selfsorgakkommodasie beskikbaar vir Des/Jan te Sedgefield (Knysna).

  Skakel 082 379 1727 / 044-3431144

  ****

  ALGEMEEN

  Vir die neem van enige foto,s. Troues, Kinders ens. Skakel vir goeie pakette.

  Lorraine Francke

  +27824408101(web022)

- ***ALL PC OWNERS***

  Earn extra money p/t or f/t

  www.bestbuzz4u.com (web045 kleinadvertensies Harrismith)

In *komhuistoe2* (web051) kom daar byvoorbeeld 'n hele aanhaling/verwysing in Engels voor:

- *Die volgende kommentaar van iemand wat baie na aan die ANC leef (Alhoewel sy dit ontken), op die openbare forum www.news24.com oor Min Buthelezi se ondersteuning van die poging:" hahaha who is listening to Butcherlezi's halucinations anyway...ja he is frustrated as his bank acount is dryign up....he had offered you guys some good Butchering skills to try prevent 1994 elections, that bloody puppet"*

In die geval van die informele webtuiste *ddisselblom*(web017) waarheen ondersteuners van die musiekgroep hulle boodskappe aan die groep stuur word Engelse woorde frekwent gebruik. Wanneer die boodskapinskrywings bestudeer word is dit duidelik dat die frekwente gebruik van Engelse woorde juis, soos ook in die geval van kletskamergesprekke, aangewend word om 'n solidariteitsgevoel tussen die lede van die webblad te vestig. Kodewisseling, soos in hierdie webtuiste, word suiwer ter wille van effek gebruik en kan daarom nie as tiperend van kodewisselingspatrone in die webtuistekorpus beskou word nie.

Voorbeeldinskrywings uit hierdie webtuiste is die volgende:

- *Julle is 'n **great band**,ek's bly om te sien dat iemand in afrikaans kan sing en dit kan geniet!! Arikaans **rule** en julle ook! **Thanx** Disselblom! **P.S.** Johrne jy is so **sweet.***

- *Hey da! Ek wil net sê ek dink julle is **'absolutely fabulous!'** Die optrede by Hoërskool Jeugland laas Vrydag was regtig **stunning** & onvergeetlik!*

- *Dit was intiem,maar dit het **gerock**.Dankie...julle is die **coolste** ding **since** Robertson Wyn!!! **Love you all** BAIE...*

- *Ek was Vrydag aand by julle **show**, wat 'n **great** ondervinding!*

- *julle **show** by die KKNK was **GREAT!** Julle CD's is **GREAT!** Ek soek 'n **T-Shirt** waarop staan ddisselblom - waar kan ek een kry? **Thanx** vir die **sign** van my CD's. Julle is die BESTE! ;-)* (web017)

Omdat die Internet 'n groot element van hibriditeit bevat, en veral meer interaktiewe webtuistes neig in die rigting van e-pos, wat hoewel a-sinchronies, tog meer interaktief is, kom bogenoemde inskrywings tipies soos e-pos voor.

Net soos in die geval van kodewisseling in e-pos manifesteer die gebruik om aanhalingstekens te gebruik om 'n Engelse woord in die Afrikaanse webbladteks aan te dui ook in webtuistes. Voorbeelde hiervan kom veral voor in die informele *ddisselblom* webblad (web017):

- *KOLLEGAS van my het die ander dag bespiegel oor waar die woord **"dude"** sy oorsprong het. Ons het lank hieroor geredekawel en deur die spekulasie deur het "iemand iewers gehoor" dat dit die akteur Oscar Wilde was wat op 'n dag na iemand as **"dude"** verwys het, en dat dié woord toe in die branderplankry-kultus vasgesteek en karakter*

gekry het. (web034)

- *Ek was gisteraand (werkersdag), by Rica Viljoen se verjaarsdag party en was* ***"pleasantly surprised"*** *met julle musiek*(web017)

- *Ek het die volgende oggend vroeg terug gery pretoria toe en die cd weer en weer geluister,wat kan ek sê ek is* ***"hooked"***(web017)

- *Julle is die* ***"band"*** *wat volgens my uitblink tussen al die afrikaanse groepe in 2003.* (web017)

- *Ek is persoonlik nogal bekommerd omdat daar so min in die gemeente aan die werk is. Daar is een wat die klank bedryf en een wat die liedjiesbord* ***"operate",*** *maar ek kort van julle by die sanggroep en op 'n klomp ander plekke. Ons gaan lekker saam bedryf, ek weet dit. Ons gaan kamp, ek belowe, ons gaan 'n* ***"gospelshow"*** *hou of bywoon.* (web060)

In die geval van die woord ***"gospelshow"*** is die leksikale items Engels, maar die aanmekaarskryf van die samestelling is tiperend van Afrikaans.

In web (060) skryf die predikant aan die jeug van sy gemeente en reeds in die aanhef en eerste woorde kom die informele aard van die diskoers duidelik na vore:

- *Hallo Maters*

  Ek is Ds Fanus (oom Fanus), noem maar wat julle wil, die nuwe ds. (web060)

In webtuiste (060) kan die kodewisseling wat plaasvind toegeskryf word aan die informele karakter van die webtuistes. In Webtuistes soos *Sarie* (web071), *Tuisblad sport* (web079) en *Abraham Kriel Kinderhuis* (web005, web006) waar die hoofdoel die oordra van inligting en die bekendstelling van 'n organisasie is, kom die taalgebruik geredigeerd voor en word geen Engelse

woorde in die teks gebruik nie. Daar word wel skakels verskaf na 'n volledige Engelse teks. Die meer formele aard van hierdie webtuistes word hierdeur geïllustreer.

Die kodewisselingspatrone in webtuistes bevestig die beginsel van kodewisseling, naamlik dat die spreker, of in hierdie geval die outeur van die webbladsy, se keuse van taalvorme bepaal word deur 'n verskeidenheid van buitetalige merkers soos die onderwerp van die gesprek, die sosiale identiteite van die gespreksdeelnemers, hulle onderlinge persepsie van mekaar en die doel van die gesprek. Kodewisseling vind in webtuistes nie slegs plaas as 'n natuurlike en spontane verskynsel in die taalgebruik van tweetaliges nie, maar word ook doelbewus in die tweetalige webblad gebruik om so 'n groter teikengehoor te kan bereik.

In die geval van kletskamers as kommunikasiemedium wil dit voorkom asof die afwesigheid van sosiale konteksmerkers aanleiding gee tot ongeïnhibeerde en onbeperkte optrede wat bydra tot die gebruik van sterk taal, beledigings en gereelde kodewisseling

5.6.3 Fatiese kommunikasie

Die bespreking van fatiese kommunikasie sluit die gebruik van randstukke en tussenwerpsels en ook die gebruik van emosionele geluide in. Jakobson (1960) onderskei in sy kommunikasiemodel verskillende funksies wat 'n rol speel tydens die kommunikasieproses. Slegs een van hierdie funksies is normaalweg dominant in 'n bepaalde kommunikasiesituasie. Waar die klem val op die onderhouding van die gesprek/kommunikasie (soos in die geval van kletskamers in die onderhawige navorsing) is die fatiese funksie dominant.

5.6.3.1 Tussenwerpsels en randstukke

Die gebruik van tipiese fatiese merkers soos tussenwerpsels en randstukke asook die transkripsie van emosionele geluide kom dikwels voor in die kletskamerkorpus en verleen aan die geskrewe teks 'n soort gesproke karakter (Sternberg, 1988). Hierdie twee kompensasiestrategieë vervul 'n belangrike rol in die terugvoerproses aan die spreker in terme daarvan dat die boodskap verstaan en aanvaar is. (Biber et al., 2000:1091.) Uit Tabel 5.2 is dit duidelik dat Dimensie 1 van die korrespondensie-analise tussenwerpsels en randstukke onderskei as belangrike veranderlike wat kenmerkend is van kletskamers, met 'n positiewe waarde op die x-as, en 'n redelike persentasie van 4% bydrae tot die Inertia.

Die verspreiding van tipiese fatiese merkers oor genres heen word in Figuur 5.9 voorgestel:



Figuur 5.9 Verspreiding van fatiese merkers oor genres heen

Voorbeelde van tipiese fatiese merkers uit die datastel word vervolgens in Tabel 5.15 gegee.

TUSSENWERPSELS EN RANDSTUKKE	Klets		E-pos		Web	
	totaal per korpus	*per duisend woorde*	*totaal per korpus*	*per duisend woorde*	*totaal per korpus*	*per duisend woorde*
Engels						
ok	198	**2.89**	4	**0.05**	3	**0.03**
hey	107	**1.56**	1	**0.01**	4	**0.04**
bye	96	**1.40**	1	**0.01**	2	**0.02**
yes	61	**0.89**	1	**0.01**	1	**0.01**
okay	61	**0.89**	1	**0.01**	0	**0**
baai	58	**0.85**	0	**0**	4	**0.04**
cheers	40	**0.58**	4	**0.05**	2	**0.02**
cool	30	**0.43**	0	**0**	3	**0.03**
shame	14	**0.16**	0	**0**	0	**0**
nope	14	**0.16**	0	**0**	4	**0.04**
right	11	**0.16**	0	**0**	4	**0.04**
yep	11	**0.16**	0	**0**	0	**0**
okey	5	**0.07**	0	**0**	0	**0**
shit	4	**0.05**	0	**0**	0	**0**
yeah	3	**0.04**	0	**0**	0	**0**
Afrikaans						
dankie	141	**2.06**	96	**1.27**	62	**0.65**
ag	104	**1.52**	6	**0.08**	8	**0.08**
jip	39	**0.57**	0	**0**	0	**0**
sies	25	**0.37**	0	**0**	0	**0**
haai	19	**0.28**	1	**0.01**	10	**0.10**
Ander tale			0	**0**	0	**0**
eish	48	**0.70**	0	**0**	0	**0**
eeesh	1	**0.01**	0	**0**	0-	**0**
ê	2	**0.03**	0		0-	**0**
	1131	**16.5**	**115**	**1.5**	**108**	**1.1**

Tabel 5.15 Voorbeelde van tussenwerpsels en randstukke in die Afrikaanse internetkorpus

Bevindings

- Tussenwerpsels kom in verhouding baie meer voor in kletskamers as in die ander twee internetgenres.
- Die gebruik van Engels tussenwerpsels en randstukke is hoër as die gebruik van Afrikaanse tussenwerpsels en randstukke.

Bespreking

Die hoë gebruiksfrekwensie van Engelse tussenwerpsels korreleer positief met die hoë frekwensie van kodewisseling wat deurgaans in kletskamers waargeneem word. Behalwe Engelse tussenwerpsels kom daar ook tussenwerpsels voor wat eie is aan van die swart tale in Suid-Afrika. Die gebruik van die tussenwerpsel *'eish'* word tans in gesproke Afrikaans in ligte luim gebruik en selfs 'n Afrikaanse televisie-advertensie is rondom die gebruik van hierdie woord gebou. Die gebruik van *'ok'* en *'yes'* is tiperend van informele gesproke taalgebruik en word veral in die kletskamerkorpus gebruik. Voorbeelde van die gebruik van tussenwerpsels word in die volgende fragmente uit kletskamersessies ter illustrasie voorgehou:

- *<Odomir> there's nobody hear beside me...*
  <Odomir> lol
  amelie> e k l u is ter
  <amelie> ek ook
  <Odomir> ***cool*** (chat030)

- *<NyLoN> Koos!!!!!!!!1*
  <Odomir> ***yeah****?*
  <Odomir> ek's hier ou
  <amelie> verteIIIIIIIIIIIIIIIIII(chat030)

- *<MoonMan> almost pathetic*
  <MoonMan> ***ok***
  <MoonMan> grins (chat030)

- *<genevieve> ja elvis?*
  elvis> ek soek 'n antw.
  <Koos> ***yep***
  <amelie> lol
  <amelie> hoe?
  blou> ek is goed
  <blou> :P
  <amelie> ooooo
  <amelie> ***ok*** (chat027)

In die uittreksels hierbo word van *'ok'*, *'yep'*, *'yeap'* en *'cool'* gebruik as terugvoeringsmeganisme dat die boodskap verstaan en aanvaar word. In die volgende uittreksels word *'toema'*, *'eish'* en *'sjym'* gebruik as merkers van empatie.

- *<Bells>* ***toema*** *E ek ooki* (chat010))
- *<Jan-Louis>* ***eish*** *teen griekwas* (chat010)
- *< bells>* ***sjym*** (chat010)

Fatiese kommunikasie deur die gebruik van tussenwerpsels word ter wille van die instandhouding van kommunikasie en ter stimulering van die gesproketaalsituasie gebruik. Werry (1996) en Crystal (2001) het soortgelyke tendense waargeneem in onderskeidelik Franse en Engelse kletskamers. Hierdie tendense kan in samehang met die gebruik van akronieme en emotikons gesien word as buitetalige simulasie wat 'n virtuele gesproke taalwerklikheid simuleer.

Die gebruik van leksikale items wat eie is aan gesproketaalkonstruksies dien as versterking van die gesproke interaktiewe karakter van kletskamers en impliseer twee-rigting kommunikasie. Randstukke kan aan die begin van die uiting geplaas word, maar kom ook voor aan die einde van die uiting en vervul die funksie van aanvangs- of slotgroete, maar ook as reaksie op vorige uitings van die ander deelnemers aan die kletskamergesprek. So kan dit simpatie, afkeur, goedkeuring, verbasing, of ongeloof uitdruk. Hierdie gebruik word

veral geassosieer met gesproke taalgebruikspatrone. Die volgende fragmente dien as voorbeelde van die gebruik van randstukke in kletskamergesprekke:

- *<Vix> lol.. **aaaag** bloukie* (chat007)
- *<koos> **cheers** Fanna*(chat004)
- *<mens> **more more***(chat011)
- *<mens> **cheerio*** (chat011)
- *<Bells> **toema** E ek ooki* (chat010)
- *<Koos> **okay** Biatch dis nou genoeg.....sort jou probleem met die man in pvt uit asb* (chat020)
- *<farmgirl> Man koos, jy's dan 'n pastoriepiesang **man!*** (chat005)
- *<pikkie> sexy as ek bekommerd was oor jy weet wats my van....het ek gehardloop **okay*** (chat011)

Die gebruik van randstukke is ook feitlik heeltemal afwesig in webtuistes omdat webtuistes juis nie eienskappe vertoon wat tipies geassosieer word met gesproke kommunikasie, soos in die geval van kletskamers, nie. Oor die algemeen word webtuistes saamgestel om inligting te verskaf deur die oorwegende gebruik van leksikale . In teenstelling hiermee is die fokus in die kletskamerkorpus nie die verskaffing van inligting nie en reflekteer die gebruik van tussenwerpsels en randstukke die behoefte vir die uitdrukking van emosionele en interaktiewe betekenisse. Die gebruik van randstukke kom wel voor in die informele webblad *ddisseblom* (web017), wat ooreenkomste toon met die gespreksituasie, en nie in webbladsye waar die fokus rus op die oordra van informasie nie.

Die beleefdheidsvorm *'dankie'* kom verspreid oor genres heen voor en word veral in kletskamers gebruik as erkenning van 'n groet tussen kletsers soos in die volgende fragmente:

- *<Johnson> wt connie*
  *<connie> **dankie** Johnson - het ek iets gemis?* (chat013)

- *Spiky> gaan dit goed met julle*
  <Rosa> hi Spiky
  <Jan-Louis> goeie observasie daar Rosa :)
  <Jan-Louis> goed en self Spiky
  <Spiky> baie goed ***dankie*** *waar oor gesels julle* (chat001)

In die geval van e-posboodskappe word *'dankie'* dikwels gebruik as verwysing na die ontvangs van 'n voorafgaande boodskap of as deel van die slotgroet van die boodskap:

- *Hallo Adri*
  Dankie *vir jou sms* (epos307)

- ***Dankie*** *vir die inligting. Moet ons volgende jaar julle weer inlig of sal julle die inligting byhou en hom outomaties op die lys sit*? (epos160)

- ***Dankie*** *en jammer vir die moeite.*

  Se groete vir almal ek hoor Armand ry so lekker fiets - het jy al jou fiets gekry ?

  Laat weet

  Adri (epos070)

In die geval van webtuistes word *'dankie'* dikwels in die *ddisselblom* webblad (web017) deur die ondersteuners van die sanggroep gebruik wanneer hulle die groep komplimenteer met 'n optrede wat hulle bygewoon het.

- *Hallo julle! Net weereens* ***dankie*** *vir 'n uitstekende naweek!*
- *Bitter-baie* ***dankie*** *vir julle show in Hoërskool Stellenbosch!*
- *Weereens baie* ***dankie****! Tiaan en Zabel*
- *Ag julle is pragtig.****Dankie*** *en* ***dankie*** *en soo* ***dankie***(web017)

Tussenwerpsels en randstukke word, ter wille van die onderhouding van die kommunikasiegeleentheid, hoofsaaklik in meer informele gesprekswisseling tussen bekendes gebruik, teenoor meer formele diskoers waar dit as onbeleefd beskou word. Die hoë frekwensie van tussenwerpsels en randstukke in die kletskamerkorpus kan hieraan toegeskryf word. Vervolgens word die gebruik van emosionele geluide in die Afrikaanse internetkorpus bespreek

5.6.3.2 Emosionele geluide

Die gebruik van emosionele geluide word nie waargeneem in die e-pos- en webtuistekorpora nie, maar maak wel deel uit van die diskoersstrategie van die kletskamergebruikers. Gegewe die interaktiewe aard van kletskamers, is die gebruik van geluide belangrike merkers vir die versterking van die interpersoonlike verhouding wat daar tussen die gespreksgenote bestaan. Deur die gebruik van geluide bevestig die kletser onder andere sy betrokke by die gespreksituasie, dui hy aan dat hy die opmerking wat gemaak is amusant vind of spreek hy sy verbasing of waardering uit.

In Tabel 5.16 word die gebruiksfrekwensie van voorbeelde van emosionele geluide wat in kletskamergesprekke voorgekom het, asook ook die variasie in die gebruik daarvan, uitgelig.

GELUID	*totaal per korpus*	*per duisend woorde*
heh	11	**0.16**
hehe	62	**0.90**
heheh	18	**0.26**
hehehe	152	**2.22**
heheheh	4	**0.06**
hehehehe	28	**0.41**
hehehehehe	8	**0.12-**
hehehehehehehe	2	**0.03-**

haha	10	**0.01**
hahah	3	**0.04-**
hahaha	71	**1.04**
hahahah	31	**0.45**
hahahahah	3	**0.04-**
hahahahaha	8	**0.12-**
hahahahahahaha	5	**0.07-**
argghhhh	1	**0.01**
argh	1	**0.01**
arghhh	2	**0.03**
arghhhh	4	**0.06**
arghhhhhh	4	**0.06**
arghhhhhhhhhh+	5	**0.07**
ah	7	**0.09**
Aha	5	**0.07**
ahaa	1	**0.01**
ahaaaahaa	1	**0.01**
ahahaha	1	**0.01**
ahahahahah	1	**0.01**
hmm	23	**0.34**
hmmm	59	**0.86**
hmmmm	17	**0.25**
hmmmmm	2	**0.03**
hmmmmmm	3	**0.05**
hmmmmmmm	1	**0.01**

Tabel 5.16 Voorbeelde van variasie in die gebruik van emosionele geluide in kletskamers

Bespreking

Uit Tabel 5.16 is dit duidelik dat daar 'n groot mate van variasie voorkom in die gebruik van geluide in die kletskamergenre. Die variasie in die gebruik van '*haha*' (gebruik vir lag) dui byvoorbeeld op die intensiteit van die lag, met ander woorde hoe snaaks die opmerking ervaar word en hoe baie of hoe hard die persoon daaroor lag. In die gevalle van '*hehe*' en '*haha*' *is* die variasie

geleë in die aantal kere wat *'he'* en *'ha'* herhaal word, terwyl die eindletter in *'ell'o'* (vir hallo) herhaal word. Die herhaling van die eindklank kom onder andere ook voor in, *'hmm'*, *'ah'*, en *'argh'*.

Voorbeelde van geluide uit die datastel is die volgende:

- *<Rosa> jy is net jaloers*
  <amelie> ***mmmm***
  <amelie> op wat jou dorings?
  <Rosa> ***hahahahaha***
  <Rosa> ag moenie so wees nie toe (chat020)

- *<ManVanStaal> waaas piks*
  <Rosa> wies piks?
  <wax_on> ***hehehehe***
  <Rosa> waaaas MoonMan?
  wax_on slaps ManVanStaal around a bit with a large trout
  <amelie> lol
  <amelie> julle laat my lag
  <amelie> dankie
  ManVanStaal> wil ek ook weet - hy skuld my nog 'n moon
  Rosa> enige tyd amelie
  <Rosa> ***hahahahaha*** (chat020)

- *<goldielox> yip*
  <koos> lox?
  <goldielox> ***mmm?***
  <koos> wil jy saaiber?(chat005)

In chat005 en ook chat020 vervang die geluid *'mmm/m'* die gebruik van die woord *'ja'* tipies soos wat die geval sou wees in gesproke diskoers.

Die informele karakter van die kletskamermedium en die interpersoonlike verhoudings tussen die kletkamerdeelnemers word weereens deur die gebruik van hierdie strategieë beklemtoon.

5.7 EIESOORTIGE SKRYFTAALKONVENSIES

Wat eiesoortige skryftaalkonvensies betref, word hier aandag geskenk aan eiesoortige lees- en skryftekengebruik oor genres heen wat as inherent aan die internetmedium gesien kan word. Onder skryftekengebruik word die gebruik van die kappie, deelteken en afkappingsteken toegelig en onder leestekengebruik word die gebruik van aanhalingstekens, vraagtekens, uitroeptekens en ook hooflettergebruik bespreek

5.7.1 Skryftekengebruik

Oor die algemeen word skryftekens (veral die kappie, deelteken en aksentteken), asook leestekens (hoofsaaklik die komma en punt) niekonvensioneel in veral die bestudeerde Afrikaanse kletkamerkorpus gebruik.

Tabel 5.17 gee 'n uiteensetting van skryftekengebruik, (kappie, deelteken en afkappingsteken), asook die weglating daarvan in die Afrikaanse internetkorpus:

WOORD	**Klets**		**E-pos**		**Web**	
	totaal per korpus	*per duisend woorde*	*totaal per korpus*	*per duisend woorde*	*totaal per korpus*	*per duisend woorde*
Kappie						
gese	30	**0.4**	7	**0.09**	1	**0.01**
(gesê)	(3)	**(0.04)**	(20)	**(0.9)**	(24)	**(0.3)**
more	140	**2.0**	11	**0.1**	25	**0.3**
(môre)	(0)	**(0)**	(8)	**(0.1)**	(3)	**(0.04)**

rerig	14	**0.2**	1	**0.01**	4	**0.04**
(rêrig)	(2)	**(0.02)**	(1)	**(0.01)**	(2)	**(0.02)**
wereld	2	**0.02**	0	**0**	3	**0.04**
(wêreld)	(0)	**(0)**	(20)	**(0.3)**	(72)	**(0.8)**
le	6	**0.1**	9	**0.3**	9	**0.1**
(lê)	(0)	**(0)**	(24)	**(0.3)**	(17)	**(0.2)**
He	29	**0.42**	9	**0.3**	5	**0.05**
(hê)	(4)	**0.06**	(35)	**0.46**	(22)	**(0.23)**
Deelteken						
oe	7	**0.1**	0	**0**	1	**(0.03)**
(oë)	(1)	**(0.01)**	(8)	**(0.1)**	(12)	**0.13**
reen	3	**0.04**	4	**0.1**	0	**0**
(reën)	(1)	**(0.01)**	(3)	**(0.03)**	(5)	**(0.1)**
reel	2	**0.02**	3	**0.03**	0	**0**
(reël)	(1)	**(0.01)**	(11)	**(0.1)**	(8)	**(0.1)**
Afkappings-teken						
jys	39	**0.6**	0	**0**	1	**0.03**
jy's	15	**0.2**	3	**0.03**	1	**0.03**
jyt	8	**0.11**	0	**0**	0	**0**
jy't	0	**0**	1	**0.01**	0	**0**
hys	16	**0.2**	0	**0**	0	**0**
hy's	5	**0.07**	1	**0.01**	1	**0.03**
hyt	1	**0.01**	0	**0**	0	**0**
hy't	1	**0.01**	0	**0**	5	**0.1**
sys	12	**0.2**	0	**0**	0	**0**
sy's	4	**0.06**	0	**0**	0	**0**
syt	3	**0.04**	0	**0**	0	**0**
sy't	1	**0.01**	0	**0**	0	**0**
ekt	24	**0.4**	0	**0**	0	**0**
ek't	3	**0.04**	3	**0.03**	0	**0**
eks	86	**1.3**	3	**0.03**	0	**0**
ek's	14	**0.2**	6	**0.08**	3	**0.04**
Totaal	**422**	**6.2**	**47**	**0.6**	**49**	**0.5**

Tabel 5.17 Totaal en relatiewe frekwensie van voorbeelde van skryftekengebruik (kappie, deelteken en afkappingsteken)

Bevindings

- Kappies word spaarsamig gebruik in kletskamers en woorde kom oor die algemeen eerder sonder 'n skryfteken voor.
- Die kappie word meer frekwent in e-pos gebruik, alhoewel die spelling sonder die kappie steeds relatief gereeld voorkom.
- Met die uitsondering van *'more' (môre)* word woorde met 'n kappie oorwegend korrek gespel in webtuistes.
- Deeltekengebruik ontbreek meestal by woorde in kletskamers.
- Met die uitsondering van *'reen' (rëen)* word deeltekens meer gereeld gebruik in e-pos as in kletskamers.
- Deeltekens word konsekwent gebruik in webwerwe.
- Die afkappingsteken word baie spaarsamig gebruik in kletskamers.
- Verkorte vorme word oor die algemeen baie min gebruik in e-pos en webwerwe.

Bespreking

Dit is duidelik uit Tabel 5.17 dat skryftekens soos veral die kappie en deelteken en ook die afkappingsteken spaarsamig gebruik word in kletskamers en en dat verkorte woordvorme oor die algemeen nie in e-pos en webtuistes gebruik word nie. Hierdie tendens kan toegeskryf word aan die inherente aard van die kletskamermedium en die unieke beurtnemingsproses eie aan die wyse waarop kommunikasie plaasvind in hierdie genre. Wat webtuistes en e-pos betref wil dit voorkom asof die norm vir skryftekengebruik in die meeste gevalle nagevolg word. In die geval van kletskamer laat die gemiddelde tikspoed en minimale responstyd tot die beskikking van die kletser nie redigering toe nie. Die weglating van skryftekens word dus as tydsbesparingsmeganisme aangewend terwyl die gebruik van verkorte vorme soos *'eks'* ook verband hou met die ooreenkomste wat hierdie register met gesproke kommunikasie vertoon. Interne variasie word opgemerk in die kletskamergenre ten opsigte van skryftekengebruik waar skryftekens dikwels weggelaat word of met ander skryftekens vervang word soos in die geval van die volgende voorbeelde:

- *reel(3x), reêl(1x), reêls(1x) en reël (6x),*
- *ne(111x), né(4x), nè(2x), nê(9x)*

Die inkonsekwente gebruik van skryftekens, en in hierdie geval spesifiek die kappie, kan verklaar word aan die hand daarvan dat die taalgebruikers moontlik nie met die skryftekenkonvensies vertroud is nie en dus buite die norm optree. Ander meer waarskynlike verklarings vir hierdie tendens sluit in dat die outeur van die boodskap nie heeltemal vertroud is met die sleutelbordkombinasies nie en daarom die gebruik van skryftekens heeltemal vermy of die sleutelbordkombinasie verkeerd gebruik en dan besluit dat dit tydrowend is om te redigeer terwyl die ontvanger van die boodskap in elke geval sal verstaan wat bedoel word. Kletskamergebruikers is ook waarskynlik van mening dat indien die skryfteken weggelaat word dit in die meeste gevalle nie die betekenis van die boodskap sal verander nie, geen onnodige tyd verkwis word nie en dit dus as onnodige gebruik van die sleutelbord beskou word.

Wat die variasie van skryftekengebruik in e-posse betref, word daar bevestiging gevind vir Herring (1997:6), Crystal (2001) en ook Herring (2002) se menings dat daar nog onsekerheid bestaan oor wat die norme is waaraan voldoen moet word met die skryf van e-posboodskappe en ook hulle vooruitskouings dat die taalgebruik in die e-posgenre al hoe informeler sal word wanneer meer mense toegang tot die Internet verkry.

Alhoewel dit voorkom asof 'e' sonder die kappie 9 keer in e-posboodskappe so gebruik is word die kappie in slegs 2 gevalle weggelaat en in die ander 7 gevalle vorm die '*le*' sonder die kappie deel van die van(eienaam) *le Roux*: Lizette le Roux(3x) en Bertus Le Roux(4x).

Bevestiging vir die aanname dat die taalgebruikspatrone in webtuistes 'n meer formele karakter vertoon as in e-pos en kletskamers word verkry wanneer die konsekwente en meer omsigtige gebruik van skryf- en spelkonvensies beskou word. Die druk wat op die outeur geplaas word om die teks so verstaanbaar moontlik te hou is veral groot in hierdie genre omdat dit uiteraard

eenrigtingkommunikasie is wat plaasvind en daar nie onduidelikheid in die teks, wat juis gekenmerk word aan hoë informasiedigtheid, mag bestaan nie. Redigering van die teks kan plaasvind, maar in gevalle waar die skryftekens wel weggelaat word kan dit moontlik toegeskryf word aan redegeringsfoute of slordige taalgebruik. Dit wil voorkom asof skryftekenweglating as gevolg hiervan eerder voorkom in persoonlike, informele webbladsye. Informasiedigtheid en redigering kan dus beskou word as aparte dimensies onderliggend aan taalvariasie in hierdie korpus.

Van die 25 gevalle in die webwerfkorpus waar '*more*' oënskynlik sonder 'n kappie geskryf word, is daar egter net 5 gevalle waar dit as 'n Afrikaanse woord gebruik word en die res almal as die Engelse woord '*more*' in die indeks van die LitNet webwerwe soos in die volgende fragment:

> ➢ *Wie is ons? /*
> ***More** on LitNet*
>
> *LitNet is 'n onafhanklike joernaal op die Internet, en word as gesamentlike onderneming deur Ligitprops 3042 BK en Media24 bedryf.* (web036-043)

Die gebruik van verkorte vorme soos byvoorbeeld '*ek's*' kom die meeste in die kletskamerkorpus voor, maar word in hierdie register oorwegend sonder die afkappingsteken geskryf. Dit wil voorkom asof kletsdeelnemers dit onnodig ag om tyd te verspil deur die afkappingsteken te gebruik, juis omdat daar geen onduidelikheid sal bestaan by die ontvanger van die boodskap nie. In die e-pos- en webtuistekorpora is die gebruik van verkorte vorme baie laag wat in ooreenstemming is met die norme vir formele geskrewe kommunikasie.

5.7.2 Leestekengebruik

Die unieke karakter van kletskamers kan ook waargeneem word in die eiesoortige leestekengebruik wat deurgaans voorkom. Inisiële en interne

sinspunktuasie is feitlik heeltemal afwesig. Eindpunktuasie ontbreek ook en word dikwels vervang deur die gebruik van 'n emotikon, of die herhaaldelike gebruik van leestekens. Uit die aard van die unieke karakter van die kletskamergesprek en as gevolg van die tydsbeperking wat geplaas word op die skepping van die spreekbeurt, is die gebruik van leestekens aan die einde van die spreekbeurt feitlik heeltemal afwesig. In die volgende voorbeelde word eindpunktuasie deur die gebruik van emotikons vervang. Hier word die emotikon gebruik as uitdrukking van verbale kommunikasie ('n hartseer gesiggie, knipoog en glimlag) soos wat dit in 'n gespreksituasie waargeneem sou kon word:

- *<MoonMan> bye ams* :((chat030)

- *<Markus> hello bellsie :)*
  <Markus> ens ens ;) (chat031)

Lang stringe spreekbeurte sonder enige leestekens kom gereeld in kletsgesprekke voor en kan as inherent aan hierdie internetmedium gesien word. Die gebruik van leestekens aan die einde van 'n uiting is heel waarskynlik tydrowend vir die kletsdeelnemer en word daarom vermy, tensy dit as stilistiese effek gebruik word. Dikwels is die einde van die uiting nie noodwendig die einde van die sin nie en word die sin eers in die daaropvolgende uitingsgeleentheid voltooi. Ter illustrasie word voorbeelde van lang stringe spreekbeurte waar punktuasie heeltemal afwesig is uit die datastel gegee:

- *<PiKkle> sy sal nou terug wees*
  <PiKkle> tot my spyt
  <Odomir> shame man
  <Odomir> sy weg
  <PiKkle> hahaha
  <PiKkle> terg net
  <Odomir> heehee
  <PiKkle> kom trug ams

<Odomir> ja right pikkie

<MoonMan> whahhaa

<PiKkle> ek wil nie aleen by twee hunks wees nie (chat030)

➢ *<PiKKiE> hello danielson*

<danielson> hello pikkie

<PiKKiE> het jy darem gekry

<PiKKiE> lol

<danielson> ja

<PiKKiE> wonnerlik

<danielson> nadat jy my gehelp het

<PiKKiE> welkom

<PiKKiE> hahah

<danielson> dankie

<PiKKiE> moenie sleg voel nie

<PiKKiE> ek het ook nie geweet nie

<danielson> ja

<amelie> ello daniel son (chat025)

Wanneer leestekens wel deur kletsdeelnemers gebruik word kom dit hoofsaaklik aan die einde van 'n uiting voor. Die punt is feitlik heeltemal afwesig, terwyl uitroeptekens en vraagtekens as intonasiemerkers dikwels in kletskamergesprekke gebruik word. Deur die gebruik van veelvuldige vraagtekens of uitroeptekens, as buitetalige merkers, word uitings van verbasing, onduidelikheid of verrassing weergee en gesproke taal op dié manier gesimuleer.

In die volgende uittreksels uit die kletskamerkorpus word leestekens herhaaldelik ter wille van beklemtoning en ook as stilistiese effek gebruik. In beide gevalle sluit '*pikkie*' aan by die gesprek en word 'n lang string uitroeptekens gebruik om die verwelkoming te beklemtoon:

➢ *<pikkie> hello hello*

<_Odomir> 4PIKKIE!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!1

<MoonMan> Pikkie!!!!!!!!! Welkom (chat032)

- *RoXy_BaBE>pikkie buddy hoe gan dit girl!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!*
  <Pikkie> ROXY!!!!!!!!!!. Goed en met jou girl? (chat017)

In die afwesigheid van nie-verbale merkers, soos byvoorbeeld intonasie, word die leestekengebruik aangewend om die gespreksituasie te simuleer. So word die vraagteken herhaaldelik in die volgende spreekbeurte gebruik om onder andere verbasing aan te dui:

- *<amelie> dade is jy bang??????????????????????????????/*
- *<dade> op 'n saterdag??* (chat083)

- *<RoXy_BaBE> oi Yogi???????* (chat017)
- *<RoXy_BaBE> wat zeus???????* (chat017)
- *<_Vix> Ek is???????????* (chat013)

Die sinchroniese aard van die kletskamergesprek word ook versterk deur die oorvloedige gebruik van die ellips, veral in die finale posisie van die sin. Die deelnemer aan die kletsgesprek wil deur middel van hierdie onvoltooide uiting te kenne gee dat hy nog aktief by die gesprek betrokke is ,maar ook ter wille van die effek wat hy hierdeur verkry. *MadMax* verseker deur die onvoltooide uitings dat hy deurlopend die aandag van *country-lady* behou, juis omdat daar ook gelyktydig 'n gesprek tussen *genevieve* en *blou* plaasvind. Die gesprek tussen *MadMax* en *country-lady* word ter illustrasie met vetdruk gemerk:

- *genevieve wag vir hom....blerrie skurk.....*
  <MadMax> oh hell!
  <country-lady> vir wie nou gen
  ** blou sms vir fanna*
  <blou> lol
  <MadMax> hier is dinge aaniegang.....
  <country-lady> soos wat
  <genevieve> blou : is jys daai sms dinge van hom....

<blou> lmga!!

<MadMax> wee nie...groot toys wat rond vlieg....

<genevieve> en

<country-lady> hehe

<country-lady> aarde maar julle is wild

<MadMax> <------- is my naam ja

<genevieve> as hy my flood vandag...sit ekke hom op ignore...

<MadMax> lolol

** blondie has joined #geselshoekie*

<genevieve> dan kan hy sy topsoil ook maar stiek... (chat003)

Oor die kwessie van leestekengebruik in die internetmedium het Crystal (2001:89) bevind dat dit neig om minimalisties te wees en soms heeltemal afwesig by beide e-pos en kletskamers. Vir Baron (2001:167) vertoon leestekengebruik hoe die skrywer die balans tussen geskrewe en gesproke taal beskou. Dit word uit die literatuur duidelik dat persoonlikheid ook hier 'n groot rol speel: sommige e-posgebruikers hou nougeset by die tradisionele patroon van leestekengebruik; ander gebruik dit wanneer hulle onduidelikheid wil uitskakel en sommige gebruik dit glad nie, moontlik te wyte aan spoedtik, of net omdat die moontlikheid van dubbelsinnigheid of onduidelikheid nie van belang is nie (Crystal, 2001:89). Daar is ook soms probleme in die oordra van komplekse karakters tussen e-posse wat tussen verskillende sagtewarepakette gestuur word.

Crystal (2001:89) is van mening dat, indien iemand 'n leesteken sou uitlaat in 'n e-posboodskap, daar nie dadelik tot die gevolgtrekking gekom moet word dat die skrywer nie vertroud is met leestekengebruik nie, maar eerder dat die outeur van die e-pos dalk haastig was. Hy voeg ook by dat daar dikwels afgewyk word van die tradisionele norme ten opsigte van briewe, afhangende van wie die ontvanger van die boodskap is. Ongewone gebruik van leestekensimbole soos die ellips ... (meestal met meer as drie kolletjies), of herhaaldelike gebruik van die komma is deur Crystal (2001:89) waargeneem en kom ook tot 'n mindere mate in die Afrikaanse e-poskorpus voor. Voorbeelde hiervan is:

- *Geniet jou week....dink maar aan ons.* (epos177)
- *Sterkte ook met jou besluite vorentoe.....jy weet waarvan ek praat.*(epos028)

In die Afrikaanse internetkorpus word aanhalingstekens as beklemtoningstrategie gebruik in e-posboodskappe soos wat dit bly uit die volgende voorbeeldmateriaal uit die korpus:

- *Die boek bied 'n verskeidenheid klein* ***"skilderytjies"*** *op die natuur* (epos082)

- *dat ek verlang na* ***"my man"*** *en kind en* ***"ons huis"*** (epos073)

- *Ja dit is dalk 'n* ***"drastiese stelling"*** *wat ek maak* (epos211)

Die gebruik van ongewone kombinasies van simbole in die plek van kragwoorde kom algemeen voor in strokiesprente (wat 'n informele karakter vertoon), maar is nie gebruiklik in tradisionele briewe en veral nie in dokumente binne die formele werksomgewing nie. In die volgende drie gevalle gebruik die outeurs van die e-posse kombinasies van simbole in die plek van kragwoorde.

- *reel asb dat my IIMS password reset word. ek kan nie onthou wat die* ***^&$%@*%$#*** *nie_* (epos065)
- *Ek is net wat 'n mens sal noem ordentlik en indringed de* ***#%@**$#*** *in.*
- *200 CD's of enigiets waarop die* ***#%@**$#*** *nog hul hande kon lê nie.*

Alhoewel hierdie gebruik nie frekwent in die kletskamerkorpus voorkom nie, verleen die vervanging van kragwoorde met reekse simbole in die teks 'n informele karakter aan die e-posboodskap.

5.7.2.1 Hooflettergebruik - Vonkpos

Die gebruik om woorde in hoofletters te tik om sodoende woede te kenne te gee word 'flaming' of *vonkpos (dondergram* vir 'n hele boodskap of *vuurskoot* vir 'n frase of enkele sinne) genoem (Afrikaanse rekenaar- en internetterme: 2004). Volgens Van Schalkwyk (2002:69) word die gebruik van vonkpos algemeen beskou as onbeskof. Alhoewel vonkpos tradisioneel as 'n intrinsieke eienskap van e-pos beskou is, is Baron (2001:239) van mening dat die gebruik daarvan heeltemal afgeneem het. Hierdie aanname van Baron word ook in die onderhawige studie bevestig aangesien die gebruik van hoofletters vir hierdie doel geensins waargeneem is nie.

Wanneer woorde wel in hoofletters getik word is dit suiwer ter wille van beklemtoning. Die volgende voorbeelde uit kletskamers en e-posboodskappe verleen bevestiging vir hierdie aanname:

- ***GENOEG v LOVERS*** (epos107)

- *Fek gaan nie mense brand wat* ***WIL*** *werk nie.* (epos062)

- *hierdie man is regtig goedkoop* ***EN HY IS BITTER LIEF VIR DIERE***. (epos207)

- *<Nhikita>* ***OPPAS,*** *nee jonah nee, hy gaan jou insluk...* (chat038)
- *<amelie>* ***WAKKER WORD ALMAL***
  <dade> whaaaaa
  <amelie> ***DIS VRYDAG*** (chat038)
- *<Nhikita>* ***OPPAS****, nee jonah nee, hy gaan jou insluk...* (chat038)

'n Ander motivering vir hooflettergebruik in e-pos kom in die onderwerplyn van die e-pos voor wat soms volledig in hoofletters getik word soos in die volgende voorbeeld:

- *Subject:****KAMIESBERG-ELEKTRISITEITSVOORSIENING.***

Die gebruik om die hele onderwerplyn van die e-pos in hoofletters te skryf is soortgelyk aan die gebruik in die konvensionele formele brief of memorandum. 'n Ander moontlike rede vir hooflettergebruik in die onderwerpreël is om inligting wat baie belangrik is te beklemtoon deur dit volledig in hoofletters te tik. Dit gebeur ook dat vetdruk en skuinsdruk soms gebruik word as aandagtrekkers. In een geval gebruik 'n persoon selfs kleur (rooi) vir die onderwerplyn om sodoende die aandag van sy lesers te verseker. In slegs ses boodskappe in die e-poskorpus is die onderwerp, ter wille van beklemtoning, getik as 'n kombinasie van hoofletters en kleinletters soos in die volgende voorbeeld:

- *Eetlusdemper (**HIERDIE EEN IS REGTIG GOED**)* (epos022).

Wat leestekengebruik by webtuistes betref, word daar deurgaans voldoen aan die norme vir geskrewe taalgebruik soos aan ons bekend. Volgens Baron (2001:167) word die wyse waarop die spreker die balans handhaaf tussen geskrewe en gesproke taalgebruik duidelik deur die leestekengebruik in die teks. Die gebruik om woorde en sinsnedes in die teks in hoofletters te skryf om sodoende van belangrike inligting te beklemtoon, kom ook in webtuistes voor. In die inskrywings (web050) en (web011) word hoofletters gebruik om die aandag van die besoeker daarop te vestig dat die bydraes in 'n spesifieke formaat geplaas is en om spesifieke instruksies te gee oor hoe die gasteboek van die betrokke webtuiste hanteer moet word.

- *radiosondergrense **GOEIE NUUS**!!!* (web070)

- *Monitor en SpektrumGoeie Bydraes Bygewerk: 31-10-2003 **LET WEL: DIE BYDRAES IS IN DIE MP3-FORMAAT*** – (web050)

- ***TEKEN** asb ons gasteboek of **LEES** wat ander geskryf het!!*
  *Kyk hoeveel en watter lande ons reeds besoek het. Ons staan tans op 42 lande! Click op die **TOERE TELLER*** (web011)

Wanneer daar na 'n skakel op die blad verwys word, word hoofletters ook dikwels ter wille van identifikasie gebruik:

- *As jy meer wil weet oor die Nels wat in Hermanus bly, kliek op hierdie teks* ***WEEKLIKSE NUWE WYN*** (web032)

Uit bogenoemde bespreking is dit duidelik dat verkorte skryfvorme veral in kletskamergebruik manifesteer en oor die algemeen relatief min voorkom in webtuistes en e-posse. Die inkonsekwente gebruik van lees-en skryftekens is ook kenmerkend van die kletskamerkorpus. Webtuistes word gekenmerk aan meer formele taalgebruikspatrone. Die eiesoortige leestekengebruik kenmerkend aan die kletkamerkorpus kan ook toegeskryf word aan die poging om te vergoed vir die afwesigheid van nie-verbale merkers in hierdie diskoerssituasie. Hooftekengebruik word in die Afrikaanse internetkorpus hoofsaaklik aangewend ter wille van beklemtoning en nie as die gebruik van vonkpos nie. In die volgende afdeling word aandag geskenk aan eiesoortige spelkonvensies wat in die drie korpora manifesteer.

5.8 SPEL- EN SKRYFKONVENSIES

Die bespreking van variasie in skryfvorme sluit eiesoortige spelkonvensies, leksikale verkorting en ook die gebruik van akronieme en emotikons in. Verder word daar ook aandag geskenk aan fonetiese skryfwyse, geleentheidsvorming, en spieëlskrif as veranderlike wat kenmerkend van die Afrikaanse internetkorpus beskou kan word.

5.8.1 Eiesoortige spelkonvensies

Wanneer die taal van kletskamers bestudeer word is die voorkoms van woorde wat óf op ongewone wyses, óf oënskynlik verkeerd gespel is, opmerklik. Moontlike verduidelikings hiervoor kan wees dat dit net eenvoudig

slordige skryfwyse is vanweë die spoed waarteen getik word, maar heel waarskynlik dat die deelnemer aan die gesprek dit doelbewus so getik het om te konformeer aan die norme van daardie gemeenskap. Letters word weggelaat, omgeruil of self ingevoeg. Meer as een van hierdie tendense word dikwels in dieselfde woord waargeneem. Voorbeelde van slordige skryfwyses is die volgende:

- *<amelie>* ***lerk*** *naweek* (←lekker)(chat027)

Die woord *lekker* word byvoorbeeld op sewe verskillende maniere gespel waaronder die volgende voorbeelde: *lek(2x), lekker(111x), lekr(6x).* Letters word weggelaat, omgeruil, ingevoeg en dieselfde letter word ook dikwels 'n hele aantal kere herhaal. Dit blyk dat, benewens fonetiese skryfwyse, spelling hier 'n emfatiese funksie aanneem.

- *<PiKkle> nee* ***spellin gdoen*** *nie* (←spelling gedoen) (chat030)

In bogenoemde geval kan die skryffout toegeskryf word aan die spasie wat foutiewelik ingetik is, moontlik vanweë 'n hoë tikspoed.

- *<Bellss>en te lank en* ***satdig*** (←stadig) (chat011)
- *<SWEETY>* ***wta*** *is asses* (←wat) (chat039)

Die bogenoemde twee gevalle uit die kletskamerkorpus is voorbeelde van omruiling. In die volgende twee voorbeelde volg 'n kombinasie van letterweglating (*jule*), omruiling en invoeging (*senioer*), inkorrekte spasiëring (*su soor*) en verdubbeling van letters (*sulkke*) wat waarskynlik alles toegeskryf kan word aan die hoë premie wat op tikspoed geplaas word om die deurlopende aard van die gesprek te kan handhaaf. Die inskrywing word met ander woorde ongeredigeer gelaat. Indien 'n kletser te lank sou neem om te reageer op 'n inskrywing van die persoon of persone met wie hy in 'n gesprek betrokke is, kan die gesprek in 'n heel ander rigting beweeg of nuwe kletsers kan tot die sessie toetree en die vorige onderwerp van bespreking heeltemal vergete raak.

- *<SWEETY> ag dis wat **jule se** om **jule gewwetus** te **su soor jule sulkke dof senoier** is* (←julle sê, julle gewetes, sus oor julle sulke dowwe seniors) (chat039)
- *<Odomir> moenie **noou** stil raak nie* (←nou) (chat029)

Hierdie tipe slordige skryfwyses kom nie so konsekwent voor dat daar 'n patroon waargeneem kan word nie. Woorde word slegs een keer of in uiterste gevalle twee keer so verkeerd gespel.

Die volgende tong-in-die-kies opmerkings oor spelling weerspieël die houding van die kletskamerdeelnemers ten opsigte van die navolging van spelkonvensies.

- *MoonMan> en dis ERECTION set by Stamina... **watch jou taal.. spelling tel hier ! :P***
  <Odomir> hehehe
  *<Odomir> van **wanner** af?*
  <MoonMan> Pikkie
  *<PiKkle> **nee spellin gdoen nie***
  <PiKkle> hahaha(chat019)

Die wil voorkom asof korrekte spelling nie juis 'n prioriteit is in die kletskamerkorpus nie. 'n Poging om 'n absolute verklaring hiervoor te probeer vind blyk problematies te wees, aangesien dit nie klinkklaar uit die data is of die niekonvensionele spelling gewyt kan word aan 'n verskeidenheid sake soos fonetiese skryfwyse, emfatiese fonologie en 'n eiesoortige konteks, soos die SMS-konteks, wat die eiesoortige spelkonvensie daarstel en regverdig.

Die druk op die outeur van die e-posboodskap om die boodskap so verstaanbaar moontlik te hou, is heel waarskynlik nie verskillend van enige ander kommunikatiewe domein nie. Wat wel verskil, is die spoed en spontaneïteit waarmee die boodskap geskryf/getik en gestuur word, wat eweneens veroorsaak dat die redigeringsproses soos in die geval van

tradisioneel geskrewe dokumente nie plaasvind nie. Ter illustrasie word die volgende voorbeelde van spelfoute in e-posboodskappe voorgehou:

- *ons is* ***samm*** *met julle bly* (epos008) (1x)
- *aan* ***knker*** *oorlede* (epos088) *(1x)*
- *Sy* ***hey*** *bietjie met* (epos307) (1x)
- *dit goed te* ***keiur*** *nie* (epos161) (1x)
- *is nog nie* ***velledig*** *voltooi nie* (epos133) (1x)

Bevestiging vir die aanname dat daar binne die omgewing van die Internet as dinamiese Afrikaanse taalkonteks sekere eiesoortige taalvariasiepatrone na vore kom word hier gevind. Die voorkoms van spelfoute in die e-poskorpus is 'n natuurlike verskynsel in die hoofinhoud van die teks. Crystal (2001:111) is van mening dat spelfoute in die boodskapgedeelte van e-pos 'n natuurlike verskynsel is, maar dat dit oor die algemeen nie in die onderwerpsreël voorkom nie. Bevestiging vir hierdie tendens word ook in Afrikaanse e-poskorpus gevind aangesien daar wel spelfoute in die boodskap gedeelte waargeneem is, maar geen in die onderwerpreëls nie. Die rede hiervoor is moontlik dat dit van groter belang is dat die onderwerpreël foutloos is omdat dit die eerste woorde is wat die ontvanger van die boodskap onder oë kry en daar geen moontlike verwarring moet bestaan nie. Meer sorg word dus geneem met die redigering van die onderwerpreël as met die inhoud van die boodskap. Volgens Crystal (2001:111) kom spelfoute voor ongeag die opvoedkundige kwalifikasies van die skrywer van die teks, in enige situasie waar vinnig getik word en redigering van die teks nie toegepas word nie. Hierdie foute oefen oor die algemeen geen invloed uit op die kommunikatiewe waarde van die boodskap nie. In die volgende uittreksels uit e-posboodskappe is dit duidelik dat die spelfoute wat hier voorkom geen invloed uitoefen op die betekenis van die boodskap nie:

- *Jy moet maar Sonet se frustrasie verstaan ek dink as ek so groot was sou ek ook beneuk gewees het. Maar gelukkig is die tyd amper daar en kan julle weer vanvooraf* ***boottels kkok*** *en steriel maak elke nag - ek is bly dis nie ek nie.* (epos145)

- *Stuur asb weer die memo wat ek aan eksamens* ***gesstuur*** *het oor die twee studente wat mondelinge gedoen het terug na my toe - ek kan myne nie op my rekenaar opspoor nie.* (epos124)

- ***Hull*** *"stuur" dan die voltooide stuk na die betrokke groep vir wie dit bedoel is en daardie groep merk dan met my hulp die werkstuk, waarna die twee spesifieke groepe dan gou 'n vergadering hou en terugvoering gee oor wat verkeerd is.* (epos128)

Die frekwensie van spelfoute by webtuistes is veel laer as by e-posboodskappe en kletskamers. Die hoofdoel van die web is nie tweerigtingkommunikasie nie, maar suiwer oordrag van inligting. Omdat daar nie 'n tydsbeperking geplaas word op die saamstel van die boodskap nie (soos in die geval van e-pos en kletskamers) kan die inhoud daarvan geredigeer word en aandag kan geskenk word aan die konstruksie van die teks. Tog kom daar gevalle voor waar die teks ongeredigeerd verskyn en die norme vir geskrewe kommunikasie oortree word. Net soos by kletskamers en die e-poskorpus kan die voorkoms van spelfoute toegeskryf word aan ongeredigeerde tikfoute waar weglating, omruiling of invoeging van letters voorkom. Hierdie spelfoute is egter geïsoleerde gevalle wat 'n paar keer in een webblad voorkom (en dan konsekwent so gespel word) of wat eenmalig so voorkom. Dit wil voorkom asof dit slegs gebeur wanneer die webtuiste skakels na aanlynbriewe, of briewekolomme of skakels na kletskamers het. In die geval van die webtuiste *ddisselblom*(web017) is die stilistiese versorging asook die taalkundige versorging van die webtuiste onberispelik. Onder die skakel na die *Gaste Boek* in hierdie webblad verskyn daar 'n aantal briewe aan die sangers en hierdie briewe toon duidelik dat dit ongeredigeerd geplaas is en dat daar wat die taal betref nie gepoog is om aan die norm vir geskrewe taalgebruik te voldoen nie. Lees- en skryftekens word weggelaat, kodewisseling vind plaas en selfs sterk taal word gebruik:

➢ *Hartswater*

Hey da ddisselblom! Wat skud?? julle was nou die dag in Harts(sonder)water!! Ek wil net sê dat julle show KOOK!! Julle gooi rêrig mielies!! Johrné, onthou jy toe jy langs die kerksaal gestaan het, net na julle show, toe kom da 'n ou en skreeu "ddisselbom", wel, dit was ek. Ek wou jou hand kom skud het, ma toe moes ons waai!! Ma ons maakit 'n volgende keer!! David, jy gooi biejtie 'n kitaar, en spies, jy sing ok leka!! wel lat ek ma waai!! cheers en thanx vi julle cool musiek!! PS~~Linka, jys daaannnnmmmmm sexy.... sal jy met my trou??? J.P.

➢ *Klerksdorp*

Hi ***julle, Wil*** *net* ***se*** *ons julle gesien op Klerksdorp 5/03/04 en julle is puik. Johrne passop net dat jy nie vir Casper uit werk sit nie*
Groete van Klerksdorp

➢ *Bloemfontein*

julle *is great!!!ek is mal oor moervrou!!****ek*** *het vir julle gaan kyk by die skou(****bl****oemskou natuurlik)julle was fantasties!!* ***julle*** *is* ***defnetief*** *die beste* ***afr****. groep(band)!!!****d****ie* ***bass guitarist*** *is rerig baie goed!!!****le****kker dag!*

In hierdie uittreksel word die veelvuldige gebruik van veral die uitroepteken opgemerk om die skrywers se waardering vir die groep uit te spreek. Hooflettergebruik is heeltemal afwesig, Engelse woorde word in die teks gebruik en *defnetief* word verkeerd gespel. Hierdie skryfstyl herinner baie aan die taalgebruik in kletskamers en ook informele e-posboodskappe. Alhoewel die taalgebruikspatrone in webtuistes oor die algemeen ooreenstem met dié van tradisionele geskrewe kommunikasie kan daar, as gevolg van die interaktiewe karakter van webtuistes, nie 'n veralgemening hieromtrent gemaak word nie.

In die volgende voorbeeld uit webblad *Woordreis ... Reisgidse: Kopenhagen, Denemarke* (web084) word die woord *ongere**ei**flik* (ongerieflik) verkeerd gespel, maar twee sinne verder word dit korrek gespel. Daar kan met sekerheid aanvaar word dat hierdie geval aan 'n 'n redigeringsfout toegeskryf kan word en dat die outeur vertroud is met die korrekte spelvorm.

- *Hoe om by Kopenhagen uit te kom Kopenhagen se Kastrup lughawe is redelik ver van die stad af geleë, en net om dit meer **ongereiflik** te maak,is dit op 'n eiland genaamd Amager, sowat 10 km suid van die middestad. Om by die middestad uit te kom, kan jy: 'n motor huur.of 'n bus vat. Dis die mees **gerieflikste** metode, het ons gevind, want daar wag altyd 'n bus reg buite die aankoms terminaal, en dit ry reguit middestad toe, waar dit op verskeie vasgestelde punte stop.* (web084)

In die geval van bogenoemde voorbeelde word die verstaanbaarheid van die boodskap geensins beïnvloed nie en het die outeurs van die inskrywings dit waarskynlik nie nodig geag om die teks te redigeer nie. 'n Ander moontlike verklaring vir die voorkoms van spelfoute kan wees dat die outeurs van die webbladsy nie eerstetaalsprekers van Afrikaans is nie en die teks ook nie geredigeer is nie, soos in die geval van die webblad *Isola Sarda - Sardinia - Italy webruimte toegewy aan Sardinië* (web030). Buiten spelfoute word lees- en skryftekens inkorrek gebruik en word duidelike aanduiding van die interferensie van Engelse sintaksis ook waargeneem.

- *Pula en die Suidelike Kusgebied*

  *'n **a**kkurate beskrywing van die Suidelike Kusgebied van Sulcis, saam met pragtige beelde.Sulcis virtuele **toerKom** ons reis deur die Sulcis area met behulp van die gedetaileerde kaarte en bekyk die beeldskone voorkoms van die gebied. 'n Dorp se ontwikkeling: Capoterra 'n volledige historiese uitleg van die dorp Capoterra vanaf prehistoriese tye tot vandag. Sardinië se spontane **orchideë** Hierdie **plants** laat mens dink aan die **exotiese** landskappe van tropiese woude, **maar** ten minste 60 verskillende spesies floreer in Sardinië. Kom **vind uit die geheime** van hulle verstommende vorms en **vielkleurige** blomme. Ons vlieg oor*

Sulcis verskeie *wonderlike* ***lugfotos*** *van* ***Oosterlike*** *Sulcis.Berg Arcosu* ***Natuurpark*** *Een van die mooiste blaaie van die webruimte, toegewy aan die eerste Natuurpark van Sardinië.****Vriende Kom*** *laat ons 'n lys vorm van mense* ***geinteresseerd*** *in die nuus, die natuurskoon en tradisies van ons land.Danksy die Net kan* ***ons vir mekaar leer ken****.Junior Navorserly****s*** *As u 'n Junior Navorser is, skryf in* ***ann*** *die Linea Poggio JNL: u sal die* ***database*** *kry wat vir junior navorsers oor die* ***world geskip*** *is, om met mekaar te gesels en* ***nformasie*** *te ruil. Santa Barbara die sjarme van geskiedenis en legende.****Geskiedinis*** *van Nora* ***and*** *Sardinia 'n* ***Interessante*** *gesoek, deur die 2e klas C-seksie van die Intermediêre Skool "B. Croce" van Pula. Dis die eerste resultaat van* ***'n*** *samewerking tussen Linea Poggio en die skole van Sulcis.Nuusoorsig Isola Sarda: 'n nuwe avontuur Telefono antiplagio is ons gas* . (web030)

Uit die inhoud van hierdie webblad is dit duidelik dat die outeur nie 'n Afrikaanse moedertaalspreker is nie. Hierdie foute oefen egter 'n minimale of selfs geen invloed uit op die kommunikatiewe waarde van die boodskap nie en die skrywer sal nie sosiaal gekritiseer word soos die geval sou wees indien dit 'n geskrewe teks van Suid-Afrikaanse oorsprong was nie.

5.8.2 Leksikale verkorting

Leksikale verkorting van woorde wat 'n hoë gebruiksfrekwensie het word in al drie die genres waargeneem en verleen aan die boodskap/inskrywing 'n informele karakter. Volgens Gregory (1999:159) word woorde met 'n hoë gebruiksfrekwensie eerder verkort as woorde met 'n laer gebruiksfrekwensie en sprekers gebruik hulle kennis van waarskynlikheid vir die betekenis van 'n woord, of kombinasie van woorde in die sin vir die interpretasie daarvan. Veranderlikes wat 'n rol speel by leksikale verkorting is onder meer gebruiksfrekwensie, die gespreksdeelnemers se kennis van die onderwerp en ook hulle kennis van die kommunikasieproses. Leksikale verkorting is veral kenmerkend van kletskamers met 'n positiewe waarde op die x-as in

Dimensie 1 van die korrespondensie-analise en 'n 2% bydrae tot die relatiewe Inertia waarde.

Dioe verspreiding van leksikale verkorting word in Figuur 5.10 voorgestel waarna voorbeelde van leksikale verkorting oor genres heen in hierdie navorsing in Tabel 5.18 gegee:



Figuur 5.10 Verspreiding van leksikale verkorting oor genres heen

VERKORTING	WOORD	Klets		E-pos		Web	
		totaal per korpus	*per duisend woorde*	*totaal per korpus*	*per duisend woorde*	*totaal per korpus*	*per duisend woorde*
v	van	222	**3.25**	22	**0.30**	12	**0.13**
i	in	212	**3.10**	22	**0.30**	18	**0.19**
j	jy	31	**0.45**	1	**0.01**	20	**0.21**
d	die	6	**0.09**	17	**0.23**	18	**0.19**
vi	vir	29	**0.42**	2	**0.03**	1	**0.01**
vd	van die	2	**0.03**	4	**0.05**	0	**0**
lo	hallo	158	**2.31**	0	**0.0**	0	**0**
da	daar	44	**0.64**	0	**0**	5	**0.01**
ma	maar	75	**1.10**	19	**0.25**	25	**0.26**

wa	waar	12	**0.18**	5	**0.06**	4	**0.04**
skuus	ekskuus	12	**0.18**	1	**0.01**	0	**0**
ga	gaan	8	**0.12**	3	**0.04**	0	**0**
hie	hier	9	**0.13**	0	**0**	0	**0**
Totaal		**820**	**12.0**	**96**	**1.27**	**103**	**1.1**

Tabel 5.18 Voorbeelde van leksikale verkorting oor genres heen

Bevindings

- Leksikale verkorting word meer frekwent waargeneem in kletskamers as in e-pos of webtuistes.
- *'i'* en *'v'* is die twee vorme wat die meeste verkort word oor genres heen.

Bespreking

Een van die belangrikste veranderlikes by die saamstel van kletssessie en ook by e-posboodskappe is sekerlik die beginsel van die minste inspanning in die kortste moontlike tyd (Hård af Segerstadt, 2002:32). Die outeur wil in albei gevalle die boodskap so gou as moontlik stuur en dit is soms belangriker as wat die leksikale versorging van die teks skyn te wees.

Leksikale verkorting van woorde met 'n hoë gebruiksfrekwensie word ruim in kletskamers waargeneem. Die voorkoms hiervan verleen aan die gesprek 'n informele karakter en gee die onderlinge ooreenkoms tussen die gespreksgenote oor die konvensie hiervan weer. Die spoed waarteen getik moet word om sodoende deel van die gesprek te kan bly en die speelse karakter van die medium is veranderlikes wat bydra tot leksikale verkorting. Woorde word verkort tot die minste hoeveelheid letters wat dit nog betekenisvol herkenbaar sal maak binne die konteks. Deur middel van fonetiese nabootsing word vokale in sommige woorde weggelaat en word woorde wat dieselfde klink as 'n enkel letter dienooreenkomstig verkort. Ongewone en spreektaalagtige verkortings verleen dikwels aan sinne 'n vreemde voorkoms.

Die volgende voorbeelde hieronder dien as bevestiging van leksikale verkorting in Afrikaanse kletskamertaalgebruik:

- <Trunks> **ko** na my huis (<kom) (chat015)
- *<mens> selfs jou wiele kan dit in* ***i*** *maand doen* (< 'n) (chat011)
- *<Vix>* ***lo*** *oulik* (<hallo) (chat013)
- *<SWEETY>* ***ma*** *hallo* ***vi j ok*** (<maar, vir, jou/julle ook)(chat039)
- *<Jan-Louis>dag* ***mal*** (<almal) (chat009)

Leksikale verkorting kom in e-pos veral ook voor by die gebruik van voorsetsels, en wanneer die woord '*die*' gebruik word, omdat daar geen onsekerheid sal bestaan oor wat die persoon bedoel indien hierdie woorde wel verkort word nie. Omdat e-posboodskappe tipies kort (gereduseer) is en die outeur dikwels nie onnodig tyd wil mors wanneer die boodskap saamstel en getik word nie, word daar dan van leksikale verkorting gebruik gemaak.

Voorbeelde van leksikale verkorting in die e-poskorpus is die volgende:

- *Ek weet nie of ek hom weer* ***voor d einde vd jaar*** *gaan sien nie, so ek wil hom skoene en al opvreet.* (epos107)
- *mens wrokkig maak teenoor* ***d*** *vark,* ***skuus,*** *persoon* (epos073)

Afgesien daarvan dat webtuiste 'n meer geredigeerde, formele karakter vertoon as kletskamers en e-pos, word leksikale verkorting ook hier waargeneem. Die oorgrote meerderheid van hierdie gevalle word waargeneem in informele webtuistes soos byvoorbeeld in die *ddisselblom* (web017) webtuiste wat saamgestel is uit boodskappe van ondersteuners aan die sanggroep. Voorbeelde van leksikale verkorting uit hierdie webtuiste is die volgende:

- *Hartswater*

  Hey ***da*** *ddisselblom! Wat skud?? julle was nou die dag in Harts(sonder)water!! Ek wil net sê dat julle show KOOK!! Julle gooi rêrig mielies!! Johmé, onthou jy toe jy langs die kerksaal gestaan het,*

net na julle show, toe kom ***da*** *'n ou en skreeu ddisselbom", wel, dit was ek. Ek wou jou hand kom skud het,* ***ma*** *toe moes ons waai!!* ***Ma*** *ons* ***maakit*** *'n volgende keer!! David, jy gooi biejtie n kitaar, en spies, jy sing* ***ok leka!!*** *wel* ***lat*** *ek* ***ma*** *waai!! cheers en thanx* ***vi*** *julle cool musiek!!*

PS~~Linka, jys daaannnnmmmmm sexy.... sal jy met my trou??? J.P.(web017)

Leksikale verkorting soos in die voorbeeld hierbo kom egter nie eweredig verspreid voor oor die hele webtuistekorpus heen nie en is dus nie tiperend van hierdie register nie, maar is gekonsentreer in enkele tekste waar dit as 'n stylgreep vir effek dien, eerder as 'n kenmerkende eienskap van hierdie genre.

Die data in Tabel 5.18 toon 'n opmerklike lae frekwensie van die verkorte vorm *'d'* vir '*die*' in kletskamerdata, en 'n baie meer soortgelyke verspreiding daarvan by die ander twee registers. Die verklaring hiervoor kan gevind word in die relatiewe laer gebruiksfrekwensie van selfstandige naamwoorde in die kletskamerkorpus in vergelyking met die ander twee registers, wat daarom nie die gebruik van die lidwoord motiveer nie.

Nieteenstaande die meer formele aard van die webtuistekorpus word die verkorte vorme *'i', 'j', 'v', 'd',* teen verwagting relatief gereeld gebruik. Die verklaring hiervoor lê egter daarin dat die gebruik van enkel letters (voorletters) in die plek van voorname soos in onderstaande voorbeelde hiervoor verantwoordelik is

- *Jack en Kyle Grass is al sedert 1994 die twee terggees-lede van die rock groep* ***Tenacious D.(4X)*** (web035)

- *Kort-kortverhaal Haar Nigeriër .. Clinton* ***V.*** *du Plessis*
  Nuut bygevoeg: Rondom die Verteller in Magersfontein, o Magersfontein!, deur Steenberg, ***D.H..***

*Bloedrivier, 1938 - **D.J.** Opperman*
*Satan-Helios - **N.P.** van Wyk Louw*
Baudolino - Umberto Eco
*Donkermaan - André **P.** Brink* (web006)

In die volgende onderafdeling word leksikale verkorting in die vorm van akronieme as unieke onderskeidende eienskap van kletskamers bespreek.

5.8.3 Akronieme

Herring (2002:121) noem dat een van die mees algemeen beskryfde eienskappe van sinchroniese klets die gebruik van afkortings is. Spesifieke akronieme soos byvoorbeeld: *lol* ("laughing out loud"), wat geassosieer word met internettaalgebruik en wat funksioneer as 'n vorm van afkorting, word algemeen in Afrikaanse kletskamers gebruik. Akronieme word gebruik as 'n tydsbesparingsmeganisme, veral in die geval van woorde of uitdrukkings wat gereeld gebruik word, sodat dit nie nodig is om die hele woord of frase te tik nie. Alhoewel verskeie van hierdie afkorting gebruik word soos wat dit in Engels voorkom, is 'n hele aantal eiesoortige en nuutgeskepte Afrikaanse afkortings ook in die kletskamerkorpus waargeneem. Voorbeelde van akronieme in kletskamers word in Tabel 5.19 gegee:

Afrikaanse akroniem	**Woord/e**	***Totaal per korpus***
wt	*welkom terug*	**61**
tsk	*tongklap*	**47**
lmga	*lag my gat af*	**38**
lmp	*Lag my pap*	**30**
wtf	*wat te fok*	**11**
ltl	*lag te lekker*	**2**

Engelse akroniem	Woord/e	*Totaal per korpus*
lol	*laugh out loud*	**863**
lolol	*Laugh (more)*	**76**
lololol	"	**25**
lolololol	"	**7**
tx	*thanks*	**42**
wb	*welcome back*	**28**
pls	*please*	**2**

Tabel 5.19 Voorbeelde van Afrikaanse en Engelse akronieme in die kletskamerkorpus

Bespreking

Die akroniem '*lol*', en variante daarvan, kom die heel meeste voor en dien as aanduiding van die tipiese informele atmosfeer wat kenmerkend is van kletskamers. Engelse akronieme word oor die algemeen meer gebruik as Afrikaanse akronieme. Afkortings word net so ontleen uit Engelse kletskamertaalgebruik en die Afrikaanse kletsers neem waarskynlik soms ook aan Engelse kletssessies deel. Hierdie akronieme is ook eie aan SMS-taalgebruik en is waarskynlik daarom ook aan die kletsers bekend.

Behalwe vir die akronieme wat beleefdheidsvorme uitdruk (*pls* en *tx*) is die motivering vir die gebruik van die ander akronieme in die meeste gevalle om emosie uit te druk, soos byvoorbeeld om aan te dui dat 'n situasie snaaks gevind word. Die twee akronieme *wt* en *wb* word ook as beleefdheidsvorme gebruik om kletsers wat die sessie verlaat het en weer terugkeer te verwelkom en dien as merker van die interpersoonlike verhouding wat daar tussen kletsers onderling bestaan.

5.8.4 Skryfkonvensies - Die gebruik van emotikons

Bo en behalwe die gebruik van akronieme is die gebruik van ASCII-grafika, ook bekend as emotikons, kenmerkend van aanlynklets. 'n Emotikon is 'n grafiese voorstelling wat gevorm word deur die samevoeging van ASCII-karakters wat dien as aanduiding van die spreker se emosies en gesigsuitdrukking. Hierdie emotikons vervul as't ware die funksie van nie-verbale merkers in die elektroniese medium. Werry (1996), Crystal (2001) en ook Herring (2002) doen verslag oor die hoë gebruiksfrekwensie van emotikons in kletskamergesprekke.

Gesiggies, soms ook genoem laggertjies of laggerdjie (AWS-spelling) (*smiley*) word frekwent gebruik. Die volgende voorbeelde uit die datastel, met verklarings uit ***Emoticons-online:2005*** toon aan dat emotikons ook hoë gebruikswaarde in die Afrikaanse kletskamerkorpus het:

- *<Raf>* ***:)(glimlag)*** (chat005)
- *<Odomir>* ***;)(glimlag en knipoog)*** (chat024)
- *<LaraCroft>* ***:((hartseer)*** (chat027)
- *<Shrek> Rufie* **:*)(tong in die kies/ of soentjie)** (chat003)
- *Shrek moet gaan werk* ***:*((((((((baie hartseer)*** (chat022)
- *<MadHatter>* ***:P (steek tong uit)*** (chat002)
- *<ELeCtRiC_AnT>:****P~~(steek tong uit)*** (chat019)
- *Necrite> dankie:****> (sarkasties)*** (chat022)
- *<MoonMan>* ****8-:) (persoon dra sonbrille/gemaskerde man)*** (chat024)
- *<Rosa>* ***:))))))))))))(groot glimlag)*** (chat002)

Die eiesoortige sosiale karakter van klets kom na vore deur die gebruik van emotikons. Dit wil voorkom asof hierdie werklik gesproke kommunikasiesituasie is waar die gespreksgenote mekaar van aangesig tot aangesig sien en vir mekaar kan knipoog, tong uitsteek en glimlag.

In die vroeë dae van e-pos is daar volgens Baron (2001:242) meer dikwels van emotikons gebruik gemaak, maar die gebruik daarvan het beduidend afgeneem. Soos wat meer mense bekend raak met die elektroniese medium, en veral e-pos, sal die eiesoortige karakter daarvan ook voortdurend verander. In die Afrikaanse e-poskorpus is die gebruik van 'n emotikon in slegs een geval waargeneem in (epos227):

- *Intussen hoor ek graag van enigiemand wat my kan verwys na 'n boer wie se hoenders nog soos ouds kan skrop op die werf. Of vind mens hulle net in storieboeke?*:-)

Hoewel die emotikons nie gereeld in die e-poskorpus voorgekom het nie, het kennisse tog die sporadiese voorkoms hiervan in e-posse wat hulle ontvang, gerapporteer. Die moontlikheid dat die tipiese gebruikspatrone kan verskil na gelang van die groep gebruikers wie se e-posse versamel word, moet ook nie hier buite rekening gelaat word nie. So sal studente wat dikwels van emotikons gebruik maak in SMS-boodskappe moontlik meer geneig wees om dit te gebruik in e-posboodskappe as byvoorbeeld ouer persone binne 'n formele korporatiewe opset.

Die gebruik van emotikons is, behalwe vir een enkele geval ook heeltemal afwesig in webtuistes. In die *ddisselblom* webtuiste gebruik 'n outeur van 'n inskrywing in die briewekolom 'n emotikon aan die einde van die inskrywing.

- *Julle show by die KKNK was GREAT! Julle CD's is GREAT! Ek soek 'n T-Shirt waarop staan ddisselblom - waar kan ek een kry? Thanx vir die sign van my CD's. Julle is die BESTE*! ;-)(web017)

Uit die voorafgaande bespreking word dit duidelik dat hierdie veranderlike kenmerkend is van die speelse, informele karakter van die kletskamer en die besondere interpersoonlike verhouding wat daar tussen die deelnemers aan die kletssessie bestaan – vergelyk in hierdie verband wanneer die kletser byvoorbeeld tong uitsteek.

5.8.5 Fonetiese skryfwyse

Die gebruik van fonetiese skryfwyse word ook dikwels opgemerk in die kletskamerkorpus en verleen ook aan die geskrewe medium 'n gesproke karakter. Verhoef (2001:9) merk in verband hiermee op dat die assimilasietendens so sterk teenwoordig blyk te wees dat, indien daar 'n [n] of [s] in die omgewing is, assimilasie sonder uitsondering in die geskrewe vorm weerspieël sal word.

Bevestiging vir hierdie tendens word in hierdie navorsing hoofsaaklik in die kletskamerkorpus waargeneem. Voorbeelde hiervan uit die datastel word vervolgens in Tabel 5.20 en daarna in sinsverband ter illustrasie voorgehou:

FONETIESE SKRYFWYSE	***WOORD/WOORDE***	*totaal per korpus*	*per duisend woorde*
dis	*dit is*	**282**	4.13
gaanit	*gaan dit*	**33**	0.48
issie	*is nie*	**27**	0.40
willie	*wil nie*	**17**	0.25
noggie	*nog nie*	**15**	0.22
virri	*vir die*	**13**	0.19
issit	*is dit*	**11**	0.16
nettie	*net nie*	**9**	0.13
viri	*vir die*	**8**	0.12
dissie	*dit is nie*	**6**	0.09

Tabel 5.20 Voorbeelde van fonetiese skryfwyse in kletskamers

- *<pikkie> jy veilig* ***viri oomblikl*** (←vir die oomblik) (chat025)
- *<MoonMan> maar se vi ha ek steeds* ***liefviha*** (←lief vir haar)(chat025)
- *<PiKKiE> sy* ***willie*** *my* ***helpie*** (←wil nie, ←help nie) (chat025)

- *<Bells>* ***nettie*** *agter die paweljoen op supersport park nie* (←net nie) (chat027)
- *<Bells> sien ek* ***issie*** *skaami* (←is nie skaam nie) (chat027)

- *<Jan-Louis> hoe is dit?*
  <mens> ***dis*** *ok*
  <rooi> wel... toe ek net die voorprent gesien het, was ek oortuig ***dis*** *l asterlik... maar die uiteinde is alles behalwe so*
  <rooi> ***dis*** *'n goeie fliek Jan-Louis ... sit jou aan die dink*
  <Jan-Louis> presies, ***dissie*** *eerste indruk wat ek gekry het deur net na die omslag te kyk :)*(chat011)

In die Afrikaanse kletskamerkorpus word die neiging tot algehele ontronding van die vokale [y] en [Ø] en die diftong [œy] tot respektiewelik [i], [e:] en [ə] ook waargeneem. Omdat die verspreiding van hierdie verskynsel nie eweredig waargeneem word nie kan dit nie as tiperend van hierdie genre beskou word nie, maar aanvaar word dat dit eerder as stilistiese effek aangewend word. Die volgende voorbeelde hiervan word hoogstens twee keer in die hele korpus so gebruik:

- *bierman* (buurman 2x), *biervrou* (buurvrou 1x), *deer* (deur 1x), *deerie* (deur die 1x), *deermekaar* (deurmekaar 1x), *nees* (neus 1x) *en hyse* (huise 1x), *hysie* (huisie 2x), *hystoe* (huistoe 1x), *mys* (muis 1x), *myse* (muise 2x).

'n Interessante gebruik wat waargeneem is, is die vervanging van die letter [*v*] in die aanvangsposisie van die woord met die letter [*f*]. Odendal (1991:164) noem dat die wisseling tussen [v] en [f] sosiaal gestigmatiseer is. Voorbeelde van woorde wat so gespel word in kletskamers is die volgende:

- *flaggies*(2x), *fark*(2x), *farke*(2x), *farkie(*2x,) *fas*(1x), *fisvang*(1x), *ferf*(1x), *ferontwaardig*(1x)

Alhoewel hierdie tendens waargeneem is kan dit weereens nie as tiperend van hierdie genre beskou word nie, maar kan die voorkoms daarvan eerder as stylgreep ter wille van effek beskou word.

Odendal (1991:163) noem ook dat die [d] in informele spraak dikwels oorgaan tot [l].Hierdie tendens word in die kletskamerkorpus waargeneem wat as bevestiging van die gesproke karakter van hierdie genre dien. Voorbeelde hiervan in die Internetafrikaanskorpus is:

- *oorlat* (3x), *omlat*.(1x) en *lat* (8x).

Alhoewel taalgebruikspatrone in die webtuistekorpus ooreenkomste toon met tradisioneel geskrewe taal, word die gebruik van fonetiese skryfwyse ook in webtuistes waargeneem. Die volgende voorbeeld kom uit die BMM Monitor 2 Humorargief, wat 'n webtuiste is met 'n informele skryfstyl en karakter en 'n humoristiese vertelling as onderwerp.

- *"**Weetie**," antwoord Eva.*
  "Sy het eerste begin!" beskuldig Adam haar.
  ***"Issie"** "IS!* (web033)

5.8.6 Geleentheidsvorming

Geleentheidsvorming en die vorming van eiesoortige vreemde woordkonstruksies kom ook in die kletskamerkorpus voor en verleen aan die gesprek 'n eiesoortige karakter. 'n Hele aantal woorde word soms saamgevoeg om 'n vreemde samestelling te vorm:

- *<NyLoN> hello Lon...**HeeltydSpeeltyd**....*(chat030)
- *<PiKKiE> **moenounie** wegbly nie hoor* (chat028)
- *<ManVanStaal **belaaik** die greep* (chat020)
- *<Koos> **versteekseker** Winter* (chat020)
- *<Odomir> wat's n ander naam vir vodka en lemoensap?*

<*Odomir*> ***Woemwap*** (chat030)

'n Voorbeeld van 'n samestelling wat dien as bevestiging vir die speelse informele karakter van kletskamers is die woord *krokkenoster* (krokodil + renoster) wat eintlik eerder verwag word in 'n gesprek met 'n jong kind:

- <*Bells*> *balfour se vel is dikker as i* ***krokkenoster*** *sn en silas is plyn flippen stoepit* (web010)

Alhoewel geleentheidsvorming en die vorming van eiesoortige vreemde woordkonstruksies nie algemeen voorkom in webtuistes nie, word dit ruim opgemerk in die vertellings in *Hans Walvis se stories* (web028) en *The "J" Zone* (web059 NG Kerk Meersig se jeugblad). Hierdie gebruik word geassosieer met gesproke taalgebruik wat neerslag vind in hierdie vertellings. Vergelyk ter illustrasie die uittreksel uit (web028) en (web059) in hierdie verband:

- *Nie honderd jaar later nie kom groet die katmannetjie ons daar langs die Renault en begin sy* ***oggend-werfinspeksie***
- *Intussen het betrekkinge tussen my en* ***dogtersekat*** *sodanig verbeter dat hy my saans in die sitkamer kom haal het om sy kos te gee.*
- *Bedags, as oom Frans sy werk as* ***rytuigondersoeker*** *gedoen het,*
- *Groot voorliefde vir* ***vrouefyngoedjies*** *gehad*
- ***Sadisgroetnis*** *julle (*web28)

In die volgende uittreksel uit 'n webblad wat spesifiek vir die jeug bedoel is, word die vreemde woordkonstruksie ter wille van die humoristiese effek daarvan gebruik:

- *Ek het al in 1983 matriek geskryf met onderskeidings in* ***Weet-nie-skap, Ruskunde,*** *LO, Kadette, Rugby, Krieket, Skyfskiet, Pluimbal en* ***Opjuffrousesenuweeswerkologie.***(web059)

Geleentheidsvorming is veral kenmerkend van kletskamers, terwyl dit heeltemal afwesig is in die e-poskorpus en slegs per geleentheid in webtuistes met 'n kenmerkende informele karakter (soos in bogenoemde illustrasies) waargeneem is.

5.8.7 Spieëlskrif

'n Vorm van grafiese gebruik vir humor wat op spieëlskrif berus is waargeneem in 'n gesprek tussen twee besoekers aan die kletskamer **#tarentaal**. Dit het die ander kletsers duidelik onkant gevang maar die twee het dit klaarblyklik geniet. Hierdie grafiese gebruik trek voordeel uit die visuele aard van die elektroniese kommunikasie tesame met informaliteit en humor wat kenmerkend van gesproke kommunikasie is. Hierdie tegniek word waarskynlik gebruik as 'n strategie waardeur ander besoekers uit die gesprek gesluit kan word, wat korreleer met tipiese sosiale gedrag.

➢ *<Bells>* ***moobgnirid?***
<amelie> het julle boom gerook?
<Bells> ***keets nak***
<Koos> lol
<Bells> on
<Koos> nee amelie het jy vir ons?
<amelie> ***nee maar ek sweer julle wires is gekruis***
<Bells> is sy al out genoeg om te brand ?
<brown-eyed-girl> hoekom
<Koos> ***ein os eiknid***
<Bells> ***rees si reews***
<Koos> ***rees gre*** (chat033)

Die bestaan van 'n internetgemeenskap of 'gebruiksgemeenskap' (Eckert, 1995:55) met inherente sosiale gebruike word deur hierdie gebruik onderskryf.

Die gebruik van fonetiese skryfwyse en leksikale verkorting en emotikons word veral in die kletkamerkorpus waargeneem. Die gebruik van eiesoortige akronieme soos wat dit in klets waargeneem is, is 'n unieke kenmerk van hierdie register wat afwesig is in die ander twee korpora en veral herinner aan SMS gebruik. Vervolgens word die gebruik van verlede tyd in die korpora toegelig.

5.9 VERLEDE TYD

Tyd is deikties aan die gespreksituasie verbind met die uitingstyd as spilpunt. Die verledetydsvorm van die werkwoord word gebruik om na tyd voor die uitingstyd te verwys. Vir die doel van hierdie navorsing word die gebruiksfrekwensie van verledetydsvorme wat deur middel van die hulpwerkwoord van tyd *het +werkwoord* gevorm word, gerapporteer. Alle gevalle van die woord *het* is deur middel van die konkordansie funksie vir al drie die genres onttrek. Daarna is daar per hand onderskeid getref tussen die gebruik van *'het'* as deel van die verledetydfunksie en *'het'* as verwysend na besitting om sodoende korrekte waardes te kan rapporteer. Vergelyk Figuur 5.11 en Tabel 5.21 vir die verspreiding van verlede tyd oor die drie genres heen:



Figuur 5.11 Verspreiding van die gebruik verlede tyd

VERLEDE TYD	Klets		E-pos		Web	
	Totaal per korpus	*Per duisend woorde*	*Totaal per korpus*	*Per duisend woorde*	*Totaal per korpus*	*Per duisend woorde*
	349	5.1	847	11.2	984	10.3

Tabel 5.21 Verspreiding van die gebruik van verlede tyd

Bevindings

- Verledetydsvorme word meer frekwent in e-pos en webtuistes gebruik as in kletskamers.

Bespreking

Die sinchroniese aard van die gespreksituasie in die kletskamer laat die klem val op die 'hier' en die 'nou' en gevolglik is die gebruik van die verledetydsvorm van die werkwoord ook laer as by e-pos en webtuistes onderskeidelik. Die intydsheid van die kletskamersituasie is dus direk verantwoordelik vir die afwesigheid van verledetydsverwysing. Verskillende registers is verantwoordelik vir verskillende funksies en daarom is dit dus nodig om verskillend met taalgebruik om te gaan. Beide Biber (1988:109) en Biber, et al. (2000:458) doen verslag dat 'n lae gebruiksfrekwensie van die verledetydsverwysende vorm hoort by gesproke diskoers, terwyl 'n hoër gebruiksfrekwensie van die verledetydsverwysende vorm eerder hoort by meer narratiewe diskoers, wat veral 'n kenmerkende eienskap van persoonlike e-poswisseling is.

Die gebruik van die verledetydsvorm is selfs hoër in die e-poskorpus as in webtuistes. E-pos vervul dikwels in die korporatiewe gebruik daarvan 'n verslaggewende funksie wat die gebruik van die verledetydsvorm noodsaak. In persoonlike e-poswisseling word dit eweneens gebruik om gebeurtenisse met vriende of familie te deel en word die verlede tyd ook daarvoor gebruik.

Die volgende e-posfragmente illustreer hierdie gebruik van die verledetydsvorm. (Epos037) en (epos038) is voorbeelde van e-poskommunikasie tussen 'n groep vriende wat by 'n gemeenskapsprojek betrokke is.

- *Kamieskroners,*
  Ons ***het*** *'n baie suksesvolle besoek* ***afgelê****. Ons span* ***het bestaan*** *uit: George Lindeque, Peter Burton-Durham en myself, plus ons twee loodse, Larry Beamish en Martin van Straten. Sean Summers van Pick 'n Pay* ***het*** *persoonlik* ***gekorrespondeer*** *en hulle korporatiewe vliegtuig beskikbaar* ***gemaak****. Ons* ***het geland*** *op Springbok, 'n Kombi* ***gehuur*** *en toe na Kamieskroon* ***gereis*** *waar ons oor ontbyt strategie* ***bespreek het*** *en teen <u>12.00</u> ons program by Nourivier* ***begin het.*** *Vooraf* ***het*** *verskeie individue materiaal, geskenke, ens. ens.* ***afgelaai****. Ons moes letterlik die deur van die vliegtuig toedruk om alles te kon saamneem. Maar niks* ***het*** *agtergebly nie.* (epos037)

- *Dags^e mense*
  Ek wil nou die anderkant van hierdie storie vertel. Dit kan lyk of ek hierdie brief ***geskryf*** *maar die is 'n lieg - Johann* ***het*** *dit baie goedbedoelend en gou* ***gedoen****. Helmuth en Maryna Kohrs* ***het*** *ons nie vir die naweek se verblyfkoste laat* ***betaal*** *nie - baie dankie Helmuth en Maryna! Johann en ek* ***het*** *toe gevoel dat ons daardie vergunning dan na Nourivier moet kanaliseer en dit* ***het*** *ons toe* ***gedoen*** *deur Helmuth te vra om R2 000,00 (wat Johann* ***gefinansier het****) na die Laerskool se rekening oor te plaas want die provinsiale regering* ***het besluit*** *om die kossubsidie vir kinders van die Laerskool anders te doen.*(epos38)

- *Baie dankie vir jou e-pos, ek* ***het*** *dit veel later* ***gekry*** *as wat jy dit* ***gestuur het*** *aangesien ek nie veel tyd kry om my e-pos te lees en op datum hiermee te bly nie.*(epos309)

- *Ek stuur vir jou die e-pos aan wat ek hierdie week van die Kempton studente* ***gekry het****. Ek* ***het*** *hulle nie terug* ***geantwoord*** *nie omdat ek*

eers by jou wil weet wat om te stuur.Die reeling wat ek in die begin van die jaar met hulle ***getref het*** *was dat hulle elke tweede klas kon bywoon wat* ***geimpliseer het*** *dat dit soms net een maal per maand sou wees. Ek* ***het*** *ook* ***gesê*** *dat ek dan die alternatiewe weke se notas sou aanstuur. Sonder dat hulle een maal* ***opgedaag het*** *het ek vir die ander studente by een geleentheid notas gegee om vir hulle te gee by 'n ander aandklas. Hulle* ***het*** *toe nie eers vir daardie klas* ***opgedaag*** *nie en ek het my notas* ***teruggekry****. Ek* ***het besluit*** *dat ek dit beslis nie gaan aanstuur indien ek hulle nog NOOIT eers met 'n oog (epos van Februarie af nie.(*epos126)

- *Marieta* ***het*** *seker al vir jou* ***vertel*** *van die fiets wat ek* ***gekoop/bestel het****. Ek* ***het*** *'n Schwinn bergfiets* ***gekoop****. Die outjie by die fietswinkel in Kuruman* ***het*** *my en my ou fiets* ***gemeet*** *en* ***gesê*** *dat die raam te klein is.*(epos028)

In die volgende fragment uit die tuisblad van Anton en Mandi Bouwer (web011) gee hulle 'n beskrywing van die reise wat hulle onderneem het en word die verledetydsvorm ook hier gebruik:

- *Ons* ***het*** *vanaf Okt 2000 tot Jul 2002 in Tervuren, Brussels België* ***gewoon****.(Click hier as julle 'n kaart van EUROPA wil sien) Voor Brussels* ***het*** *ons vir 9 maande in Budapest, Hongarye* ***gewoon****. Gaan loer gerus na ons foto album om te sien wat ons alles daar* ***gedoen het*** *en hoe dit daar* ***gelyk het.*** *EXTRA'S NUUSFLITSE!!!!!! Kyk hoeveel en watter lande ons reeds* ***besoek het****. Ons staan tans op 42 lande!* (web011)

Die Monitor en Spektrum webblad (web055) wat die internetweergawe van die nuusprogram is gebruik as gevolg van die aard van beriggewing ook 'n hoë frekwensie verledetydsvorme soos geïllustreer in die volgende fragment uit hierdie webblad:

- *(Uitgesaai op Monitor 19 Augustus 2003) SKIP JAAG Die Suid-Afrikaanse Antarktiese voorraadskip, die Agulhas,* ***het*** *van Marion-eiland* ***vertrek*** *om te help in die jag op 'n Suid-Amerikaanse visstroper, die Viarsa. Die Viarsa* ***het*** *in haar pogings om die Southern Supporter van die spoor af te kry in 'n gevaarlike yssee-gebied* ***ingevaar*** *en die Southern Supporter moes toe raad gee om haar weer daar uit te kry.. Cobus Bester* ***het*** *met kaptein Dave Hurl van die Agulhas* ***gepraat...*** *MP3 Regstreeks - HurlMP3 Aflaai - Hurl(****Uitgesaai*** *op Monitor 20 Augustus 2003) UNBLAST Die residente ko-oordineerder van die Verenigde Nasies in Pretoria, Dr John Ohiorhenuan,* ***het*** *die regering en die Suid0-Afrikaanse publiek* ***bedank*** *vir hulle ondersteuning en medelye na vanoggend se aanval op die VN-hoofkwartier in Bagdad. Die VN* ***het*** *'n medelyeboek by hulle kantore in Pretoria* ***geplaas*** *vir mense wat daarin wil skryf.* (web055)

As veranderlike het verlede tyd in Dimensie 1 van die korrespondensie-analise 'n negatiewe waarde op die x-as wat beteken dat dit 'n kenmerkende gemeenskaplike eienskap van e-pos en webtuistes is, in teenstelling met kletskamers. Veranderlikes, soos verledetydsverwysing, wat in Dimensie 2 op die y-as 'n negatiewe waarde het is egter meer kenmerkend van e-posse.

5.10 ADJUNKTE

In hierdie afdeling word die gebruik van plek- en tydsadjunkte en ook voorsetsels oor die drie genres heen bespreek. Uit die koördinaatwaardes in Tabel 2 kan afgelei word dat plekadjunkte (6% bydrae tot die Inertia waarde van Dimensie 1) en voorsetsels met negatiewe waardes op die x-as in Dimensie 1 en positiewe waardes in Dimensie 2 op die y-as kenmerkende eienskappe van webtuistes is. Hierteenoor is tydsadjunkte 'n veranderlike wat kenmerkend is van kletskamers.

Plek en tydbinders word gebruik vir direkte verwysing na die fisiese en temporele konteks van die teks, of soos in die geval van fiksie na die fisiese en temporele wêreld van die teks. Hierdie adjunkte kan gebruik word vir verwysing na teks-interne referente, maar word gewoonlik gebruik om te verwys na tyd en plek buite die teks self. Hierdie vorme dien dikwels as deiksis wat slegs verstaan kan word deur verwysing na eksterne fisiese en temporele situasies. Plek- en tydsadjunkte maak grootliks staat op referensiële reduksie deur die geadresseerde. Die geadresseerde moet die tyd- en plekreferente in die werklike fisiese konteks van die diskoers identifiseer. Alhoewel plek- en tydsadjunkte as grammatikaal opsionele elemente beskou kan word, is hulle uiters belangrik om die diskoers volledig te kan interpreteer en betekenis daaraan te kan gee. Hierdie elemente vorm dus 'n belangrike inherente deel van die spreker of skrywer se boodskap

5.10.1 Plekadjunkte

Die verspreiding van die mees frekwente plekadjunkte oor die drie internetgenres heen word vervolgens in Tabel 5.22 voorgehou:

PLEKADJUNKTE	**Klets**		**E-pos**		**Web**	
	totaal per korpus	*per duisend woorde*	*totaal per korpus*	*per duisend woorde*	*totaal per korpus*	*per duisend woorde*
van	277	**4.05**	1349	**17.92**	1905	**19.86**
om	168	**2.46**	760	**10.10**	1061	**11.06**
daar	113	**1.65**	391	**5.19**	433	**4.51**
oor	107	**1.57**	246	**3.27**	316	**3.29**
deur	20	**0.29**	166	**2.20**	349	**3.64**
uit	76	**1.11**	130	**1.73**	232	**2.41**
hier	117	**1.71**	106	**1.41**	143	**1.49**
voor	28	**0.41**	69	**0.92**	79	**0.82**
onder	17	**0.25**	54	**0.72**	89	**0.93**
teen	15	**0.22**	48	**0.64**	60	**0.63**
tussen	6	**0.09**	35	**0.46**	48	**0.50**
agter	16	**0.23**	11	**0.15**	27	**0.28**

naby	11	**0.16**	6	**0.08**	31	**0.32**
bo	8	**0.12**	7	**0.09**	31	**0.32**
buite	4	**0.06**	16	**0.21**	13	**0.14**
teenoor	1	**0.01**	21	**0.28**	4	**0.04**
langs	3	**0.04**	7	**0.09**	21	**0.22**
rondom	0	**0**	14	**0.19**	7	**0.07**
regoor	1	**0.01**	0	**0**	2	**0.02**
anderkant	0	**0**	1	**0.01**	1	**0.01**
oorkant	1	**0.01**	0	**0**	0	**0**
Totaal	**989**	**14.5**	**3437**	**45.6**	**4852**	**50.6**

Tabel 5.22 Mees frekwente plekadjunkte

Bevindings

- Die gebruiksfrekwensie van plekadjunkte is hoër in e-pos en webtuistes onderskeidelik as in kletskamers.
- Die plekadjunk *'hier'* is in verhouding meer gebruik in kletskamers as in die ander twee genres.
- *'Van'* is die mees frekwente plekadjunk oor al drie die genres heen

Bespreking

Plekadjunkte word gebruik ter wille van ruimtelike plasing van gebeurtenisse. Omdat die deelnemers aan die kletssessie oor die algemeen nie aan mekaar bekend is buite die onmiddelike ruimte van die kletskamer nie, en hulle dus net hierdie ruimte deel, noodsaak hierdie diskoersgeleentheid nie die frekwente gebruik van plekadjunkte nie. *'Hier'* en *'daar'* is twee plekadjunkte wat gebruik word ter wille van deiktiese plekverwysing in die teks. Die gebruik van *'hier'* as vervanging vir die verwysing na die ruimte wat reeds in die gespreksituasie genoem is of bekend is, is veral opvallend in die kletskamerkorpus. Voorbeelde van die gebruik van *'hier'* in die kletskamerkorpus word vervolgens gegee:

- *<blou> weet enige iemand* ***hier*** *hoe werk mens met ascii kodes op 'n laptop?* (chat005)

- *<PiKKiE> toemar hy snou weer **hier***
  <PiKKiE> net 'n foto gan neem(chat028)
- *<amelie> ok ek los julle maar **hier***
  <amelie> bye(chat028)

- *<Rosa gaan haa Shrek uiti hoek uit*
  *<_Rosa> kom sit **hier** en face ons soos 'n grootmens!*(chat022)

In bogenoemde uittreksels word die gebruik van *'hier'* as verwysend na die gedeelde ruimte van die betrokke kletskamer duidelik geïllustreer. Verwysing na ligging en die verskaffing van rigtingaanwysings word ook in die volgende webblad deur middel van die gebruik van plekadjunkte verskaf:

- *WELCOME TO THE GARAGE WELKOM BY THE GARAGE TuisbladOns is geleë in Durbanweg 162, **naby** die sentrale gedeelte van Bellville. Sou jy reis op die N1 van Kaapstad na Paarl, dan neem jy die Bellville afrit. Die pad na links gaan na die Tygervallei sentrum, terwyl die pad na regs na Bellville gaan. Draai hier regs en nadat jy weer **oor** die N1 gery het sal jy 'n stel verkeersligte kry. M-Kem is aan jou linkerkant. Nadat jy **oor** hierdie verkeerslig en die volgende een gery het sal jy The Garage - Bellville op jou linkerkant vind.Indien jy op die N1 van die Paar reis na Kaapstad, draai jy links af by die Bellville afrit en volg die roete **hierbo**.*(web082)

Die hoë gebruiksfrekwensie van die plekadjunk *'van'* in al drie die internetgenres kan verklaar word aan die hand van die omvangryke reeks gebruike vir hierdie plekadjunk (Biber, et.al. 2000:635).

5.10.2 Tydsadjunkte

Enkelwoord tydsadjunkte word tydsverwysend binne die spesifieke konteks of situasie gebruik (nou, vandag), om te verwys na spesifieke tydsduur of periodes (weekliks, daagliks) en ook om nie-spesifiek na tyd te verwys (soms,

dikwels). Die gebruiksfrekwensie van die mees frekwente tydsadjunkte oor die drie genres heen word in Tabel 5.23 saamgevat:

TYDSADJUNKTE	**Kletskamers**		**E-pos**		**Webtuistes**	
	totaal per korpus	*per duisend woorde*	*totaal per korpus*	*per duisend woorde*	*totaal per korpus*	*per duisend woorde*
nou	409	**5.99**	206	**2.74**	223	**2.33**
more	140	**2.05**	19	**0.25**	28	**0.29**
vandag	82	**1.20**	42	**0.56**	40	**0.41**
altyd	58	**0.85**	45	**0.60**	21	**0.22**
soms	19	**0.28**	18	**0.24**	20	**0.21**
tans	0	**0**	20	**0.27**	34	**0.35**
deesdae	16	**0.23**	4	**0.05**	19	**0.20**
gelede	0	**0**	16	**0.21**	19	**0.20**
gewoonlik	9	**0.13**	8	**0.11**	15	**0.16**
vanaand	16	**0.23**	2	**0.03**	2	**0.02**
eendag	6	**0.09**	7	**0.09**	5	**0.05**
netnou	15	**0.22**	0	**0**	0	**0**
vooraf	0	**0**	2	**0.03**	12	**0.13**
binnekort	1	**0.01**	0	**0**	12	**0.13**
dikwels	*0*	**0**	*1*	**0.01**	11	**0.11**
gedurig	0	**0**	0	**0**	6	**0.06**
elke keer	0	**0**	2	**0.03**	2	**0.02**
Totaal	**781**	**11.4**	**389**	**5.2**	**469**	**4.9**

Tabel 5.23 Mees frekwente tydsadjunkte

Bevindings

- Tydsadjunkte word meer frekwent gebruik in kletskamers as in e-pos en webtuistes.
- Tydsadjunkte verwysend na die verlede tyd word meer gebruik in webtuistes en e-pos as in kletskamers.
- Die gebruiksfrekwensie van die tydsadjunk *'nou'* is oor al drie die genres heen die hoogste.

Bespreking

Die tydsadjunkte *'nou'* en *'altyd'* kan binne die onmiddelike konteks van die kletskamersituasie verstaan word en word gebruik as deiktiese verwysing na die situasie van die uiting. Die frekwente gebruik van *'nou'* in die kletskamerkorpus weerspieël die bemoeienis van die deelnemers aan die kletssituasie met die huidige omstandighede. Die volgende fragmente uit die kletskamerkorpus dien as voorbeelde van hierdie gebruik:

- *<Shrek> sonja_alias_amelie .. sal jy* ***nou*** *stil sit*
  <Shrek> mens sien jou weke lank nie .. en dan spring jy so op en af(chat022)
- *<Rosa> vir* ***nou*** *is julle deel vannie clan*(chat022)
- *<_Rosa> mar stuur* ***nou*** *net vir ons 'n foto toe...*?(chat022)

In dieselfde trant word *'netnou'* ook gebruik om te verwys na die onmiddelike verlede of toekoms soos in die volgende gevalle:

- *<Rosa> ek het* ***netnou*** *met doubt gepraat*(chat022) **(verlede)**
- *genevieve gaan* ***netnou*** *in die bed klim en haar kop toetrek..*(chat001) **(toekoms)**
- *<connie> ouens ek moet gaan is later weer terug*
  <mens> nou maar lekker naweek, connie
  <MadHatter> mens, ek swap jou i R3 stuk vir daai R13 noot
  <connie> dankie maar ek kom terug ***netnou*** (chat002) **(toekoms)**

In beide e-pos en webtuistes is *'nou'* ook die mees frekwente tydsadjunk, juis omdat die klem in hierdie registers val op die oordra van intydse inligting. Die volgende fragmente uit die e-poskorpus en ook uit webtuistes word voorgehou ter illustrasie hiervan:

- *Ek is bly om te sien dat jy ook* ***nou*** *'n e-pos adres het.* (epos128)

- *Dit is **nou** 9:15 en my kantoortemperatuur (asook al die ander kollegas by ekon. wet gebou- 2e vloer aan die westekant) is 'n volle 31 grade celsius en vandag is nie eers die warmste dag die week nie.*(web182)

- *Ek is bly dit is nou vakansie, want dan is daar **nou** heeltyd iemand by hom, en het hy geselskap*(web204)

Volgens die HAT (1983:1130) is *'tans'* die *'ietwat plegtige'*, met ander woorde meer formele, ekwivalent van *'nou'*. Dit kan dien dan as verklaring vir die afwesigheid van *tans* in die kletskamerkorpus, maar die gebruik daarvan in e-pos en webtuistes aangesien hierdie twee registers meer eienskappe vertoon wat ooreenstem met formele geskrewe kommunikasie.

Verslaggewing is veral gemoeid met resente gebeurtenisse. Tydsadjunkte word gebruik om aan te dui wanneer gebeure plaasvind en om agtergrond te verskaf oor omstandighede wat gelei het tot huidige gebeure. Verder verskaf dit ook vullende inligting oor die plek van die gebeure of aksies wat plaasgevind het as deel van die verslaggewing. Adjunkte help om inligting wat tipies as belangrik beskou sal word in verslaggewing weer te gee, met ander woorde antwoorde op die wanneer/hoe/waar van die gebeure. Die volgende fragmente uit die Monitor en Spektrum webblad(web055) dien ter illustrasie hiervan:

- *'n Verslag met skokkende bevindinge oor tiener prostitusie op Atlantis aan die Kaapse Weskus, is **onlangs** op die dorp bekendgestel.*

- *Anita Visser het die Palestynse en Israelse ambassadeurs in Pretoria **gister** vir hul kommentaar oor die nuutste Midde-Oosterse herrie gevra:*

- *RESTITUSIE-WYSIGING Die minister van Landbou, Thoko Didiza, het **nou** meer mag as die Amerikaanse president George W. Bush*

- *En die enigste wettige manier* ***tans*** *in Suid-Afrika om jou geslagsidentifikasie in jou identiteitsdokument te kan verander, is as jy 'n volledige geslagsoorplanting ondergaan* (web055)

Die volgende uittreksel (epos240) dien as eksemplaar van die gebruik van tydsverwysende adjunkte in e-posse:

- *Die topbestuur van die universiteit het 'n aantal jare* ***gelede*** *tydens die herstrukturering na uitkomsgebasseerde onderwys op grond van die Departement van Onderwys se 12 uitkomste besluit om 'n aantal verpligte kursusse in te stel onder andere een met iets oor kreatiwiteit / geleenthede / entrepreneurskap as verpligte kursus* (epos240)

Verledetydsverwysende adjunkte kom oorwegend in e-pos en webtuistes voor. In die e-poskorpus word daar verwys na vorige handelinge of opdragte wat uitgevoer is of die stand van sake in die verlede. In webtuistes en veral dié soos Monitor en Spektrum hierbo word verledetydsverwysing grootliks gebruik as verslaggewende funksie.

5.10.3 Voorsetsels

Die gebruik van voorsetsels is 'n belangrike meganisme om die digte verpakking van groot hoeveelhede inligting in byvoorbeeld akademiese diskoers te verseker (Biber, 1988:237). Ook Chafe en Danielewicz (1987) ondersteun hierdie siening en beskryf die gebruik van voorsetsels vir die integrasie en uitbreiding van inligting in die sinstruktuur. Voorsetsels funksioneer veral in tekste wat gekenmerk word aan hoë informasiedigtheid soos offisiële dokumente, professionele briewe, en ander informasionele tipes geskrewe diskoers (Biber, et.al. 2000:237). Webtuistes, en tot 'n mate ook e-pos, maak deel uit van hierdie informasiegesentreerde kategorieë, teenoor kletskamers waar die teks meer interaksiegesentreerd is.

Die gebruiksfrekwensie van voorsetsels in die drie genres word in Tabel 5.24 uiteengesit.

VOORSETSELS	Klets		E-pos		Web	
	totaal per korpus	*per duisend woorde*	*totaal per korpus*	*per duisend woorde*	*totaal per korpus*	*per duisend woorde*
vir	463	**6.77**	852	**11.31**	1016	**10.59**
te	276	**4.03**	923	**12.37**	1242	**12.95**
by	225	**3.29**	363	**4.82**	588	**6.13**
tot	18	**0.26**	99	**1.31**	152	**1.58**
per	12	**0.17**	47	**0.61**	51	**0.53**
ten	6	**0.08**	46	**0.61**	29	**0.30**
Totaal	**1000**	**14.6**	**2330**	**30.9**	**3078**	**32.1**

Tabel 5.24 Voorsetselgebruik oor genres heen

Bevindings

- Voorsetselgebruik is ongeveer twee maal hoër by e-pos en webtuistes onderskeidelik as in kletskamers
- Die voorsetsels *'vir'*, *'te'* en *'by'* word in verhouding die meeste gebruik oor al drie die genres heen.

Bespreking

Voorsetsels word as 'n woordsoort gekenmerk deur sy verbinding met en sy posisie voor 'n selfstandige naamwoord of naamwoordgroep. Voorsetselsgebruik is in verhouding laer in kletskamers as in webtuistes en e-pos. Wanneer die funksie van voorsetsels in ag geneem word, korreleer die verspreiding van voorsetsels oor die drie genres heen dan ook met die verspreiding van selfstandige naamwoorde in die onderskeie genres. Die gebruik van selfstandige naamwoorde in kletskamers staan in 'n verhouding van ongeveer 1:2 teenoor die gebruik van selfstandige naamwoorde in e-pos en webtuistes onderskeidelik. Uit die inligting in Tabel 5.24 is dit duidelik dat

voorsetselgebruik in kletskamers in 'n ooreenstemmende verhouding staan tot voorsetselgebruik in die e-pos- en webwerfkorpus.

Die laer gebruiksfrekwensie van voorsetsels in kletskamers kan verder verklaar word aan die hand daarvan dat voorsetsels juis kenmerkend is van geskrewe diskoers met hoë informasiedigtheid soos in die geval van webtuistes en ook e-posboodskappe. Kletskamers vertoon eenvoudige sintaktiese strukture wat nie kenmerkend is van teks waar integrasie en uitbreiding van inligting in die sinstruktuur voorkom nie. Die volgende fragmente uit kletskamergesprekke word ter illustrasie hiervan gebruik:

In ooreenstemming met die LSWE-korpus (Biber, 2000:635) word voorsetsels meer frekwent gebruik in informatiewe registers (webtuistese en e-posse) as in gesproke registers, waarmee die kletskamerkorpus ooreenkomste toon. Tydsadjunkte wat as deiktiese verwysing na die situasie van die uiting verwys word frekwent meer in kletskamers as in e-posse en webtuistes gebruik. Verledetydsverwysende adjunkte word as gevolg van die verslaggewende funksie van e-pos en webtuistes meer frekwent in hierdie korpora gebruik. Plekadjunkte wat hoofsaaklik gebruik word ter wille van ruimtelike plasing van gebeurtenisse en word meer frekwent gebruik in e-posse en webtuistes as in die kletkamerkorpus omdat die deelnemers aan die kletssessie 'n beperkte ruimte deel en die gebruik van plekadjunkte oorbodig is.

5.11 SINTAKTIESE STRUKTURE

Dit is aantoonbaar duidelik dat die verskillende internetgenres eiesoortige taalgebruikskodes en norme het wat aan elk 'n eiesoortige taalkarakter verleen. Taalgebruik varieer en word aangepas na gelang van die beperkinge en vereistes wat deur elke gebruiksituasie en die deelnemers daaraan gestel word. Omdat e-pos en webtuistes beide informasiegesentreerde teks is, in teenstelling met kletskamers waar inligting hoofsaaklik versprei word, verskil

die mate van sintaktiese kompleksiteit kenmerkend aan die onderskeie genres ook.

As gevolg van die kommunikatiewe funksie wat kletskamers vervul en die eiesoortige beurtnemingsproses kenmerkend aan hierdie genre is kletsdeelnemers geneig om boodskapinskrywings so kort as moontlik te hou en kom die taalgebruik van kletskamers sintakties gereduseerd voor. Die gebruik van akronieme en simbole, die verkorting van woorde en verskeie ander strategieë wat almal die funksie vervul om die tyd en inspanning van die kommunikasieproses te reduseer, word waargeneem.

In die nagaan van spontane Internetafrikaans soos dit op interaktiewe manier in kletskamers gebruik word, is dit duidelik dat gespreksdeelnemers moeite doen om 'n oog-tot-oog-kommunikasiesituasie te simuleer en 'n virtuele gesprek te voer. Omdat hierdie kommunikasie in werklike tyd plaasvind, tree dit as nabootsing van werklike kommunikasie en werklike taalgebruik op. (Clarke, 2000). Die ondersoek van moontlike taalvariante soos wat dit in Internetafrikaans na vore kom, korreleer nie net met wat Verhoef (2001) bevind het nie, maar ook met internasionale tendense soos beskryf deur onder andere Werry (1996), Danet (1997), Crystal (2001) en Hård af Segerstadt (2002).

Verhoef (2001:10) merk in haar navorsing oor Internetafrikaans op dat 'n eenvoudige sintaktiese struktuur met frekwente voorkoms van enkelvoudige sinskonstruksies in kletskamers waargeneem kan word. Hierdie eenvoudiger konstruksies word bewerk deurdat die saamgestelde sin bloot deur die gebruik van sinsafsluiting in meer sinne verdeel word. Wanneer saamgestelde sinne wel gebruik word, is daar geen inlywingstrategieë nie en word daar bloot van neweskikking gebruik gemaak. Alhoewel eenvoudige sinskonstruksies die norm is wanneer die data vir kletskamers in hierdie navorsing bestudeer word, is dit interessant dat daar feitlik geen inskrywing gemaak is wat uit komplekse sinskonstruksies bestaan nie. Inskrywings, en sinne, is tipies kort en wanneer daar wel meer as een sin in 'n kletsbeurt gebruik word, word sinne nie van mekaar geskei deur middel van

sinsafsluiting nie, maar word die sinne (wanneer hulle enigsins geskei word) bloot van mekaar geskei deur die gebruik van leestekens soos in die volgende voorbeelde uit die kletskamerkorpus:

- *Claret> het julle vir haar blomme gekoop huh zinc*
  <zinc> nee koos ek het 8 weeke laas aan n bier geraak .... drink net wisky en soda eet geen vet nie
  skyrider> mallie jy is oorgewig wag nog n rukkie
  <Themis> 4 wie gaan loop mallie... jy of jou pel? (web004):

Lang kletsbeurte word gevoer sonder dat enige komplekse sintaktiese strukture gebruik word en inskrywing bestaan dikwels uit slegs een of twee woorde soos in die volgende fragment uit die **#geselshoekie** kletskamer:

- *<Rosa> hello mens*
  <Rosa> :))
  <Rosa> wie moet die boodskap kry?
  <mens> lol
  <connie> terug
  <connie> hello Rosa
  <mens> ek doen, tsk
  <Rosa> hi connie
  <Rosa> :)
  <mens> wt connie
  <connie> dankie mens
  <mens> plesier
  <mens> groooooooot plesier
  <mens> :)
  <mens> .is nou op my vriendelikste
  <mens> sien
  <connie> sien so
  <mens> :)
  <Rosa> :))))))))))
  <mens> daai was i lang oproep nê!

<connie> nogal ja

<mens> Rosatjie!

<Rosa> mens?!

<mens> rosa!

<connie> wdf?

<connie> lol

<mens> niks

<mens> lol

<mens> ok, nou eers 10 minute ernstig chat!

<mens> dink is tyd om die naweek te bigin(chat002)

In teenstelling met die eenvoudige sintaktiese strukture wat eie aan kletskamers is, vertoon webtuistes veel meer komplekse sinskonstruksies. Alhoewel daar verskillende tegnieke (soos kleur, lettertipes en animasie) ingespan word om die aantreklikheid van die blad te verhoog, is die getikte teks tans nog die primêre metode waarop inligting oorgedra word en oorreding plaasvind. Die voorkoms van die getikte teks op die skerm is nou selfs nog belangriker omdat die intense mededinging vir die gebruiker se aandag vereis dat die woorde aandag sal trek en inligting sou gou as moontlik verskaf sal word. Foutlose oordrag van die boodskap op die skerm is die doelwit en daarom word die taalgebruik so na as moontlik aan die norm vir Standaardafrikaans gehou.

In webtuistes waar vakansie akkommodasie geadverteer word (web080), of waar kleinadvertensies geplaas word (web045), word eenvoudige sinskonstruksie opgemerk wat korreleer met die tipe sintaktiese strukture wat vir hierdie doel gebruik word. Die volgende uittreksel uit die webblad *Kleinadvertensies Harrismith*(web045) word as voorbeeld voorgehou:

➢ *VAKANSIE AKKOMMODASIE*

TE HUUR:

Selfsorgakkommodasie beskikbaar vir Des/Jan te Sedgefield (Knysna).

Skakel 082 379 1727 / 044-3431144

****

➢ *ALGEMEEN*

Vir die neem van enige foto,s. Troues. Kinders ens. Skakel vir goeie pakette.

Lorraine Francke +27824408101

****

➢ *TE KOOP*

DOOP ROKKIES TEEN LAE PRYSE. Vir meer besonderhede, Kontak: MARIAAN VORSTER BY 021 5568 207, OF 072 490 6418.(web045)

Die volgende fragmente dien as voorbeelde van meer komplekse strukture en sinskonstruksie wat by webtuistes gevind word.

➢ *Dit blyk dat Elisabeth Eybers nie net 'n uitsonderlike figuur is vanweë die feit dat sy lesers se taalgrense met poësie van 'n hoogstaande kwaliteit oorskry en oorbrug nie, maar dat sy bowendien op hoë leeftyd nog 'n uitsonderlik sterk volgehoue poëtiese seggingskrag het.(*web054)

➢ *Bo- en behalwe die weeklikse kommentaar is daar ook konensus vooruitskattings vir die rand en word daar ook gekyk na die koopkragpariteitswaarde van die rand. Daar is ook 'n wisselkoersrekenaar wat die gebruiker toelaat om sy eie aannames oor die verandering in die handelsgeweegde rand asook aannames oor die sleutel kruiskoerse in te sit.* (web083)

Oor die algemeen word e-posboodskappe gekenmerk aan komplekse sintaktiese strukture, alhoewel daar ook gevalle is waar eenvoudige sinskonstruksies gebruik word, soos wanneer daar 'n kort antwoord verskaf word op 'n navraag of wanneer daar erkenning gegee word van 'n vorige boodskap.

Sien asb aangehegde dokument. (epos147)

Die volgende e-posinskrywing toon sintakties komplekse sinstrukture wat meer kenmerkend is van die e-pokorpus in hierdie navorsing:

- *Dis altyd 'n voorreg om te kan saamgesels.*
  Ek is oortuig dat jy deur die prosesse en beredenerings waarskynlik die punt bereik het wat jy moet erken dat jy vir die moment steeds in die korporatiewe wêreld moet vertoef. Die feit dat jy nog nie die aanbiedinge van buite opgeneem het nie is 'n bewys daarvan dat jy talm en is dit gewoon realisties om dit te respekteer en binne hierdie besluit jou emosionele, maar ook professionele rustigheid te vind.(epos011)

- *Helaas! Vanoggend, nadat ek 'n student wat vir 'n onderhoud gekom het moes wegneem, kom ek terug met die salige wete dat ek nie hoef te bekommer oor parkering nie want, buiten dat ek my eie spasietjie op kampus het, is dit boonop in die koelte ! Of altans, so het ek gedink.Wat was my verrassing toe ek by my eie ou afdakkie kom en iemand anders daar sien staan! My bloeddruk het in hierdie hitte etlike grade gestyg vir die vermetelheid van een persoon om op iemand anders se parkeerruimte te parkeer. Nou hoop ek nie my bloeddruk gaan etenstyd weer styg wanneer ek by my voertuig kom en 'n boete gekry het omdat ek nou noodgedwonge moes parkeer waar ek nie mag nie.*(epos184)

Alhoewel daar by navorsers die geneigdheid bestaan om die informele eienskappe van die e-posboodskap te beklemtoon, soos byvoorbeeld kriptiese skryfwyse wat aanleiding gee tot die onderwerpsellips, linguisties ongeredigeerde boodskappe, eenvoudiger sintaktiese strukture (as byvoorbeeld by webbladsye) en die gebruik van eiesoortige afkortings, kan dit nie in hierdie navorsing as verteenwoordigend van E-posafrikaans as 'n geheel beskou word nie, aangesien hierdie eienskappe tog in heelwat boodskappe ontbreek.

5.11.1 Sintaktiese reduksie

Die weglating van voornaamwoorde in die onderwerpsposisie van die sin kom dikwels voor in die kletskamerkorpus. Uit 'n totaal van 1491 keer wat *ek* in kletskamers gebruik is, is dit net 50 keer in die onderwerpsposisie gebruik (3.4%). Die gebruik van die onderwerpsellips word geïllustreer in die volgende voorbeelde:

- *<mens>_____ is nou op my vriendelikste* (chat002)
- *<Jan-Louis>_____ moet vedder werk!* (chat010)
- *<Nala>_____dink ek moet maar weer waai!* (chat011)
- *<AceVentura>_____ moet nou eers gaan, sien oor 5 min weer* (chat029)

Alhoewel die gebruik van die onderwerpsellips toegeskryf kan word aan die kriptiese skryfwyse wat eie is aan kletskamers, kan dit ook toegeskryf word aan 'n ander eienskap wat eie is aan hierdie elektroniese medium, naamlik dat die naam van die persoon wat aan die woord is altyd verskyn voordat sy inskrywing op die skerm verskyn en dit vir hom onnodig is om homself weer te identifiseer deur middel van die voornaamwoord. Hierdie waarneming word ook bevestig deur die navorsing van Werry (1996:54) in verband met kletskamertaalgebruik.

Behalwe die onderwerpsellips, kom elliptiese terugskryf deurgaans in kletskamers voor. In die wisselwerking tussen referente in gesproke diskoers is dit natuurlik vir een spreker om te bou op die inhoud van die uiting van die ander spreker om sodoende onnodige herhaling te vermy. In die volgende uittreksels uit die Afrikaanse kletskamerkorpus kom hierdie gebruik duidelik na vore:

- *Stoffeltjie> vanoggend ne*
  <goldielox> ja?
  <Stoffeltjie> toe ek daai prefab huisie gaan inspekteer
  <goldielox> lololol

<goldielox> ja?

<Stoffeltjie> toe sien ek die gat wat ek ingehol het

<goldielox> flip!

<Stoffeltjie> ***of liewer ytgehol het*** (chat008)

➢ *<amelie> wanner launch nasa weer n rocket maan toe?*

<Shrek> brb

<AceVentura> ***more***

<Sir_Mcknight> lol

<amelie> ***want ek wil op daai rocket wees***

<amelie> maan toe

<Sir_Mcknight> ek oek

<AceVentura> ***hulle vat nie meer ape nie***

Die gebruik van die ellips word ook deur Biber, et al. (2000:1099) beskou as een van die mees deurdringende eienskappe van gesproke dialoog. Hierdeur word weereens bevestiging gevind vir die gesproke karakter van die kletskamergenre.

Oor die algemeen toon die inskrywings in die kletskamerkorpus, in teenstelling met webtuistes en e-posse, sintakties eenvoudige strukture. Sinne kom tipies gereduseerd voor en die gebruik van die onderwersellips en elliptiese terugskrywing word ook in die kletskamergenre opgemerk.

5.12 'N ALGEMENE VERGELYKING VAN BEVINDINGS OOR GENRES HEEN

Uit die korrespondensie-analise, wat dit moontlik maak om vas te stel watter onafhanklike (linguistiese) veranderlikes groter bydraes lewer tot die onderskeiding tussen die korpora, is dit duidelik dat e-posse en webtuistes onderling meer ooreenkomste met mekaar toon as met die kletskamerkorpus.

Onderskeidende eienskappe van kletskamers sluit die gebruik van kodewisseling, kragwoorde, leksikale verkorting, skryftekengebruik, tussenwerpsels en randstukke in, asook vokatiewe wat die belangrikste kenmerkende eienskap van hierdie genre is. Alhoewel e-pos en webtuistes verskil van kletskamers in die tipiese taalgebruikspatrone wat in die onderskeie korpora manifesteer, is daar verder 'n aantal veranderlikes geïdentifiseer wat die aard van die verskille tussen e-posse en webtuistes illustreer. Die belangrikste veranderlike om tussen hierdie twee registers te onderskei is die gebruik van eerstepersoonsvoornaamwoorde wat baie kenmerkend is van e-posse. Neweskikkers, onderskikkers, verlede tyd, derdepersoonsvoornaamwoorde, en TTR onderskei e-posse verder van webtuistes. Wat webtuistes betref is die mees kenmerkende veranderlike selfstandige naamwoorde, terwyl, bepaalde en onbepaalde lidwoorde, tweedepersoonsvoornaamwoorde, plekadjunkte, bywoordelike verbinders en ook kodewisseling bydraes lewer tot die onderskeid tussen die twee korpora. E-posse deel meer ooreenkomste met geskrewe taalgebruik daarin dat die uitleg van die e-posboodskap 'n vaste formaat volg en die teks meer geredigeerd voorkom as in die geval van kletskamers. Taalgebruikspatrone in webtuistes toon duidelike ooreenkomste met dié van tradisionele geskrewe taalgebruikspatrone en toon oor die algemeen 'n hoë mate van taalversorging.

In kletskamers word daar van verskeie strategieë gebruik gemaak om aan die genre 'n eiesoortige karakter te verleen. Tendense wat in kletskamers waargeneem word stem onder andere ooreen met dié wat deur Crystal (20001) in sy ondersoek van kletskamertaalgebruik geïdentifiseer is.

Uit die beskouing van die kletskamerkorpus blyk dit dat die hooffunksie van hierdie genre die vestiging en onderhoud van sosiale kohesie deur middel van die deel van ervarings is. Hiermee saam het dit ook vermaak (byvoorbeeld deur die deel van grappies, kwinkslae en vertellings van gebeure) en die uitruil van anekdote en inligting ten doel. Biber, et.al (2000:1047) beskryf gesproke diskoers as die uitdrukking van beleefdheid, emosie en houding. Sprekers (in die geval van hierdie navorsing: kletskamerdeelnemers) het

gewoonlik 'n verhouding wat verskil van dié wat skrywers (outeur van die e-posboodskap en webblad) het met hulle onderskeie gehore. In die geval van kletskamers, het die gespreksgenote gedeelde kennis ten opsigte van die agtergrond en die onmiddellike gesprek en deel hulle ook 'n groot hoeveelheid spesifieke sosiale, kulturele en institusionele kennis. Die deelnemers aan die gesprek kan die effek van die boodskap noukeurig monitor en daarvolgens optree. Taalgebruik in kletskamers word as direkte gevolg hiervan grammatikaal gemerk deur 'n hoë frekwensie persoonlike voornaamwoorde en vokatiewe in teenstelling met 'n lae frekwensie selfstandige naamwoorde en lidwoorde Die gebruik van eerste- en tweedepersoonsvoornaamwoorde (veral *'ek'* en *'jy'*) verwys direk na die deelnemers aan die gespreksituasie en impliseer gedeelde situasionele kennis. Volgens Chafe (1982:45) is die outeur van die geskrewe boodskap gemoeid daarmee om 'n teks te skep wat konsekwent en verdedigbaar is wanneer dit gelees word deur verskillende mense in verskillende plekke op verskillende tye – iets wat die toets van tyd sal weerstaan. Strategieë wat spesifiek ontwerp word om tyd en moeite te bespaar in die produksie van die kletsinskrywing (soos byvoorbeeld leksikale verkorting), speel 'n bepalende rol in die taalgebruikspatrone soos dit by Kletskamerafrikaans waargeneem word. In teenstelling hiermee is die outeur van die webblad verwyder in tyd en plek van sy gehoor en kan nie bepaal wie sy uiteindelike gehoor sal wees nie.

Die bydraes in kletskamers is dikwels baie kort en vertoon 'n sintaktiese struktuur wat herinner aan informele gesproke interaksie. In teenstelling met e-pos en webtuistes is die gebruiksfrekwensie van emotikons en onkonvensionele afkortings in kletskamers hoog. Buitetalige tussenwerpsels met emotiewe waarde dien ook as versterking van die interaktiewe gesproke karakter van hierdie internetgenre en die versterking van soldariteit tussen gesprekdeelnemers. Die aanwending van hierdie strategie dien as simulasie van die gesproke medium.

Wanneer die inhoud van die kletssessie bestudeer word is dit duidelik dat hierdie nie 'n informasiegesentreerde genre is nie, maar eerder interaksiegesentreerd. Leksikale en grammatikale kompleksiteit eie aan

geskrewe kommunikasie word nie as kenmerkend van kletskamerdiskoers beskou nie. Klets word gekenmerk aan lae leksikale digtheid wat direk verband hou met die interaksiegesentreerde fokus van hierdie genre, in teenstelling met informasiegesentreerde teks wat kenmerkend is van e-posse en veral webtuistes. In teenstelling met webtuistes en e-posse waar informasie geïntegreer word, word inligting in die kletskamer hoofsaaklik versprei en is die frekwensie van verbindingswoorde dienooreenkomstig laer in kletskamers as in die ander twee registers. Die doel van die diskoers in die kletskamer is suiwer sosiaal van aard en die speelse omgang met taal is duidelike bewys hiervan. Kletsgroepe verskaf persoon-tot-persoon interaksie met 'n oorwegende sosiale karakter. Uit die beskrywing van die taalgebruik in kletskamers is dit duidelik dat die atmosfeer, selfs al word daar op 'n diskoersonderwerp gefokus, ontspanne is. Dit kom voor asof die sosiale voordele vir die lede van die spraakgemeenskap so groot is dat hulle bereid is om geweldige taal- en ander toegewings te maak wanneer hulle aan die kletssessie deelneem. Hierdie gedeelde linguistiese optrede dien as versterking vir die vestiging van 'n 'gebruiksgemeenskap' soos wat Eckert (1995:55) dit noem – 'n Afrikaanse kletskamergemeenskap.

Verhoef (2001:14) is van mening dat die benaming kletskamer veel meer impliseer as net die verhouding mens-masjien. Indien die taalgebruik in kletskamers en ander interaktiewe internettaalgebruik onder die vergrootglas geplaas word, is dit duidelik dat dit hier eerder primêr gaan om 'n tussenvlak tussen gesproke en geskrewe taalgebruik. Dit dien dan ook as bevestiging vir Danet (1997:4) se bevinding dat digitale kommunikasie volledig as geskrewe én gesproke taal bestempel word en dat die taalgebruik 'speech-like in its linguistic form' is (Danet:1997:4).

In die geval van die e-posgenre kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat die taalgebruikspatrone beduidend anders is as waaraan ons in tradisionele briewe of memorandums gewoond is. Die beskouing van die taalgebruikstyl van hierdie genre bevestig ook dat e-posstyl nog steeds besig is om te ontwikkel. Gebruikers is onseker oor wat die norm is en watter konvensies om te gebruik. Crystal (2001:107) maak die voorspelling dat, soos

wat die e-posmedium in die volgende paar jaar toenemend gebruik sal word, dit 'n wyer reeks kommunikatiewe funksies en 'n veel groter stilistiese verskeidenheid sal vertoon.

E-pos, as asinchroniese genre, het in sommige gevalle van geredigeerde en goed beplande geskrewe taalgebruik getuig, maar oor die algemeen was hierdie boodskappe kort en meer informeel en konformeer die taalgebruik nie volledig aan die norme van standaard geskrewe Afrikaans nie. Die informele aard en die mate van anonimiteit van hierdie medium dra by tot hierdie meer informele skryfstyl. Kletskamers, as sinchroniese genre, het meer eienskappe van gesproke taal getoon soos byvoorbeelde die hoë frekwensie van '*ek*'.

Omdat die linguistiese karakter van die Web in die hande is van die eienaar van die webtuiste, is dit 'n baie moeilike taak om veralgemenings te probeer maak oor die linguistiese aard van die medium. In die oorgrote meerderheid van die webtuistes wat vir die doel van hierdie navorsing bestudeer is, is dit aan die hand van die analise duidelik dat daar relatief min afgewyk word van die norme wat geld vir tradisioneel geskrewe teks. Alhoewel die tekste wissel in formaliteitsgraad, na gelang van die onderwerp onder bespreking, of die doel van die webblad, kom dit voor asof alle teks tog tot een of ander mate geredigeer is. Sorg word geneem met die gebruik van lees- en skryftekens, asook ten opsigte van skryf- en spelkonvensies.

Alhoewel taalgebruikspatrone soos waargeneem in webtuistes ooreenstem met patrone van tradisioneel geskrewe taalgebruik, verskil webtuistes wesentlik van tradisioneel geskrewe teks daarin dat die teks nie statiës is nie maar deur 'n interaktiewe karakter gekenmerk word. Tesame hiermee onderskei die gebruik van grafika en kleur hierdie genre verder van e-posse en kletskamers.

Vanweë die diverse aard van hierdie genre dien die Wêreldwye Web as platform vir alle style van geskrewe taalgebruik en kan as't ware gesien word as blote elektroniese weergawe van geskrewe Afrikaans in teenstelling met die gedrukte weergawe daarvan. Uit hierdie navorsing word dit duidelik dat

die onderwerp of tema van die webtuiste, asook die status van die outeur daarvan 'n bepalende invloed het op die taalgebruikspatrone wat in webtuistes manifesteer.

Wat tegniese beperkinge betref wil dit voorkom asof onbeperkte skermvryheid (soos in die geval van webbladsye) geredigeerde taalgebruik meebring wat meer eienskappe kenmerkend aan tradisionele geskrewe taalgebruik vertoon. In teenstelling hiermee kom die taalgebruik in sinchroniese aanlynkletssessies, waar die spoed waarteen getik word om aktief by die gesprek betrokke te bly belangrik is, heeltemal ongeredigeerd en selfs soms vreemd voor. 'n E-posboodskap word nie werklik beperk wat lengte betref nie, maar die algemene praktyk wat gevolg word is dat, wanneer die boodskap langer as die skermgrootte sou wees, daar eerder van 'n aanhangsel gebruik gemaak word. Interessante navorsing om te onderneem sou wees om te probeer vasstel of die taalgebruikspatrone van die e-posboodskap en dié van die aanhangsel enigsins beduidend verskil.

Uit die bespreking van die tipe taalgebruikspatrone wat in die drie internetkorpora na vore kom, word dit duidelik dat alhoewel elke genre eienskappe deel met ander vorme van kommunikasie, dit tog fundamenteel daarvan verskil. Crystal (2001:242) merk op dat soveel mense so gou geleer het om hulle taal aan te pas om aan die eise van die nuwe situasies te voldoen en "...to exploit the potential of the new medium so creatively to form new areas of expression." Linguistiese eienskappe en strategieë wat deur besoekers aan 'n kletskamer gebruik word is verskillend van dié wat gebruik word deur e-posgebruikers of in webtuistes.

Ter bevestiging van Crystal (2001) se bevindings kan daar ook in hierdie navorsing onomwonde bevestig word dat die mees radikale linguistiese innovasie kom vanuit kletskamers waar dit 'n invloed het op verskeie basiese gebruike van tradisioneel geskrewe en gesproke kommunikasie. In teenstelling met e-pos en kletskamers kan daar nie distinktiewe, idiosinkratiese nuwigheid waargeneem word in webtuistes nie en kan daar

dus, wat die taal van webtuistes betref, per definisie nie aangeneem word dat daar sprake kan wees van 'n onderskeibare Afrikaanse variëteit nie.

5.13 SINTESE

Uit voorafgaande bespreking is daar bevestiging gevind dat die gebruik van die elektroniese medium wel 'n bepalende invloed uitoefen op die wyse waarop mense met mekaar kommunikeer en op die wyse waarop taal vir hierdie doel gebruik word. Kernprobleemvrae van hierdie navorsing, naamlik of die Internet eiesoortige taalstrukture vertoon wat 'n onderskeibare variëteit, Internetafrikaans, genereer, of die Internet as 'n homogene linguistiese medium kenbaar is en of Internetafrikaans enigsins die konvensies van Standaardafrikaans eerbiedig, kan reeds hier toegelig word.

Die invloed van die elektroniese medium op taal word eweneens ook deur Horowitz en Samuels (1987) van belang beskou. Hulle is van mening dat tegnologie, en veral die rekenaar, die skep van 'n heel nuwe soort geskrewe taal moontlik maak. Hierdie nuwe manier waarop taal geskep word sal nie alleen 'n invloed hê op die aard van geskrewe taal as 'n proses nie, maar ook op die aard van taal as 'n objek. Horowitz en Samuels (1987:26) voorspel dat geskrewe taal as gevolg van die invloed van moderne tegnologie moontlike vormveranderings kan ondergaan en meer eienskappe van gesproke taalgebruik vertoon. E-pos in besonder bevat eienskappe eie aan beide gesproke en geskrewe taal. Horowitz en Samuels (1987:26) beskryf elektroniese pos as "speech given to a machine", maar soos in die geval van geskrewe taal kan dit sorgvuldig saamgestel word, versorg word en is daar 'n rekord beskikbaar vir latere verwysing. Bevestiging vir hierdie uitspraak word ook in die bestudering van die Afrikaanse internetkorpus verkry.

Die wyse waarop die boodskap/geskrewe teks saamgestel word en die gepaardgaande situasionele faktore en tegniese beperkinge van die medium toon 'n besliste invloed op die taalgebruik. Die situasie, die deelnemers aan

die situasie en ook die rol wat taal in die gebeure speel onderskei elke linguistiese situasie – in hierdie geval die verskillende internetsituasies – van mekaar. Soos elke taalgemeenskap het die onderskeie internettaalgemeenskappe ook 'n taalkode nodig wat kan dien as 'n linguistiese verwysingsraamwerk, as 'n kommunikasiemiddel en as 'n merker van identiteit. Die verskillende internetsituasies word elk gekenmerk aan 'n unieke karakter en spesifieke vereistes vir kommunikasie. Daar word voorsiening gemaak vir verskillende tipes interaksie en elke situasie het 'n spesifieke funksie, wat 'n eiesoortige impak op die taalgebruik en inhoud van die boodskap het. Wanneer die taalgebruik soos wat dit in kletskamers manifesteer vergelyk word met die taal soos wat dit in e-pos of webtuistes gebruik word, is dit duidelik dat daar taalvariasiespatrone waargeneem kan word wanneer die internetsituasie verander. Alhoewel daar ooreenkomste in die taalgebruik van hierdie onderskeie internetgenres waargeneem kan word, kan die onderskeie gebruiksgemeenskappe gedefinieer word op grond van gedeelde belang en fokus en onderskeibare en eiesoortige taalgebruik. Taal word hier aangepas om aan die eise van die nuwe digitale medium te voldoen.

Vir die doel van hierdie ondersoek is geskrewe korpora geanaliseer. Die kletskamerkorpus toon duidelike ooreenkomste met gesproke taalgebruik aangesien dit in werklikheid 'n gesprek deur middel van die geskrewe elektroniese medium is. Die e-pos- en webtuistekorpora, daarenteen, toon duideliker ooreenkomste met geskrewe taalgebruik. Gesproke taal is tipies 'n aaneenlopende stroom klanke sonder 'n duidelike verdeling in kleiner eenhede, maar wat geanaliseer kan word as betekenisvolle elemente wat herhaal word en in kombinasies gebruik word na gelang van sekere reëls. In geskrewe taal word so 'n analise gedoen deur die verdeling in woorde en sinne. Die belang van die grammatikale eenhede wat geïdentifiseer en onderskei kan word, is dat dit betekenis dra en op sistematiese wyse met mekaar gekombineer word. Waardevolle afleidings kan gemaak word ten opsigte van die grammatikale eenhede wanneer die patrone van keuse en gebruik in die verskillende genres met mekaar vergelyk word.

Uit hierdie navorsing blyk taal (in geskrewe vorm) aanpasbaar te wees by die eiesoortige eise wat die onderskeie genres van die elektroniese medium stel. Dit word uit die data-ontleding duidelik dat taalgebruik aanpas na gelang van die vlak van sinchronisiteit, die wyse waarop die boodskap voortgebring word, asook na gelang van die kommunikatiewe situasie en konteks. Hierdie navorsing dui daarop dat sinchronisiteit 'n belangrike rol speel in hoe die taal gebruik word. Hoe meer sinchronies van aard die kommunikasiegenre is, hoe meer waarskynlik is dit dat die sender terugvoer sal ontvang wat 'n invloed sal uitoefen op verdere bydraes. Die mate van sinchronisiteit van die genre het ook 'n bepalende invloed op hoe die bydraes geformuleer word. Kommunikasie in 'n sinchroniese genre soos klets laat die deelnemers nie tyd toe om bepland te werk te gaan wanneer 'n uiting geformuleer word, of om 'n groot hoeveelheid inligting te verskaf soos in die geval van asinchroniese genres nie. Die deelnemer aan die kletssessie moet so vinnig en bondig as moontlik tik om voortdurende betrokkenheid by die gesprek wat plaasvind te verseker. In teenstelling hiermee het die sender van die boodskap in die asinchroniese genres, soos e-pos en tot 'n groter mate webtuistes, die geleentheid om die boodskap te beplan en te redigeer voordat dit gestuur of op die Web geplaas word. Die direkte implikasie van die spoed waarteen die boodskap getik word in die kletssessie teenoor die mate waartoe redigering moontlik is in e-posse en webtuistes, onderskei die gebruik van fonetiese skryfwyse, leksikale verkorting, akronieme en eiesoortige spelkonvensies, onderwerpsellips en sintaktiese terugskryf, as kenmerkende eienskappe van kletskamertaalgebruik.

Uit die bespreking in Hoofstuk 5 is dit duidelik dat die hoofdoel van webtuistes en ook e-pos nie hoofsaaklik sosiale interaksie is soos in die geval van kletskamers nie, maar die verspreiding van inligting. Hierdie hoë informatiewe fokus wat kenmerkend is van webtuistes en e-pos gee gevolglik aanleiding tot die meer frekwente gebruik van selfstandige naamwoorde, lidwoorde, verbindingswoorde, plekadjunkte, voorsetsels (die gebruik van die eerstepersoonsvoornaamwoord as solidariteitsmerker van die verhouding tussen die webbladouteur en die leser – afdeling 5.10.3) en ook meer komplekse sintaktiese strukture. Hierteenoor vind interaksie in die kletssessie

in werklike tyd plaas tussen 'n aantal deelnemers en is die fokus van hierdie genre juis interpersoonlike interaksie. Die mate van interpersoonlike interaksie en die afwesigheid van informasiefokus gee aanleiding tot die frekwente gebruik van die eerstepersoonsvoornaamwoord *'ek'* (as 'n strategie om te kompenseer vir die afwesigheid van oogkontak in die intense interpersoonlike register – afdeling 5.4.3), asook die frekwente gebruik van vokatiewe (afdeling 5.4.1.1) wat aangewend word vir die definieer en instandhouding van sosiale verhoudings tussen die deelnemers van die gesprek. Verder is die hoë gebruiksfrekwensie van kodewisseling (afdeling 5.6.2), wat kenmerkend is van gesproke kommunikasie en gebruik word om 'n solidariteietsgevoel tussen die lede van die spraakgemeenskap te bevestig, ook 'n kenmerkende eienskap van kletskamertaalgebruik. As strategie om die beperking van die medium (veral wat kletskamers betref) te oorkom, word die ontwikkeling van nuwe konvensies waargeneem, soos die gebruik van emotikons wat dien as bevestiging van die sosiale karakter van die genre (afdeling 5.8.4), fatiese kommunikasie ter wille van die instandhouding van die kommunikasie en ter stimulering van die gesproketaalsituasie (afdeling 5.6.3), asook eiesoortige spelkonvensies soos byvoorbeeld leksikale verkorting (afdeling 5.8.2) en die gebruik van eiesoortige akronieme (afdeling 5.8.3).

In die nagaan van spontane Internetafrikaans soos wat dit op interaktiewe manier in die versamelde kletskamerkorpus gebruik word, is dit soos wat Verhoef (2001:17) ook meld, duidelik dat gespreksdeelnemers moeite doen om 'n oog-tot-oog-kommunikasiesituasie te simuleer en 'n virtuele gesprek te voer. Hierdie waarneming korreleer nie net met internasionale gebruike nie, maar ook met die siening van ander taalkundiges soos Danet (1997:4). Die voorspelling is dat soos kommunikasiefrekwensie en die gebruik van kommunikasiemedia in die 21ste eeu toeneem, taalgebruik sal neig om al hoe informeler te word.

Verder toon hierdie navorsing ook ooreenkomste met Hård af Segerstadt (2001:123) se bevindinge oor die taal van die Sweedse kletskamer. So maak deelnemers aan Afrikaanse kletskamers nie net van strategieë gebruik wat ook in internasionale kletskamers voorkeur geniet nie, maar word die

Afrikaanse geskrewe taal ook aangepas om die beperkinge en voordele van aanlynklets te akkommodeer. Strategieë, veral soos die gebruik van emotikons, emotiewe punktuasie, die gebruik van akronieme en afkortings en die keuse van skuilname,vertoon ooreenkomste met internasionale tendense. (Vergelyk Hård af Segerstadt, 2002:123; Crystal, 2001:155; Verhoef, 2001:15 en Werry, 1996:55.)

Die tegnologie waarop die rekenaarondersteunde kommunikasie gebaseer is, asook die gebruikskonteks daarvan, oefen 'n bepalende invloed uit op die taal van die betrokke internetgenre. Dit blyk hier bo alle twyfel dat die Internet as kommunikasiemedium nie genoegsame eiesoortige taalstrukture vertoon om hierdeur sogenaamde Internetafrikaans te genereer nie, maar dat daar in elke genre 'n eie kenmerkende taalvorm manifesteer. Daar word in hierdie navorsing dus bevestiging gevind vir die distinktiewe linguistiese karakter van elkeen van hierdie internetgenres

HOOFSTUK 6
GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING

6.1 INLEIDING

Die oorhoofse doel met hierdie navorsing is om vas te stel hoe taal gebruik en aangepas word binne die omgewing van die Internet as dinamiese Afrikaanse taalkonteks, ten einde uitspraak te kan gee of daar wél sprake kan wees van eiesoortige taalvariasiepatrone wat na vore kom sodat dit as taalvariëteit bestempel kan word.

6.2 DIE EFFEK VAN DIE ELEKTRONIESE MEDIUM OP TAAL EN KOMMUNIKASIE

Ongeveer 'n dekade gelede is daar voorspel dat kommunikasie deur middel van rekenaars 'n invloed sal uitoefen op die wyse waarop daar gekommunikeer word, die aard van die taalgebruik en ook op die kommunikasie as sodanig. Herring (2002:138) en ook Baron (1984:145) teoretiseer dat rekenaarondersteunde kommunikasie moontlik 'n beperkende invloed kan hê op die ryk ekspressiewe potensiaal van kommunikasie. Dit kan 'n meer homogene, minder emosievolle, struktureel minder komplekse kommunikasiestyl, asook 'n vervaging in die sosiale genuanseerdheid daarvan oor tyd heen tot gevolg hê. Hierdie siening was ten dele gebaseer op die waarneming dat teksgebaseerde rekenaarondersteunde kommunikasie 'n afwesigheid van prosodiese en nie-verbale merkers soos intonasie, stemkwaliteit en gesigsuitdrukkings vertoon wat meehelp in die uitdrukking van sosiale betekenis. Baron (1984:145) se aanname val uiteen in twee dele, dit verwys enersyds na linguistiese kompleksiteit en andersyds na uitdrukkingskrag.

Dit blyk asof sosiale betekenis effektief deur middel van rekenaarondersteunde kommunikasie oorgedra kan word. Volgens Herring (2002:140) word dit bereik deur middel van die kreatiewe omgang met taal, interessante spelling, herhaalde punktuasie en ASCII-grafika wat spesifiek ontwerp is om houding en gesigsuitdrukkings weer te gee. Hierdie strategieë, vereis 'n verhoogde gebruik van toetsbordsleutels wat 'n praktyk skep wat indruis teen die ekonomiese beginsel onderliggend aan klets. Afgesien daarvan word bogenoemde strategieë, asook ander meer linguistiese aanpassings byvoorbeeld die gebruik van eerstepersoonsvoornaamwoorde en vokatiewe frekwent deur kletskamerdeelnemers in die Afrikaanse kletskamerkorpus gebruik. Volgens Herring (2002:140) se navorsing en die bestudering van die Afrikaanse internetkorpus is dit dus redelik om voor te stel dat rekenaarondersteunde kommunikasie minder ekspressief is as aangesig-tot-aangesig kommunikasie, maar meer ekspressief is as geredigeerde geskrewe taal.

Soos wat die tegnologie toenemend gebruik word om kommunikasieprosesse te fasiliteer, werk navorsers en teoretici van verskeie akademiese dissiplines ywerig om rekenaarondersteunde kommunikasie te beskryf en te analiseer. Soukup (2000: 408) skryf bevestigend hieromtrent en beklemtoon dat rekenaarondersteunde kommunikasie in die besonder (veral e-pos, bulletinborde, kletskamers en webtuistes) oor die laaste paar jare heen as 'n dinamiese en beduidende studiegebied na vore getree het.

Die Internet het vinnig ontwikkel van 'n medium met sy wortels in eenvoudige, teksgebaseerde dokumente na 'n kleurvolle, interaktiewe multimediamedium (Soukup, 2000:410). Dit beteken met ander woorde dat die proses van die stuur en ontvang van aanlyninligting in die vorm van konvensionele geskrewe kommunikasie in 'n snelle proses van verandering is. Waar elektroniese pos tradisioneel uit aaneenlopende lineêre teks bestaan het, word die gebruik van aanhangsels en webskakels wat aan e-pos 'n meer komplekse multimediadimensie verleen 'n tendens wat toenemend waargeneem word. Binnekort sal e-posgebruikers heel waarskynlik toenemend oudio, video en selfs driedimensionele grafika gebruik. Wanneer so 'n e-posboodskap in

driedimensionele vorm verskyn, of videoklankinsetsels, of animasie bevat sou so 'n boodskap by implikasie net soveel (indien nie meer) inligting bevat as in enige gesproke een-tot-een-situasie. Ondersteuning vir Soukup (2000:414) se standpunt dat eerder as om rekenaarondersteunde kommunikasie as beperkend en suiwer verbale kommunikasie te sien, dit beskou moet word as 'n unieke konteks met 'n groot aantal komplekse kommunikatiewe eienskappe, word in die onderhawige navorsing verkry. Enige idee dat internettaal "gereduseerde spraak" is word hierdeur weerspreek. Die moontlikheid om beelde en idees onbepaald te kan verander en uiters kreatief en kunstig te werk te kan gaan het 'n meer retoriese kommunikasieproses (minder lineêr en logies) tot gevolg. Soukup stel voor dat navorsers juis ondersoek instel na watter effek hierdie veranderinge op rekenaarondersteunde kommunikasie het. "Researchers must consider the dynamic process of communication in light of the changing nature of communication technology" (2000:420).

6.3 BEVINDINGE MET BETREKKING TOT INTERNETAFRIKAANS

Ten einde binne die omgewing van die Internet as dinamiese Afrikaanse taalkonteks te bepaal of daar sprake kan wees van 'n onderskeibare variëteit, Internetafrikaans, is daar reeds in Hoofstuk 1 'n aantal kerndoelwitte geïdentifiseer:

- om te bepaal of daar bepaalde linguistiese eienskappe is wat kenmerkend van Internetafrikaans is, en dit sodoende as 'n gebruiksvariëteit, Internetafrikaans, onderskei;
- om na te gaan of en tot watter mate daar homogeniteit is in die manifestasievorme van Internetafrikaans en of taalvariasiepatrone in hierdie "vorm" van Afrikaans plaasvind wanneer die internetsituasie verander om sodoende as onderling onderskeibare variëteite kenbaar te word,

- om aan die hand van 'n korpuslinguistiese dataversamelingsmetode empiries na te gaan of Internetafrikaans wel die konvensies van Standaardafrikaans eerbiedig en of dit eerder 'n nonstandaard vorm van die taal is.

Een van die belangrike kumulatiewe bevindinge ten opsigte van internetnavorsing oor die afgelope vyftien jaar heen, waarvoor ook in die onderhawige navorsing bevestiging gevind is, is dat rekenaarondersteunde kommunikasie varieer na aanleiding van die tegnologie waarop dit gebaseer is (met ander woorde die medium) en ook na aanleiding van die gebruikskonteks daarvan. So sal sinchroniese rekenaarondersteunde kommunikasie (kletskamers) verskil van die asinchroniese situasies (byvoorbeeld e-pos) ten opsigte van die lengte van die boodskap, die kompleksiteit en formaliteitsgraad van die boodskap en ook die mate van interaktiwiteit daarby betrokke. Terselfdertyd kan kontekstuele faktore wat geassosieer word met die gebruiksituasie sisteemgebaseerde veralgemenings laat verdwyn.

Herring (2002) se navorsing toon dat e-postaalgebruik struktureel eenvoudiger vertoon as tradisionele vorme van formele geskrewe kommunikasie. Alhoewel e-posse in die Afrikaanse e-poskorpus in sommige gevalle van goed beplande, geredigeerde taalgebruik getuig, konformeer die taalgebruik van e-posboodskappe nie volledig aan die konvensies van standaard geskrewe Afrikaans nie en vertoon sinne soms korter, word minder komplekse grammatikale konstruksies gebruik en kom meer tipografiese foute voor. (Vergelyk in hierdie verband Hoofstuk 5.8.) Hierdie ondersoek na taalgebruikspatrone soos wat dit in Afrikaanse e-pos manifesteer korreleer verder ook met die bevindinge van Hård af Segerstadt (2002), Herring (1996, 2002), Baron (2001) en Crystal (2001) wat dien as bevestiging van die universele karakter van Afrikaanse e-posboodskappe.

Uit Herring (2002:139) se navorsing kan die afleiding gemaak word dat e-posboodskappe wat na professionele besprekingsgroepe gepos is 'n meer

linguisties gesofistikeerde karakter vertoon, meer komplekse grammatikale konstruksies daarin gebruik word en min foute voorkom. Die aanname wat hier gemaak word is dat die vlak van akademiese opleiding asook die doel van die kommunikasie die kompleksiteit van taalgebruik in asinchroniese rekenaarondersteunde kommunikasie beïnvloed. In teenstelling hiermee word sinchronies rekenaarondersteunde kommunikasie struktureel beperk. Ten opsigte van hierdie navorsing oor Internetafrikaans kan daar nie uitspraak gelewer word oor die invloed van die vlak van akademiese opleiding op die taalgebruik in e-pos (of enige van die ander genres) nie, maar wel dat die doel van die kommunikasie 'n besliste invloed uitoefen op die kompleksiteit van die taalgebruik. Dit blyk dat e-posse wat binne die korporatiewe sektor gebruik is 'n groter mate van redigering toon as persoonlike, privaat e-posse tussen vriende en familie.

Deur die bestudering van die Afrikaanse internetkorpus kan bevestiging gevind word daarvoor dat 'n informele digitale besigheidsregister al hoe meer as die norm aanvaar word in e-posse, in kontras met die meer formele besigheidstyl wat kenmerkend is van hierdie tipe kommunikasie. Hierdie bevinding is in lyn met die navorsing van Danet (1997:6) wat ook voorspel dat soos kommunikasiefrekwensie en die gebruik van kommunikasiemedia toeneem, taalgebruik sal neig om al hoe informeler te word. E-posboodskappe word gekenmerk aan 'n kombinasie van gesproke, geskrewe en unieke digitale eienskappe (ook in die navorsing van Ferrara, et al 1991; Yates & Orlikowski, 1993). Afgesien daarvan dat e-pos wel gebruik word vir die oordra van formele inligting, die gee van instruksies, verslaggewing en terugvoer, verleen die medium 'n meer gesproke karakter aan hierdie besigheidskommunikasie. Net soos met ander geskrewe vorme toon 'n groot aantal e-posboodskappe tekens van beplanning, is dit sintakties goed geformuleer, bestaan dit uit volsinne, en word daar gebruik gemaak van lyste. Verder word e-posse gekenmerk aan die hoë gebruiksfrekwensie van verledetydsvorme as verslaggewende funksie in korporatiewe gebruik en in persoonlike e-poswisseling as deel van die narratiewe funksie. (Vergelyk die bespreking in afdeling 5.9 in hierdie verband.) Die frekwente gebruik van plekadjunkte en voorsetsels (afdeling 5.10), is ook kenmerkend van

taalgebruik in die e-poskorpus. Plekadjunkte word gebruik ter wille van ruimtelike plasing van gebeurtenisse en voorsetselgebruik is juis kenmerkend van tekste wat gekenmerk word aan hoë informasiedigtheid soos offisiële dokumente en professionele briewe. Ander kenmerkende veranderlikes van e-posse sluit die gebruik van selfstandige naamwoorde (afdeling 5.4.1) in en daarmee saam bepaalde en onbepaalde lidwoorde (afdeling 5.4.2) wat kenmerkend is van teks met hoë informatiewe fokus en integrasie van inligting, asook eerstepersoonsvoornaamwoorde (afdeling 5.4.3) wat gebruik word vir teks waar persoonlike mededeling en die belang van die eie ek waargeneem kan word. Die gebruik van *'ons'* dien ook as solidariteitsmerker tussen die sender en ontvanger van die boodskap.

Danet (1997:6) maak melding van die hoë gebruiksfrekwensie van 'n unieke digitale eienskap wat voorkom, naamlik die gesiggie-ikoon (smiley). In teenstelling hiermee het slegs een Afrikaanse e-posgebruiker 'n gesiggie gebruik. Crystal (2001) verwys ook na die afwesigheid van die gesiggie in e-pos en webruimtes wat hy bestudeer het, in teenstelling met die hoë gebruiksfrekwensie daarvan in sinchroniese kletskamers.

Verder is Danet (2001:7) ook van mening dat daar 'n verskil in die styl van die e-pos sal wees afhangende daarvan of dit aanlyn geformuleer word. Sy meen dat boodskappe wat nie aanlyn saamgestel word nie linguistiese eienskappe sal vertoon wat relatief meer met geskrewe taalgebruik korreleer, as die boodskappe wat aanlyn geskryf word. Die voorspelling wat hieromtrent gemaak kan word is noudat internetkoppeling van so 'n aard is dat die gebruiker feitlik permanente internettoegang kan hê, die meer 'impulsiewe' skryfstyl van e-posboodskappe sal plek maak vir boodskappe wat versigtiger geformuleer word en meer eienskappe van geskrewe taalgebruik vertoon. Alhoewel die informele skryfstyl van e-pos algemeen as 'n gegewe aanvaar word is dit uiteraard so dat die styl van e-posboodskappe nog steeds sal verander en ontwikkel soos wat die tegnologie voortdurend verander en verbeter. Afgesien daarvan dat daar 'n hele aantal preskriptiewe e-posgidse oor die laaste paar jaar verskyn het, sal stilistiese variëteit binne e-pos steeds

bly bestaan wanneer in ag geneem word dat gebruikers e-pos stuur met 'n verskeidenheid van doelwitte voor oë.

Sinchroniese rekenaarondersteunde kommunikasie (kletssessies) vertoon eienskappe wat verskil van dié wat waargeneem word in asinchroniese rekenaarondersteunde kommunikasie (e-pos en webtuistes). Sinchroniese boodskappe in die Afrikaanse internetkorpus neig om korter te wees en vertoon 'n speelsheid in die omgang met taal. (Herring, 2002; Danet, et al. 1997 en Werry, 1996 rapporteer ooreenstemmende bevindings.) Dit wil dus voorkom asof hierdie sinchroniese kommunikasievorm meer geskik is vir sosiale interaksie en asinchroniese vorme vir meer komplekse besprekings. Die vernaamste kenmerke wat tot die onderskeid tussen kletskamers en die ander twee genres bydra is die gebruiksfrekwensie van vokatiewe (afdeling 5.4.1.1) en kodewisseling (afdeling 5.6.2). Die gebruik van skuilname is een van die mees unieke kenmerke van die sinchroniese kletsgroep. Die eiesoortige beurtnemingspatroon eie aan kletsessies noodsaak die gebruik van vokatiewe ter wille van identifikasie, om moontlike verwarring uit te skakel en om die suksesvolle behoud van die gesprek te verseker. Die frekwente gebruik van kodewisseling word in die kletskamerkorpus as strategie aangewend om 'n solidariteitsgevoel tussen die lede van die spraakgemeenskap te bevestig. Ongeïnhibeerde en onbeperkte optrede wat bydra tot die gebruik van sterk taal (afdeling 5.6.1) en gereelde kodewisseling kan toegeskryf word aan die afwesigheid van sosiale konteksmerkers in die kletskamer. Die gebruik van emotikons wat dien as aanduiding van die spreker se emosies en gesigsuitdrukking en eiesoortige akronieme as tydsbesparingsmeganisme, is kenmerkende veranderlikes wat (behalwe vir twee gevalle van die gebruik van emotikons in 'n e-pos en webtuiste onderskeidelik - vergelyk afdeling 5.8.4) uitsluitlik in die kletskamerkorpus voorgekom het. Fatiese kommunikasie wat die gebruik van randstukke en tussenwerpsels en ook die gebruik van emosionele geluide insluit, is kenmerkend van die kletskamerkorpus. Hierdie strategieë word hoofsaaklik gebruik ter wille van die instandhouding van kommunikasie en ter stimulering van die gesproketaalsituasie.

Ten opsigte van webtuistes word dit duidelik dat die taalgebruik in hierdie internetgenre ooreenkomste toon met beide formele en informele geskrewe kommunikasie soos wat dit aan ons bekend is. Die grootste verskil is daarin geleë dat die teks nie meer 'n statiese karakter vertoon nie, en dat kleur en interaktiwiteit gebruik word om hierdie kommunikasiemedium se aantreklikheid en funksionaliteit te verhoog. In teenstelling met kletskamertaalgebruik is die gebruiksfrekwensie van onder andere sterk taal, fonetiese skryfwyse, leksikale verkorting, fatiese kommunikasie, emotikons, eiesoortige spelkonvensies en weglating van skryftekens baie laag en soms heeltemal afwesig in die webtuistekorpus. In teenstelling met die eenvoudige sintaktiese strukture wat kenmerkend is van kletskamers, vertoon webtuistes veel meer komplekse sinskonstruksies en blyk dit dat inskrywings oor die algemeen goed beplan word en geredigeer word sodat foutlose oordrag van die boodskap kan plaasvind.

In haar waarneming van taalvariasieverskynsels in Internetafrikaans soos dit manifesteer in kletskamers, briewerubrieke en e-tydskrifte, kom Verhoef (2001:16) tot die gevolgtrekking dat Internetafrikaans as variëteit van Afrikaans bestempel kan word. Andersyds sê sy lyk dit of die spesifieke ongedefinieerdheid van gesproke *vs* geskrewe taalgebruik, van reële *vs* virtuele taalwerklikheid meebring dat die begrippe *'variëteit'* en *'spraakgemeenskap'* ook as konteksgebonde gesien moet word waar die gebruiksgemeenskap telkens die taalkonvensies bepaal. Sentrale vrae binne die onderhawige navorsing is of die Internet as 'n homogene elektroniese taalgebruiksituasie manifesteer - of dit as 'n variëteit van Afrikaans benoem kan word en of dit 'n versameling van onderskeie variëteite is. Daar kan bo alle twyfel uitspraak gelewer word dat Internetafrikaans nie eiesoortige taalstrukture vertoon nie, aangesien daar meer as genoeg bewys is dat taalvariasiepatrone plaasvind wanneer die internetsituasie verander. Alhoewel daar sekere eienskappe is wat die verskillende internetsituasies in gemeen het, is dit geensins beduidend genoeg dat daar sprake kan wees van Internetafrikaans as 'n enkele variëteit van Afrikaans nie. Bevestiging vir hierdie aanname wat gemaak word ten opsigte van Internetafrikaans kan ook gevind word in Herring (2002) se uitspraak gebaseer op haar eie navorsing:

"There is no evidence from Internet research that CMC is stylistically homogeneous. On the contrary a great deal of linguistic variation exists, even within a single mode such as e-mail. There is also variation across modes" (Herring, 2002:139).

Die vraag wat hieruit voortspruit is: As Internetafrikaans dan nie 'n variëteit is nie, wat is dit dan? Soos reeds genoem vertoon die taalgebruik in die verskillende internetgenres sekere ooreenkomste met ander vorme van kommunikasie, maar verskil tog ook fundamenteel daarvan. Dit is iets heeltemal nuut – nie gesproke taal nie en ook nie geskrewe taal soos wat dit tradisioneel beskou word nie. In navolging van Crystal (2001) kan die taal van die Internet, in hierdie geval Internetafrikaans, beskou word as 'n nuwe medium of soos Crystal (2001:238) dit klassifiseer –'n vierde medium. Hy verduidelik hierdie klassifikasie soos volg: "In language studies, we are used to discussing issues in terms of "speech vs. writing vs. signing" (Crystal, 2001:238). Hy bepleit die insluiting van 'n vierde dimensie in hierdie vergelyking naamlik: geskrewe taal *vs* gesproke taal *vs* vingertaal *vs* rekenaarondersteunde taal. Die implikasie hiervan is dat Internetafrikaans as so 'n nuwe linguistiese medium groei sal toon ten opsigte van sosiolinguistiese en stilistiese kompleksiteit om uiteindelik vergelykbaar te kan wees met dit wat bekend is as tradisionele gesproke en geskrewe taal. Daar moet egter gemaan word dat dit moeilik is om veralgemenings ten opsigte van die linguistiese karakter van hierdie nuwe medium in hierdie vroeë stadium van ontwikkeling te maak.

Crystal (2001:239) beskryf die impak van die Internet as die grootste taalrevolusie ooit. " Whereas in the past we have had speech, then writing, and throughout the 20th century debated the relationship between the two, now we are faced with a new medium, and one which could be bigger than either of its predecessors."

6.4 NAVORSING: BEHOEFTEBEPALING EN AANBEVELINGS

Die belangrikheid van voortgesette studie in hierdie jong navorsingsveld kan nie genoeg beklemtoon word nie. Daar word meer vrae gevra as wat daar op die oomblik beantwoord word en nuwe rekenaarondersteunde tegnologie kom vinniger na vore as wat navorsers dit kan beskryf. Bo en behalwe aandag wat geskenk moet word aan studies wat spesifiek Internetafrikaans as fokus het, is dit ook belangrik om bewus te wees van en te werk aan sentrale vrae wat al reeds deur navorsers op internasionale gebied geïdentifiseer is.

Tot op datum het die meeste navorsing oor rekenaarondersteunde kommunikasie gefokus op die teks. Dit is te verstane as in ag geneem word dat in die vroeë jare van die Internet die oorgrote meerderheid kommunikasie slegs teks bevat het. Vandag is dit egter besig om vinnig te verander omdat die vergrote bandwydte, die gebruik van hoëkwaliteit grafiese, oudio- en videomateriaal moontlik maak. Metodes moet ontwikkel word om die betekenis wat gekommunikeer word deur middel van grafiese ontwerp en visuele uitleg op webbladsye te analiseer (Soukup, 2000).

Die fenomeen van multimodaliteit is nog 'n studieveld wat sistematiese navorsing verlang. Een van die doelwitte van sodanige studie sal wees om die voordele en beperkings van verskillende kanale vir verskillende gebruike te identifiseer.

As daar van die veronderstelling uitgegaan word dat rekenaarondersteunde media wedersydse en simmetriese interaksie moontlik maak en webbladsye nie simmetries interaktief is nie, is dit belangrik om daarop te let dat hierdie onderskeid besig is om te vervaag. Navorsers begin die fokus skuif na die Web as kommunikasiemedium in eie reg (Herring, 2002:151). Navorsing in hierdie verband sal kan fokus op die mens-mens-interaksiepatrone soos wat dit in webtuistes gegrond is: met ander woorde die sosiale dimensie daarvan.

'n Hele aantal studies het reeds data van sinchroniese en asinchroniese gespreksgroepe en ook virtuele wêrelde gebruik omdat die toegang tot die data relatief maklik is (Beschar-Israeli, 2002; Maartens, 2002; Verhoef, 2001; Clarke, 2000; Danet, Ruedenberg-Wright, & Rosenbaum-Tamari,1997). Daar moet egter daarteen gewaak word om nie die veralgemening te maak dat die bevindinge vir groot internetgroepe noodwendig dieselfde sal wees as vir klein groepe of een-tot-een-kommunikasie nie. Herring (2002:151) identifiseer 'n leemte in die sistematiese ondersoek na die uitwerking van die getal deelnemers op kommunikatiewe fenomene soos die mate van deelname, beurtneming, koherensie, invloed, beleefdheid en gemeenskaplikheid.

Wanneer die gewildheid van e-pos in ag geneem word laat dit ruimte vir meer navorsing oor een-tot-een-e-pos en watter invloed die karaktereienskappe van die gebruikers en die kommunikatiewe doel van die e-pos op die boodskap uitoefen.

Die Internet is al in navorsing voorgestel as 'n self-insluitende virtuele wêreld wat verwyder is van die werklike lewe. Die bestaan van aanlyn-gemeenskappe is onder andere hiervoor verantwoordelik,veral gedurende die vroeë jare toe nie veel persone toegang gehad het tot hierdie eksotiese kuberruimte nie. Herring (2002:152) is van mening dat so 'n uitgangspunt nie meer vandag, terwyl al hoe meer persone tot Internet toegang kry, gehuldig kan word nie. Internettoegang word toenemend deel van die alledaagse roetine vir 'n groot aantal gebruikers. Navorsingsvrae wat hieruit geïdentifiseer kan word is die volgende: Hoe word rekenaarondersteunde kommunikasie geïntegreer in die komplekse geheel van persone se kommunikatiewe aktiwiteite? Wanneer verkies persone om te kommunikeer deur middel van e-pos en wanneer per telefoon, of per faks, of van aangesig tot aangesig? Hoe sal die keuse van die medium die kommunikasie beïnvloed? Vergelykende studies oor een-tot-een-gesprekke en rekenaarondersteunde kommunikasie aan die een kant en telefoongesprekke en rekenaarondersteunde kommunikasie (verkieslik met dieselfde persone) andersyds, behoort ook interessante navorsingsgeleenthede te bied.

Danet en Herring (2003) bepleit globale sosiolinguistiese navorsing oor hoe persone werklik met mekaar kommunikeer oor die multitalige Internet aangesien die tale en kulturele kontekste wat reeds bestudeer is, maar net 'n fraksie is van daardie tale wat reeds aktief op die Internet gebruik word. Meer kontekste moet bestudeer word alvorens veralgemenings oor kommunikasie op die Internet gemaak kan word. Hulle beklemtoon ook die belang daarvan dat algoritmes vir masjienvertaling van die Internet werklike kommunikasiepatrone in berekening moet bring, wat slegs moontlik is deur die analise van aanlynkommunikasie. Danet en Herring (2003:9) spreek die hoop uit dat meer navorsing oor die uitdagings wat die veeltalige Internet bied onderneem sal word, veral in die lig daarvan dat al hoe meer tale toegang tot die Internet verkry.

Kaschula (2001:12) maak die opmerking dat die gebruik van die Suid-Afrikaanse tale op die Internet en die rol van hierdie tale in die globaliseringsproses direk afhanklik is van toegang tot die tegnologie.

Die Internet het nog sy eerste loopskoene aan, of miskien is dit meer gepas om aan te sluit by die opmerking van Van Heerden (2001:3) wanneer hy in navolging van ander navorsers sê dat die Internet nog in die 'Steentydperk' of dalk 'n 'Vroeë Vonktydperk' verkeer. Van Heerden (2001:3) voel dat 'n poging om die taal van die Internet vas te vang en te beskryf 'n amper heldhaftige poging sal wees: "'n Mens moet dus ook nie te braaf aandoen nie, want enige poging om die Web in taal vas te vang is so tevergeefs as die poging om 'n bewegende roller-coaster te verf – die kobra van die www kronkel binne 'n Ratanga Junction van blitssnelle ontwikkeling waar nuwe tegnologie mekaar voortdurend doodbie en die een "killer application" na die ander Monomatapa najaag."

Die Internet as sodanig, en meer spesifiek die taal soos gebruik op die Internet, bied vir ons 'n leerskool van 'n heel spesiale aard. Ons word verplig om nuwe reëls aan te leer oor hoe om effektief te kommunikeer deur middel van e-pos, of hoe om te klets in 'n kletskamer, of hoe om 'n effektiewe

webtuiste saam te stel. Tog is daar nie universele reëls of norme en metodes van optrede wat al deur generasies van gebruik neergelê is waaraan ons kan konformeer nie. Dit staan in skerp kontras met die wêreld van die geskrewe woord. Crystal (2001:16) maak die opmerking dat groter voorskriftelikheid, betroubaarheid en familiariteit 'n invloed uitoefen op alle internetsituasies en ook die taal wat daar gebruik word. Wanneer die taalgebruik in die kletskamers bestudeer word is dit duidelik dat daar 'n groot mate van linguistieke kreatiwiteit en nuwighede na vore kom. Terselfdertyd is elkeen bewus daarvan dat te veel eienaardigheid probleme ten opsigte van verstaanbaarheid kan veroorsaak. 'n Sterk drang na konformiteit word waargeneem onder gebruikers wanneer hulle hulself as deel van 'n 'gemeenskap' sien. Crystal (2001) gebruik die volgende aanhaling uit 'n gespreksgroep om hierdie punt te beklemtoon: "You and I can talk any way we want to on Internet: the question is what kind of conversation are we looking for" (Crystal, 2001:17).

Die doel met hierdie navorsing is nie om enigsins voorskrywend van aard te wees of om te probeer om die taal van die Internet neer te pen nie, maar eerder om ondersoek in te stel na die wese van die elektroniese medium as sodanig, tesame met die globale gebruiksintensiteit daarvan en die effek wat dit uitoefen op die gebruik van taal in die algemeen en meer spesifiek die Afrikaanse taal. Crystal (2001:5) maak die voorspelling dat hierdie effek heel moontlik net so deurdringend en gewigtig sal wees as wat die geval was met die vorige kommunikasietegnologieë wat nuwe gebruike en variëteite genereer het.

Heelwat van die verwagtinge en gebruike wat geassosieer word met gesproke en geskrewe taalgebruik bestaan, soos wat in hierdie studie bevind is, nie meer nie. Daar kan aanvaar word dat rekenaarondersteunde kommunikasie en spesifiek taal soos wat dit manifesteer op die Internet vinniger sal verander as wat navorsers sal kan publiseer. Susan Herring (2000:152) maak die opmerking dat daar al gesê is dat indien Internetjare soos hondejare sou wees, een Internetjaar gelykstaande is aan sewe pre-internetjare in terme van

die hoeveelheid verandering wat plaasvind. Indien dit so sou wees het ons reeds in die laaste vyftien jaar al meer as 'n eeu se verandering beleef.

6.5 SLOTGEDAGTE

Crystal (2001b:1) merk in 'n onderhoud met Jill Kitson van *Lingua Franca* dat die linguis nie anders kan as om beïndruk te wees met die Internet nie. Hy noem dit 'n buitengewone diverse medium wat 'n veelheid kante van ons linguistiese aard vertoon. Die Wêreldwye Web huisves feitlik alle style wat tot dusver in die geskrewe taal ontwikkel het, onder andere wetenskaplike verslae, bulletins, verhale, poësie, gebede, om maar net 'n paar te noem. Hy merk op: "Indeed, it is introducing us to new styles of written expression which none of us have ever seen before – animated language in particular. The web is truly part of a new linguistic medium, more dynamic than traditional writing, and more permanent than traditional speech. It's often been said the Internet is a revolution – yes, indeed, but it is also a linguistic revolution" (2001b:1).

In die beskouing van die Internet as platform vir nuwe ontwikkeling kan daar afgesluit word met 'n aanhaling uit die gedig van Lesego Rampolokeng soos aangehaal deur Kaschula (2001:13):

> *Thus we rush to the future*
> *Unless the wheel of time*
> *Gets a puncture.*
> (Uit: In Transition, gepubliseer in *The lava of this Land: Triquartely Books)*

LYS VAN TABELLE

Tabel 2.1 'n Ontleding van 'n diskoersfragment in 'n kletsklamergesprek

Tabel 4.1 Oorsig oor die grootte van die totale korpus

Tabel 5.1 Opsommende waardes van veranderlikes wat in die statistiese analise gebruik is

Tabel 5.2 Koördinaatwaarde en relatiewe bydraes van veranderlikes op die eerste en tweede dimensies van die korrespondensie-analise

Tabel 5.3 Type-token ratio

Tabel 5.4 Wisselvorme van 'hallo' in die kletskamerkorpus

Tabel 5.5 Lengte van eenhede

Tabel 5.6 Gemiddelde woordlengte oor genres heen

Tabel 5.7 Voorbeelde van die gebruik van 8 tot 14 letter woorde in kletskamers

Tabel 5.8 Selfstandige naamwoorde oor drie internetgenres heen

Tabel 5.9 Verspreiding van selfstandige naamwoorde in epos089 en 307

Tabel 5.10 Lidwoorde oor drie internetgenres heen

Tabel 5.11 Verspreiding van persoonlike voornaamwoorde oor genres heen

Tabel 5.12 Verspreiding van die mees algemene verbindingswoorde oor genres heen

Tabel 5.13 Verspreiding van die mees frekwente kragwoorde oor genres heen

Tabel 5.14 Gebruiksfrekwensie van Engelse woorde oor genres heen

Tabel 5.15 Voorbeelde van tussenwerpsels en randstukke in die Afrikaanse internetkorpus

Tabel 5.16 Voorbeelde van variasie in die gebruik van emosionele geluide in kletskamers

Tabel 5.17 Totaal en relatiewe frekwensie van voorbeelde van voorbeelde van skryftekengebruik (kappie, deelteken en afkappingsteken)

Tabel 5.18 Voorbeelde van leksikale verkorting oor genres heen

Tabel 5.19 Voorbeelde van Afrikaanse en Engelse akronieme in die kletskamerkorpus

Tabel 5.20 Voorbeelde van fonetiese skryfwyse in kletskamers
Tabel 5.21 Verspreiding van die gebruik van verlede tyd
Tabel 5.22 Mees frekwente *plekadjunkte*
Tabel 5.23 Mees frekwente tydsadjunkte
Tabel 5.24 Voorsetselgebruik oor genres heen

LYS VAN FIGURE

Figuur 2.1 Fotobeeld van 'n tipiese e-pos geskep met Microsoft-programmatuur
Figuur 5.1 Tweedimensionele koördinatestel van die drie registers
Figuur 5.2 Tweedimensionele voorstelling van koördinate van veranderlikes
Figuur 5.3 Verspreiding van selfstandige naamwoorde oor genres heen
Figuur 5.4 Verspreiding van lidwoorde oor genres heen
Figuur.5.5 Verspreiding van voornaamwoorde oor genres heen
Figuur 5.6 Verspreiding van verbindingswoorde oor genres heen
Figuur 5.7 Skematiese voorstelling van die gebruik van sterk taal oor genres heen
Figuur 5.8 Verspreiding van Engelse woorde oor genres heen
Figuur 5.9 Verspreiding van fatiese merkers oor genres heen.
Figuur 5.10 Verspreiding van leksikale verkorting oor genres heen
Figuur 5.11 Verspreiding van die gebruik van verlede tyd oor genres heen

LYS VAN WEBTUISTES

Webblad 2.1 Die gebruik van indekse as deel van die uitleg van die webblad – *Die Kruger's se Aktiwiteite*

Webblad 2.2 Die gebruik van indekse as deel van die uitleg van die webblad –*Bybel Media Monitor*

Webblad 2.3 Voorbeeld van 'n selfontwerpte "persoonlike" webtuiste

Webblad 2.4 Hoofblad van die *Abraham Kriel Kinderhuis* webtuiste

Webblad 2.5 Hoofblad van die *ddisselblom* webtuiste

Webblad 2.6 Hoofblad van *DieKnoop*

Webblad 2.7 Die gebruik van kleur en beweging in 'n webblad

BIBLIOGRAFIE

Afrikaanse rekenaar- en Internetterme. [http://www.afrikaans.com/.html] (Toegang verkry: 2004/05/19.)

ALBERTS, A DE W. 2000. Internet regulation. *In:* BUYS, R. *red* 2000. Cyberlaw @ SA. Van Schaik: Pretoria.

APPEL, R. & MUYSKEN, P. 1987. Language contact and bilingualism. London: Edward Arnold.

BARON, N. S. 1984. Computer–mediated communication as a force of change. *Visible Language Vol* 18(2)120-145.

BARON, N. S. 1998. Letters by phone or speech by other means: the linguistics of email. *Language and Communication* 18, 118-41.

BARON, N. S. 2001. Alphabet to Email. How written English evolved and where it's heading. New York: Routledge.

BECHAR-ISRAELI, H. 2002. FROM<Bonehead> TO <cLoNehEAd>: NICKNAMES, PLAY, AND IDENTITY ON INTERNET RELAY CHAT<1>. *Journal of Computer-Mediated Communication* 1(2). [http://www.ascusc.org-/jcmc/vol1/issue2/] (Toegang verkry: 2004/11/11.)

BIALYSTOK, E. 2001. Bilingualism in Development. Language, Literacy, and Cognition. Cambridge: Cambridge University Press.

BIBER, D. 1988. Variation across speech and writing. Cambridge: Cambridge University Press

BIBER, D., CONRAD, S., REPPEN, R. 1998. Corpus Linguistics. Investigating Language and Structure and Use. Cambridge: Cambridge University Press.

BIBER, D.& FINEGAN, E. 1989. Styles of stance in English. Lexical and grammatical marking of evidentiality and affect. *Text* 9: 93-124.

BIBER, D.; JOHANSSON, S.; LEECH, G.; CONRAD, S. & FINEGAN, E. 2000. Longman Grammar of Spoken and Written English. Harlow, Essex: Pearson Education Limited.

BOSHOFF, C. 2002. Kinders van die internet: wêreldburgers? *Die Burger-*lesingreeks. KKNK, April 2002. http://.mweb.co.za/litnet/seminaar/boshoff.asp] (Toegangverkry: 2003/07/25.)

BOTHA, R. P. & SINCLAIR, M. *reds.* 1985. Norme vir taalgebruik. *Spil Plus* nr. 10, Bylaag tot Spil.

BOTHA, T. J. R. *red.* 1991. Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde. Pretoria: Academica .

BUYS, R. *ed.* 2000. Cyberlaw @ SA. Van Schaik: Pretoria.

CARR, A.M. 2004. Peripheral participation in a Blended Trade Bargaining Simulation. *British Journal of Educational Technology*, 35(2): 197-212

CARSTENS, W. A. N. 1983. Taalnorme vs. Taalafwyking vs. Taalfout. *In:* Sinclair *red.* 1983. *G.S. Nienaber – 'n Huldeblyk.* Publikasiekomitee, UWK. p. 77-82.

CASTELLS, M. 2000. The Information age: Economy, Society and Culture. Volume 1, The rise of the Network Society. Second Edition. Blackwell Publishers: Oxford.

CHAFE, W.L. 1982. Integration and Involvement in Speaking, Writing and Oral Literature. *In:* Tannen, D. *ed.* 1982. *Spoken and Written Language: Exploring Orality and Literacy.* Publishing Corporation: Norwood, N.J.: Ablex.

CHAFE, W.L. & DANIELEWICZ, J. 1987. Properties of spoken and written language. *In:* Horowitz, R. & Samuels, S.J. *eds.* 1987. *Comprehending oral and written language,* San Diego, CA: Academic Press.

CHENAULT, B. G. 1997. Computer-mediated communication and emotion: Developing personal relationships via CMC. [http://alexia.lis.uiuc.edu/~haythorn/cmc_bgc.htm] (Toegang verkry: 2003/03/07.)

CLAASSEN, G. N. & VAN RENSBURG, M. C. J. *reds.* 1983. Taalverskeidenheid: 'n Blik op die spektrum van taalvariasie in Afrikaans. Kaapstad: Academica.

CLARKE, V. 2000. Internet English: an analysis of the variety of language used on Telnet talkers. Jesus College Cambridge. [http://www.taurus.org/~vicky/talkers/TalkerEnglish.pdf.] (Toegang verkry: 22/03/2004.)

COLLOT, M. & BELMORE, N. 1996. Electronic Language: A new variety of English. *In:* Herring, S.C. *ed.* 1996. Computer Mediated Communication: Linguistic, Social and Cross Cultural Perspectives. Philidelphia: John Benjamin Publications.

CONRADIE, J. 1986. Taalgeskiedenis. Pretoria: Academica.

CRYSTAL, D. 2001. Language and the Internet. Cambridge: Cambridge.

CRYSTAL, D. 2001b. Language and the Internet . Lingua Franca. Interview with Jill Kitson, on Radio National, Saturday 24/03/2001. [http://www.abc.net.au/rn/arts/ling/stories/s264971.html] (Toegang verkry: 25/08/2004.)

DANET, B. 1997. Language, Play and Performance in Computer Mediated Communication. Final report submitted to the Israel Science Foundation. [http://atar.mscc.hiji.ac.il./~msdanet/report95.html] (Toegang verkry: 2004/07/10.)

DANET, B. 2001. *-(Cyberplay) :-/ communicating online*. Oxford: Berg.

DANET, B. 2002. Researching E-mail. Lecture given at the European Union Summer School –Univerity of Rome. [http:msu.edu/vol9num2/danet/html] (Toegang verkry: 2004/11/11.)

DANET, B. 2002b. The Language of E-mail. Lecture given at the European Union Summer School –Univerity of Rome. [http://atar. mscc. huji.ac.ll./~msdanet/papers/email.pdf] (Toegang verkry: 2004/11/11.)

DANET, B., RUEDENBERG-WRIGHT, L., & ROSENBAUM-TAMARI, Y. 1997. Hmmm... where's that smoke coming from? Writing, play and performance on Internet Relay Chat. [http://www.ascusc.org/jcmc/vol1/issue3/ content.html] (Toegang verkry: 2004/11/11.)

DANET, B. & HERRING, S. 2003. The Multilingual Internet: Language, Culture and Communication in Instant Messaging, E-mail and Chat. *Journal of Computer-mediated Communication, Vol 9 Issue 1.* [http://www.ascusc. org/jcmc/vol9/issue1/] (Toegang verkry: 2004/02/09.)

DAVIS, B. H. & BREWER, J. P. 1997. Electronic discourse: linguistic individuals in virtual space. Albany, New York: State University of New York Press.

DECEMBER, J. 1996. Units of Analysis for Internet Communication. *Journal of Communication, 46(1) Winter 0021.9916/96,*

DE SCHRYVER, G. & PRINSLOO, D. J. 2000. The compilation of electronic corpora, with special reference to the African Languages. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies, Volume 18,* 89 -106.

DE VILLIERS, M. 1977. Die plek van normatiewe in die taalkunde. Taalfasette 22 (3):1-9. LVSA.

DE WET, K. 2003. e-Afrikaans: 'n Verkennende oorsig oor die stand van Afrikaans met betrekking tot digitale e-publikasieforums en die Nuwe Media. [www.up.ac.za/academic/information/staff/eAfrikaans_kdw.pdf.] (Toegang verkry:2005/09/26.)

DOWNES, W. 1998. Language and Society. 2nd Edition. Cambridge: Cambridge University Press.

DU PLESSIS, C. V. 2002. Kinders van die Internet: wêreldburgers? *Die Burger-* lesingreeks, KKNK, April 2002. http://www.mweb.co.za/litnet/ seminaar/clintonvdp.asp] (Toegang verkry: 2003/07/25.)

DU PLESSIS, H. 1983. Taalvariasie in die Afrikaans van Johannesburg. *In:* Claassen, G. N. & Van Rensburg, M. C. J. *reds.* 1983. Taalverskeidenheid: 'n Blik op die spektrum van taalvariasie in Afrikaans. Kaapstad: Academica. p.43-62.

DU PLESSIS, H. 1994. Taalkontakvariasie in Afrikaans. *In*: Olivier, G. & Coetzee, A. reds. *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans opgedra aan Edith H Raidt.* Halfweghuis: Southern Boekuitgewers. p 166-179.

DU PLESSIS, H. 1995. Variasietaalkunde. Pretoria: Serva.

ECKERT, P. 1995. (ay) Goes to the city: exploring the expressive use of variation. *In*: Guy, G., Feagin, C., Schiffrin, D., & Baugh, J. *eds*. Towards a social science of language. Papers in honour of W. Labov.Vol.1: Variation and change in language and society. Amsterdam: John Benjamin. p. 47-68.

ECKERT, P. & RICKFORD, J. R. *eds*. 2001. Style and Sociolinguistic Variation. Cambridge: Cambridge University Press.

EMOTICONS-ONLINE .[http://www.muller-godshalk.com/basic.html] (Toegang verkry: 2005/10/09.)

ERVINN -TRIPP, S. M. 1971. Sociolinguistics. *In:* Fishman, J.A. 1976, *ed. Advances in the Sociology of Language. Volume 1.* The Hague: Mouton. p.15-91.

FERRARA, K. & BRUNNER, H. 1991. Interactive Written Discourse as an Emergent Register. *Written Communication 8 (1): 8-34.*

FISHMAN, J. A. 1968. Readings In The Sociology of Language. The Hauge: Mouton.

FISHMAN, J. A. *ed* 1970. Advances In The Sociology of Language. The Hauge: Mouton.

FISHMAN, J. A. *ed*. 1976. Advances In The Sociology of Language. Volume 1. The Hauge: Mouton.

FOLEY, W. 1999. Anthropological linguistics: An introduction. Oxford: Blackwell.

GREGORY, M. L. & CARROLL, S. 1978. Language and situation: language varieties and their social contexts. London: Routledge & Kegan Paul.

GREGORY, M. L. & RAYMOND, W. D. 1999. The effects of collocational strength and contextual predictability in lexical production. *Proceeding of the Chicago Linguistic Society*, 35, p.151-166.

GUMPERT, G. 1990. Remote sex in the information age. *In* Gumpert, G. & FISH, S. L. *eds*. 1990. Talking to strangers: Mediated therapeutic communication. Norwood, NJ: Ablex.

FISH, S. L. 1990. Talking to strangers: Mediated therapeutic communication *In* GUMPERT, G. & FISH, S. L. *eds*. 1990. Talking to strangers: Mediated therapeutic communication Norwood, NJ. Ablex. p. 143-153.

GUMPERT, G. & FISH, S. L. *eds*. 1990. Talking to strangers: Mediated therapeutic communication. Norwood, NJ: Ablex.

GUMPERZ, J. J. & HYMES, D. *eds*. 1972. Directions in sociolinguistics: the ethnography of communication. New York: Holt, Rinehart and Winston.

GUY, G., FEAGIN, C., SCHIFFRIN, D., & BAUGH, J. *eds*. 1995. Towards a social science of language. Papers in honour of W. Labov. Vol.1: Variation and change in language and society. Amsterdam: John Benjamin.

HALLIDAY, M. A. K. 1978. Language as social semiotic. London: Edward Arnold.

HALLIDAY, M. A. K. 1985. Spoken and written language. Victoria:Deakin University.

HALLIDAY, M. A. K., MCINTOSH, A. & STEVENS, P. 1964. The Users And Uses Of Language. *In:* Fishman, J.A. 1968. *Readings In The Sociology Of Language.* The Hauge: Mouton.

HAMBIDGE, J. 2000. Hibriditeit en die Internet. [http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar/16hambidge.asp] (Toegang verkry: 2003-03-27.)

HåRD AF SEGERSTADT, Y. 2002. Use and adaptation of written language to the conditions of computer-mediated communication. Ongepubliseerde proefskrif. Swede: Universiteit van Götenborg.

HAWISHER, G. &. MORAN, C. 1993. Electronic Mail and the Writing Instructor. *College English*, 55(6), 627-643.

HERBERT, R. K. *ed.* 1992. Language and Society in Africa. Johannesburg: University of the Witwatersrand Press.

HERRING, S.C. *ed.* 1996. Computer-Mediated Comunication. Linguistic, Social and Cross-Cultural Perspectives. Philidelphia: John Benjamins Publishing Company.

HERRING, S.C. 1996a. Two varients of a electronic message schema. *In:* Herring, S. C. *ed.* 1996. *Computer Mediated Communication.* Linguistic, Social and Cross-Cultural Perspectives. Philidelphia: John Benjamins Publishing Company. p81-108.

HERRING, S. C. 1996b. Linguistic and critical analysis of Computer-Mediated Communication: Some ethical and scholarly considerations. *The Information Society* 12(2):153-168.

HERRING, S. C. 2001. Handbook of Discourse Analysis. [http://www.scholar.google. com/url?sa=http;//www.let.rug.nl/~redeker/herring.pdf.] (Toegang verkry: 2004/11/11.)

HERRING, S. C. 2002. Computer mediated communication on the internet. Annual review of information science and technology. *American Society for Information Science*. Volume 37, 109-168.

HOROWITZ,S.; SAMUELS, S.J. *eds* .1987. Comprehending Oral and Written Language. San Diego, CA: Academic Press.

HUDSON, R. A. 1996. Sociolinguistics. Second edition. Cambridge: Cambridge University Press.

HUNSTON, S. 2002. Corpora in Applied Linguistics. Cambridge: Cambridge University Press.

INTERNETWOORDELYS.
[http://members.tripod.com/~vds/afroppinet/woordelys.html] (Toegang verkry: 2003/03/20.)

JAKOBSON, R. 1960. Linguistics and Poetics. *In:* Sebeok, T.A. 1960. Style in Language. Cambridge Massachusetts: MIT Press. p350-377.

JAMES, G., DAVIDSON, R., CHEUNG HUNG-YEUNG, A., & DEERWESTER, S. 1994. English in Computer Sience, A Corpus-Based Lexical Analysis. Hong Kong: Longman Asia Limited.

JANSEN VAN VUUREN, M. 1993. Woordkeuse en Stylwisseling binne 'n Meertalige Situasie. Ongepubliseerde Verhandeling. (M.A.) – VISTA.

KASCHULA, R. H. 2001. Southern African languages, Globalisation and the Internet. Address at the intenational symposium "Text in Context: African languages between orality and scripturality". University of Zurich, Switzerland, October2001. [http://www.mweb.co.za/litnet/seminaarroom/12kaschula.asp] (Toegang verkry: 2003/03/27.)

KASCHULA, R. S. & DE VRIES, I. 2000. Indigenous Languages and the Internet: With LitNet as a case study. Paper read at the International Conference for Southern African Languages, Gabarone, Botswana, July 2000. [http://www.mweb.co.za/litnet/taaldebat/netlan.asp] (Toegang verkry: 2002/05/15.)

KENNEDY, G. D. 1998. An introduction to Corpus Linguistics. London, New York: Longman.

KRUGER, J. M. 2002. Taak en Taal – 'n Sosiolinguistiese ondersoek na leksikale aspekte van die vroueregister in Afrikaans. Ongepubliseerde verhandeling. (M.A.) – RAU.

KURTBOKE, P. 2003. Extending the Scope of Corpus-Based Research. [http://www.linguistlist. org/issues/14/14-2667.html] (Toegang verkry: 2004/03/12.)

LABOV, W. 1966. The Social Stratification of English in New York City. Washington, DC: Centre for Applied Linguistics.

LABOV, W. 1972. The study of language in its social context. *In:* Fishman, J.A. *ed.* 1976. *Advances in the sociology of language. Volume 1.* The Hague: Mouton.)

LAWLER, J. & DRY, H. A. 1998. Using Computers in Linguistics: A Practical Guide. London & New York: Routledge.

LEE, J. 2002. Nu Shortcuts on School R 2 Much 4 Teachers. *The New York Times2002/09/19*. [http://www.nytimes.com/2002/09/19/technology/circuits/19MESS.html?8cir] (Toegang verkry: 2002/09/25.)

MAARTENS, N. 2002. 'n Postmodernistiese verkenning van *LitNet* se meningsruimte, *SeNet*, van die tydperk Januarie 1999 tot Oktober 2001. Minitesis gelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereiste vir die graaad van Magister in Geesteswetenskappe (Afrikaans en Nederlands). Universiteit van Kaapstad.

MAARTENS, N. 2002. Die wisselspel van die kuberruim. [http//www.mweb.co.za/litnet/seminaar/naomi.asp] Toegang verkry: 2003/07/25.)

MANN, C. & STEWART, F. *eds*. 2000. Internet Communication and Qualitative Research: A Handbook for researching Online. London: Sage Publications.

MEYER, C. F. 2002. English corpus linguistics: An introduction. Cambridge: University Press.

MYERS-SCOTTON, C. 1992. Codeswitching in Africa: a model of the social functions of code selection. *In*: Herbert, R. K. *ed*. 1992. *Language and Society in Africa*. Johannesburg: University of the Witwatersrand Press.

MYERS-SCOTTON, C. 1993. Duelling Languages: Grammatical Structure in Codeswitching. Oxford: Oxford University Press.

MCENERY, T & Wilson, A. 2001. Corpus Linguistics. 2nd Edition. Edinburgh: Edinburgh University Press.

MULLER, P. 2002. Taal en globalisering: Wat van Nederlands en Afrikaans. [http://www.mweb.co.za/litnet/taaldebat/toekoms.asp] (Toegang verkry: 2003/04/09.)

MULLINGS, C.; DEEGAN, M.; ROSS, S. & KENNA, S. *eds.* 1996. New Technologies for the Humanities. London: Bowker Saur.

MURRY, S. 1998. Afrikaanse internetterme. [http://www.geocities.com/Wellesley/5897/le06.html] (Toegang verkry: 2003/04/11.)

NELSON, G.1993. International Corpus of English: Markup Manual for Spoken Text. Unpublished Manuscript: Survey of English Usage, University College London.

OAKES, M. P. 2003. Statistics for Corpus Linguistics. Cambridge: The University Press.

ODENDAL, F. F. 1978a. Gesag en norme in die taal- en letterkunde. I. Publikasiereeks van die Randse Afrikaanse Universiteit.

ODENDAL, F.F. 1991. Afrikaanse fonetiek. *In* Botha, T.J.R.*red.* 1991.Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde. Pretoria: Van Schaik.

OLIVIER, M. & DU PLOOY-CELLIERS, F. 2000. Let's talk about Interpersonal Communication. Sandton : Heineman.

PIENAAR, H. 2005. Persoonlike mededeling aan outeur, Oktober 2005.

PONELIS, F.A. 1984. Afrikaans Binne Meertalige Verband. *In:* Prinsloo, K.P. & Van Rensburg, M.C.J. 1994. *Afrikaans: Stand, Taak, Toekoms.* Pretoria: Haum.

PRINSLOO, K. P. & VAN RENSBURG, M. C. J. 1984. Afrikaans: Stand, Taak, Toekoms. Pretoria: Haum

PONELIS, F.A. 1992. Standaardafrikaans in oorgang. (*In* Webb, V. N. *red. Afrikaans na apartheid*. 1992. Pretoria: Van Schaik.)

RAFAELI, S., SUDWEEKS, F. & MCLAUGHLIN *eds.*. Network and Netplay: Virtual groups on the Internet. Cambridge: MA:AAAI/MIT Press.

RICHARDS, J., PLATT, J. & PLATT, H. 1992. Longman Dictionary of Language Teaching and applied linguistics. London: Longman.

RUNDELL, M. 1996a. The corpus of the future and the future of the corpus. [http://www.ruf.rice.edu/~barlow/futcrp.html] (Toegang verkry: 2003/08/12.)

RUNDELL, M. 1996b. Computer corpora and their impact on lexicography and language teaching. *In:* Mullings, C. et al, *eds.* 1996. *New Technologies for the Humanities*. London: Bowker Saur.

SINCLAIR, A. J. L. *red.* 1983. G.S. Nienaber – 'n Huldeblyk. Publikasie-komitee, UWK.

SNYDER, I. *ed.* 1998. Page To Screen. Taking Literacy into the Electronic Era. London & New York: Routledge.

SOUKUP, C. 2000. Building a theory of multimedia CMC. New media and society. 4(2) p. 407-425.

STERNBERG, J. 1988. It's All in the Timing: Synchronous VS Asynchronous Computer-Mediated Communication. 3rd Annual Conference of the New York Communication Association. Montclair; New Jersey.

STEYN, J. 2000. Energieke ontwikkelinge in Afrikaans. *Beeld*: 2000, Sept.19. [http://www.mweb.co.za/litnet/taaldebat/steynjc4.asp] (Toegang verkry: 2003/04/09.)

STIGTING VIR BEMAGTIGING DEUR AFRIKAANS(SBA). 2001. [http://www.afrikaans.com/default.htm] (Toegang verkry: 2004/11/11.)

SWISS, T. *ed.* 2000. Unspun: Key concepts for understanding the World Wide Web. New York: NY University Press.

SWISS, T. & HORNER, B. 2000. Unspun: The Web, Language and Society. *In*: Swiss, T. *ed. Unspun: Key concepts for understanding the World Wide Web* New York: NY University Press.

TANNEN, D. *ed.* 1982. Spoken and Written Language: Exploring Orality and Literacy. Publishing Corporation: Norwood, N.J.: Ablex. p1-16.

TRESCA, M. 1998. The impact of Anonimity on Disinhibitive Behavior through Computer-Mediated Communication. [www.msu.edu/user/trescami/thesis.htm] (Toegang verkry: 2001/07/10.)

TRUDGILL, P. 1983. Sociolinguistics: An Introduction to Language and Society. London: Penguin.

TURKLE, S. 1984. The second self: Computers and the Human Spirit. New York, NY: Simon & Schuster.

VAN HEERDEN, E. 1999. LitNet – die boekehuis met baie wonings. [http://www.litnet.co.za/wie/w01.asp] (Toegang verkry: 2003/09/19.)

VAN HEERDEN, E. 2001. Hiperteks of hipermark? LitNet en die www. Lesing gelewer op 23/10/2001 te die Colloquium Suid-Afrikaanse literatuur.

Konservatorium van Musiek, Universiteit van Stellenbosch. [http://www.mweb.co.za/litnet/seminar/10www.asp] (Toegang verkry: 2003/03/27.)

VAN RENSBURG, C. 1994. Die ontstaan van Afrikaans in 'n intertaalkonteks. *In*: Olivier, G. & Coetzee, A. *reds. Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans opgedra aan Edith H Raidt.* Halfweghuis: Southern Boekuitgewers. p. 166-179.

VAN SCHALKWYK, H. 2002. Etiquette. All you want to know without the jargon. Cape Town: Pearson Education SA.

VAN WYK, E.B. 1978. Sosiolinguistiese norme in taalgebruik. *In:* Odendal, F.F. 1978a. *Gesag en norme in die taal- en letterkunde. I.* RAU. p99-120.

VERHOEF, M. 2001. Die Internet as dinamiese taalomgewing: taalveranderingsverskynsels in Internetafrikaans. Literator, 22(3):1-19.

VILJOEN, H. C. 2002. Die tegnologie van meertaligheid. Referaat gelewer by die jaarvergadering van die Akademie. [http://www.mweb.co.za/litnet/taaldebat/viljoentaal.asp] (Toegang verkry: 2003/03/27.)

VILJOEN, J. 2001. Comments on Afrikaanse rekenaar- en Internetterme. [http://www.greenspun.com/com/stigting_vir_afrikaans/rekenaarterme.htm] (Toegang verkry: 2004/05/19)

WALLACE, P. 1999. The pschycology of the Internet. Cambridge: Cambridge University Press.

WASSERMAN, H. 2001. Between the local and the Global: South African Languages and the Internet. Paper presented at the international symposium "Text in Context: African languages between orality and scripturality",

University of Zurich, Switzerland, October 2001. [http://www.mweb.co.za/litnet/seminaarroom/11wasserman.asp] (Toegang verkry: 2003/03/27.)

WARDHAUGH, R. 1986. An introduction to sociolinguistics. Second edition. Cambridge: Blackwell.

WEBB, V. N. *red.* 1992. Afrikaans na apartheid. Pretoria: Van Schaik.

WEBB, V. N. 1985. Taalnorme en Afrikaans. 'n Geval van twyfel of vertwyfeling? *In:* Botha, R. P. & Sinclair, M. *reds.* 1985. *Norme vir taalgebruik. Spil Plus* nr. 10, 70-107.

WEBB, V. N. 1989. Die Afrikaanse variasietaalkunde. *In:* Botha,T.J.R. *red. Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde.* Pretoria: Academica. p. 412-435.

WEBB, V. N. & DE VILLIERS, A. 1985. Standaardafrikaans: Chomskities of Laboviaans? Referaat gelewer by die 21ste Nasionale kongres van die Linguiste vereniging van Suider-Afrika. Kongresreferate p.192-208.

WEBB,V. N., DIRVEN, T. & KOCK, E. 1992. Afrikaans: feite en interpretasies. *In:* Webb, V.N. *red)* 1992. *Afrikaans na apartheid.* Pretoria: Van Schaik. p. 28-68.

WERRY, C. C. 1996. Linguistic and interactional features of Internet Relay Chat. *In:* Herring. S.C. 1996. *Computer- Mediated Communication. Lingistic, social and Cross Cultural perspectives.* Philidelphia: John Benjamins Publishing.

WYBENGA, D. M. 1987. Diskoersanalise en stilistiek. Pretoria: Serva.

YATES, S. 1993. "The textuality of computer-mediated communication: speech, writing and genre in CMC discourse", Ph.D. thesis. *In:* McEnery, T. &

Wilson, A. 2001. *Corpus Linguistics. 2nd Edition*. Edinburgh: Edinburgh University Press.

YATES, J. & ORLIKOVSKI, W. J. 1993. Knee-lerk Anti-LOOPism and other E-mail Phenomena: Oral, Written and Electronic Patterns in Computer-Mediated Communication. MIT Sloan School Working Paper#3578-93. Presented at the 53rd Annual Meeting of the Academy of Management Atlanta, GA: Augustus 1993.

ZAKON, R. H. 1993-2003. Hobbes' Internet Timeline v6.0 - the definitive ARPA net & Internet history. [http://www.zakon.org/Robert/Internet/timeline/] (Toegang verkry: 2003/05/28.)